

**ANGLO-BOEREOORLOG**  
**BOEREKRYGSGEVANGENENEKUNS, 1899-1902**

**Victoria Regina Heunis**

Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

**DOCTOR PHILOSOPHIAE (GESKIEDENIS)**

in die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die

Universiteit van Pretoria  
Fakulteit Geesteswetenskappe

Studieleier: Prof. Fransjohan Pretorius

Augustus 2019

## VERKLARING

---

Ek, Victoria Regina Heunis, verklaar hiermee dat die proefskrif wat ek hiermee vir die doktorsgraad *Doctor Philosophiae* aan die Universiteit van Pretoria indien, my selfstandige werk is en dat ek dit nie voorheen vir 'n kwalifikasie by 'n ander hoër onderwysinstelling ingedien het nie.

.....  
V.R. Heunis  
99150035

Augustus 2019

# INHOUD

---

<b>VERKLARING</b> .....	<b>ii</b>
<b>INHOUDSOPGAWE</b> .....	<b>iii</b>
<b>ILLUSTRASIES</b> .....	<b>viii</b>
<b>AFKORTINGS EN AKRONIEME</b> .....	<b>xv</b>
<b>VOORWOORD</b> .....	<b>xvi</b>
<b>HOOFSTUK I</b>	
<b>TERMINOLOGIE</b> .....	<b>1</b>
Definisie van die term ‘memorabilia’ .....	1
Definisie van die term ‘volkskuns’ .....	2
Definisie van die term ‘loopgraafkuns’ .....	3
Klassifikasie van krygsgevangenehandwerk / krygsgevangenekuns as ’n onderafdeling van Anglo-Boereoorlog loopgraafkuns.....	6
<b>HOOFSTUK II</b>	
<b>AGTERGROND OOR DIE KRYGSGEVANGENEKAMPE</b> .....	<b>8</b>
Beweegredes vir die ontstaan van die krygsgevangenekampe.....	8
Die ontstaan, ligging en karakter van die krygsgevangenekampe in Suid-Afrika .....	10
1. Groenpunt, Kaapstad .....	10
2. Bellevue, Simonstad .....	11
3. Umbilo, Durban .....	13
4. Tin Town, Ladysmith .....	13
Die ontstaan, ligging, omgewingsfaktore en karakter van die krygsgevangenekampe in die buiteland .....	14
1. St. Helena .....	14
2. Ceylon.....	17
3. Indië.....	21
4. Bermuda .....	25
Die organisasie van die krygsgevangenekampe in Suid-Afrika en die buiteland.....	28
<b>HOOFSTUK III</b>	
<b>OORSPRONG, BEPALENDE FAKTORE EN MOTIVERINGS VIR DIE VERVAARDIGING VAN BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS</b> .....	<b>32</b>
Natuurlike uitvloeisel van Boerekrygsgevangenes se boerdery- en pioniersagtergrond.....	32
Die beoefening van loopgraafkuns op kommando.....	34

Die oorsprong van Boerekrygsgevangenekuns in Suid-Afrikaanse krygsgevangenekampe en aan boord van skepe.....	35
Bepalende faktore wat die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns in die onderskeie landstreke en krygsgevangenekampe beïnvloed het .....	38
1. Tydsduur van die krygsgevangenekampe en aantal krygsgevangenes.....	38
2. Klimaatsomstandighede .....	40
3. Beskikbare materiaal en gereedskap .....	42
4. Afsetgebied en markaanvraag .....	43
Motiverings vir die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns.....	45
1. Noodsaaklikheid van funksionele gebruiksvorwerpe.....	45
2. Kreatiewe tydverdryf as gevolg van verveeldheid .....	46
3. Bron van inkomste en handelsmotief .....	48
4. Bydraes vir die Weduwee- en Wesefonds.....	51
5. Bydraes vir sending .....	55
6. Bydraes vir museums .....	56
7. Materiële vergestaltung van Boerekrygsgevangenes se emosies, psige en identiteit.....	57
<b>HOOFSTUK IV</b>	
<b>GEREEDSKAP EN MATERIAAL GEBRUIK IN DIE VERVAARDIGING VAN</b>	
<b>BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS .....</b>	
<b>61</b>	<b>61</b>
Beskikbare gereedskap en toebehore .....	61
1. Die knipmes.....	61
2. Innoverende plaasvervangers .....	62
3. Aankoop van doelgerigte gereedskap.....	65
4. Windgedrewe en handgedrewe draaibanke .....	67
5. Grofsmedery .....	71
Beskikbare materiaal en grondstowwe.....	71
1. Hout .....	71
2. Been en ivoor.....	80
3. Klip en steen .....	85
4. Metaal .....	87
5. Tekstiele .....	91
6. Ander materiale .....	92
<b>HOOFSTUK V</b>	
<b>DIE VERVAARDIGING VAN BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS DEUR</b>	
<b>SPECIALISVAKMANNE .....</b>	
<b>97</b>	<b>97</b>
Amateuragtige begin .....	97

Opgeleide vakmanne .....	99
Invloed van buitelandse vrywilligers en ander nasionaliteite .....	100
Bydrae deur agterryers .....	102
Spesialisasie op 'n sekere vakgebied .....	102
Formele opleiding .....	106
Ambagsmanne, gespesialiseerde vakmanne en kunstenaars .....	107
1. St. Helena .....	107
2. Ceylon.....	117
3. Indië .....	126
4. Bermuda .....	127
<b>HOOFSTUK VI</b>	
<b>DIE BETEKENIS VAN SIMBOLE EN MOTIEWE WAT OP</b>	
<b>BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS VOORKOM .....</b>	
<b>133</b>	
Geometriese motiewe .....	133
Plantmotiewe.....	136
Dieremotiewe .....	138
Oorlogverwante en patriotiese motiewe.....	143
Godsdienstige motiewe .....	146
Sprekende ornamente .....	147
Minder bekende motiewe en simbole .....	149
Die herlewing van tradisionele volkskunssimbole in die laat-Victoriaanse era .....	152
<b>HOOFSTUK VII</b>	
<b>VOORBEELDE VAN Tipes BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS .....</b>	
<b>157</b>	
Opvattings oor tipes Boerekrygsgevangenekuns .....	157
Pype en rooktoebehore .....	159
Papiermesse (briewemesse), penhouers en ander skryfgereedskap .....	161
Dasse, breiblokkies en ander naaldwerktoebehore .....	162
Kieries (wandelstokke).....	163
Kissies .....	164
Portretrame .....	165
Juweliersware .....	166
Speletjies .....	168
Speelgoed en miniatuurmodelle .....	170
Musiekinstrumente .....	175
Sporttrofees en -toerusting .....	176
Medaljes / Gedenkpenninge .....	179

Meublement.....	180
<b>HOOFSTUK VIII</b>	
<b>TENTOONSTELLING, VERSPREIDING EN VERKOPE VAN</b>	
<b>BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS .....</b>	<b>184</b>
Handel met Boerekrygsgevangenekuns .....	184
1. Handel met Britse offisiere en soldate.....	184
2. Handel met plaaslike inwoners.....	186
3. Handel met besoekers en toeriste .....	186
4. Handel onder die krygsgevangenes .....	187
Afsetgebied in Suid-Afrika .....	189
1. Kaapstad en Simonstad, Kaapkolonie .....	189
2. Ladysmith, Natal .....	192
Afsetgebied op St. Helena.....	192
1. Die hoofstad Jamestown.....	192
2. Deadwood krygsgevangenekamp.....	194
3. Broadbottom krygsgevangenekamp .....	195
Afsetgebied op Ceylon .....	196
1. Die hoofstad Colombo.....	196
2. Diyatalawa krygsgevangenekamp .....	198
Afsetgebied in Indië .....	199
Afsetgebied op Bermuda.....	200
1. Die hoofstad Hamilton .....	200
2. Burt-eiland en Darrel-eiland.....	202
Afsetgebied in Europa en die Verenigde State van Amerika.....	204
1. Engeland.....	205
2. Nederland .....	206
3. Frankryk .....	209
4. Duitsland.....	209
5. Verenigde State van Amerika.....	209
<b>HOOFSTUK IX</b>	
<b>DIE KULTURHISTORIESE BELANG VAN BOERE-</b>	
<b>KRYGSGEVANGENEKUNS .....</b>	<b>213</b>
Boerekrygsgevangenekuns as familie-erfstukke.....	213
Boerekrygsgevangenekuns in museumversamelings .....	215
1. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.....	215
2. Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria .....	217

3. Ander museums in Suid-Afrika sowel as die buiteland .....	221
Boerekrygsgevangenekuns as versamelstukke .....	223
Die invloed van Boerekrygsgevangenekuns op Afrikaner-identiteitsvorming .....	225
<b>SLOT</b> .....	<b>229</b>
<b>BRONNELYS</b> .....	<b>2366</b>

## ILLUSTRASIES

---

Figuur II-1:	Die verspreiding van krygsgevangenekampe in die wêreld tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).....	8
Figuur II-2:	Die Groenpunt krygsgevangenekamp in Kaapstad, Kaapkolonie.....	11
Figuur II-3:	Die Bellevue krygsgevangenekamp in Simonstad, Kaapkolonie.....	12
Figuur II-4:	Die Tin Town krygsgevangenekamp in Ladysmith, Natal.....	14
Figuur II-5:	Die Deadwood krygsgevangenekamp (Blikkiesdorp), St. Helena .....	17
Figuur II-6:	Die Diyatalawa krygsgevangenekamp, Ceylon.....	20
Figuur II-7:	Die Shahjahanpur krygsgevangenekamp, Indië .....	24
Figuur II-8:	Die krygsgevangenekamp op Darrell-eiland, Bermuda .....	28
Figuur III-1:	Riempiesbank van tambotiehout uit die laat negentiende eeu; die houtsnijwerk van 'n sluipende leeu en bokkop op die armleunings van die bank weerspieël kenmerkende ooreenkomste met die Boerekrygsgevangenehandwerk wat in die onderskeie krygsgevangenekampe voorgekom het.....	34
Figuur III-2:	Geweerkolf van 'n Martini-Henry met die bewoording 'Vryheid Kommando, 1899, ZAR, Talana, Pinetown Kamp, Wessels' kunstig daarop uitgekerf.....	35
Figuur III-3:	Uitstalling van Boerekrygsgevangenekuns deur P. Zwanepoel by die Bellevue-kamp in Simonstad, 1899-1900.....	36
Figuur III-4:	Krygsgevangenes vertoon hul handwerk aan boord die <i>S.S. Kildonan Castle</i> in 1901 by Simonstad se hawe .....	37
Figuur III-5:	Krygsgevangenes besig om borsspelde en dasspelde uit been te vervaardig in hul sinkhut .....	41
Figuur III-6:	Twee krygsgevangenes in die Diyatalawa-kamp op Ceylon wat hul akkommodasie meer 'huislik' ingerig het deur die gebruik van persoonlike en sentimentele krygsgevangenekuns soos portretrame en pypstaanders.....	46
Figuur IV-1:	Selgemaakte gereedskap wat deur H.T. Siglé (links op foto) tydens sy krygsgevangenskap op St. Helena gebruik is vir reliëf kerfwerk op kissies en pype.....	63
Figuur IV-2:	C.F.L. Hutten het in sy herinneringe 'n skets geteken van 'n boortoestel wat deur die krygsgevangenes op Ceylon gebruik is om gaatjies in been te boor.....	64
Figuur IV-3:	Vier krygsgevangenes van die onderneming Human, Theron, Biljon & Co. besig om borsspelde met behulp van verskillende stukke gereedskap te vervaardig.....	64
Figuur IV-4:	In die Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Krygsgeeskiedenis se versameling is daar 'n stel miniatuursagies wat op Ceylon gebruik is; die een sagie het die vervaardigersmerk van die Amerikaanse saagmaatskappy 'H. Disston & Sons' op .....	66



Figuur IV-5:	Krygsgevangenes voor H.T. Siglé se werkswinkel in die Deadwood-kamp; die windmeul wat die draaibank binne-in die gebou met windkrag aangedryf het, is duidelik sigbaar aan die regterkantste hoek van die gebou .....	68
Figuur IV-6:	C.F.L. Hutten se sketse van die verskillende tipes draaibanke wat deur die krygsgevangenes op Ceylon gebruik is .....	69
Figuur IV-7:	Krygsgevangenes in die Diyatalawa-kamp by 'n handgedrewe draaibank besig om gedraaide voorwerpe soos kersblakers en kelkies te vervaardig .....	69
Figuur IV-8:	Krygsgevangenes op Bermuda by die rudimentêre, handgedrewe draaibank wat hulle self geprakseer het .....	70
Figuur IV-9:	Eierkelkstaander met ses eierkelkies van donker swartkleurige ebbehout; die goue inskripsie lui: 'Ter gedachtenis aan het krijgsgevangene leven Diyatalawa Ceylon 1901-1902' .....	74
Figuur IV-10:	Die sogenaamde 'kroon-van-dorings' portretraam is deur A.J. de Waal in die Shahjahanpur-kamp in Indië gemaak .....	77
Figuur IV-11:	Die aromatiese, rooierige hout van die Bermuda seder ( <i>Juniperus bermudiana</i> ) .....	79
Figuur IV-12:	Drie sederhoutservetringe met verskillende fatsoene en kerfwerk wat op Bermuda vervaardig is .....	79
Figuur IV-13:	Kierie van walvisbeen met 'n geronde knop as handvatsel en die bewoording 'St. Helena, POW, 1902' .....	82
Figuur IV-14:	'n Miniatuur-krygsgevangenekunsvoorwerp van been wat op die knutselrytegniek geskoei is .....	83
Figuur IV-15:	'n Krygsgevangene in die Groenpunt-kamp vertoon die ZAR- en OVS-wapens wat hy op 'n steen gegraveer het .....	85
Figuur IV-16:	Voorbeelde van uitgesnyde en gegraveerde Kruger-muntstukke uit die Oosthuizen-privaatversameling .....	89
Figuur IV-17:	Metaalkentekens wat in 1900 deur die krygsgevangenes aan boord die <i>H.M.T. Catalonia</i> aan die siviele dokter, Harman, oorhandig is .....	90
Figuur IV-18:	Dirk Odendaal in die Umbilo-kamp poseer met sy breiwerk; let op die breiblokkie in die vorm van 'n vis en die hekelnaald in sy hand .....	91
Figuur IV-19:	Beeshoringbeker afkomstig uit die Groenpunt-kamp met die Transvaalse wapen daarop gegraveer .....	93
Figuur IV-20:	Beskilderde skulpe met die OVS- and ZAR-wapens as versiering wat deur C.F. Rothmann in die Diyatalawa-kamp op Ceylon geskilder is .....	95
Figuur IV-21:	Perdeskoenvormige borsspeld van been met 'n pienk maansteentjie wat in die middel van die sentrale bytjie-motief gemonteer is .....	96
Figuur V-1:	'n Model seilskippie in 'n glasbottel wat met moeite deur krygsgevangenes van Skandinawiese herkoms op St. Helena gemaak is .....	100
Figuur V-2:	Volgens die meegaande brief is dié penhouer deur 'n swart bediende (agterryer) op St. Helena uitgesny .....	102

Figuur V-3:	Staannde is C.H. Minnaar (links) en C.R. Kotzé (regs), die poleerders; sittende is M.J. Vermeulen (links) en C.F. Vermeulen (regs), die kieriervvaardigers; die kirie by Kotzé se hand (in rooi omkring) is aan president Kruger in Nederland gestuur .....	108
Figuur V-4:	Die Transvaalse wapen verskyn op die punt van die handvatsel; die inskripsie ‘aan ZAR S.J.P. Kruger Staatspresident der ZAR; Gedachtenis van C.F. en M.J. Vermeulen kreigsgevangene te St. Helena 10 Oktober 1900’ is op die steel gegraveer .....	109
Figuur V-5:	Nicolet en E. Marais besig om kentekens, borsspelde en medaljes in die Deadwood-kamp te vervaardig .....	111
Figuur V-6:	C. Nicolet se houtkis met stempels en voorbeelde van die kentekens, borsspelde en medaljes wat hy vervaardig het; tans in die Nicolet-familie se privaat besit .....	111
Figuur V-7:	Skets deur Erich Mayer van die gekerfde houtportretraam wat deur S.J. Nel gemaak is.....	113
Figuur V-8:	Houtportretraam met die bewoording ‘St. Helena 1902’ en ‘E. Mayer KGV’ wat by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein uitgestal word.....	113
Figuur V-9:	Twee sketse geteken deur Erich Mayer van ’n mansfiguur met ’n welige snor en in semi-militêre drag (links); uitgekerf op dié kirie se steel (regs).....	114
Figuur V-10:	’n Pypkopstuk van ligte hout met die ZAR-wapen voorop uitgekerf en die handgeskrewe inskripsie: ‘Made by E. Luckhoff’ .....	115
Figuur V-11:	Die binnekant van H.T. Siglé se werkwinkel; Siglé sit heel voor regs met die potlood agter sy oor, besig met houtkerfwerk .....	116
Figuur V-12:	’n Kissie met regimentwapens in konsentriese sirkels daarop uitgekerf: Vir ’n Britse soldaat, met die inskripsie ‘Made by H.T. Siglé P.O.W.’ aan die binnekant van die deksel .....	116
Figuur V-13:	Die lede van ‘De Vries, Claasen & Co. Beenborst-speld-zaagery’ met gereedskap en voorbeelde van die borsspelde en hangertjies wat hulle vervaardig het voor hul advertensiebord in die Diyatalawa-kamp in Ceylon in 1902; C.F.L. Hutten is tweede van regs met die potlood in die hand besig met ontwerpstekeninge.....	118
Figuur V-14:	Die gekombineerde skets van die ZAR- en OVS-wapens is vir die buiteblad van J.N. Brink se boek <i>Ceylon en de bannelingen</i> deur C.F.L. Hutten ontwerp en geteken .....	119
Figuur V-15:	Die inhoud van Frans Strauss se kissie het bestaan uit kerftoerusting soos beitel-tjies en ’n sagie met ekstra lemme, stukkies been, voltooide borsspelde met ingewikkelde patrone asook onvoltooide borsspelde en twee servetringe .....	120
Figuur V-16:	Die kabinet van ’n ligter Ceylonse mahoniehoutsoort met ebbehout-uitgekerfde reliëfpanele en bal-en-klou pootjies .....	121
Figuur V-17:	E.G.T. Meyer by die keries, servetringe, kandelare en ander krygsgevangenekuns wat hy vervaardig het; die ebbehoutkirie met ’n perdekop	

	as handvat (regs) en die inskripsie ‘E.G.T. Meyer Diyatalawa Ceylon 2 Maart 1901’ op die steel, verskyn op die foto (omkring in rooi) .....	122
Figuur V-18:	Een van die rame met dekoratiewe patrone wat deur J.P. le Roux uitgesny is; die inskripsie op die raam lui: ‘Diyatalawa Krygsgevangene Kamp Ceylon 1902’ .....	123
Figuur V-19:	J.P. le Roux by die figuursaaggereedskap wat hy gebruik het om die portretrame te maak .....	123
Figuur V-20:	Een van die houtbeuels wat deur I.F. Ebersohn gemaak is met die inskripsie: ‘Isaak Ebersohn, POW, Burt’s Island, Bermuda, 5 Sept. 1901, Done with a pocket knife’ .....	128
Figuur V-21:	’n Sederhout portretraam versier met rankrosies en perdeskoene asook die bewoording ‘In remembrance of my captivity’, ‘A.J. Vercuiel, POW, Bermuda’ en ‘1901-1902’ daarop uitgekerf.....	131
Figuur V-22:	W.P. Laubscher se houtwerkswinkel waar handwerk van die onversoenlike Boerekrygsgevangenes gekoop of bestel kon word .....	132
Figuur VI-1:	Die maker van die kissie, J.G. Reyneke van St. Helena, het twee variasies van die sirkelblom aan weerskante van ’n kop-en-skouer sy-aansig van president Kruger uitgekerf.....	134
Figuur VI-2:	Dié portretraam is gemaak uit Bermuda sederhout in die vorm van ’n kunstenaar se palet wat drie minder bekende variasies van werwelfigure vertoon.....	135
Figuur VI-3:	Die gestileerde lewensboom in ’n pot is uitgekrap en met wit gekleur op die kant van die kissie wat aan S.J. Foord van Bermuda behoort het .....	136
Figuur VI-4:	Aan die binnekant van dié swart Ceylon ebbehoutjuwelekissie se oopklapdeksel word ’n realistiese tweedimensionele roos in reliëf uitgebeeld .....	137
Figuur VI-5:	’n Perdekophandvat waarvan die perd se ore plat lê, is deur ’n krygsgevangene op St. Helena in besonderse detail gekerf, kompleet met bykomstighede soos ’n saal en toom.....	139
Figuur VI-6:	Die simboliese uitbeelding op ’n kiere van ’n slang (Brittanje) wat besig is om ’n eier (die Boererepublieke) in te sluk.....	140
Figuur VI-7:	’n Elegante paar slangskoentjies met die slangetjie wat uitspring wanneer die deksel oopgeskuif word.....	141
Figuur VI-8:	’n Skets deur Erich Mayer van ’n seldsame veldfles met ’n leeu en ander katfigure daarop uitgekerf.....	142
Figuur VI-9:	’n Soortgelyke veldfles met ’n leeu en luiperd daarop uitgekerf in die versameling van die Ditsong Nasionale Museum in Pretoria .....	142
Figuur VI-10:	’n Gedetailleerde toneel van twee takbokke is gedurende Januarie 1902 deur J.P. Pedersen van die Ahmednagar Fort in Indië op die kokosneut uitgekerf.....	143
Figuur VI-11:	Hierdie kissie van Ceylon ebbehout getuig van uitsonderlike vakmanskap met die wapen van die ZAR daarop uitgekerf; let op die adelaar wat uitgelig word, asook die inkorporering van die kopbeenmotief in die middel van die wapen	

	wat moontlik daarop dui dat die kisse gemaak is vir 'n persoon wat in die Johannesburgse Vrywilligerkorps diens gedoen het .....	145
Figuur VI-12:	'n Lewensgetroue miniatuurmodel van 'n Model 1895 Mauser-karabyn kompleet met bronstoebehore soos die gewersluitstuk en sneller; dit bevat ook twee bronsplaatjies aan weerskante van die houtkolf met die bewoording 'Gemaakt J. / A. Smidt' en 'O.V.S, A, 1900' .....	145
Figuur VI-13:	Drie penstele van Bermuda sederhout met die kenmerkende motief van 'n hand wat 'n Bybel vashou aand die een kant en 'n hand wat 'n projektiel vashou aan die ander kant .....	146
Figuur VI-14:	'n Ceylonse wa met 'n tent van palmlare wat gebruik is om brood en vleis na die Diyatalawa-kamp te vervoer .....	150
Figuur VI-15:	'n Wamodel gemaak uit palmlare met twee Indiese koeie wat die wa trek .....	150
Figuur VI-16:	D.R. du Toit en die pragtige staanhorlosie wat hy in die Kakool-kamp gemaak het.....	151
Figuur VI-17:	Donasiekisse vir die boufonds van die Old Rock Lodge met die vrymesselaarsimbole op die bokant van die oopklapdeksel asook die bewoording 'Pres. By Br. Capt. V. de Wit Hamer, 1902' aan die binnekant gegraveer .....	152
Figuur VI-18:	'n Hartvormige 'skelmdosie' met 'n blommotief daarop geskilder; die inskripsie, 'Van JJ de Wet, KGV, St. Helena, 1902, Aan myn vrou, MS de Wet', dui op die hartstogtelike verlange van 'n eggenoot na sy geliefde eggenote .....	154
Figuur VI-19:	'n Silwer borsspeld met twee vrouehande wat mekaar in vriendskap groet .....	155
Figuur VI-20:	Dié beenborsspeld van St. Helena toon 'n mans- en vrouehand wat mekaar met toegeneentheid groet .....	155
Figuur VII-1:	Hierdie poskaart gee 'n aanduiding van die verskillende tipes Boerekrygsgevangenekuns wat op Ceylon vervaardig is.....	158
Figuur VII-2:	Krygsgevangenehandwerk word in Umballa, Indië, uitgestal met die meegaande advertensiebord van 'D.R. de Wet, Curiosity Shop'; let op die buitengewone fatsoene van die talle pype wat in die foto verskyn .....	160
Figuur VII-3:	'n Pyp wat vir 'Sergt. Wadsworth, 1st Northampton Regt.' deur 'D.R. de Wet, P.O.War, Umballa' in 1902 gekerf is.....	161
Figuur VII-4:	Hierdie papiermes in die kenmerkende vorm van 'n Arabiese dolk met die gegraveerde bewoording 'P. Roux, 1904', asook 'n handgeskrewe ink-inskripsie 'Presented to A. van den Heuss, N.Y., Aug. 24, 1904' .....	162
Figuur VII-5:	Hierdie kerie is gemaak van 'n dik, knoetsrige boomwortel met 'n bokkop as handvatsel en die bewoording 'Aan Vader van krygsgevangene zoons J.W. en I.M. Wessels, St. Helena, 1902'; die ongekompliseerde en selfs eenvoudige voorkoms en inskripsie dui op die sentimentele en persoonlike waarde wat die kerie ingehou het en laat dit uitstaan bo die res van die keries wat in groot hoeveelhede vir markdoeleindes op St. Helena vervaardig is .....	164

Figuur VII-6:	’n Skaars juwelekissie in die vorm van ’n rusbank met die sitplek wat kan oopskuif om die holte vir juwele wat met rooi sy uitgevoer is, te bedek; voor op die miniatuurrusbank is die bewoording ‘St. Helena’ en die datum ‘8.3.1901’ aangebring .....	165
Figuur VII-7:	Krygsgevangenes op Darrel-eiland te Bermuda, 27 Februarie 1902, voor ’n tent waar ’n verskeidenheid portretrame uitgestal word .....	166
Figuur VII-8:	’n Borsspeld in die vorm van ’n sespuntige ster of blom met perlemoen hartjie-insetsels en ’n silwer Ceylonse tiensentstuk in die middel, asook die bewoording ‘R.F. Prinsloo’ daarom gegraveer .....	167
Figuur VII-9:	’n Miniatuurknipmessie gemaak uit ’n goue pond deur I.F. Ebersohn op Bermuda .....	168
Figuur VII-10:	Hierdie skaakbord met houtraam en miniatuurwaterverfsketse van tonele en besienswaardighede op St. Helena het J.M. Mante aan K. Zwaardemaker in Holland gestuur .....	169
Figuur VII-11:	Boerekrygsgevangenes met waentjies wat hulle in die Bellevue-kamp te Simonstad gemaak het.....	170
Figuur VII-12:	Die Kriel-broers met die miniatuurmodel van ’n dorsmasjien en enjin wat hulle vir £10 verkoop het .....	172
Figuur VII-13:	Jong ‘artilleriste’ beman die modelkanon en -ammunisiewa in die Deadwood-kamp op St. Helena .....	173
Figuur VII-14:	Hierdie volledige model van ’n goudstampbattery is deur die krygsgevangenes J.N. Wikland, J. Rank, J. Shultz en E.E. Lindberg op St. Helena gemaak.....	174
Figuur VII-15:	Hierdie viool met die Transvaalse wapen daarop gegraveer, is deur J.J. Corneelsen op St. Helena gemaak.....	175
Figuur VII-16:	Die agterkant en voorkant van die houtbeker wat op 3 September 1901 as ’n sporttrofee aan die <i>Independence</i> -span toegeken is .....	178
Figuur VII-17:	Die voor- en keersy van die brons St. Helena-medalje .....	179
Figuur VII-18:	Die sogenaamde ‘Scum of the scum’-medalje het behoort aan die Ceylonse krygsgevangene H.H. Smorenburg wat dit gedra het nes ’n regte dekorasie met lint en al.....	180
Figuur VII-19:	Hierdie elegante tafeltjie geskoei op die heersende Art Nouveau-styl is deur krygsgevangenes op St. Helena vervaardig.....	181
Figuur VII-20:	Links poseer twee krygsgevangenes aan weerskante van ’n opvoubare dekstoel met houthortjies, soortgelyk aan die hortjiestoel aan die regterkant wat deur I.A. Meyer in Hambantota vervaardig is .....	182
Figuur VIII-1:	’n Waterverfskets deur Erich Mayer in 1901 op St. Helena van ’n Britse soldaat wat as potensiële koper besig is om ’n handgemaakte kiere te inspekteer.....	185
Figuur VIII-2:	Die sertifikaat wat saam met die verkope van Boerekrygsgevangenekuns in Kaapstad deur die handelaar, A.P. Raphael, uitgereik is.....	189

Figuur VIII-3: 'n Boerekrygsgevangene in die Bellevue-kamp te Simonstad vertoon sy handwerk op die kwartsegment van 'n houttentvloer aan belangstellende omstanders.....	190
Figuur VIII-4: Die komitee verantwoordelik vir die organisering van die industriële tentoonstelling in die raadskamer van die Kasteel in Jamestown op 10 November 1900.....	194
Figuur VIII-5: Tentoonstelling van Boerekrygsgevangenekuns in die Broadbottom-kamp op 21 Junie 1902; die krygsgevangene W.H. van Heerden staan heel voor links.....	196
Figuur VIII-6: 'n Voorbeeld van die toegangskartjie vir die tentoonstelling van Boerekrygsgevangenekuns by die landbouskool in Colombo.....	197
Figuur VIII-7: Lede van die Burt-eiland <i>Industrial Association</i> poseer by hul handwerk; A.C. Schulenburg wat die sekretaris van die vereniging was, verskyn in die middel van die foto (met kruisbande en horlosie).....	203
Figuur VIII-8: 'n Veiling van Boerekrygsgevangenehandwerk op Burt-eiland; die afslaer lig 'n kitaar omhoog en op die tafeltjie langs hom verskyn daar 'n modelwaentjie .....	204
Figuur VIII-9: Die <i>Zuid-Afrikaansche</i> tentoonstelling te Scheveningen in 1901 .....	207
Figuur VIII-10: President Kruger en die bestuur van die <i>Den Haagsche Pro-Boer Vereeniging</i> by die afdeling vir Boerekrygsgevangenehandwerk te Scheveningen op 7 Augustus 1902.....	208
Figuur IX-1: 'n Diorama van hoe 'n tipiese houtwerkswinkel in een van die krygsgevangenekampe sou gelyk het, word in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein uitgebeeld.....	217
Figuur IX-2: Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe, waaronder die inkstel spesiaal opgedra aan president Kruger, is tans op uitstalling in die Kruger-museum in Pretoria.....	221
Figuur IX-3: Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe word internasionaal ten toon gestel as deel van die 'Prisoners in Paradise'-uitstalling in die kruitmagasyn van die High Cave op Bermuda.....	222

## AFKORTINGS EN AKRONIEME

---

CSV	De Christelike Strevers-Vereeniging
K.G./K.G.V.	Krijgsgevangene / Krygsgevangene
OVS	Oranje-Vrijstaat / Oranje-Vrystaat
POW/P.O.W.	Prisoner of War
SS	Stoomskip
TAB	Transvaalse Argiefbewaarpark
VSA	Verenigde State van Amerika
U.C.T	University of Cape Town
U.O.V.S.	Universiteit van die Oranje-Vrystaat
U.P.	Universiteit van Pretoria
U.S.	Universiteit van Stellenbosch
ZAR	Zuid-Afrikaansche Republiek / Transvaal

## VOORWOORD

---

Talle tydskrifartikels, nagraadse verhandelings en proefskrifte asook gepubliseerde boeke het gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu oor verskeie aspekte van die Anglo-Boereoorlog, ook bekend as die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902, verskyn. Slegs 'n paar van die artikels, sowel as hoofstukke in boeke en proefskrifte, is uitsluitlik gewy aan die driedimensionele handgemaakte kultuurhistoriese voorwerpe, oftewel Boerekrygsgevangenekuns, wat gedurende die oorlog deur Boerekrygsgevangenes vervaardig is.

In S.P.R. Oosthuizen se ongepubliseerde doktrale proefskrif “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902”, ingedien in 1975, handel die hoofstuk ‘Vryetydsbesteding in die kampe’ oor die aktiwiteite wat deur die krygsgevangenes beoefen is. In die onderafdeling getiteld ‘Skeppende talent ontluik’ word die handwerkbedrywighede wat die krygsgevangenes beoefen het, bespreek. In hierdie hoofstuk gee Oosthuizen 'n breë oorsig oor die vervaardiging van handgemaakte voorwerpe met verskeie verwysings en aanhalings uit dagboeke en herinneringe van krygsgevangenes. Oosthuizen se studie is waarskynlik die eerste akademiese poging om erkenning te gee aan die onderwerp van Boerekrygsgevangenekuns. Ongelukkig word die onderwerp nie in detail ontleed en bespreek nie, algemene afleidings word gemaak en die kultuurhistoriese betekenis en relevansie van die krygsgevangenekunsvoorwerpe wat vervaardig is, kom nie in hul totaliteit duidelik na vore nie.

P. Oosthuizen se *Boer War memorabilia: The collectors' guide*, gepubliseer in 1987, fokus hoofsaaklik op kommersieel vervaardigde memorabilia gedurende en na die Anglo-Boereoorlog. Die boek bevat 'n ryklik geïllustreerde hoofstuk getiteld ‘Prisoner-of-war handicraft’ met foto's van ongeveer 64 krygsgevangenekunsvoorwerpe. Dié hoofstuk gee 'n kort beskrywing van die tipes voorwerpe wat deur die krygsgevangenes gemaak is. Dit verskaf egter nie veel inligting oor die kunstenaars en vakmanne betrokke by die vervaardiging van die voorwerpe nie of waarmee en hoe dit gemaak is en vir wie of watter mark dit gemaak is nie.

Nog 'n publikasie wat geraadpleeg is, is R. Greenwall se *Artists and illustrators of the Anglo-Boer War*, gepubliseer in 1992. Greenwall bespreek egter hoofsaaklik tweedimensionele skilderye, sketse en tekeninge wat gedurende die oorlog deur professionele en amateur kunstenaars aan sowel Britse as Boerekant gemaak is. Alhoewel die publikasie in die hoofstuk ‘Pro-boer artists’ inligting bevat oor later bekende krygsgevangenekunstenaars soos Frans



Oerder en Erich Mayer, fokus Greenwall nie juis op die driedimensionele voorwerpe wat geproduseer is nie. Hy maak slegs melding van die kurios wat deur die krygsgevangenes vervaardig is en verwys vlugtig na 'n paar voorbeelde asook 'n paar kunstenaars wat betrokke was.

*Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, gepubliseer in 1992 deur J.C. Pretorius, bevat 'n hoofstuk getiteld 'Volkskuns van Boerekrygsgevangenes'. Dié hoofstuk is waarskynlik die mees erkende en geraadpleegde bron wanneer daar na Boerekrygsgevangenekuns verwys word. In dié hoofstuk word daar kortliks inligting weergegee oor die beskikbare materiaal waarvan die voorwerpe gemaak is en die gereedskap wat gebruik is. Ook word 'n paar van die vakmanne en kunstenaars wat betrokke was by die vervaardiging en kunstige afwerking van die voorwerpe, uitgelig. Pretorius fokus hoofsaaklik op die simboliek, betekenis en gebruik van tradisionele Afrikanervolkskunsmotiewe wat op 'n paar tipes voorwerpe voorkom. 'n Leemte is dat sy feitlik glad nie verwys na voorwerpe wat aan boord van skepe of in krygsgevangenekampe in Suid-Afrika gemaak is nie. Pretorius se afleidings is ook hoofsaaklik gebaseer op die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria (nou bekend as die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum), met slegs 'n paar verwysings na ander instellings soos die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein se versameling. Nog 'n tekortkoming is dat Pretorius fokus op die voorkoms van tradisionele Suid-Afrikaanse of pioniersvolkskunsmotiewe op die voorwerpe sonder om die inheemse volkskunsmotiewe van die lande waarin die krygsgevangenes aangehou is, ook in ag te neem.

E. Wessels se *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* is in 2010 gepubliseer. Dit is een van die jongste publikasies wat handel oor die Anglo-Boereoorlog krygsgevangenes met 'n afdeling getiteld 'Handwerk' in elke hoofstuk oor die onderskeie lande waar krygsgevangenekampe voorgekom het. Wessels beskryf waarvan en waarmee die voorwerpe gemaak is, wie die vakmanne was wat die voorwerpe gemaak het en vir watter afsetgebiede dit gemaak is, asook van die organisasies wat betrokke was by die verspreiding daarvan. Alhoewel dié publikasie 'n goeie oorsig gee oor die Boerekrygsgevangenekuns as onderwerp, vorm dit maar 'n klein afdeling van 'n groter studie en kon Wessels nie uitbrei op die inligting nie. Die meeste van die bronne wat geraadpleeg is, kom voor in die Oorlogsmuseum se dokumentversameling en is ander argivale bronne nie juis geraadpleeg nie. 'n Tekortkoming is dat daar min verwysings en beskrywings van die fisiese krygsgevangenekunsvoorwerpe wat vervaardig is, in die teks voorkom.

Enkele artikels in tydskrifte en joernale oor die spesifieke onderwerp het al die lig gesien. Dit sluit die volgende in: ‘Boer prisoner of war carvings from St. Helena, Bermuda, Ceylon and India’ deur P. Erskine in die tydskrif *Antiques in South Africa* van 1981; die artikel ‘Boer prisoner of war handcraft at the South African Museum of Military History’ deur A. Sinclair in die *Military History Journal*, Vol. 11(3/4) van Oktober 1999; E. Itzkin se artikel ‘Handcraft by Boer prisoners of war’, in G. Verhoef (ed.), *The Anglo-Boer War: Commemorative lectures at the Rand Afrikaans University, 1999*, asook die artikel deur F. Pretorius getiteld ‘Boer prisoner of war art’ in *History Today*, Vol. 56(3) van Maart 2006. Die skrywers van die artikels fokus hoofsaaklik op sekondêre inligting wat reeds gepubliseer is, met slegs enkele verwysings na voorbeelde van krygsgevangenekuns, terwyl weinig oorspronklike dagboeke of herinneringe geraadpleeg is.

Die voorafgaande bronontleding dui duidelik daarop dat daar tans redelik min sekondêre, gepubliseerde literatuur oor die onderwerp van Boerekrygsgevangenekuns beskikbaar is. In die bestaande bronne word daar soms algemene en vooropgestelde afleidings ten opsigte van Boerekrygsgevangenekuns gemaak. Navorsers verwys slegs na ’n paar oorspronklike dagboeke of herinneringe van sekere krygsgevangenes en dit word dan as die norm aanvaar en toegepas op al die lande en kampe waar krygsgevangenes aangehou is.

Sedert die begin van die een-en-twintigste eeu word daar internasionaal na dié tipe kultuurhistoriese voorwerpe as *trench art*, direk vertaal as loopgraafkuns in Afrikaans, verwys. Die terminologie van volkskuns, memorabilia en loopgraafkuns word in die eerste hoofstuk ondersoek en gedefinieer, met die doel om vas te stel of handgemaakte driedimensionele kultuurhistoriese voorwerpe wat deur Boerekrygsgevangenes van rou stowwe en oorlogsmateriaal vervaardig is, wel geassosieer kan word met die internasionale akademiese diskoers en terminologie van loopgraafkuns. Die klassifikasie van krygsgevangenekuns as ’n kategorie van loopgraafkuns word ook bespreek.

Die afbakening sluit in die krygsgevangenehandwerk wat in krygsgevangenekampe in Suid-Afrika (Kaapkolonie en Natal), aan boord van skepe, asook in die buiteland op St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda gemaak is. Die handwerk deur Boeregeïnterneerdes in Portugal te Caldas da Rainha, Peniche en Alçobaça, asook die ongewenste by Port Alfred en die Natalse Rebelle in siviele tronke, word nie hierby ingesluit nie omdat die persone in aanhouding per definisie nie as krygsgevangenes beskou kan word nie. Die periode strek vanaf 1900 toe die deurgangskampe in Suid-Afrika begin is en die krygsgevangenekampe oorsee formeel tot stand

gekom het, tot en met 1904 toe die meeste krygsgevangenes gerepatrieer is en na Suid-Afrika terugkeer het. In sekere gevalle is daar voorbeelde van krygsgevangenes wat ná hierdie tydperk gemaak is deur krygsgevangenes wat geweier het om die eed van getrouheid te onderteken, die sogenaamde onversoenlikes wat eers heelwat later terugkeer het of selfs nooit teruggekom het nie. Die agtergrond vir die ontstaan, ligging, omgewing, karakter asook die organisasie van die krygsgevangenekampe in Suid-Afrika sowel as in die buiteland, word in hoofstuk II gedek.

Die hoofdoelwit van hierdie studie is om klem te lê op die kultuurhistoriese betekenis en relevansie van die driedimensionele handgemaakte Boerekrygsgevangenesvoorwerpe wat deur die Boere sowel as buitelandse vrywilligers tydens hul krygsgevangenskap vervaardig is. Die hoofdoelwit word bereik deur vas te stel wat die motiverings was waarom Boerekrygsgevangenes gemaak is (hoofstuk III), die materiaal waarvan en waarmee dit vervaardig is (hoofstuk IV), wie die vakmanne was wat die krygsgevangenes gemaak het (hoofstuk V), die simboliek en inherente betekenis wat die voorwerpe ingehou het (hoofstuk VI), watter tipe voorwerpe gemaak is (hoofstuk VII), asook die afsetgebied en beskikbare markte vir die uitstalling en verkope van die items (hoofstuk VIII). 'n Laaste hoofstuk fokus op die kultuurhistoriese belang van Boerekrygsgevangenes gedurende die twintigste eeu tot vandag. Weens die selektering en indeling van inligting in verskillende temas was daar uiteraard soms onvermydelike oorvleueling tussen hoofstukke.

Hierdie vergelykende studie bied die ideale geleentheid om deur middel van 'n kultuurhistoriese benadering die onderwerp van Boerekrygsgevangenes in detail te ondersoek, na te vors en die inligting op 'n akademies gefundeerde grondslag te weergee om sodoende die hoofdoelwit te bereik. Die ooreenkomste en verskille van Boerekrygsgevangenes afkomstig van die onderskeie lande van aanhouding, word waar moontlik uitgelig, veralgemenings word aangespreek en daar word op geïdentifiseerde leemtes uitgebrei en met toepaslike voorbeelde toegelig. Dié benadering bring die kultuurhistoriese belangrikheid en relevansie na vore in plaas daarvan om bloot net 'n inventaris van krygsgevangenes daar te stel.

Primêre bronne wat gedurende die navorsingsfase geraadpleeg is, sluit in ongepubliseerde persoonlike argivale bronne soos dagboeke, herinneringe, plakboeke, korrespondensie, asook foto's van krygsgevangenes. Die Nasionale Argief van Suid-Afrika in Pretoria se Transvaalse Argiefbewaarplek-versameling (TAB), sowel as die argiewe in Bloemfontein, Kaapstad en Durban se versamelings is ook geraadpleeg. Alhoewel talle dagboeke, herinneringsgeskrifte en

plakboeke bestudeer is, was spesifieke inligting oor die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns karig en is daar dikwels terloops, of net in 'n paar sinnetjies, na dié gewilde tydverdryf verwys. In die TAB-versameling het die korrespondensie in die D.S. van Warmelo Aanwins (W90) die waardevolste inligting gelewer ten opsigte van die beoefening van krygsgevangenehandwerk in Indië. Die De Witt Hamer-argief (A2400) by die Universiteit van die Witwatersrand se biblioteek in Johannesburg is ook besoek en het veral nuttige inligting verskaf om die onderwerp van uitstallings en verkope in Nederland toe te lig.

Die ongelooflike bron van primêre dokumentasie wat in museumversamelings opgesluit lê, was vir dié kultuurhistoriese studie van kardinale belang. Die oorspronklike dokumente en foto's in die versamelings van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein, asook Museum Africa in Johannesburg, het insiggewende inligting bevat. Die formidabele fotoversameling by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke het nie net bygedra om hierdie studie ryklik te illustreer nie, maar het ook as primêre bewyse gedien om sekere afleidings en motiverings te staaf. Plakboeke in Museum Africa se dokumentversameling, soos die plakboek van T.W. Pratt wat in die Tin Town krygsgevangenekamp in Ladysmith aangehou is, het byvoorbeeld meer inligting oor die onderwerp van handwerkbedrywighede in Natal verskaf.

By die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria is die argief en persoonlike dokumentasie van K. Roodt-Coetzee ontdek. Roodt-Coetzee het in 1933 waargeneem as dosent in Afrikaanse Kuns en Kultuur aan die Universiteit van Pretoria en het 'n studiestuk saamgestel oor die 'Die krygsgevangenes as kultuurgroep'. Daarna het sy die studie voorgesit vir 'n meestersgraad oor die krygsgevangenes. Na 'n oproep in die media, onder andere in die *Volksblad* en *Landbouweekblad* gedurende 1939-1941, het sy talle handgeskrewe briewe en terugvoer op vraelyste van oorlewende krygsgevangenes ontvang. Die vraelyste wat sy saamgestel het, het hoofsaaklik gehandel oor die kultuurlewe en aktiwiteite wat deur die krygsgevangenes in die onderskeie kampe beoefen is. Ses van die vrae het pertinent gefokus op Boerekrygsgevangenekuns, onder andere of die persoon betrokke was by die vervaardiging van voorwerpe, die tipe materiaal wat gebruik is, watter soort ontwerpe uitgesny is, of daar 'n verskil was tussen die krygsgevangenekuns wat deur Boere en buitelandse vrywilligers vervaardig is, en of daar wel spesialisasie plaasgevind het. Sy het ook onderhoude met van die oud-krygsgevangenes gevoer. Sover vasgestel kon word, is haar verhandeling ongelukkig nooit voltooi en ingehandig vir beoordeling nie en is daar slegs konsephoofstukke in die argief

aangetref. Nogtans was die argief ’n uiters waardevolle bron en het dit belangrike eerstehandse primêre inligting bekendgestel, veral deur krygsgevangenes soos H.T. Siglé en C.F.L. Hutten, wat direk betrokke was by die vervaardiging van krygsgevangenekuns.

Die advertensies en kort beriggies in tydgenootlike periodieke publikasies het veral inligting rakende die spesialisvakmanne en kunstenaars verantwoordelik vir die vervaardiging van die krygsgevangenekuns asook oor die verkoop daarvan bevat. Periodieke publikasies sluit in die kampkoerante wat in die onderskeie krygsgevangenekampe uitgegee is, waaronder die *Kamp Kruidels* en *De Krijgsgevangene* van St. Helena, *De Krijgsgevangene* en *De Strever* van Ceylon, *The Skyview Parrot* by Groenpunt en *The Tick* by Umbilo, asook *De Kerkbode*. Koerante soos *The Royal Gazette* van Bermuda en *St. Helena Guardian* en die *Haarlem’s Dagblad* van Nederland, het ook addisionele inligting verskaf.

Die gebruik van Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe as ’n primêre bron was tot op hede nog grootliks onderbenut. Met hierdie studie word dié voorwerpe egter as ’n primêre bron van inligting beskou. Alhoewel verskeie museumversamelings ondersoek is, is die versamelings van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein, die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, asook Museum Africa in Johannesburg, hoofsaaklik gebruik om ooreenkomste en verskille tussen die verskillende tipes voorwerpe uit te lig en te ontleed. Die nasionale museums op St. Helena en Bermuda is ook besoek. Die agtergrondinligting verkry vanaf aanwinsregisters, aanwinskaarte, inventariskaarte en skenkerdokumentasie het bygedra om die voorwerpe toe te lig en om intrinsieke inligting rakende die voorwerpe in te win wat andersins verlore sou gaan.

Sekondêre literatuur soos gepubliseerde boeke, proefskrifte, verhandelings en artikels in joernale wat handel oor die krygsgevangenes se ervaringe in die onderskeie krygsgevangenekampe, het belangrike inligting bevat. Benewens die sekondêre bronne wat reeds bespreek is, is bronne soos die kultuurhistorikus K. Roodt-Coetzee se hoofstuk ‘Die lief en leed van die banneling’ in J.H. Breytenbach (red.) se publikasie *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1949), C.H. Benbow se boek *Boer prisoners of war in Bermuda* (Bermuda, 2006) en R.L. Brohier se artikels in die *Journal of the Dutch Burgher Union* (1946–1947), geraadpleeg. Gepubliseerde boeke soos J. Louw se *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse* (Pretoria, 1963) en C.A.R. Schulenburg se *August Carl Schulenburg: Krygsgevangene, medikus, boer* (Pretoria, 1985), het ook bygedra om die onderwerp verder uit te brei.

Tydskrifartikels in veral *Die Huisgenoot* soos D. Mostert se ‘Waardevolle gedenkstukke’ (Desember 1922), K. Roodt, ‘Gevangene-kuns van die Boer’ (7 Junie 1940) en ‘Handwerk van krygsgevangenes: Hoe die Boer sy kiere versier het’ (30 Augustus 1940), asook J.J. Oberholster se ‘Hulle knipmesse het ’n boodskap gekerf’ (24 Februarie 1967), het nuttige inligting toegevoeg.

Letterkundige bronne soos gepubliseerde dagboeke en herinneringskrifte van krygsgevangenes, onder andere C.R. Kotzé se *My ballingskap* (Kaapstad, 1942) en J.A. van Blerk se *Op die Bermudas beland* (Kaapstad, 1949), het bygedra om die onderwerp verder toe te lig.

Erkende veilingshuise soos Stephan Welz and Co. Fine Art and Design Auctioneers, Old Johannesburg Warehouse Antiques Art & Collectables Auctioneers en Argyll Etkin Limited se katalogusse is geraadpleeg om addisionele inligting en voorbeelde van Boerekrygsgevangenekuns weer te gee.

Geen mondelingse onderhoude is vir die doeleindes van hierdie studie gevoer nie, maar privaatversamelaars soos dr. Arnold van Dyk van die Van Dyk ABO Trust in Suid-Afrika, Robin Woodruff in Engeland en Andrew Bermingham in Bermuda, is wel genader om agtergrondinligting asook visuele beelde van die Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe in hul onderskeie versamelings te verskaf.

\*\*\*\*\*

Baie dankie aan die Here wat my die moed en krag gegee het om die studie deur te sien. Dankie ook aan my geduldige en ondersteunende wederhelfte asook my twee kindertjies wat vir vier jaar geduldig moes wees met die vroeë oggendure se geraas in die huis en afskeptydjies vir aandag. Dankie ook aan my kollegas by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein, vir al jul ondersteuning en hulp. Verlaas Johan van Zyl en Elretha Joubert vergespele spesiale vermelding. Dank word ook aan die direkteur, Tokkie Pretorius, en die Raad van die Oorlogsmuseum oorgedra vir die addisionele studieverlof wat toegestaan is.

Baie dankie vir die hulp en bystand deur die onderskeie kurators van die museumversamelings wat geraadpleeg is: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria; Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Krygsgeiedenis en Museum Africa in Johannesburg; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke en Nasionale Museum in Bloemfontein; McGregor Museum in Kimberley; Potchefstroom Museum in Thlokwe; Simonstad Museum in

Simonstad; Iziko Museums van Suid-Afrika in Kaapstad; Msinduzi Museum en KwaZulu-Natal Museum in Pietermaritzburg; Nasionale Museum van Bermuda, Bermuda Historical Society Museum asook die Museum van Saint Helena. Veral Annemarie Carelsen se hulp en bystand word opreg waardeer. 'n Spesiale woord van dank word ook oorgedra aan dr. Arnold van Dyk (Van Dyk ABO Trust), Robin Woodruff (Waldmeister-versameling) en Andrew Bermingham wat my toegelaat het om voorbeelde uit hul privaatversamelings te gebruik.

Dank word ook oorgedra aan die personeel van al die instansies waarby navorsing gedoen is: Nasionale Biblioteek in Kaapstad; Nasionale Argief in Pretoria en die onderskeie provinsiale bewaarplekke; Harold Strange Afrika Studies Biblioteek in Johannesburg; J.S. Gericke Biblioteek aan die Universiteit van Stellenbosch; Africana-afdeling aan die Universiteit van Pretoria; Universiteit van die Witwatersrand Biblioteek in Johannesburg; Parlementsbiblioteek in Kaapstad; Brenthurst Biblioteek in Johannesburg; Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein; N.G. Kerkargief in Stellenbosch en Bloemfontein; nasionale biblioteek en argief in Bermuda; en die nasionale biblioteek en argief in St. Helena. Dankie aan Caspar van den Berg vir die argivale inligting wat hy in Nederland opgespoor het.

Groot dank is ook verskuldig aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Navorsingstrust van die Erfenisstigting en die Universiteit van Pretoria wat navorsingsbeurse vir die studie toegeken het. Laaste maar nie die minste nie, dankie aan my ervare studieleier, prof. Fransjohan Pretorius, vir sy leiding, aanmoediging, sin vir humor, taalkundige versorging en kennis van die Anglo-Boereoorlog. Indien ek enigiemand of 'n instansie per abuis oorgeslaan het, vra ek verskoning en wil ek jul net uit my hart bedank vir die bydrae op watter wyse ook al om hierdie studie te voltooi.

# HOOFSTUK I

## TERMINOLOGIE

---

Wanneer die krygsgevangenekuns van die Boere ondersoek word, is ’n aantal opmerkings oor die terminologie wat in hierdie studie gebruik word, van belang. Hierdie hoofstuk definieer die terminologie wat met hierdie studie verband hou, naamlik memorabilia, volkskuns en loopgraafkuns waarvan krygsgevangenehandwerk, oftewel krygsgevangenekuns, ’n onderafdeling vorm. Die doelwit is om vas te stel of Boerekrygsgevangenekuns wat vervaardig is deur krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, wel geassosieer kan word met die internasionale akademiese diskoers en terminologie van loopgraafkuns.

### Definisie van die term ‘memorabilia’

Die Engelse term *memorabilia* word deur *The Concise Oxford Dictionary* gedefinieer as: “Objects kept or collected because of their associations with memorable people or events” of “souvenirs of memorable events, people etc.”.<sup>1</sup> Die term ‘memorabilia’ verwys dus na die aksie van versameling of bymekaarmaak van voorwerpe, oftewel soeweniers, as aandenkings van ’n spesifieke gebeurtenis of persoon. P. Oosthuizen groepeer die voorwerpe wat deur die krygsgevangenes gemaak is, onder die breë term van memorabilia in sy publikasie *Boer War memorabilia: The collectors’ guide* (Edmonton, 1987), onder die hoofstuk getiteld ‘Prisoner-of-war handicraft’.

’n Duidelike onderskeid kan egter getref word tussen algemene, kommersieel-vervaardigde memorabilia en loopgraafkuns. Massavervaardigde memorabilia van metaal, porselein en glas word deur J. Kimball in die publikasie *Trench Art: An illustrated history* (California, 2004) in die hoofstuk ‘Manufactured souvenirs’ ingesluit as ’n kategorie van loopgraafkuns. N. Saunders se interpretasie van loopgraafkuns sluit weer dié tipe memorabilia uit, behalwe as die voorwerpe op een of ander manier aangepas of verander is om ’n nuwe vorm of gebruik aan te neem.<sup>2</sup> Vir die doel van hierdie studie word Saunders se benadering gevolg en word algemene kommersieel-vervaardigde Anglo-Boereoorlog memorabilia slegs in aanmerking

---

<sup>1</sup> D. Thompson (ed.), *The Concise Oxford Dictionary*, p. 850; Oxford Dictionaries, Memorabilia, <https://en.oxforddictionaries.com/definition/memorabilia>, 1 December 2016.

<sup>2</sup> N.J. Saunders, *Trench Art*, p. 7.



geneem indien dit verander is of kunstig aangepas is, soos byvoorbeeld 'n pyp wat uitgekerf is met 'n naam of 'n embleem op, of 'n muntstuk wat in 'n borsspeld omskep is.

## **Definisie van die term 'volkskuns'**

Die Engelse term *folk art* word volgens die *Encyclopaedia Britannica* gedefinieer as: “predominantly functional or utilitarian visual art created by hand (or with limited mechanical facilities) for use by the maker or a small circumscribed group and containing an element of retention – the prolonged survival of tradition. Folk art is the creative expression of the human struggle toward civilization within a particular environment through the production of useful but aesthetic buildings and objects”.<sup>3</sup> Die term ‘volkskuns’ word volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* gedefinieer as: “Kuns wat onder die volk self ontstaan, deur die volk gewaardeer word, in teenstelling met kuns met 'n akademiese inslag.”<sup>4</sup> Volgens J.C. Pretorius bestaan daar geen aanvaarbare definisie van volkskuns nie, maar is daar wel “eenstemmigheid oor die feit dat dit die kunsuiting van 'n bepaalde groep of subkultuur is”.<sup>5</sup>

J.C. Pretorius groepeer die kultuurhistoriese voorwerpe wat deur die krygsgevangenes vervaardig is onder die term ‘volkskuns’ in haar publikasie *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika* (Vlaeberg, 1992) in die hoofstuk getiteld ‘Volkskuns van Boerekrygsgevangenes’. Sy beweer: “Die handwerk wat tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog deur Boerekrygsgevangenes in kampe in verskeie wêrelddele gemaak is, vorm 'n unieke en besonder interessante bydrae tot die volkskuns in Suid-Afrika.”<sup>6</sup> Volgens haar het die ou halfvergete volkskunssimbole wat in die Boerekrygsgevangenekuns voorkom, soos onder andere die hart, duif, lewensboom, perd, leeu en slang, getoon dat volkskuns in Suid-Afrika teen die einde van die negentiende eeu nog nie uitgesterf het nie en dat dit die laaste opflikkering van 'n ou pionierskuns was.<sup>7</sup> Alhoewel die kultuurhistoriese voorwerpe wat deur die krygsgevangenes vervaardig is, sekere tradisionele volkskunsmotiewe en simboliek bevat, is daar tog teenstrydige faktore wat daarop dui dat dit nie as Afrikanervolkskuns beskou kan word nie. G. van der Waal-Braaksma beaam die stelling deur te skryf: “Dié voorwerpe is miskien nie

---

<sup>3</sup> *Encyclopaedia Britannica*, Folk art, <https://global.britannica.com/art/folk-art>, 1 December 2016.

<sup>4</sup> F.F. Odendal et al. (reds.), *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, p. 1226.

<sup>5</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 13.

<sup>6</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 133.

<sup>7</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 133, 143.

heeltemal volkskuns in die sin van vervaardiging van alledaagse gebruiksgoed nie, maar hulle simboliese motiewe wat tog dieselfde is, is van besondere betekenis.”<sup>8</sup>

Eerstens is die krygsgevangenekuns grotendeels nie op Suid-Afrikaanse bodem vervaardig nie en ook nie deur pioniers gemaak wat hulle permanent in ’n nuwe gebied probeer vestig het nie. Die krygsgevangenes het nie probeer om ’n ‘civilization within a particular environment’, oftewel ’n ‘volk’, te vestig nie en was slegs beskou as tydelike inwoners van die onderskeie lande van aanhouding. Tweedens is die krygsgevangenekuns nie net deur Suid-Afrikaanse Boere beoefen nie en moet die bydrae van die buitelandse vrywilligers afkomstig van ander lande soos die Verenigde State van Amerika (VSA), Nederland, Switserland en Finland, wat saam met die Boere as krygsgevangenes weggevoer is, nie agterweë gelaat word nie. Derdens kom daar inheemse volkskunsmotiewe van die lande waar die krygsgevangenes aangehou is, onder andere Ceylon en Indië, op die voorwerpe voor, wat nie tradisioneel verbind word met Suid-Afrika of selfs Europa waarvan baie van die tradisionele volkskunsmotiewe stam nie. Die kultuurhistoriese voorwerpe wat deur die krygsgevangenes vervaardig is, kan dus nie uitsluitlik vereenselwig word met die tradisionele term van Afrikanervolkskuns wat deur die wit pioniers gedurende die vestigingsjare in veral die binneland van Suid-Afrika beoefen is nie.

### **Definisie van die term ‘loopgraafkuns’**

Sedert die begin van die een-en-twintigste eeu word daar na dié tipe kultuurhistoriese voorwerpe verwys as *trench art*, direk vertaal as loopgraafkuns in Afrikaans. Onlangse internasionale publikasies soos *Trench Art* (Barnsley, 2011) en *Trench Art: Materialities and memories of war* (New York, 2003) deur Nicholas J. Saunders, asook *Trench Art: An illustrated history* (California, 2004) deur Jane A. Kimball, werp lig op die onderwerp van loopgraafkuns. Saunders se akademiese benadering het bygedra tot die vestiging van ’n werkbare definisie en klassifikasie, terwyl Kimball ’n ryklik geïllustreerde weergawe voorsien. Albei die publikasies fokus egter hoofsaaklik op die loopgraafkuns gemaak gedurende en na die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) met ’n baie kort verwysing na Anglo-Boereoorlog loopgraafkuns.

Die term ‘loopgraafkuns’ is afkomstig van die Franse media wat aan die begin van die Eerste Wêreldoorlog in hul illustrasies van die voorwerpe wat gemaak is, verwys het na “artisanat de tranchées” (vakmanne van die loopgrawe). Dit is in Engels vertaal as *trench art*. Die term het

---

<sup>8</sup> G. van der Waal-Braaksma, Volkskuns: Versieringsmotiewe en simboliek, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1(2), Julie 1984, p. 21.

in die volksmond bekend geraak en word vandag nog steeds gebruik.<sup>9</sup> Wanneer die term ‘loopgraafkuns’ genoem word, is die eerste prentjie wat in ’n mens se gedagte opkom, dié van ’n modderbedekte soldaat in ’n loopgraaf tydens die Eerste Wêreldoorlog, wat besig is om ’n versiering op ’n koper projektielkop aan te bring. Die term ‘loopgraaf’ is dus in hierdie geval, heel misleidend.

Saunders is van mening dat selfs al het die term oorspronklik ontstaan as gevolg van die kenmerkende kultuurhistoriese voorwerpe wat met die Eerste Wêreldoorlog geassosieer word, die term dikwels ook gebruik word vir ’n aantal soortgelyke voorwerpe van verskeie oorloë waarby loopgrawe dikwels nie eens betrokke was nie.<sup>10</sup> Die praktyk om kunstig versierde voorwerpe in ’n konfliktsituasie te produseer, is ’n eeue oue tradisie regdeur die geskiedenis, vanaf die vroeë Romeinse beleërings tot die hedendaagse konflik in Irak. Saunders skryf: “For as long as humans have fought wars they have recycled and reused the objects and materials of war for peaceful ends ... War is a characteristic of all civilizations, and the habit of re-working its raw materials seems to have been a universal phenomenon.”<sup>11</sup> Kimball beaam Saunders se teorie met die stelling: “Ordinary soldiers from ancient times to the present day have collected war souvenirs, and the amateur artists and skilled artisans among them made personal war mementoes with whatever materials were available.”<sup>12</sup> Die produsering van loopgraafkunsvoorwerpe tydens negentiende-eeuse konflikte soos die Napoleontiese oorloë (1799-1815), Krimoorlog (1854-1855), Amerikaanse burgeroorlog (1861-1865), Frans-Pruisiese oorlog (1870-1871), Spaans-Amerikaanse oorlog (1898), asook die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), is genoegsame bewyse van dié verskynsel.<sup>13</sup>

Alhoewel die konsep en term ‘loopgraafkuns’ geredelik deur privaatversamelaars, veilingshuise en in die museumbedryf gebruik word, het navorsers eers vanaf die begin van die een-en-twintigste eeu ’n daadwerklike poging aangewend om ’n werkbare definisie vir die term daar te stel. Kimball se definisie fokus grootliks op Eerste Wêreldoorlog loopgraafkuns met die stelling dat “... the term trench art has attached itself to a variety of war mementoes usually made from battlefield debris or pieces of military equipment ... The term stuck, and it continues to be used today to describe many types of hand-crafted war souvenirs made by soldiers or

---

<sup>9</sup> J.A. Kimball, *Trench Art: An illustrated history*, p. xi.

<sup>10</sup> N.J. Saunders, *Trench Art*, p. 19.

<sup>11</sup> N.J. Saunders, *Trench Art*, p. 14.

<sup>12</sup> J.A. Kimball, *Trench Art: An illustrated history*, p. 3.

<sup>13</sup> N.J. Saunders, *Trench Art*, p. 14.

civilians during and after the war.”<sup>14</sup> Volgens die Imperial War Museum in Londen word die term soos volg beskryf: “*Trench Art* is a term used to describe objects made from the debris and by-products of modern warfare. Trench Art is usually associated with the First World War, although similar items have been produced in other conflicts too.”<sup>15</sup> Die Kanadese oorlogsmuseum se definisie lees weer: “*Trench Art* encompasses an eclectic range of decorative and functional objects created by soldiers, civilians and commercial firms during and after the First World War. Although *trench art*, as a term, emerged from the First World War period, conflicts from the Napoleonic Wars of the early 19<sup>th</sup> century to the present day have generated comparable objects.”<sup>16</sup> Die omvattendste akademiese benadering wat aanvaar word, is die definisie van Saunders waar loopgraafkuns gedefinieer word as “any object made by soldiers, prisoners of war and civilians, from war *matériel* or any other material, as long as object and maker are associated in time and space with armed conflict or its consequences”.<sup>17</sup>

Volgens Saunders kan die Anglo-Boereoorlog – wat plaasgevind het tussen die Britse Imperiale Ryk en die twee onafhanklike Boererepublieke van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (Transvaal [ZAR]) en die *Oranje-Vrijstaat* (Oranje-Vrystaat [OVS]) vanaf 11 Oktober 1899 tot 31 Mei 1902 – beskou word as die onmiddellike voorloper van die Eerste Wêreldoorlog in terme van die gebruik van loopgrawe en moderne artillerie, asook die internasionale diaspora en implementering van krygsgevangenekampe.<sup>18</sup> Die suksesvolle gebruik van loopgrawe by veldslae soos Magersfontein, die gebruik van artillerie en masjiengewere soos die Maxim Nordenfeldt ‘pom-pom’ wat groot hoeveelhede oortollige koperdoppe tot gevolg gehad het, asook die gevangenskap en hervestiging van krygsgevangenes op ’n internasionale skaal in krygsgevangenekampe op St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda, het die moderne era van oorlogvoering met die draai van die negentiende eeu ingelui. Saunders maak die volgende stelling: “Partly as a consequence of this complex nature, the Boer conflict captures the concept of trench art in transition from typically eighteenth-nineteenth-century materials, forms and scale, to the total war of 1914-1918 with its endless ironies of industrialization.”<sup>19</sup>

---

<sup>14</sup> J.A. Kimball, *Trench Art: An illustrated history*, p. 27.

<sup>15</sup> Imperial War Museum, Beauty from the battlefield: 10 pieces of Trench Art by Paul Cornish, <http://www.iwm.uk/history/beauty-from-the-battlefield-10-pieces-of-trench-art>, 1 July 2015.

<sup>16</sup> Canadian War Museum, Artefact backgrounder: Trench Art, [http://www1.canada.com/wp-content/uploads/2014/10/CWM\\_Supplyline\\_TrenchArt\\_EN\\_FINAL\\_20140922.pdf](http://www1.canada.com/wp-content/uploads/2014/10/CWM_Supplyline_TrenchArt_EN_FINAL_20140922.pdf), 1 July 2015.

<sup>17</sup> N.J. Saunders, *Trench Art*, p. 20.

<sup>18</sup> N.J. Saunders, *Trench Art: Materialities and memories of war*, p. 29.

<sup>19</sup> N.J. Saunders, *Trench Art: Materialities and memories of war*, p. 29.

Vir die doel van hierdie studie word daar ’n duidelike onderskeid getref tussen oorlogskuns en loopgraafkuns. Oorlogskuns word tradisioneel geassosieer met tweedimensionele kuns op papier of doek, soos sketse, tekeninge en skilderye wat deur professionele en amateur kunstenaars uitgevoer is. Dié tipe kuns word egter nie in hierdie studie ingesluit nie, behalwe in gevalle waar sketse van die voorwerpe self gemaak is of waar volkskunsmotiewe op krygsgevangenekuns voorkom, soos sketse wat deur Erich Mayer tydens sy gevangenskap geteken is.

Wanneer Saunders se definisie in ag geneem en vergelyk word met die konfliktsituasie van die Anglo-Boereoorlog, kan die afleiding dus gemaak word dat handgemaakte, driedimensionele, kultuurhistoriese voorwerpe wat gedurende die Anglo-Boereoorlog deur Boerekrygsgevangenes vanuit rou grondstowwe en oorblywende oorlogsmateriaal vervaardig is, wel geassosieer kan word met die internasionale akademiese diskoers en terminologie van loopgraafkuns.

### **Klassifikasie van krygsgevangenehandwerk / krygsgevangenekuns as ’n onderafdeling van Anglo-Boereoorlog loopgraafkuns**

Verskeie historici en outeurs van publikasies en artikels wat reeds oor dié spesifieke onderwerp geskryf het, verwys na die kollektiewe term ‘krygsgevangenehandwerk’. Dié term verwys na die vervaardiging van voorwerpe en dui daarop dat dit handgemaakte voorwerpe is. Die handwerk van die krygsgevangenes word bespreek in ’n afdeling “Handwork of Boer prisoners of war” in die *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*.<sup>20</sup> S.P.R. Oosthuizen verwys in “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902” (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975) in die hoofstuk ‘Vryetydsbesteding in die kampe’, na die handwerkbedrywighede wat die krygsgevangenes beoefen het. In E. Wessels se *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Centurion, 2010), is daar in elke hoofstuk ’n afdeling getiteld ‘Handwerk’. A. Sinclair verwys ook in die artikel in die *Military History Journal*, Vol. 11(3/4) van Oktober 1999, na “Boer prisoner of war handcraft at the South African Museum of Military History”.

---

<sup>20</sup> J.J. Oberholster, Handwork of Boer prisoners of war, in D.J. Potgieter (ed.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* 2, p. 395.

Die kollektiewe term *Prisoner of war art*, oftewel krygsgevangenekuns, het egter geen verklarende definisie in 'n woordeboek of ensiklopedie nie. Die term dui op die estetiese voorkoms van die voorwerpe en die kunstige verwerking van die voorwerpe deur krygsgevangenes word uitgelig. F. Pretorius verkies die term 'krygsgevangenekuns' in die artikel getiteld "Boer prisoner of war art" in *History Today*, Vol. 56(3), wat in Maart 2006 verskyn het. Alhoewel daar in die bestaande sekondêre literatuur hoofsaaklik na dié tipe voorwerpe as handwerk verwys word, het die klem begin verskuif deurdat die fokus eerder op die estetiese waarde van die voorwerpe as kunswerke geplaas word, in plaas daarvan om dit bloot net as nuttelose handgemaakte snuisterye te beoordeel. Vir die doel van hierdie studie is daar egter besluit om beide kollektiewe terme van krygsgevangenehandwerk asook krygsgevangenekuns deurlopend te gebruik.

Kimball klassifiseer Anglo-Boereoorlog loopgraafkuns in ses kategorieë: 'manufactured souvenirs', 'decorated shell casings and projectiles', 'soldier-decorated equipment', 'other souvenirs', 'convalescing soldier art' en 'prisoner of war (POW) art'.<sup>21</sup> Saunders se klassifikasie is hoofsaaklik gebaseer op sy skema vir Eerste Wêreldoorlog loopgraafkuns waarvolgens hy Anglo-Boereoorlog loopgraafkuns in drie kategorieë ingedeel het: voorwerpe gemaak deur deelnemende soldate (kategorie 1a), voorwerpe gemaak deur krygsgevangenes (kategorie 1b) en voorwerpe gemaak deur burgerlike geïnterneerdes (kategorie 2c).<sup>22</sup>

As beide bogenoemde skrywers se klassifikasie in ag geneem word, is dit duidelik dat krygsgevangenekuns wel 'n definitiewe kategorie vorm en as 'n onderafdeling van die breë term van Anglo-Boereoorlog loopgraafkuns ingesluit kan word.

---


<sup>21</sup> J.A. Kimball, *Trench Art: An illustrated history*, p. 11.

<sup>22</sup> N.J. Saunders, *Trench Art: Materialities and memories of war*, p. 29.

## HOOFSTUK II

# AGTERGROND OOR DIE KRYGSGEVANGENEKAMPE

### Beweegredes vir die ontstaan van die krygsgevangenekampe



**Figuur II-1:** Die verspreiding van krygsgevangenekampe in die wêreld tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).

Oorgeneem en aangepas uit: T. van Rensburg (red.), *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* (Pretoria, 1977), teenoor p. 5.

Dit was van die begin af duidelik dat die Britse militêre owerhede onvoorbereid was om groot getalle krygsgevangenes doeltreffend te huisves. Kort na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog met die Slag van Elandslaagte op 21 Oktober 1899, is daar reeds 185 burgers gevange geneem. Die oorlog het bo alle verwagtinge voortgesleep en die omvang van die aanhouding van 'n groot aantal krygsgevangenes het onhanteerbaar geword.<sup>1</sup>

<sup>1</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, pp. 6, 10; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, D.Phil.-proefskrif, U.S., 1992, p. 4.

Vervoer, akkommodasie, voedselvoorsiening en sekuriteit ten opsigte van ontsnappings was die grootse bepalende faktore wat in ag geneem moes word met die identifisering en plasing van krygsgevangenekampe.<sup>2</sup> Met die moontlike vooruitsig dat krygsgevangenes later na oorsese kampe weggestuur sou word, was dit raadsaam om krygsgevangenekampe in of naby aan hawestede op te rig om sodoende die vervoerreëlings en besorging op transportskepe te vergemaklik. Dit was dus die prerogatief van die Britse militêre owerhede om krygsgevangenes so vinnig as moontlik in krygsgevangenekampe in die Kaapkolonie en Natal te akkommodeer.<sup>3</sup> In die Kaap het Groenpunt in Kaapstad en Bellevue in Simonstad tot stand gekom. In Natal is Umbilo in Durban en Tin Town in Ladysmith geopen. Die situasie is vererger deur die massa-oorgawes van generaal Piet Cronjé op 27 Februarie 1900 by Paardeberg met ongeveer 4 000 burgers, en generaal Marthinus Prinsloo op 30 Julie 1900 in die Brandwaterkom, met sowat 4 400 manskappe.<sup>4</sup>

Volgens S.P.R. Oosthuizen was die wegvoer van die krygsgevangenes na buitelandse kampe vir die Britse militêre owerhede 'n tydelike maatreël en sielkundige taktiek om die Boeremagte te velde te demoraliseer, die republieke van Transvaal en OVS tot oorgawe te dwing en om te voorkom dat krygsgevangenes in groot getalle ontsnap en weer by die oorlog betrokke raak.<sup>5</sup> Die Britse militêre owerhede was besorg oor 'n moontlike inval deur die republikeinse en rebellemagte in die Kaapkolonie om die krygsgevangenes te ontset.<sup>6</sup> Hierdie faktore het daartoe gelei dat daar met die verloop van die oorlog 'n aantal krygsgevangenekampe op St. Helena, Ceylon (vandag Sri Lanka), die vasteland van Indië en die Bermuda-eilande opgerig is.<sup>7</sup>

M.C.E. van Schoor was van mening dat daar in totaal ongeveer 27 000 Boerekrygsgevangenes en buitelandse vrywilligers gedurende die oorlog gevange geneem is, waarvan ongeveer 24 000 na oorsese kampe gestuur is. Die oudste was 78 jaar en die jongste sewe jaar oud.<sup>8</sup> Die

---

<sup>2</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 10-12.

<sup>3</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 121.

<sup>4</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 22, 28, 49-50.

<sup>5</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 6.

<sup>6</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", M.A.-verhandeling, U.P., 2000, p. 10; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50.

<sup>7</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50.

<sup>8</sup> M.C.E. van Schoor et al. (reds.), *Die bannelinge: A.B.O.-Boerekrygsgevangenes 1899-1902*, pp. 1-2.



Oorlogsmuseum van die Boererepublieke se elektroniese databasis reflekteer egter 'n totale getal van 31 646 krygsgevangenes.<sup>9</sup>

## **Die ontstaan, ligging en karakter van die krygsgevangenekampe in Suid-Afrika**

Dit is belangrik om die ontstaan, ligging, omgewingsfaktore, karakter en organisasie van die krygsgevangenekampe in die Kaapkolonie en Natal (Kaapstad, Simonstad, Ladysmith en Durban) asook in die buiteland op die eilande van St. Helena en Ceylon, die vasteland van Indië en die Bermuda-eilande te ondersoek.

### **1. Groenpunt, Kaapstad**

Die Groenpunt-kamp was op die Groenpunt-meent tussen Vlaeberg en Tafelbaai, ongeveer 5 km noordwes van Kaapstad, geleë. Dit was die grootste Suid-Afrikaanse krygsgevangenekamp. Die kamp het eintlik uit twee krygsgevangenekampe bestaan maar is as 'n eenheid beskou en bestuur.<sup>10</sup> Die eerste kamp, ook bekend as die Greenpoint Track-kamp, was op 'n gedeelte van die ou fietsrybaan geleë. Die kamp is reeds in die eerste helfte van Januarie 1900 in gebruik geneem. Alhoewel die oppervlakte van die kamp redelik klein was, is daar nogtans 'n paar duisend krygsgevangenes op 'n slag aangehou. Aanvanklik was daar agt rye met 22 tente per ry en elke tent het twaalf krygsgevangenes gehuisves.<sup>11</sup>

Nadat die kamp te klein geword het vir die groeiende aantal krygsgevangenes, is 'n tweede kamp in September 1900 reg langs die eerste een geopen. Die 'moeilike' of onversoembare krygsgevangenes is in hierdie kamp aangehou. Dit is met hoë sinkplate omhein sodat net die blou lug vanuit die kamp sigbaar was, en is heel gepas Sky View genoem. Dié tentedorp het uit ses rye met veertien tente per ry bestaan.<sup>12</sup> Die kampkommandant by Groenpunt was

---


<sup>9</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: Krygsgevangenedatabasis met 31 646 inskrywings, 4 April 2017.

<sup>10</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 11.

<sup>11</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 127-129; L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 11, 16.

<sup>12</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 131; L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 11-12, 18.

kolonel H.C. Money.<sup>13</sup> Teen Junie 1901 is die Greenpoint Track-kamp ontruim en is slegs die krygsgevangenes wat vir transportskepe gewag het, in die Sky View-kamp aangehou.<sup>14</sup>



**Figuur II-2: Die Groenpunt krygsgevangenekamp in Kaapstad, Kaapkolonie.**  
Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01521.

## 2. Bellevue, Simonstad

Die heel eerste groep Boerekrygsgevangenes het in November 1899 in Simonstad gearriveer en hulle is tydelik op die transportskepe *S.S. Penelope*, *S.S. Manila* en *S.S. Catalonia* aangehou totdat South Camp op 3 Februarie 1900 betrek kon word. South Camp is suid van Simonstad op die vloot se sportveld, tussen die vloot se skeepswerf en Seaforth-strand, aangelê.<sup>15</sup>

Na die massa-oorgawe by Paardeberg, is die een helfte van die ongeveer 4 000 burgers wat gevange geneem is, na Groenpunt en die ander helfte na Simonstad gestuur. South Camp was te klein en daar was 'n noodsaaklike behoefte aan addisionele akkommodasie vir die krygsgevangenes.<sup>16</sup> Krygsgevangenes is weer eens tydelik in die baai van Simonstad in transportskepe soos die *S.S. Manila* aangehou.<sup>17</sup> Daar is gevolglik besluit om by Bellevue ook 'n groter kamp op te rig omdat die terrein gelyk was en dit redelik vinnig in 'n kamp omskep kon word. Dié kamp was geleë op die rand van die bewoonde gebied, op die terrein van die huidige gholfbaan tussen Bouldersstrand en Froggy Pond en tussen die hoofweg na Kaapstad

<sup>13</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 23.

<sup>14</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 106.

<sup>15</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 7; L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 12.

<sup>16</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 12-13.

<sup>17</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 7.

en die see. Die Bellevue-kamp is vernoem na 'n huis met dieselfde naam wat op die terrein gestaan het. Die eerste krygsgevangenes is vanaf Maart 1900 in die Bellevue-kamp gehuisves.<sup>18</sup> Bellevue het aan die see gegrens en is met twaalf voet (byna 3,7 m) hoë sinkplaat-afskortings omhein. Die getal krygsgevangenes wat in ronde tente gehuisves is, het gewissel van sewe tot twaalf mans per tent.<sup>19</sup> Die kampkommandant by Bellevue was luitenant-kolonel Condes.<sup>20</sup>



**Figuur II-3: Die Bellevue krygsgevangenekamp in Simonstad, Kaapkolonie.**  
Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03986.

Gedurende die oorlog het die karakter van Bellevue-kamp verander. Diegene wat die eed van getrouheid afgelê het, is deur die Britse owerheid vanaf Groenpunt na Bellevue of na konsentrasiekampe in die OVS en Transvaal gestuur. Die krygsgevangenes wat nie die eed wou aflê nie, is weer uit Bellevue na Groenpunt geneem.<sup>21</sup> Teen die einde van die oorlog was daar ongeveer 1 026 krygsgevangenes in die Bellevue-kamp aangehou, waarvan die meeste vredesgesindes en eedafleggers was. Die krygsgevangenes wat ná die oorlog in groot groepe vanaf die buitelandse krygsgevangenekampe gerespatreer is, is na die Bellevue- en Umbilo-

<sup>18</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 124; L.A. Changuion, “Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 13.

<sup>19</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 125.

<sup>20</sup> L.A. Changuion, “Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 23.

<sup>21</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, pp. 126-127; L.A. Changuion, “Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 106.

kampe gestuur waar hulle aangehou is totdat daar vir hulle binnelandse vervoer na hulle eindbestemmings gereël kon word. Die Bellevue-kamp is eers in 1903 gesluit.<sup>22</sup>

### **3. Umbilo, Durban**

By Umbilo in Durban is daar ook 'n deurgangskamp vir die krygsgevangenes opgerig. Krygsgevangenes is tydelik in groot ovaalvormige markeetente gehuisves. Die kampkommandant by Umbilo was luitenant-kolonel H.T.W. Allatt. Umbilo was nie ruim genoeg om groot getalle krygsgevangenes te huisves nie en was ook nie vir langdurige aanhouding geskik nie. Honderde krygsgevangenes is vanaf Umbilo per transportskip na Groenpunt of Bellevue gestuur.<sup>23</sup> Met die vredesluiting was daar meer as 1 000 krygsgevangenes in Umbilo. Die kamp is tot in 1903 as 'n sogenaamde ruskamp gebruik vir die gerepatrieerde krygsgevangenes wat in Suid-Afrika aangehou is, voordat hulle na hul onderskeie distrikte uitgeplaas is.<sup>24</sup>

### **4. Tin Town, Ladysmith**

'n Gedeelte van die militêre kamp in Ladysmith, ongeveer 5 km wes van die dorp, is as krygsgevangenekamp gebruik. Die kamp het as Tin Town bekend gestaan omdat dit uit sinkgeboue bestaan het waarin veertig krygsgevangenes op 'n slag gehuisves kon word. Die kampkommandant by Tin Town was majoor J.H.B. Forster. Tin Town het vanaf Desember 1900 tot Januarie 1902 as 'n deurgangskamp gedien. Groepe krygsgevangenes is gereeld daarvandaan na Umbilo in Durban gestuur om op transportskepe geplaas te word. Krygsgevangenes wat die eed van getrouheid onderteken het of aangedui het dat hulle dit sal onderteken, is ook in Tin Town gehuisves.<sup>25</sup> Teen die laaste helfte van 1901 het Tin Town se funksie egter begin verander na dié van 'n konsentrasiekamp.<sup>26</sup>

---

<sup>22</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 107-108.

<sup>23</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 123; L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 19 en 23.

<sup>24</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 107-108.

<sup>25</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 121-123; L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 13-14, 24, 42.

<sup>26</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 106.



**Figuur II-4: Die Tin Town krygsgevangenekamp in Ladysmith, Natal.**  
Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03586.

## **Die ontstaan, ligging, omgewingsfaktore en karakter van die krygsgevangenekampe in die buiteland**

### **1. St. Helena**

Die eerste kampe wat buite Suid-Afrika se grense ontstaan het, was op St. Helena. St. Helena is 'n vulkaniese eiland in die Suid-Atlantiese Oseaan, ongeveer 1 950 km van die kus van Afrika en 2 700 km vanaf Kaapstad op die 15° 55' suiderbreedte en 5° 42' westerlengte. Die eiland is ongeveer 16,9 km breed van oos na wes en 10,5 km lank van noord na suid en beslaan 'n oppervlakte van nagenoeg 122,5 vk. km. Die enigste dorp en hoofstad van St. Helena is Jamestown.<sup>27</sup>

St. Helena het 'n tropiese, gematigde en gesonde klimaat met warm somers en effens koeler winters. In die somer wissel die temperatuur by seevlak van 20°C tot 32°C en in die winter van 14°C tot 29°C, terwyl die hoërliggende gebiede vyf tot ses grade koeler is. Die gemiddelde reënval wissel van 200 mm langs die kusgebiede tot 760 mm in die sentrale deel van die eiland.<sup>28</sup> Die suidoostelike passaatwinde waai onophoudelik oor die eiland. Volgens dagboekinskrywings het St. Helena tydens die oorlog 'n hoë reënval gehad en het dit weke

---

<sup>27</sup> O.J.O. Ferreira (red.), *Krygsgevangenskap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 20; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 19.

<sup>28</sup> O.J.O. Ferreira (red.) *Krygsgevangenskap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 20.

aaneen gereën, en wanneer dit nie gereën het nie, het die wind weer die krygsgevangenes verwaai.<sup>29</sup>

Op 11 April 1900 het die eerste groep van 514 krygsgevangenes op die *S.S. Milwaukee* by St. Helena aangekom. Daarna het die *S.S. Lake Erie*, *S.S. Bavarian*, *S.S. Maharatta*, *S.S. Idaho*, *S.S. Victorian*, *S.S. Columbian*, *S.S. Bavarian* en *S.S. Mongolian* met nog krygsgevangenes gevolg. Volgens die sensusopname van 1901 was daar reeds 4 655 krygsgevangenes op die eiland. In 1902 het die krygsgevangenes aan boord die *S.S. Orient*, die *S.S. Brittanica* en die *S.S. Victorian* dié getal opgestoot na 5 866.<sup>30</sup> Die goewerneur op St. Helena gedurende dié tydperk was R.A. Sterndale.<sup>31</sup>

Daar was twee primêre kampe op St. Helena, naamlik Deadwood-kamp en Broadbottom-kamp wat vernoem is na die vlaktes waarop hulle geleë was.<sup>32</sup> Deadwood is eerste aangelê op 'n boomlose en winderige plato. Daar was elf rye met vyftien tente in elke ry, dus 'n totaal van 165 tente wat elkeen twaalf mans gehuisves het. Die beknopte toestande het later veroorsaak dat die kampowerhede aan krygsgevangenes toestemming verleen het om hutte te bou met enige boumateriaal wat hulle in die hande kon kry, onder andere olieblieke, sakke en bamboes. Dié gedeelte van die kamp het spoedig as Blikkiesdorp bekend gestaan.<sup>33</sup> Die kampkommandante van Deadwood was opeenvolgend luitenant-kolonel J.P. Evans, luitenant-kolonel A.L. Paget (November 1900 tot Junie 1901) en toe luitenant-kolonel J.W. Hind (vanaf Oktober 1901). Eers het die vierde bataljon van die Royal North Gloucester-regiment en daarna die derde bataljon van die Wiltshire-regiment die kamp bewaak.<sup>34</sup>

Weens die tekort aan voldoende spasie, en namate daar onenigheid tussen die Transvalers en Vrystaters in Deadwood ontstaan het, het die kampowerhede besluit om 'n tweede kamp op te rig. Broadbottom is ongeveer 8 km vanaf Deadwood in 'n breë, vlak, boomlose vallei opgerig. Dit kon reeds vroeg in 1901 betrek word. Net soos in Deadwood, het die onvoldoende

---

<sup>29</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 21; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 20.

<sup>30</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 19; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 97.

<sup>31</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 94.

<sup>32</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 19.

<sup>33</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 149, 152; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 104.

<sup>34</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 102, 105.

akkommodasie daartoe gelei dat hier ook hutte opgerig is en het dié gedeelte van die dorp as Lappiesdorp bekend gestaan.<sup>35</sup> In Broadbottom was die kampkommandant luitenant-kolonel H.O.P. Wright en afdelings van die Gloucestershire- en Berkshire-regimente het die kampbewoners opgepas.<sup>36</sup>

Die Transvaalse krygsgevangenes is hoofsaaklik in Deadwood aangehou en die meeste Vrystaters het hulself in Broadbottom bevind. Daar was ook 'n groot aantal buitelandse vrywilligers uit lande soos Frankryk, VSA, Nederland, Duitsland, België, Rusland, Oostenryk-Hongarye, Spanje, Portugal, Finland, Swede en Noorweë wat as krygsgevangenes op St. Helena aangehou is.<sup>37</sup> Volgens Oosthuizen het die afstand tussen Deadwood en Broadbottom daartoe gelei dat onderlinge betrekkinge en gesamentlike aktiwiteite tussen die krygsgevangenes selde en onder uiters moeilike omstandighede plaasgevind het en dus eerder die uitsondering as die reël was.<sup>38</sup>

'n Derde kleiner kamp het later naby Deadwood ontstaan, wat bekend gestaan het as die 'Vredeskamp', 'Jamkamp' of 'Judaskamp' waarin die krygsgevangenes wat die eed van getrouheid teenoor die Britse kroon afgelê het, aangehou is. Die inwoners van die kamp het konfyt gekry saam met hul rantsoene en vandaar die naam 'Jamkamp'.<sup>39</sup> Opstandige krygsgevangenes en diegene wat gevang is nadat hul ontsnappingspogings misluk het, is in Fort High Knoll aangehou.<sup>40</sup>

Nadat die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 onderteken is, het die nuus soos 'n veldbrand deur die krygsgevangenekampe op St. Helena versprei. Diegene wat vervolgens die eed van getrouheid afgelê het en dit kon bekostig om op eie onkoste 'n skip te haal, het sonder enige oponthoud teruggekeer na Suid-Afrika. Die meerderheid krygsgevangenes moes egter maande

---

<sup>35</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 105-106.

<sup>36</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 20; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 106.

<sup>37</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 19.

<sup>38</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 146.

<sup>39</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 19; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 106.

<sup>40</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 106, 110.

lank wag vir die amptelike transportskepe.<sup>41</sup> Die eerste groep krygsgevangenes wat die eiland verlaat het, was die inwoners van die Vredeskamp wat op 26 Junie 1902 aan boord die *S.S. Canada* vertrek het.<sup>42</sup> Beide Deadwood en Broadbottom is in Oktober 1902 as krygsgevangenekampe gesluit.<sup>43</sup> Drie krygsgevangenes het verkies om op St. Helena agter te bly. Een van die drie was Charles John Smith, 'n bakker van beroep wat tydens sy krygsgevangenskap brood en koek verkoop het. Hy het 'n klein plasje *Scotlands* op St. Helena gekoop en was tot sy dood 'n suksesvolle boer.<sup>44</sup>



**Figuur II-5: Die Deadwood krygsgevangenekamp (Blikkiesdorp), St. Helena.**  
Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04028.

## 2. Ceylon

Ceylon is naby die suidoostelike punt van Indië geleë met 'n ligging van tussen 5° 55' en 9° 50' N en tussen 79° 42' en 81° 52' O. Die eiland, met Colombo as hoofstad, is 435 km lank en 225 km breed, met 'n oppervlakte van 65 610 vk. km.<sup>45</sup>

Die klimaatstoestand op Ceylon was gunstig met geringe temperatuurverskille tussen winter en somer. Die suidelike deel van Ceylon waar die meeste kampe geleë was, het 'n goeie en gereelde reënvalpatroon van ongeveer 3 700 mm per jaar gehad. Diyatalawa, wat ongeveer 1 220 m bo seevlak geleë was, het 'n laer humiditeit en was snags relatief koel met 'n gesonde klimaat sonder temperatuurruiterstes. Ragama, aan die ander kant, was geleë in die warmste

<sup>41</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 8-9; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 160.

<sup>42</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 160.

<sup>43</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 151-152.

<sup>44</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 161-162.

<sup>45</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 54; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50.

<sup>45</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50.



deel van Ceylon en kon selfs 40°C in die skaduwee bereik. Hambantota was in 'n droër deel van die eiland geleë met minder as 1 270 mm reënval per jaar.<sup>46</sup>

Teen April 1900 het dit vir die Britse militêre owerhede duidelik geword dat 'n alternatiewe heenkome vir die krygsgevangenes gevind moes word. Mauritius, die Seychelles en Ceylon is oorweeg.<sup>47</sup> Daar is besluit op Ceylon omdat die eiland 'n effektiewe administrasie en voldoende hulpbronne tot hul beskikking gehad het.<sup>48</sup>

Die eerste groep krygsgevangenes het op 8 Augustus 1900 op die *S.S. Mohawk* gearriveer. Daarna het die *S.S. Orient*, die *S.S. Ranee*, die *S.S. Bavarian*, die *S.S. Dilwara*, die *S.S. Mongolian*, die *S.S. City of Vienna*, die *S.S. Catalonia* en die *S.S. City of Cambridge* met 'n uiteindelijke groototaal van 5 126 krygsgevangenes, by die eiland aangedoen.<sup>49</sup> Die goewerneur van Ceylon was sir John Ridgeway.<sup>50</sup>

Daar was vyf krygsgevangenekampe op Ceylon, naamlik Diyatalawa, Ragama, Mount Lavinia, Hambantota en Urugasmanhandiya.<sup>51</sup> Diyatalawa was ongeveer 306 km oos van die hoofstad Colombo in die pragtige Happy Valley in die Uva-provinsie geleë. Dit was die bekendste en die grootste kamp met tussen 4 000 en 5 000 inwoners. Die sterk omheinde en elektries verligte kamp het uit ongeveer 80 sinkhutte bestaan waarin 64 krygsgevangenes per hut geakkommodeer kon word. Die kamp was in twee dele verdeel wat vernoem is na die republikeinse presidente, naamlik Krugersdorp, waar die Transvalers hoofsaaklik gebly het en Steynsburg, waar die Vrystaters gehuisves is.<sup>52</sup> Volgens *De Prikkeldraad* van 10 September 1900 was daar op daardie tydstip 2 152 krygsgevangenes in Diyatalawa, waarvan 1 687 Vrystaters was en 261 Transvalers, asook ander nasionaliteite, naamlik 76 Hollanders, 60 Duitsers, veertien Iere, tien

---

<sup>46</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 56-57; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 237.

<sup>47</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 237.

<sup>48</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 54; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 237.

<sup>49</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 157; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 54.

<sup>50</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 237.

<sup>51</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 54.

<sup>52</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 157; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 55; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 247-249.

Franse, tien Amerikaners, agt Engelse, vyf Oostenrykers, drie Belge, drie Dene, twee Russe, twee Italianers, twee Turke, twee Grieke, twee Swede, een Australiër en twee swart Suid-Afrikaners.<sup>53</sup> Die kampkommandant was kolonel A.C. Vincent wat vanaf die stigting van die kamp vroeg in Augustus 1900 tot met die sluiting daarvan in beheer was. 'n Afdeling van die Gloucesters, 'n bataljon van die Duke of Cornwall's Light Infantry, en later lede van die King's Royal Rifle-regiment het agtereenvolgens die kamp bewaak.<sup>54</sup>

Die Ragama-kamp, 14 km vanaf Colombo, het op 8 Januarie 1901 tot stand gekom toe 262 krygsgevangenes daarheen oorgeplaas is. Ragama het spoedig bekend geword as die strafkamp en opstandige of ongewenste krygsgevangenes is daarheen gestuur, waarvan 'n groot aantal uitlanders was.<sup>55</sup> Ragama-kamp is in twee afsonderlike areas verdeel, waarvan die kleiner area vir lede van die Iers-Amerikaanse Brigade opsygesit is. Die groter area, met vier hutte van geweeftde palmtakmatte, het die krygsgevangenes van ander nasionaliteite gehuisves.<sup>56</sup> Kaptein J. Ingram het as kampkommandant beheer uitgeoefen oor die Ragama-kamp en die kamp is deur 'n gedeelte van die Gloucester-regiment bewaak.<sup>57</sup>

Mount Lavinia, suid van Colombo, het sedert 17 Desember 1900 as 'n sanatorium gefunksioneer. Vyf-en-twintig ernstig siek krygsgevangenes kon op 'n slag in die kamp herstel vir 'n gemiddelde verblyf van vier maande. Die siekes is toegelaat om langs die strand te wandel, in die see te swem en om piekniek op die strand te hou. By Hambantota, geleë aan die suid-oostelike kus van Ceylon, is die tronk op 19 September 1901 as 'n paroolkamp in gebruik geneem. Aanvanklik is 57 krygsgevangenes wat die eed van getrouheid afgelê het, in die tronk aangehou en kon hulle redelik vry rondbeweeg. Luitenant A. Horsburgh was die kampkommandant van Hambantota.

Urugasmanhandiya, verkort na Urugas, is ongeveer 80 km van Colombo aan die suidelike punt van Ceylon geleë. Die kamp het op 11 September 1901 sy hekke oopgestel vir krygsgevangenes

---

<sup>53</sup> *De Prikkelraad* 1(1), 10 September 1900, p. 5.

<sup>54</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 155; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 239.


<sup>55</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 55; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 292.

<sup>56</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 162; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 294.

<sup>57</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 160; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 294.

wat die eed van getrouheid aan die Britse Ryk onderteken het. Die kamp het as die ‘Verraaierkamp’ bekend gestaan. Nes in Hambantota, kon die krygsgevangenes vrylik rond-beweeg. Kaptein H.E. Platt is hier as kampkommandant aangestel. Opstandige krygsgevangenes en oortreders wie se gedrag dissiplinêre aksie genoodsaak het, asook diegene wat aanhoudend probeer ontsnap het, is vir ’n tydperk in die siviele tronk by Welikada naby Colombo aangehou.<sup>58</sup>

Op 2 Junie 1902 is die vredesooreenkoms in Diyatalawa bekend gemaak. Die kampbewoners van Urugas was die eerste krygsgevangenes wat na Suid-Afrika kon terugkeer, met die skip *S.S. Englishman* wat op 7 Augustus 1902 vertrek het. Urugas is as transitokamp gebruik vir die krygsgevangenes wat die eed van getrouheid onderteken het en gewag het op vervoer terug na Suid-Afrika. Teen die einde van Oktober 1902 het 4 372 krygsgevangenes die eed van getrouheid onderteken. Die kamp by Ragama is op 5 November 1902 gesluit en Urugas die dag daarna. Die twintig onversoenlike krygsgevangenes wat agtergebly het, is in die Welikada-tronk aangehou. Uiteindelik was daar teen 10 September 1903 net drie onversoenlike krygsgevangenes oor, naamlik H.E. Engelbrecht, J.F. van Rooyen en H.P. Geldenhuys. Geldenhuys is op 22 Mei 1904 dood en Van Rooyen is uiteindelik na Suid-Afrika gerepatrieer. Engelbrecht het agtergebly en het die eerste wildbewaarder van die *Yalagama Sanctuary* geword.<sup>59</sup>



**Figuur II-6: Die Diyatalawa krygsgevangenekamp, Ceylon.**

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02664.

<sup>58</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, pp. 163-166; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 55-56; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 297-298, 302, 305-309.

<sup>59</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 298-302.

### 3. Indië

Die Indiese vasteland is noord van die ewenaar met 'n ligging van tussen 8° 4' en 37°6' N en 68° 7' en 97° 25' O. Die land beslaan 'n oppervlakte van ongeveer 3 287 263 vk. km.<sup>60</sup> Die klimaatstoestand in die Indiese kampe was vir die krygsgevangenes baie onaangenaam. Op die binnelandse plato het veral die droë, versengende hitte asook die warm, stowwerige winde, warrelwinde en stofstorms in die somermaande hiertoe bygedra. Die meeste streke het wel 'n ligte reënval, maar teen die einde van die somer veroorsaak die moeson-reënseisoen weer gereelde oorstromings. Indië se klimaat word ook gekenmerk deur uiterste temperatuur-skommeling met 'n uiters warm somerseisoen en 'n koel winterseisoen met koue winde.<sup>61</sup>

Die kampe op St. Helena en Ceylon het begin om 'n versadigingspunt te bereik en teen die einde van 1900 was dit duidelik dat die krygsgevangenes iewers elders geakkommodeer moes word. Die Indiese regering is op 13 Januarie 1901 deur Brittanje genader met die versoek om krygsgevangenes te huisves. Teen 21 Maart 1901 het die Indiese regering aangekondig dat hulle gereed was om 500 krygsgevangenes te ontvang.<sup>62</sup>

Die eerste groep van meer as 500 krygsgevangenes is begin April 1901 na Bombaai in Indië gestuur op die *S.S. Hawarden Castle* wat op 23 April 1901 gearriveer het. Later het nog skepe naamlik die *S.S. Roslin Castle*, *S.S. Manila* (twee keer), *S.S. City of Cambridge*, *S.S. City of Vienna* (twee keer), *S.S. Aurania* (drie keer), *S.S. Armenian* (drie keer), *S.S. Targus*, *S.S. Bavarian*, *S.S. Templemore* en *S.S. Mohawk*, ongeveer 9 551 krygsgevangenes op die Indiese vasteland besorg.<sup>63</sup>

Die krygsgevangenes is in verskillende kampe aangehou, wat gestrek het van die suide tot die noorde van Indië. Volgens Oosthuizen was daar sewentien kampe in totaal.<sup>64</sup> Oosthuizen dui Upper Topa en Murree Hills as twee afsonderlike kampe aan. Hy dui ook Wellington en Kaity Nilghiris as twee aparte kampe aan. Volgens hom was daar ook in die Bombaai-distrik 'n deurgangskamp met ongeveer 70 krygsgevangenes wat tot 2 September 1902 daar aangehou

---

<sup>60</sup> Wikipedia, Geography of India, [https://en.wikipedia.org/wiki/Geography\\_of\\_India](https://en.wikipedia.org/wiki/Geography_of_India), 23 March 2017.

<sup>61</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 90; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 321.

<sup>62</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 321.

<sup>63</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 90; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 323.

<sup>64</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 166.

is.<sup>65</sup> F.J.G. van der Merwe, E. Wessels en A.W.G. Raath verskil van Oosthuizen en beweer dat Upper Topa en Murree Hills dieselfde kamp was, terwyl Wellington slegs 'n tydelike kamp was wat deur die permanente kamp by Kaity Nilghiris vervang is.<sup>66</sup> Volgens A.W.G. Raath kan die militêre tronk by Poona, waarna Oosthuizen as die Bombaai-distrik verwys, nie as 'n volwaardige kamp beskou word nie.<sup>67</sup> Die name van die veertien kampe is dus: Ahmednagar, Amritsar / Fort Govindgarh, Bellary, Bhimtal, Dagshai, Kaity Nilghiris / Wellington, Kakool / Abbottabad, Satara, Shahjahanpur, Sialkot, Solon, Trichinopoly, Umballa, en Upper Topa / Murree Hills.<sup>68</sup>

Ahmednagar was in die Maharashtra-provinsie geleë. Omtrent 1 200 krygsgevangenes is in die fort onder die aanvanklike gesag van majoor J.H. Goodwyn en later majoor W.V. Dickenson gehuisves. Die meeste moeilikheidmakers en krygsgevangenes wat misluk het met hul ontsnappingspogings, asook die onversoenlikes, is daarheen gestuur, wat tot gevolg gehad het dat die kamp eers op 8 Januarie 1904 gesluit is. Amritsar, in die Punjab-provinsie, het onder die krygsgevangenes as 'Die Hel' bekend gestaan. Hier is ongeveer 200 krygsgevangenes in die middel van die klipfort, Fort Govindgarh, onder die wakende oog van kaptein W.H. Traill aangehou, totdat die strafkamp op 10 Desember 1902 gesluit is. Bellary-kamp was op die sentrale Karnataka-plato in die Bellary-distrik geleë. Die kamp het 'n klipperige terrein gehad met ongeveer 720 krygsgevangenes onder die beheer van majoor G.H.M. Conram. Die kamp is op 23 Desember 1902 gesluit. Die Bhimtal-kamp is by die noordelikste punt van die Bhimtalmeer in die Uttaranchal-provinsie aangelê. Die kamp was aansienlik koeler en het ongeveer 500 krygsgevangenes gehad, waarvan die meeste kinders en bejaardes was. Hulle is eers deur majoor A. de G. Hadow bewaak en toe kaptein T.C.B. Holland, totdat die kamp op 1 Desember 1902 toegemaak het.<sup>69</sup>

---

<sup>65</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 167, 174.

<sup>66</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 89; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 331-332; A.W.G. Raath (red.), Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en dagboeke, *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, pp. 153, 155, 159.

<sup>67</sup> A.W.G. Raath (red.), Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en dagboeke, *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, p. 153.

<sup>68</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 167; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 89; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 322-338; A.W.G. Raath (red.), Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en dagboeke, *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, p. 4.

<sup>69</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 169-176; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die*

Dagshai was in die Himachal Pradesh-provinsie, 19 km noordoos van Kasuali, geleë. Dié paroolkamp het sy hekke op 3 April 1902 geopen vir meer as 290 parool-ondertekenaars onder die beheer van majoor E.S. Gillman en het weer op 25 Oktober 1902 gesluit. Die tydelike Wellington-kamp in die Nilghiri-distrik in Suid-Indië, ongeveer 8 km vanaf die dorp Wellington, is later deur die meer permanente Kaity Nilghiris-kamp in dieselfde distrik, ongeveer 6 km van Ootacamund, vervang. Ongeveer 800 gevangenes wat parool onderteken het, is hier gehuisves, met majoor G.A. Ivatt as kampkommandant, totdat die kamp op 11 Augustus 1902 gesluit is. Die Kakool-kamp was ongeveer 6 km vanaf die dorp Abbottabad in die North-West Frontier-provinsie, op die roete na die Khyberpas, geleë. Dit was een van die grootste kampe waar ongeveer 1 500 krygsgevangenes tot 4 Desember 1902 aangehou is; eers onder die kommandantskap van majoor H.A. Kinloch wat deur kaptein A.J. Lainsou opgevolg is en uiteindelik daarna deur kaptein R. Oakley.<sup>70</sup>

Die kamp by Satara, in die westelike deel van die Maharashtra-provinsie, het 200 parool-ondertekenaars gehuisves, onder die gesag van majoor C.T. Wayte, tot die kamp op 9 Augustus 1902 gesluit is. Shahjahanpur in die Uttar Pradesh-provinsie in die noorde, was 'n redelike groot kamp waar 1 000 krygsgevangenes vanaf 19 Oktober 1901 aangehou is onder luitenant-kolonel M. Jackson as die eerste kampkommandant. Hy is later opgevolg deur luitenant-kolonel J.H. Campbell, Kaptein G. Head en toe kaptein P. Hind. Die kamp is vroeg in Januarie 1903 amptelik gesluit. Die Sialkot-kamp in die Punjab, ongeveer 5 km vanaf Sialkot, het 560 krygsgevangenes gehad, met kaptein W.A. Scott as kampkommandant. Die Solon-kamp was ook in die Himachal Pradesh-provinsie, ongeveer 19 km noord van Dagshai, geleë. Die paroolkamp is op 18 April 1902 geopen met minder as 300 krygsgevangenes, ook onder die bevel van majoor E.S. Gillman van Dagshai. Die kamp se termyn was van korte duur en is op 13 September 1902 gesluit.<sup>71</sup>

---

*Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 89-91; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 322-338; A.W.G. Raath (red.), Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en dagboeke, *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, pp. 151-160.

<sup>70</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 169-176; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 89-91; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 322-338; A.W.G. Raath (red.), Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en dagboeke, *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, pp. 151-160.

<sup>71</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 169-176; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 89-91; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 322-338; A.W.G. Raath (red.), Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en dagboeke, *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, pp. 151-160.



**Figuur II-7: Die Shahjahanpur krygsgevangenekamp, Indië.**  
 Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04837.

Die Trichinopoly-kamp was in die Tamil Nadu-provinsie (in suid-oos Indië) op 'n kaal, uitgestrekte en wind-geteisterde sandvlakte geleë, wat 'n temperatuur van 49°C in die skaduwee bereik het. Die ongeveer 980 krygsgevangenes wat hier in grasdakhutte gehuisves is, is agtereenvolgens deur die kampkommandante, majoor E.E. Ravenhill, majoor J.H. Campbell en majoor G.A. Ivatt, bestuur totdat die kamp op 10 September 1902 amptelik gesluit is. Die Umballa-kamp was ook op 'n warm stowwerige vlakte in die Haryana-provinsie in die Punjab geleë, met ongeveer 1 050 krygsgevangenes. Die meeste was Vrystaters en Transvalers, maar daar was ook 'n aantal buitelanders, onder andere dertien Duitsers, tien Hollanders, twee Switsers, twee Oostenrykers, twee Italianers, twee Skandinawiërs, asook enkele Iere en Engelse. Majoor J.S.I. Masterson en daarna kaptein L.J. Dobbin het as kampkommandante opgetree tot die kamp op 19 November 1902 gesluit is. Upper Topa / Murree Hills was een van die noordelikste kampe naby die Hindu Kush-berge, ongeveer 5 km vanaf die dorp Murree. Hier is sowat 500 krygsgevangenes aangehou met majoor W.C. Cox as kampkommandant totdat die kamp op 5 November 1902 gesluit is.<sup>72</sup>

Op 9 Junie 1902 is 'n telegram wat die vredesvoorwaardes bevat het, aan die krygsgevangenekampe gestuur. In baie van die kampe is die nuus met ongeloof bejeën en verwerp. Geleidelik het die krygsgevangenes die eed van getrouheid onderteken. Van die krygsgevangenes wat gelukkig genoeg was om hul eie passaat huis toe te kon bekostig, het in Augustus 1902 vertrek.

<sup>72</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 169-176; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 89-91; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 322-338; A.W.G. Raath (red.), *Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en dagboeke*, *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, pp. 151-160.

Die eerste groep krygsgevangenes wat van die owerhede afhanklik was vir vervoer, het op 3 Augustus 1902 op die *S.S. Englishman* na Suid-Afrika teruggereis. Die Indiese owerhede het egter probleme ondervind om die vervoer van die res van die krygsgevangenes terug na Suid-Afrika te organiseer en die proses het gesloer sodat van die krygsgevangenes eers in Oktober en November 1902 die Indiese vasteland kon verlaat. Die onversoenlike krygsgevangenes wat geweier het om die eed te onderteken, is na Ahmednagar oorgeplaas. Die pogings van Boeregeneraals en selfs president Kruger se kleinseun, Piet Kruger, in Januarie 1903 om die krygsgevangenes te oorreed om die eed te onderteken, het misluk. Na 'n besoek van generaal J.H. de la Rey op 17 Desember 1903, het die meeste van die oorblywende onversoenlikes egter geswig en die volgende dag die eed onderteken. Op 9 Januarie 1904 het die laaste groep krygsgevangenes aan boord die *S.S. Clive* na Suid-Afrika vertrek.<sup>73</sup>

#### 4. Bermuda

Die laaste kampe vir Boerekrygsgevangenes is op die Bermuda-eilande geopen. Die Bermuda eilandgroep is in die Noord-Atlantiese Oseaan, ongeveer 900 km vanaf die Noord-Amerikaanse vasteland, halfpad tussen die Wes-Indiese eilande en Kanada geleë, met 'n ligging van 32° 17' N en 64° 47' W.<sup>74</sup> Die eilandgroep, met Hamilton as hoofstad, bestaan uit sewe groterige aaneengrensende eilande en lyk soos 'n boog in die vorm van 'n vishoek wat bekend staan as 'The Great Sound' met honderde eilandjies en rotsformasies. Die hoofeiland is ongeveer 37 km lank en 4 km breed. Slegs twintig van die laagliggende eilande is bewoonbaar.<sup>75</sup>

Die somers is baie warm en die winters is koud. Die weerverslae vir 1901 dui aan dat die gemiddelde temperatuur 23°C was, met 'n reënval van 1 590 mm, terwyl 1902 se gemiddelde temperatuur 21°C was, met 'n reënval van 2 267 mm.<sup>76</sup> Volgens Oosthuizen was dit 'n windgeteisterde streek wat ongerief vir die krygsgevangenes veroorsaak het.<sup>77</sup>

---

<sup>73</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 398-408.

<sup>74</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50; LatLong, The Islands of Bermuda UK Geographical Information, <http://www.latlong.net/place/the-islands-of-bermuda-uk-1348.html>, 23 March 2017.

<sup>75</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 139; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 105; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 171.

<sup>76</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 114.

<sup>77</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 145.



Die eerste groep van 963 krygsgevangenes het op 28 Junie 1901 op die *S.S. Armenian* by Bermuda aangedoen. Daarna sou nog krygsgevangenes met die *S.S. Ranee*, *S.S. Manila*, *S.S. Montrose*, *S.S. Harlech Castle* en weer die *S.S. Montrose* aan die kampe op die Bermuda-eilande besorg word om uiteindelik 'n totaal van 4 619 krygsgevangenes te vorm.<sup>78</sup> Die goewerneur was sir George Digby Barker, wat later deur sir Henry Geary opgevolg is. Die Royal Warwickshire-regiment het 'n wakende oog oor die krygsgevangenes gehou.<sup>79</sup>

Krygsgevangenekampe en fasiliteite is op agt van die eilandjies opgerig: by Burt-, Darrell-, Hawkins-, Hinson-, Morgan-, Tucker-, Port- en Long-eiland.<sup>80</sup> Burt-eiland was die kleinste eiland, skaars 130 m in lengte en het ongeveer 450 krygsgevangenes gehuisves. Die kamp het vanaf Julie 1901 tot Oktober 1902 bestaan en was onder die beheer van kaptein C.E.M. Pyne. Die kamp op Darrell-eiland met ongeveer 1 100 krygsgevangenes was onder die beheer van majoor G.D. Armstrong en is eers in Oktober 1902 gesluit. Meer as 1 300 krygsgevangenes is vanaf Desember 1901 tot Augustus 1902 op Hawkins-eiland onder die beheer van kaptein C.G. Traherne aangehou. Teen die einde van 1901 is die rebelle-krygsgevangenes vanaf St. George-eiland na Hawkins-eiland oorgeplaas en in 'n afgekampte gedeelte apart van die ander krygsgevangenes geplaas. Moeilikheidmakers onder die krygsgevangenes is ook na die militêre tronk by St. George-eiland gestuur waar hulle saam met die rebelle harde arbeid moes verrig deur klippe te kap en toue te pluig. Op Morgan-eiland was daar vanaf September 1901 tot Januarie 1903 ongeveer 850 krygsgevangenes onder die gesag van majoor J.F. Elkington. Ongeveer 700 man, hoofsaaklik pro-Britse Boerekrygsgevangenes, is tot Augustus 1902 in die kamp op Tucker-eiland aangehou met majoor L.E. Morrice as kampkommandant. Onder die krygsgevangenes was daar ook ongeveer 200 kinders jonger as 16 jaar wat vanaf Maart 1902 op Hinson-eiland gehuisves is en onderrig is in akademiese vakke en handwerk. Luitenant B. Tarrant was hier in bevel. Die hospitaal en sensors se kwartiere was op Port-eiland geleë terwyl die begraafplaas op Long-eiland aangelê is. Die hospitaal was onder die beheer van kolonel V. North en kaptein F.B. Johnson van die Royal Army Medical Corps.<sup>81</sup> Benewens die

---

<sup>78</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 105.

<sup>79</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 106.

<sup>80</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 140.

<sup>81</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 140-141; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 105; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 175-181.

Boere was daar ook krygsgevangenes van ander nasionaliteite, onder andere Duitsers, Franse, Grieke, Jode, Russe, Nederlanders, Iere, Skandinawiërs, Italianers, Amerikaners en 'n Fin.<sup>82</sup>

Die kampe in Bermuda het verskil van die ander oorsese kampe deurdat ondeurdringbare draadomheinings en versperrings onnodig was aangesien die see rondom die eiland as natuurlike afbakening gedien het. Die klein eilandjies was redelik afgesonder van die hoof seeroetes en hulle was grootliks onherbergzaam, onbewerk en onbewoon, behalwe vir die krygsgevangenes wat tydelik daar aangehou is. Nogtans is sekuriteitsvoorsorgmaatreëls getref met 'n sisteem van bemande forte, torings, garnisoenbatterye en drie oorlogskepe met elektriese soekligte wat naby die eilande diens gedoen het.<sup>83</sup> Omdat die terreine onbewoon was met feitlik geen geboue of strukture nie (behalwe op Port-eiland), moes die krygsgevangenes in ronde tente gehuisves word met ses of sewe mans per tent wat in lang rye uitgelê is, met 'n spasie vir ontspanningsaktiwiteite in die middel.<sup>84</sup>

Op 1 Junie 1902 is die vredesverdrag se bepalinge aan die krygsgevangenes gekommunikeer. Die krygsgevangenes wat hulle eie reiskostes kon betaal en die eed van getrouheid onderteken, sou vry wees om die eerste moontlik skip te haal. Op 9 Julie 1902 het vyftien Duitsers aan boord die *S.S. Roland* na Hamburg vertrek en agt dae later het 90 Boere op hul eie onkoste aan boord die *S.S. Pretoria* na New York vertrek. Die krygsgevangenes wat nie die nodige fondse gehad het nie, moes wag vir beskikbare georganiseerde transport. Die eerste groep van 386 krygsgevangenes wat vir transport gewag het, is op 29 Julie 1902 op die *S.S. Roslin Castle* na Kaapstad vervoer. Daar was ook 'n groep onversoenlike krygsgevangenes wat geweier het om die eed van getrouheid te onderteken. Uiteindelik is 150 onversoenlike krygsgevangenes na Hawkins-eiland geneem en later na die tronk op St. George-eiland oorgeplaas. Teen 23 Januarie 1903 was daar 82 oor en teen Augustus 1903 was daar nog slegs twaalf onversoenlikes op Bermuda. Die mans wat agtergebly het, het met die plaaslike gemeenskap geïntegreer en hulle op plase gevestig of werk gevind as kabinetmakers en timmermanne. Een van die mans was


---

<sup>82</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 105.

<sup>83</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 141, 143.

<sup>84</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 145; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 181.

Piet Laubscher (Loubser) wat 'n winkel in Hamilton gehad het, waar hy voortgegaan het om handgemaakte voorwerpe te vervaardig en te verkoop.<sup>85</sup>



**Figuur II-8: Die krygsgevangenekamp op Darrell-eiland, Bermuda.**  
Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04155.

## **Die organisasie van die krygsgevangenekampe in Suid-Afrika en die buiteland**

Die doeltreffende organisasie van die kampe is volgens 'n militêre struktuur gehandhaaf. Die oorhoofse beheer is gewoonlik deur 'n senior offisier gehanteer wat as die Britse kampkommandant aangewys is. Alhoewel die goewerneurs van die gebiede waar daar kampe geleë was, die hoogste gesag beklee het, het hulle nie by die algemene organisasie van die kampe betrokke geraak nie. Die kampkommandant was verantwoordelik vir die huisvesting en voeding van die krygsgevangenes. Hy moes voorsiening maak vir genoegsame tente en hutte wat met tussenposes aangevul moes word soos wat die getal krygsgevangenes aangegroei het, of vervang en selfs verskuif moes word nadat dit deur natuurlike elemente soos wind en weer beskadig is. Die kampkommandant het die voedselverskaffing gewoonlik aan die kwartiermeester oorgelaat. Die verskaffing van skoene, klere en komberse is ook deur die kwartiermeester hanteer. Die kampkommandant was ook verantwoordelik vir die streng toepassing van kampdissipline en daar moes daaglikse prosedures en orde in die kampe volgens militêre regulasies gehandhaaf word.<sup>86</sup>

---

<sup>85</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 224-229.

<sup>86</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 176-181.

Die daaglikse appèlle wat tweemaal per dag plaasgevind het, inspeksie van die tente, besoektye aan die kampdokter, die afhaal van die daaglikse rantsoene deur die krygsgevangenes en die aanbreek van stilte in die aand sou in al die krygsgevangenekampe op min of meer dieselfde tye en wyse plaasvind.<sup>87</sup> Krygsgevangenes is ingeperk tot binne die omheining van elke kamp en diegene wat dit te naby aan die heining gewaag het, binne die sogenaamde ‘dead space’, kon sonder waarskuwing doodgeskiet word. Krygsgevangenes kon wel op parool buite die kamp se grense beweeg en passe is met die diskresie van die kampkommandant uitgereik. Die mediese dienste, posreëlins en sanitêre reëlins het ook direk onder die kampkommandant geval, maar hy het dit dikwels gedelegeer na ander lede van die kampowerheid. Elke kamp het sy eie dokter gehad en medekrygsgevangenes het dikwels bystand verleen met die verpleging van pasiënte. Sanitêre en higiëniese maatreëls is in plek gestel wat deur die krygsgevangenes nagekom moes word, aangesien hulle aanspreeklik gehou is vir die sindelikheid van hul tente en hutte asook die netheid van die kamp. Alle posstukke moes eers deur die sensors deurgegaan word voordat dit uitgedeel kon word. Dit het lang verdragings veroorsaak wat tot ontevredenheid onder die krygsgevangenes gelei het. Die geldsake van die krygsgevangenes is ook deur die kampkommandant bestuur om sodoende die beskikbaarheid van omkoopgeld vir ontsnappingspogings te verminder. Alle geld in die krygsgevangenes se besit moes by hom inbetaal word en hy sou besluit hoeveel geld per geleentheid aan krygsgevangenes uitbetaal kon word.<sup>88</sup>

Die interne organisasie van die kamplewe moes deur die krygsgevangenes self hanteer word en elke kamp het oor hul eie besondere reëlins beskik. Gevolglik het die krygsgevangenes hulle eie hutkapteins, lynkapteins en korporaaals gekies wat met die onderlinge organisering in die hutte en tente gemoeid was. Waar krygsgevangenes in groot hutte gehuisves is, het hulle uit hul eie geledere ’n hutkaptein gekies wat Engels magtig moes wees om met die kampkommandant te onderhandel. Hy was ook verantwoordelik om elke oggend die hut se voedselvoorraad vir die dag by die kamphek te ontvang en moes sorg dat sy hut se inwoners teenwoordig was vir die daaglikse appèl en inspeksie. Elke hut se inwoners is in vier groepe van sestien per eettafel ingedeel met ’n korporaal wat moes toesien dat die ete ordelik geskied en dat die tafels netjies gehou word. In die kampe waar die krygsgevangenes in tente gehuisves is, het die inwoners van elke tent ’n tentkorporaal aangewys wat vir die netheid en ordelikheid

---

<sup>87</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 181.

<sup>88</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, pp. 182-186.

van sy tent verantwoordelik was. Elke ry tente het 'n lynkaptein gekies wat met die Britse kampkommandant moes onderhandel oor aangeleenthede wat die krygsgevangenes geopper het. Aan die hoof van die interne kamporganisasie was die Boerekampkommandant wat deur die hut- of lynkapteins verkies is. Die Boerekampkommandant was die verteenwoordiger van al die krygsgevangenes in die betrokke kamp en het as tussenganger tussen die krygsgevangenes en die Britse kampkommandant opgetree. In van die kampe het daar self 'n regterlike gesag tot stand gekom met 'n landdros wat aangewys is om die geskille tussen die krygsgevangenes op te los.<sup>89</sup>

F. Pretorius maak die opmerking dat die onderskeie kampe vinnig die voorkoms van klein dorpies met 'n georganiseerde samelewing aangeneem het en verwys na die aanhaling van 'n E.F. Knight wat saam met die Britse koningshuis Ceylon besoek het: "For this Boer community as I soon discovered, controlled by their own officers, manage everything for themselves, and having among them their own tradesmen and artificers of every sort, their shops and their schools and churches, all within the limits of the wire enclosure."<sup>90</sup>

Die Britse kampowerhede was nie by uitstek verantwoordelik vir die godsdienstige, opvoedkundige, kulturele en sportaangeleenthede in die kampe nie, maar het dikwels die interne organisering van verenigings en aktiwiteite ondersteun en selfs per geleentheid hulp verleen deur benodighede en toerusting te verskaf.<sup>91</sup> Meeste van die krygsgevangenes het 'n geestelike verryking tydens hulle aanhouding beleef. Verskeie predikante is saam met die mans op kommando gevange geneem en as krygsgevangenes weggevoer. Hulle het die geestelike leiding in die kamp geneem en godsdienstige byeenkomste georganiseer, en waar daar nie geestelike leiers na vore getree het nie, is predikante vanaf Suid-Afrika se kerklike instellings na van die kampe gestuur. In die kampe is daar met katkisasieklasse begin en geestelike verenigings soos *De Christelike Strevers-Vereeniging* (CSV) is van stapel gestuur. In meeste van die kampe is skole gestig deur die predikante of krygsgevangenes wat 'n onderwysagtergrond gehad het. Nie net die jong seuns het hierby baat gevind nie, maar ook van die ouer mans het van die geleentheid gebruik gemaak om onderrig te ontvang. Die krygsgevangenes kon ook in hul vrye tyd liggaamlike ontspanning en sport beoefen soos rugby, krieket, atletiek, tennis en boks. Op kulturele gebied het daar ook verskeie debats-, toneel-,

---

<sup>89</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 187-190.

<sup>90</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 51; E.F Knight, *With the royal tour*, p. 63.

<sup>91</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 187.

musiek- en sangverenigings ontstaan waar die krygsgevangenes hulle talente kon openbaar en beoefen. Een van die kulturele aktiwiteite waarin die krygsgevangenes hul kreatiewe vaardigheid en praktiese aanleg kon uitleef, was dan juis in die vervaardiging van 'n verskeidenheid van krygsgevangenekunsvoorwerpe.<sup>92</sup>

Met die agtergrond wat in hierdie hoofstuk verskaf is oor die onderskeie lande en kampe waar krygsgevangenes aangehou is, kan daar vervolgens oorgegaan word na die oorsprong, bepalende faktore en die motivering vir die vervaardiging van krygsgevangenekuns deur die Boerekrygsgevangenes.

---

<sup>92</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 51-52.

# HOOFSTUK III

## OORSPRONG, BEPALENDE FAKTORE EN MOTIVERINGS VIR DIE VERVAARDIGING VAN BOEREKRYGS- VANGENEKUNS

---

### Natuurlike uitvloeisel van Boerekrygsgevangenes se boerdery- en pioniers- agtergrond

F. Pretorius beweer dat die produksie van krygsgevangenekuns nie net uit 'n kommersiële dryfveer voortgespruit het nie, maar dat dit ontstaan het as gevolg van die Boerekrygsgevangenes se geestelike uitkyk, asook die praktiese ervaring wat hulle opgedoen het voordat hulle gevange geneem is.<sup>1</sup> J.H.L. Schumann wat op St. Helena as 'n krygsgevangene aangehou is, beaam dié stelling: “Dat de Afrikaner in staat is, onder zeer armoedige omstandigheden, en met bijna niets om mee te beginnen, zich vrij goed te behelpen. Dit is van altijd af het karakter geweest van het volk. En de gevangenschap is in dit opzicht wezenlijk eene school geweest waarin velen hebben geleerd hoe veel een mensch kan doen als hij moet.”<sup>2</sup> Die Boere se pionierseienskappe soos berusting, aanpassingsvermoë, vindingrykheid en 'n onbedwingbare humorsin, sou hul goed te pas kom tydens hul gevangenskap.<sup>3</sup>

Die krygsgevangenes se aanpassingsvermoë was 'n belangrike faktor wat bepaal het in hoe 'n mate hulle aan die menigvuldige bedrywighede wat in die verskillende kampe ontstaan het, sou deelneem, al dan nie.<sup>4</sup> Sommige van die kulturele en sportaktiwiteite wat in die kampe aangebied is, het 'n mate van opleiding of fisiese inspanning geverg. Van die ouer krygsgevangenes kon nie aan die veeleisende sportbedrywighede deelneem nie. Baie van die krygsgevangenes het ook nie die nodige akademiese of musikale opleiding gehad om aan die musiek-konserte of debatsgeleenthede deel te neem nie. Die gewone, minder geskoolde Boere kon egter weens hul praktiese boerderyagtergrond as tydverdryf aan die handwerkbedrywighede deelneem en was selfs baie bedrewe daarmee. Die kultuurhistorikus K. Roodt-Coetzee skryf

---

<sup>1</sup> F. Pretorius, Boer Prisoner of war art, *History Today* 56(3), March 2006, p. 34.

<sup>2</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 25.

<sup>3</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 24; J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 134.

<sup>4</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, p. 203.

dat dit opvallend was hoe tuis veral die ouer geslag Boere met 'n knipmes was. Dit was blykbaar makliker om iets te illustreer deur dit uit 'n stukkie hout te sny as om dit met potlood op papier vas te pen; dus het meer krygsgevangenes aan dié skeppende aktiwiteit deelgeneem. Die maak van krygsgevangenekunsvoorwerpe het gevolglik “soos 'n aansteeklike siekte in alle kampe uitgebreek”.<sup>5</sup>

Roodt-Coetzee beweer dus dat dié tydverdryf 'n natuurlike uitvloeisel van die meeste Boere se tradisionele boerdery- en pioniersagtergrond was. Volgens haar het die voorwerpe wat vervaardig is, nie veel verskil van die gebruiksartikels wat die pioniers gedurende die vestigingsjare in die binneland van Suid-Afrika gemaak het nie. Gedurende die pionierstydperk het die Boere se voorgeslagte dekoratiewe volkskunsmotiewe van dierefigure soos wildsbokkoppe en -pote uitkerf en in reliëf aangebring op nuttige gebruiksvoorwerpe soos houtkomme en botterbakke. Haar aanname is dat daar nie juis 'n verskil was tussen 'n Voortrekkerkierie en krygsgevangenekierie wanneer die twee met mekaar vergelyk word nie. Vir die Boerekrygsgevangene was die uitkerf en uitsny van motiewe op gebruiksvoorwerpe dus 'n tradisie wat van geslag tot geslag oorgedra is.<sup>6</sup>

Die oud-krygsgevangene, C.F.L. Hutten, skryf in sy herinneringe dat hy reeds voor die oorlog vetsteen- en klippype in die Vrystaat en Wes-Transvaal met die kop-en-skouer figure van onder andere president Kruger, president Brand en generaal Joubert gesien het. Kieries van stink- en assegaaihout met uitgesnyde wildsbokkoppe was ook reeds aan hom bekend.<sup>7</sup> So het die behendigheid en praktiese inherente aanleg van die Boerekrygsgevangenes uiting gevind in die vervaardiging van talle krygsgevangenekunsvoorwerpe uit enige materiaal waarop hulle hul hande kon lê.<sup>8</sup>

---

<sup>5</sup> K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 521-522.

<sup>6</sup> K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 522; K. Roodt, Gevangene-kuns van die Boer, *Die Huisgenoot*, 7 Junie 1940, p. 45.

<sup>7</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 28 Januarie 1941.

<sup>8</sup> F. Pretorius, Boer Prisoner of war art, *History Today* 56(3), March 2006, p. 33.





**Figuur III-1:** Riempiesbank van tambotiehout uit die laat negentiende eeu; die houtsnwywerk van 'n sluipende leeu en bokkop op die armleunings van die bank weerspieël kenmerkende ooreenkomste met die Boerekrygsgevangenehandwerk wat in die onderskeie krygsgevangenekampe voorgekom het.

Uit: J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika* (Vlaeberg, 1992), p. 46.

## Die beoefening van loopgraafkuns op kommando

Huidige sekondêre bronne oor die onderwerp begin gewoonlik met krygsgevangenekuns wat in die oorsese krygsgevangenekampe in St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda vervaardig is. As die aantal kerfwerk en versierings wat gedurende die konflik op die kolwe van gewere uitgekerf is, in ag geneem word,<sup>9</sup> kan die argument aangevoer word dat die vervaardiging van krygsgevangenekunsvoorwerpe 'n uitvloeisel was van loopgraafkuns wat reeds deur die burgers op kommando as 'n sinvolle tydverdryf beoefen is.

Jan F.E. Celliers skryf op 20 November 1901 in sy oorlogsdagboek dat die Boere op kommando aanvanklik nuttige en noodsaaklike gebruiksartikels self moes vervaardig, soos onder andere messe uit bajonette en ou yster of staal, vurke uit koperdraad, lepels van hout, pype van klip en hout met mondstukke van horing waarvan die pypkoppe aan die binnekant met blik uitgelê is, tonteldose van steen, teer- en verfblikke as kookpotte, asook drinkbekers en waterkanne van konfyt- en vleisblikke. Horingkamme asook sakmesse gesny uit ou perdekarvere, is later gefabriseer. Celliers skryf dat die laerindustrieë veral gedurende die guerrillafase uitgebrei het. 'n Verskeidenheid gebruiksvoorwerpe is gemaak, soos drinkbekers, kamme, meshewwe en

<sup>9</sup> D.C. George, *Carvings from the veldt: Rifle carvings from the Anglo-Boer War (Part two)*, p. 319.

karwatshandvatsels van horing; gegote borsspelde van silwer met hartjies daarop uitgesny in reliëf; vurke en spelde van rooikopertelegraafdraad; horlosiekettings van gevlegte perdestert-haar, asook olienhoutstoele met rug- en armleunings.<sup>10</sup>



**Figuur III-2:** Geweerkolf van ’n Martini-Henry met die bewoording ‘Vryheid Kommando, 1899, ZAR, Talana, Pinetown Kamp, Wessels’ kunstig daarop uitgekerf.

Uit: D.C. George, *Carvings from the veldt: Rifle carvings from the Anglo-Boer War (Part three)* (Tweed Heads, 2016), p. 91.

## Die oorsprong van Boerekrygsgevangenekuns in Suid-Afrikaanse krygsgevangenekampe en aan boord van skepe

S.P.R. Oosthuizen maak die stelling dat die vervaardiging van krygsgevangenekuns in die Suid-Afrikaanse kampe begin het. Hy skryf: “Dit is ’n interessante feit dat dieselfde soort handbedrywighede haas in al die krygsgevangenekampe beoefen is, sodat dit onmoontlik is om ’n besondere voorloper van hierdie bedrywighede in enige kamp aan te wys. Die bedrywighede waarmee reeds in Suid-Afrikaanse kampe begin is, is in die oorsese kampe op veel groter skaal voortgesit.”<sup>11</sup> Volgens Oosthuizen was dit vir die krygsgevangenes moeilik om ’n georganiseerde verenigingslewe in die Suid-Afrikaanse kampe te bewerkstellig aangesien hulle gedurig gekom en gegaan het en daar dus geen sprake van kontinuïteit was nie. Leierpersoonlikhede onder die krygsgevangenes is gereeld weggestuur wat daartoe gelei het dat die verenigingslewe voortdurend ontwig is.<sup>12</sup> L.A. Changuion beweer egter dat daar in die Kaapse

<sup>10</sup> J.F.E. Celliers, *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902* (red. A.G. Oberholster), pp. 317, 360, 373-374; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 129-130; B. Booyens, Vermaak en tydverdryf van die Boerekommandolewe, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 36(1), Januarie 1980, pp. 9-11.

<sup>11</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, pp. 271-272.

<sup>12</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 131.

kampe soos Groenpunt 'n groter mate van stabiliteit was omdat die krygsgevangenes vir langer periodes aangehou is, dus kon verenigings gestig en meer georganiseerde bedrywighede beoefen word.<sup>13</sup> Die geredelike voorkoms van krygsgevangenehandwerk in museum- en privaatversamelings, afkomstig vanaf die Groenpunt-kamp in Kaapstad, sowel as van die Bellevue-kamp in Simonstad, dui daarop dat daar wel tot 'n groot mate handwerkindustrie in dié onderskeie kampe gevestig was. R. Greenwall beaam dat handwerkbedrywighede gewoonlik begin is kort nadat die krygsgevangenes gevange geneem is en verwys na poskaarte met voorwerpe daarop uitgebeeld wat deur die krygsgevangenes in Bellevue gemaak is.<sup>14</sup>



**Figuur III-3: Uitstalling van Boerekrygsgevangenekuns deur P. Zwanepoel by die Bellevue-kamp in Simonstad, 1899-1900.**

Uit: Museum Africa, Johannesburg: PH2007-21501.

Alhoewel daar ook 'n gebrek aan kontinuïteit in die Tin Town-kamp in Ladysmith was, het die teenwoordigheid van die eedafleggers en krygsgevangenes wat op deportasie gewag het, die geleentheid geskep om handwerkindustrie te begin. Die Noor, P.E.I. Schröder-Nielsen, skryf dat hy tydens sy gevangenskap in Tin Town eendag sy monogram met versierings daarom op sy pyp se kop uitgesny het. Die gedagte het by hom opgekom dat dié handwerkbedrywigheid vir hom geld in die sak kon bring. Hy het die pyp aan medekrygsgevangenes wat geld gehad het, gewys en aangebied om hul pype ook so te versier. Hiermee het hy 'n goeie bron van inkomste gevind wat hom lank besig gehou het. Met die verloop van tyd het hy egter vele mededingers gekry wat volgens hom kundiger was en het sy bestellings afgeneem.<sup>15</sup>

<sup>13</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 10.

<sup>14</sup> R. Greenwall, *Artists and illustrators of the Anglo-Boer War*, p. 46.

<sup>15</sup> I. Rudner and B. Nasson (eds.), *I. Schröder-Nielsen: Among the Boers in peace and war*, pp. 183-184.

Weens die kort periode wat die Umbilo-kamp in Durban in werking was en omdat daar baie min krygsgevangenekuns van dié kamp in museum- en privaatversamelings voorkom, kan die afleiding gemaak word dat handwerkbedrywighede op 'n veel kleiner skaal in die kamp plaasgevind het. Volgens *The Tick* van 5 June 1902 was hekel en brei van dasse (ook genoem 'rockrabbits'), serpe en tjalties die permanente okkupasie vir mans in die kamp. B. Stapelberg het derhalwe sy handgemaakte tekstielware in die kampkoerant geadverteer.<sup>16</sup> Soeweniers soos portretrame uit hout gekerf, selfgemaakte silwer ringe en versierde kaartjies met die wapens van die twee Boererepublieke, is teen redelike pryse by die poskantoor te koop aangebied.<sup>17</sup>

Volgens Oosthuizen was daar weinig aktiwiteite om die krygsgevangenes tydens hul skeepsreise intelligent besig te hou.<sup>18</sup> Tog is handwerkbedrywighede in 'n mindere of meerdere mate deur die krygsgevangenes aan boord van die skepe op pad na hul onderskeie bestemmings beoefen. In *The Sphere* van 6 April 1901, getiteld "How the Boer prisoners kill time: Making toys on board ship", verskyn daar 'n illustrasie deur Ernest Prater wat wys dat krygsgevangenes aan boord die *S.S. Kildonan Castle* hul tyd verwyd het deur speelgoed te vervaardig. Die speelgoed is hoofsaaklik gebaseer op die krygsgevangenes se belewenis van die oorlog en hul leefwyse as landbouboere, soos byvoorbeeld miniatuurmodelle van 'pom-pom' masjiengewere en Long Tom-kanonne, asook soldate, perde, trekosse, waens, kapkarre en ambulanswaens.<sup>19</sup>



**Figuur III-4:** Krygsgevangenes vertoon hul handwerk aan boord die *S.S. Kildonan Castle* in 1901 by Simonstad se hawe.

Uit: Museum Africa, Johannesburg: PH2007-21520.

<sup>16</sup> *The Tick* 1, 5 June 1902, pp. 1, 3.

<sup>17</sup> J. Wassermann and A. Wholberg, The prisoner of war camp at Umbilo during the Anglo-Boer War, *Journal of Natal and Zulu History* 24 & 25, 2006-2007, p. 229.

<sup>18</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 104.

<sup>19</sup> Anonymous, How the Boer prisoners kill time: Making toys on board ship, *The Sphere*, 6 April 1901, p. 9.

S.J. Burger noem dat die krygsgevangenes op die *S.S. Catalonia* bedags serpe en tjalties geweef het.<sup>20</sup> Krygsgevangenes aan boord die *S.S. Armenian* het ook speelgoed en ander voorwerpe met onder andere die afbeelding van president Kruger daarop vervaardig tydens hulle bootreis na Bermuda. Met die boot se aankoms het kleiner bootjies met toeriste en inwoners om die skip saamgedrom en het die krygsgevangenes met hulle gesels en blykbaar van die voorwerpe vir hulle gegooi.<sup>21</sup> Op die *S.S. Armenian* het krygsgevangenes ook handwerk soos dasse, serpe, borsspelde en ringe vervaardig uit enige materiaal wat hulle in die hande kon kry.<sup>22</sup> Volgens J.A. Bester het van die krygsgevangenes 'n dun sagie bekom en met dié sagie en hul knipmesse voortgegaan om handwerkbedrywigheide op die skip te beoefen. Op dié manier is 'n inkomste verdien deur die voorwerpe aan die skeepsbemanning en Britse offisiere te smous. So is daar byvoorbeeld uit een stuk hout 'n ketting met 'n skeepsanker gesny; uit been is borsspelde met die naam van 'n geliefde daarop uitgesaag en selfs leie is van die matrose verkry waarop republikeinse wapens en beelde van presidente Kruger en Steyn uitgekerf is. Van die mans het ook begin om ringe uit muntstukke in hulle besit te maak.<sup>23</sup>

Uit nood gebore, het die krygsgevangenes aan boord die *S.S. Bavarian* op 'n vindingryke manier selfgemaakte eetgerei geprakseer. O. van Oostrum skryf dat hulle drinkbekers gemaak het van die blikkiesvleis (boeliebief) se langwerpige-vierkantige en groot ronde blikke, wat heel handig te pas gekom het, behalwe dat dit moeilik was om vas te hou as die tee baie warm was. Van die groot blikke is die top en boom 'n paar duim van die ent afgesny, sodat elke blik twee borde gelewer het. Verder is daar uit stukkie hout een of twee rowwe punte uitgesny om sodoende as vurke te dien.<sup>24</sup>

## **Bepalende faktore wat die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns in die onderskeie landstreke en krygsgevangenekampe beïnvloed het**

### **1. Tydsduur van die krygsgevangenekampe en aantal krygsgevangenes**

Volgens Roodt-Coetzee was daar verskeie faktore wat die kwantiteit en kwaliteit van die krygsgevangenehandwerk beïnvloed het. Eerstens het die aantal krygsgevangenes en die periode wat die onderskeie kampe in werking was, 'n impak gehad op die hoeveelheid voorwerpe wat

---

<sup>20</sup> S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* (red. T. van Rensburg), p. 134.

<sup>21</sup> Anonymous, *The Boers at Bermuda*, *Oamaru Mail* 26(8248), 9 October 1901, p. 1.

<sup>22</sup> C.A.R. Schulenburg, *Boerekrygsgevangenes van Bermuda I*, *Historia* 23(2), September 1978, p. 86.

<sup>23</sup> J.A. Bester, *Bester dagboekie: Herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog en die ballingskap op Darrel's Eiland* (red. M.E. Wessels), pp. 5-6.

<sup>24</sup> O. van Oostrum, *Herinneringe van Ceylon*, *Die Huisgenoot*, 26 April 1935, p. 17.

geproduseer is.<sup>25</sup> Benewens Diyatalawa in Ceylon was Deadwood en Broadbottom op St. Helena die grootste kampe.<sup>26</sup> Die twee krygsgevangenekampe op St. Helena wat eerste gevorm is in April 1900 en die langste bestaan het, het ongeveer 5 866 krygsgevangenes gehuisves. In die kamp op Ceylon wat ongeveer vier maande later in werking getree het, was daar in die omgewing van 5 126 krygsgevangenes. Die groot aantal krygsgevangenekuns wat van dié twee lande afkomstig is, word vandag nog weerspieël in museum- en privaatversamelings.

Alhoewel Bermuda se kampe laaste tot stand gekom het en net sowat 4 619 krygsgevangenes daarheen gestuur is, was daar nogtans 'n baie hoë vlak van produksie. Die kontinuïteit op Bermuda is egter met tye beïnvloed. Die verskuiwing van die een eiland na 'n ander eiland van leiers wat die Vredesbeweging teengestaan het, het 'n negatiewe effek op sekere sport- en kulturele bedrywighede gehad sodat dit soms byna tot stilstand gekom het.<sup>27</sup> Bermuda het, naas Ceylon en St. Helena, die derde meeste krygsgevangenehandwerk geproduseer wat vandag nog in privaat en publieke besit voorkom.

Ondanks die groot getal krygsgevangenes van sowat 9 551 wat na Indië gestuur is, kom dit voor of daar nie uitermatig baie krygsgevangenekuns in die land vervaardig is nie. Van die Indiese kampe se produksievermoë was egter meer as ander. In die algemeen is voorwerpe afkomstig van Indië skaars en word dit in 'n mindere mate in museum- en privaatversamelings aangetref. Dis waarskynlik te danke aan die geografiese verspreiding van die kampe wat regoor die Indiese vasteland voorgekom het, asook die tydsduur van die bestaan van die kampe aangesien sommige eers heelwat later tot stand gekom het.<sup>28</sup>

Die aard van die Suid-Afrikaanse kampe as tydelike deurgangskampe en die oorpasing van krygsgevangenes van een kamp na 'n ander, het 'n negatiewe impak op die vervaardiging van krygsgevangenekuns gehad en gevolglik is handwerk van dié kampe nie juis volop verkrygbaar nie.<sup>29</sup>

---

<sup>25</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>26</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 19.

<sup>27</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 223.

<sup>28</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>29</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

Die veilingkatalogus van die merkwaardige Kenneth Griffith-privaatversameling weerspieël die aanname oor die getal voorwerpe wat in die onderskeie krygsgevangenekampe en lande van aanhouding vervaardig is. Ceylon het altesaam twintig krygsgevangenekunsvoorwerpe in die versameling verteenwoordig waarvan vier spesifiek vanaf Diyatalawa, een vanaf Mount Lavinia en twee vanaf Ragama gekom het. Vanaf St. Helena was daar agttien krygsgevangenekunsvoorwerpe waarvan een spesifiek van Deadwood afkomstig was. Bermuda het ses voorwerpe verteenwoordig, een spesifiek vanaf Darrell-eiland. Van die kampe op die Indiese vasteland was daar slegs drie voorwerpe, een elk vanaf Bhim Tal, Trichinopoly en Upper Topa. In die versameling was daar vier voorwerpe vanaf Suid-Afrikaanse kampe waarvan twee van Bellevue en twee van Groenpunt afkomstig was, terwyl daar slegs een voorwerp vanaf die *S.S. Mongolian* afkomstig was.<sup>30</sup>

## 2. Klimaatsomstandighede

Tweedens het die klimaat van die landstreek waar die onderskeie kampe geleë was, ook bygedra tot die mindere of meerdere produksie van krygsgevangenekuns.<sup>31</sup> Oosthuizen is van mening dat omdat die krygsgevangenes op St. Helena nie aan uiterste temperature blootgestel was nie, dit vir hulle moontlik was om aktief by 'n verskeidenheid aktiwiteite betrokke te wees. Dit het handwerkbedrywighede ingesluit, wat onder andere ook hulle ondernemingsgees gestimuleer het.<sup>32</sup>

Omdat die klimaatstoestand op Ceylon waar die Diyatalawa-kamp geleë was, baie gunstig was, met geringe temperatuurverskille tussen winter en somer, het dit 'n positiewe uitwerking op die produksie van krygsgevangenekuns gehad. Dit was egter nie die geval by die Ragama-kamp wat in die warmste deel van Ceylon geleë was nie. Die uitwerking van die baie warm klimaat en beperkte ruimte het in Ragama die beoefening van handwerkbedrywighede en sportaktiwiteite beperk.<sup>33</sup> Krygsgevangenes het tussen 12:00 en 17:00 in hulle hutte deurgebring en kon slegs voor of na die tyd dit buite waag om sport- of kultuurbedrywighede te beoefen.<sup>34</sup>

---

<sup>30</sup> Argyll Etkin Limited, *The Kenneth Griffith Anglo-Boer War collection and library*, 5 Desember 2006, p. 20.

<sup>31</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>32</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 148.

<sup>33</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 162; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 56.

<sup>34</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 296.

Die ongure klimaatstoestande in die Indiese kampe met uiterste droë hittegolwe, stofstorms en oorstromings in die reënseisoen het sonder twyfel 'n negatiewe impak op die vervaardiging van krygsgevangenekuns gehad. Volgens die historikus F.J.G. van der Merwe, kon die krygsgevangenes in Trichinopoly weens die ongenaakbare klimaatstoestande niks in en om die kamp doen om hulle vrye tyd nuttig te verwyd nie.<sup>35</sup> Die krygsgevangene, P.H.C. Pohl, skryf egter dat die krygsgevangenes by Trichinopoly in die hitte van die dag, wanneer hulle dit nie buite kon waag nie asook saans, elkeen sy eie tydverdryf in hul hutte beoefen. Elke hut het ongeveer vyftig mans gehuisves. Die mans het hulself in groepe verdeel. Die ses of sewe mans wat langs mekaar geslaap het en aan dieselfde tafel geëet het, het 'n groep gevorm. By die een tafel is musiek gemaak, by die ander is skaak of dambord gespeel en 'n ander groep het hulle weer besig gehou met die maak van borsspelde.<sup>36</sup>



**Figuur III-5:** Krygsgevangenes besig om borsspelde en dasspelde uit been te vervaardig in hul sinkhut. Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03526.

Dit wil voorkom of die onaangename weerstoestande op Bermuda en die wind wat aanhoudend gewaai het nie juis die produksie van krygsgevangenekuns te erg belemmer het nie. Nieteenstaande die gebrek aan hout omdat bome nie goed in dié klimaat en geologiese omstandighede kon groei nie, het Bermuda 'n redelike hoeveelheid krygsgevangenekuns opgelewer.<sup>37</sup>

<sup>35</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 90.

<sup>36</sup> P.H.C. Pohl, Lewe van die Boere-krygsgevangenes in Indië: Ons grawe 'n tonnel, *Die Huisgenoot*, 30 Desember 1949, p. 41.

<sup>37</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.



### 3. Beskikbare materiaal en gereedskap

’n Derde faktor wat die Boerekrygsgevangenekuns beïnvloed het, was die soort materiaal waarvan die voorwerpe vervaardig is.<sup>38</sup> Die kultuurhistorikus, J.C. Pretorius, maak die stelling dat omdat die klimaatsomstandighede in die krygsgevangenekampe verskil het, die grondstowwe waarvan voorwerpe gemaak is, ook uiteraard verskil het. Dus kan krygsgevangenekunsvoorwerpe wat in die onderskeie kampe gemaak is, dikwels uitgeken word aan die rou materiaal waaruit dit vervaardig is.<sup>39</sup> Die meeste krygsgevangenekuns wat op St. Helena, Ceylon en Bermuda vervaardig is, asook in sekere kampe in Indië soos Trichinopoly waar klip skaars was, is van hout gemaak.<sup>40</sup> Volgens J. van Zyl bepaal die soort hout waarvan ’n voorwerp gemaak is, meestal die geografiese oorsprong van die voorwerp, hoofsaaklik omdat inheemse houtsoorte wat endemies is tot die area waar die kampe geleë was, dikwels gebruik is. Hy maak ook melding daarvan dat die tipe hout ’n invloed gehad het op die keuse van voorwerp wat vervaardig is as gevolg van die inherente eienskappe wat uniek is aan sekere houtsoorte.<sup>41</sup>

Naas hout, is been die meeste in omtrent al die krygsgevangenekampe gebruik. Krygsgevangenekunsvoorwerpe uit been vervaardig, is gewoonlik klein of uit klein deeltjies saamgestel.<sup>42</sup> Van stukkies afval been is inlegwerk gedoen soos die republikeinse wapens en beelde van presidente Kruger en Steyn wat op die kissies se deksels ingelê is.<sup>43</sup> In die derde instansie is meestal klip gebruik.<sup>44</sup> Alhoewel klip as medium in verskeie kampe voorgekom het, is dit veral gebruik in van die Suid-Afrikaanse en Indiese krygsgevangenekampe as gevolg van die geredelike beskikbaarheid daarvan in die onmiddellike omgewing.

Benewens die soort materiaal, het die beskikbare gereedskap ook ’n invloed gehad op die kwaliteit en kwantiteit van krygsgevangenekuns wat vervaardig is. Omdat die krygsgevangenes aanvanklik nie die nodige gereedskap gehad het om voorwerpe mee te vervaardig nie, het hulle in meeste kampe hoofsaaklik op hul knipmesse staatgemaak.<sup>45</sup> Die tekort aan

---

<sup>38</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, “Die Boerekrygsgevangenes as ’n kultuurgroep”, konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>39</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 134.

<sup>40</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 347.

<sup>41</sup> J. van Zyl, Houtsoorte: Krygsgevangene items, *Knapsak* 19(3), November 2007, p. 2.

<sup>42</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 347.

<sup>43</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 52.

<sup>44</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 347.

<sup>45</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 272.

geskikte gereedskap het die krygsgevangenes se handwerkbedrywighede in 'n groot mate aan bande gelê. Karaktereenskappe soos aanpassingsvermoë en vindingrykheid het onder die krygsgevangenes na vore gekom om die probleem op te los en hulle het onder andere else, bore, beitels, sae, skawe en breipenne vervaardig. Selfs winkelhake en passers van hout is gemaak.<sup>46</sup>

Namate die krygsgevangenehandwerk winsgewend geraak het en meer geld verdien is uit die verkope daarvan, kon beter gereedskap soos figuursae, vyle, bore en sae aangekoop word.<sup>47</sup> Die aanskaf van doelgerigte gereedskap het die vervaardigers in staat gestel om mooier afgeronde krygsgevangenekuns van beter gehalte te lewer, wat hoër verkoopspryse tot gevolg gehad het.<sup>48</sup> Die behoefte om voorwerpe beter, vinniger en makliker te vervaardig, het ook daartoe aanleiding gegee dat rudimentêre draaibanke in krygsgevangenekampe op St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda geprakseer is. Die gebruik van handgedrewe asook windgedrewe draaibanke het daartoe bygedra dat die aanvanklike amateuragtige handwerkbedrywighede in 'n volskaalse professionele industrie ontwikkel het.<sup>49</sup> In die hieropvolgende hoofstuk IV word die soort materiaal waarvan krygsgevangenekunsvoorwerpe gemaak is, asook die beskikbaarheid van gereedskap in die onderskeie landstreke, in detail bespreek.

#### 4. Afsetgebied en markaanvraag

'n Vierde faktor wat 'n invloed op die aard en kwantiteit van Boerekrygsgevangenekuns gehad het, was die afsetgebied en markgedrewe aanvraag.<sup>50</sup> Volgens J.C. Pretorius was daar veral op Bermuda 'n positiewe mark onder Amerikaanse toeriste omdat die eilande op die hoof toerismoete naby aan die VSA geleë was.<sup>51</sup> Dit het dus as dryfveer gedien om 'n groter aantal krygsgevangenekuns te produseer. Greenwall beweer dat minder of geen toeriste die ander lande en eilande waar krygsgevangenes aangehou is, besoek het.<sup>52</sup> P. Erskine skryf dat die

---

<sup>46</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 273; J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 134; J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 26.

<sup>47</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 26; K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 522.

<sup>48</sup> *De Krijgsgevangene* (Ceylon) 1(18), 3 April 1902, p. 2; J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 51.

<sup>49</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 133.

<sup>50</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>51</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136.

<sup>52</sup> R. Greenwall, *Artists and illustrators of the Anglo-Boer War*, p. 46.

toerismemark op St. Helena baie meer beperk was. Behalwe vir die paar possepe wat af en toe daar verbygekom het, was die plaaslike populasie ook nie groot kopers nie. Erskine skryf dat Diyatalawa omtrent in die middel van die eiland geleë was. Kontak met die hoofstad Colombo was moeilik en toegang het langs slegte paaie geskied. Volgens hom was die toeristeaanvraag omtrent nul en was daar nie 'n mark vir massa-vervaardigde krygsgevangenekuns op Ceylon nie.<sup>53</sup>

Tog is die bogenoemde stellings teenstrydig met die aantal krygsgevangenekuns afkomstig van St. Helena en Ceylon wat vandag nog in museum- en privaatversamelings aangetref word. Vanaf Maart 1901 is groot hoeveelhede krygsgevangenekuns wat op St. Helena en Ceylon vervaardig is, in Nederland versprei en verkoop met behulp van F.C. Versélewel de Witt Hamer (die broer van die krygsgevangene en Hollanderkorpskaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer).<sup>54</sup> Alhoewel dit nie by uitstek 'n toeristemark was nie, was daar genoegsame aanvraag om 'n afsetgebied vir die verkope van krygsgevangenehandwerk vanaf St. Helena en Ceylon te bewerkstellig.

Die aard van die krygsgevangenekuns het ook noodgedwonge verander om aan te pas by die aanvraag. Massa-geproduseerde voorwerpe het van hul sentimentele versieringsmotiewe, asook persoonlike bewoording en intrinsieke betekenis ingeboet, om meer aanvaarbaar te wees vir die markgedrewe kopers. Op St. Helena het kaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer byvoorbeeld 'n versoek aan die krygsgevangenes gerig om die generiese bewoording 'Gemaakt door K.G. St. Helena' of 'Souvenir K.G. St. Helena' en die datum op voorwerpe aan te bring, om sodoende meer legitimiteit daaraan te verleen, anders koop die publiek dit nie. Die tipe voorwerp wat vervaardig is, is ook bepaal deur die aanvraag van die kopers. Kieries was baie gesog in Nederland en het vir tussen 3 en 8 sjelings verkoop, afhangende van die hoeveelheid kerfwerk wat daarop aangebring was. Slangdosies, bobbejane en houtbekers was glo nie juis in aanvraag nie. Voorwerpe wat maklik kopers gevind het, was onder andere gedenkpenninge en munte van die Transvaal en St. Helena, portrettrame, papiermesse, servetringe, potlepels, *étagères* (rakkies), penhouers, borsspelde en kleinighede om aan horlosiekettings te hang. In Frankryk het die borsspelde en vuurhoutjiedosies nie aftrek gekry nie. Die versending van voorwerpe in November 1901 is spesiaal met die oog op die Kersseisoen in Europa beplan aangesien daar belangstelling onder die publiek was om voorwerpe wat deur krygsgevangenes

---

<sup>53</sup> P. Erskine, Boer prisoner of war carvings from St. Helena, Bermuda, Ceylon and India, *Antiques in South Africa*, 1981, p. 99.

<sup>54</sup> *Haarlem's Dagblad*, 22 April 1902, p. 2.

gemaak is, as Kersgeskenke aan te koop.<sup>55</sup> Die enigste bestemming wat waarlik gesukkel het om om 'n aktiewe mark vir krygsgevangenekuns te vestig, was Indië. Die onderwerp van tentoonstellings, afsetgebiede, verkope en verspreiding word in hoofstuk VIII meer breedvoerig bespreek.

## **Motiverings vir die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns**

Die onderskeie motiverings en onderliggende dryfvere waarvoor die krygsgevangenekunsvoorwerpe geskep is, was ook 'n beduidende faktor.<sup>56</sup> Die aanvanklike motivering vir die vervaardiging van die voorwerpe het mettertyd verander en selfs van persoon tot persoon verskil.

### **1. Noodsaaklikheid van funksionele gebruiksvorwerpe**

Oosthuizen maak die opmerking dat die krygsgevangenes se handwerk aanvanklik daarop gemik was om nuttige en funksionele huishoudelike gebruiksvorwerpe te vervaardig om sodoende hul lewens gemakliker en geriefliker in te rig.<sup>57</sup> Nie alleenlik verskaf die funksionele voorwerpe fisiese gemak nie, maar is daar ook dikwels in 'n gevangenskapsituasie die aangewese en noodsaaklike behoefte van krygsgevangenes om hul sombere leefruimte op te helder en meer huislik in te rig.<sup>58</sup> Op St. Helena het die mans uit leë boeliebief- en beskuitkiste met hul knipmesse nuttige rakkies, dosies en staandertjies gekerf.<sup>59</sup> Leë boeliebief- en melkblikkies is geslaan en gesny totdat dit omskep is in koppies en drinkbekertjies en is dan verkoop teen een pennie per item.<sup>60</sup> Selfs die kampkommandant van Deadwood, A.L. Paget, het gemeld dat die krygsgevangenes se vindingrykheid om stowe uit ou blikke te vervaardig, uitsonderlik was.<sup>61</sup> Op Bermuda het die krygsgevangenes selfgemaakte tafels geprakseer om

---

<sup>55</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, pp. 2-3.

<sup>56</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>57</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", pp. 276, 284.

<sup>58</sup> G. Carr and H. Mytum (eds.), *Cultural heritage and prisoners of war: Creativity behind barbed wire*, p. 6.

<sup>59</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 24.

<sup>60</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 50; J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 25.

<sup>61</sup> A.L. Paget, Some experiences of a commandant prisoner of war, at Deadwood Camp St. Helena, 1900-1901 (Part I), *Longman's Magazine* 38(228), October 1901, p. 524.

buite onder die bome by te eet want dit was koeler as in die tente en sodoende het die tentvloere langer skoon gebly.<sup>62</sup>



**Figuur III-6:** Twee krygsgevangenes in die Diyatalawa-kamp op Ceylon wat hul akkommodasie meer ‘huislik’ ingerig het deur die gebruik van persoonlike en sentimentele krygsgevangenekuns soos portretrame en pypstaanders.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06027.

## 2. Kreatiewe tydverdryf as gevolg van verveeldheid

’n Tweede motivering vir die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns was verveeldheid en ledigheid.<sup>63</sup> C.R. Kotzé skryf dat sy medekrygsgevangenes op St. Helena se grootste vraag die eerste paar maande van hul kampele was: “Wat maak ons met ons tyd?”<sup>64</sup> Die krygsgevangenes moes iets vind om die eentonigheid van die kampele aan te spreek en hulself konstruktief besig te hou sodat selfbejammering en hartseer hokgeslaan kon word. Roodt-Coetzee skryf dat ’n oud-krygsgevangene die volgende opmerking gemaak het toe sy hom gevra het hoekom hy houtsnykens beoefen het:

Waarom ek ’n kerie gemaak het? My lieve, ’n mens was naderhand ook so moeg van al die niksdoen; die tyd het jou darem so verveel. Ek het mense soos mal skape, op en af, op en af, al teen die draadheining sien loop, totdat hulle stapelgek was. Die tyd en jou gedagtes, dit was jou grootste vyande. Ja, net met ’n enkele knipmes. My perd en geweer was weg, maar hoe sou ons Boere sonder ’n knipmes geleef het.<sup>65</sup>

<sup>62</sup> J.C. Pretorius en O.J.O. Ferreira, ’n Dag in die lewe van ’n Boerekrygsgevangene op die Bermuda Eilande tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beskryf deur H.G. Thiel, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(1), Mei 1996, p. 108.

<sup>63</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 134.

<sup>64</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 50.

<sup>65</sup> K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 522.

Aanvanklik het die ongeorganiseerdheid van die kampele die onus op elke individu geplaas om die ledigheid op sy eie manier aan te spreek. Na elke dag se roetine-take afgehandel is, soos die daaglikse appèl en inspeksie asook die ontvangs van die dag se rantsoene en kosvoorbereiding, moes krygsgevangenes iets vind om die knelgreep van verveling aan te spreek.<sup>66</sup> Die maak van voorwerpe vir persoonlike gebruik of bloot net vir dekoratiewe en estetiese redes om die tyd nuttig te verwy, het baie van die krygsgevangenes se belangstelling geprikkel.<sup>67</sup> Volgens Oosthuizen was dit duidelik dat die gedwonge ledigheid en verveling onder die krygsgevangenes die grondslag gelê het vir die handwerkbedrywighede wat gevolg het.<sup>68</sup> F.J. Badenhorst wat in die Bellevue-kamp was, skryf dat hulle almal gewerk het deur houtkerfwerk of breiwerk te doen om sodoende besig te bly.<sup>69</sup> Op St. Helena het die Britse militêre outoriteit houtkerf en gravering as tydverdryf aangemoedig.<sup>70</sup> C.R. Kotzé het aangedui dat Blikkiesdorp die middelpunt van handel en kunsvlyt was en dat honderde mans dwarsdeur die nag met hul naalde, kwaste, sae, bore en messe gewerk het.<sup>71</sup> Op Bermuda het H.G. Thiel opgemerk: “Alles is bezig, geen enkele lui-lakt.”<sup>72</sup> J.A. van Blerk het ook in sy herinneringe van Bermuda geskryf: “Waar hulle eers hul tyd in ledigheid deurgebring het en soms doelloos aan ’n stukkie hout gesit en sny het, was die hele kamp, van die een end na die ander en dit op elke eiland, van die môre tot die aand kliphard besig om kuriositeite te maak.”<sup>73</sup>

Namate al hoe meer krygsgevangenes by die vervaardiging van krygsgevangenekunsvoorwerpe betrokke geraak het, het daar ’n behoefte ontstaan dat handwerkbedrywighede beter georganiseer en gekoördineer moes word. Die meer bedrewe vakmanne en leiersfigure onder die krygsgevangenes het die behoefte raakgesien en dit het daartoe aanleiding gegee dat werksinkels en handwerkverenigings gestig is. Volgens G. Dominy en D. Reusch is die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns gekenmerk deur ongestruktureerdheid en individualisme, maar waar georganiseerde handwerkbedrywighede wel plaasgevind het, is die

---

<sup>66</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 216.

<sup>67</sup> F. Pretorius, Boer Prisoner of war art, *History Today* 56(3), March 2006, p. 33.

<sup>68</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 276.

<sup>69</sup> E. Hobhouse, *Tant’ Alie of Transvaal: Her diary 1880-1902*, p. 217.

<sup>70</sup> Cd. 431 Colonial Reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 16.

<sup>71</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 58.

<sup>72</sup> J.C. Pretorius en O.J.O. Ferreira, ’n Dag in die lewe van ’n Boerekrygsgevangene op die Bermuda Eilande tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beskryf deur H.G. Thiel, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(1), Mei 1996, p. 104.

<sup>73</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 49.

opbrengs deur die krygsgevangenes gebruik om hul basiese geriewe en lewensgenietinge te verbeter.<sup>74</sup>

J.D.T. Krynauw van Bermuda het geskryf dat die kampe soos fabriek ingestig was en dat daar oral binne en buite die kamp heeldag groepe was wat besig was om te fabriseer.<sup>75</sup> So is daar byvoorbeeld by Bermuda die *Industrial Association* op Burt-eiland gevorm met A.C. Schulenburg as sekretaris, met die doel om die Boerekrygsgevangenes aan te moedig om iets bruikbaar met die tyd tot hulle beskikking te vervaardig, maar om ook terselfdertyd 'n paar pennies te verdien.<sup>76</sup> Dominee D.J. Viljoen het ook die behoefte aan 'n ambagsvereniging in die Ahmednagar-kamp in Indië ondervind, wat gelei het tot die vorming in Augustus 1901 van *De Gifte en Goedere Commissie*, met D.S. van Warmelo as sekretaris. Die komitee het onder andere die kampkommandant versoek vir 'n kamer, gereedskap en materiaal om sodoende die krygsgevangenes in staat te stel om krygsgevangenekuns te vervaardig.<sup>77</sup>

### 3. Bron van inkomste en handelsmotief

'n Derde motivering vir die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns wat na vore getree het namate die krygsgevangenes se handwerkbedrywighede al hoe meer bekend geraak het, was die uitruil of verkoop van krygsgevangenekunsvoorwerpe. Op dié manier kon die krygsgevangenes 'n ekstra inkomste verdien.<sup>78</sup> Die geskiedskrywer J.J. Oberholster is van mening dat die handwerkbedrywighede wat aanvanklik net as 'n tuisnywerheid begin het om letterlik die tyd te verdryf en verveeldheid te bekamp, weldra oorgegaan het na 'n handelsmotief wat stukrag verleen het om 'n industrie te vestig aangesien daar 'n groot aanvraag na die handgemaakte krygsgevangenekuns was.<sup>79</sup> J.C. Pretorius beaam dié stelling en skryf ook dat daar spoedig al hoe meer voorwerpe op aanvraag vervaardig en verkoop is, wat gelei het tot die ontstaan van 'n volskaalse industrie.<sup>80</sup>

---

<sup>74</sup> G. Dominy and D. Reusch, Handicrafts, philanthropy and self-help: The Fort Napier Kamp-Industrie during World War I, *Natal Museum Journal Humanities* 5, October 1993, p. 210.

<sup>75</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", p. 276.

<sup>76</sup> C.A.R. Schulenburg, *August Carl Schulenburg: Krygsgevangene, medikus, boer*, p. 62.

<sup>77</sup> D.J. Viljoen, Die kampbeskrywings van Ahmednagarfort deur ds. D.J. Viljoen, in A.W.G. Raath (red.), *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, pp. 107-108; Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwins: D.S. van Warmelo – H. Cloete, 20 Augustus 1901.

<sup>78</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 134.

<sup>79</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 24.

<sup>80</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 134.

Die aard van die krygsgevangenekunsvoorwerpe as bloot nuttige gebruiksvorwerpe of kuriositeite wat vervaardig is om die tyd te verwy, het verander na dié van 'n kommoditeit waarmee die krygsgevangenes kon handel dryf en 'n inkomste verdien. Deur selfversorgend te wees, kon krygsgevangenes weer van hul trots en selfrespek herwin wat deur die oorlogssituasie en gevangenskap geïnhibeer is. Veral die krygsgevangenes wat hul eie persoonlike fondse uitgeput het of wie se families hulle nie finansieel kon ondersteun nie, het hierby gebaat.<sup>81</sup>

In die eerste plek kon krygsgevangenes met die ekstra inkomste tot hul beskikking hul daaglikse dieet aanvul.<sup>82</sup> Verskeie krygsgevangenes meld in hul dagboeke dat die kwantiteit en kwaliteit van die rantsoene onvoldoende en ontoereikend was. H. de Graaf van St. Helena het byvoorbeeld geskryf dat honger 'n skerp swaard was.<sup>83</sup> H.H. van Niekerk het weer gekla dat die rantsoene wat ontvang is, vir 'n volgroeide, gesonde man heeltemal te min was.<sup>84</sup> Selfs 'n onbekende krygsgevangene op St. Helena het opgemerk dat: “Van de waarde van deze paar shillings willen wij niet spreken want wij allen weet wat het is om ene of ander klein ‘extra’ bij onze eten te kunnen voegen.”<sup>85</sup> Die ekstra paar sjielings het hulle in staat gestel om onder andere groente, eiers en vrugte van die eilandbewoners te koop.<sup>86</sup> Ene Du Toit op Ceylon het weer vertel hoe hy sy krygsgevangenehandwerk teen 'n duur prys aan reisigers verkoop het om sodoende kos in die kampwinkeltjies te koop.<sup>87</sup> J.S. van der Watt het in Indië dieselfde ondervind deur op te merk dat die weinige geldjies wat verdien is, gewoonlik op kos spandeer is aangesien daar te min kos was om mee klaar te kom.<sup>88</sup>

Tweedens het die krygsgevangenes tabak gekoop.<sup>89</sup> Volgens 'n oud-krygsgevangene van Bermuda was die vervaardiging van krygsgevangenekuns blykbaar die vernaamste manier om

---

<sup>81</sup> C.E. van Dyk, “Boer prisoners of war at Simon’s Town 1899-1902”, B.A. (Honours) Research Essay, U.C.T., 1987, p. 141.

<sup>82</sup> P. Oosthuizen, *Boer War memorabilia: The collectors’ guide*, p. 83.

<sup>83</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 57.

<sup>84</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 202.

<sup>85</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 2, 15 Junie 1901, p. 1

<sup>86</sup> I.J. Minnaar, Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (I), *Die Huisgenoot*, 27 November 1936, p. 95.

<sup>87</sup> K. Roodt, “Die krygsgevangenes as kultuurgroep”, Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

<sup>88</sup> J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-Krijgsgevangenen op Ceylon [Indië]*, p. 94.

<sup>89</sup> P. Oosthuizen, *Boer War memorabilia: The collectors’ guide*, p. 83.



’n geldjie te verdien om aan hul bykomende behoeftes te voorsien, waarvan die grootste behoefte natuurlik die verkryging van tabak was.<sup>90</sup>

Derdens is luukshede aangeskaf. Op Bermuda kon die krygsgevangenes met die ekstra inkomste onder andere seëls aankoop.<sup>91</sup> P.E.I. Schröder-Nielsen skryf dat hy tydens sy gevangenskap in Tin Town, Ladysmith, genoeg geld bymekaar gemaak met die verkope van sy handwerk om tabak, posseëls, sigarette en soms limonade uit die kampwinkel te koop.<sup>92</sup> Selfs by Bellevue in Simonstad is die ekstra inkomste by die talle winkeltjies in die kamp spandeer of geruil vir *Good Fors* om goedere van die plaaslike handelaars te koop.<sup>93</sup>

Met die geld wat verdien is, het krygsgevangenes ook plaaslike inwoners of medekrygsgevangenes se dienste gehuur. So skryf D.S. van Warmelo byvoorbeeld aan sy suster dat hy nie te veel geld op kuriositeite wou spandeer nie, aangesien hy dan nie oor genoeg geld sou beskik om iemand te huur om take soos koskook, was en skoonmaak te verrig nie.<sup>94</sup> Die handwerkaktiwiteite in die Umbilo-kamp het ook nie net daartoe bygedra om verveeldheid te bekamp nie, maar dit het ook die krygsgevangenes in staat gestel om hul families te ondersteun met die geld wat hulle gemaak het deur dit na die konsentrasiekampe toe te stuur.<sup>95</sup> Die ekstra inkomste is selfs gespaar om voorsiening te maak vir die terugreis na Suid-Afrika.<sup>96</sup>

Vir sommige krygsgevangenes was die vervaardiging en verkope van krygsgevangenekuns ’n baie winsgewende besigheid. J.B. de Villiers van St. Helena het opgemerk dat van die krygsgevangenes ’n klein fortuintjie uit die verkoop van krygsgevangenehandwerk gemaak het en dat enkeles tot £200 opsygesit het.<sup>97</sup> H.T. Siglé het van sy houtsnykuns ten duurste op St. Helena verkoop, onder andere pype teen £1.10, en het blykbaar meer as £300 wins gemaak gedurende die periode van sy krygsgevangenskap.<sup>98</sup> Selfs C.J. Liebenberg het genoem dat daar

---

<sup>90</sup> Oud-krygsgevangene, Op Bermuda: Lewenswyse van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 13 Desember 1935, p. 35.

<sup>91</sup> K.W. Elwes, The Boer prisoners in Bermuda, *Fortnightly Review* 426, June 1902, p. 995.

<sup>92</sup> I. Rudner and B. Nasson (eds.), *I. Schröder-Nielsen: Among the Boers in peace and war*, pp. 183-184.

<sup>93</sup> C.E. van Dyk, “Boer prisoner of war at Simon’s Town 1899-1902”, B.A. (Honours) Research Essay, U.C.T., 1987, p. 142.

<sup>94</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwins: D.S. van Warmelo – H. Cloete, 24 Julie 1901.

<sup>95</sup> J. Wassermann and A. Wholberg, The prisoner of war camp at Umbilo during the Anglo-Boer War, *Journal of Natal and Zulu History* 24 & 25, 2006-2007, p. 230.

<sup>96</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 2, 15 Junie 1901, p. 1.

<sup>97</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

<sup>98</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG5708, inskrywing in aanwinsregister; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: H.T. Siglé – K. Roodt-Coetzee, s.a.

op Diyatalawa 'n kunstige persoon was wat £100 gemaak het deur net wapens met sy knipmes op krygsgevangenehandwerk wat deur ander persone gemaak is, uit te sny.<sup>99</sup>

Ander mense was weer skepties. A.S. Green skryf dat die bietjie handwerkindustrieë wat op St. Helena tot stand gekom het, te min was om die populasie van ongeveer 4 500 krygsgevangenes op daardie tydstip te ondersteun.<sup>100</sup> J.N. Brink van Ceylon het weer opgemerk: “All this work, however, is of a mere trifling nature, and no artisan would be able to earn his daily bread with it.”<sup>101</sup> Teen Maart 1902 lui 'n berig in *De Krijgsgevangene* van Ceylon dat die kompetisie vir sommige van die vervaardigers byna nie meer die moeite werd was om iets unieks te maak nie, aangesien die meeste van die uitsonderlike voorwerpe en selfs die gewone handwerk ver onder hul waarde verkoop is.<sup>102</sup> J.H. Kruger, wat 'n letter- en wapengraveerder in die Diyatalawa-kamp was, skryf ook dat heelparty krygsgevangenes bestellings geplaas het en wanneer die werk gedoen is, hulle net eenvoudig nie betaal het nie.<sup>103</sup> Selfs op Bermuda het die krygsgevangenes gekla dat hulle onder 'n wanindruk geplaas is dat krygsgevangenehandwerk teen goeie pryse van die hand gesit kon word. A.A. Smit skryf dat van die krygsgevangenes hul laaste pennie op die nodige gereedskap spandeer het en dat hulle met teleurstelling agtergekom het dat hulle min kon verkoop en dit teen geringe pryse.<sup>104</sup>

#### 4. Bydraes vir die Weduwee- en Wesefonds

In die vierde plek het die moontlikheid om finansiëel tot die Weduwee- en Wesefonds by te dra, as 'n addisionele dryfveer onder die krygsgevangenes na vore getree. Die navorser D.A. Atwood beweer: “International press interest in the Boer War created a mass market for Boer souvenir objects, and as these objects took on the meanings, memories and experiences of the war, they also embodied the social-political issues that were intertwined with the Boer War public debate.”<sup>105</sup> Die humanitêre kwessie van die behandeling van vroue en kinders in die konsentrasiekampe het publieke debatvoering oorheers. Al het Boeremans en -seuns die

---

<sup>99</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.J. Liebenberg – K. Roodt-Coetzee, 14 Augustus 1940.

<sup>100</sup> A.S. Green, Our Boer prisoners – A suggested object-lesson, *The Nineteenth Century and After* (291), May 1901, p. 756.

<sup>101</sup> J.N. Brink, *Recollections of a Boer prisoner-of-war at Ceylon*, p. 128.

<sup>102</sup> *De Krijgsgevangene* (Ceylon) 1(14), 6 Maart 1902, p. 4.

<sup>103</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.H. Kruger – K. Roodt-Coetzee, 27 Februarie 1941.

<sup>104</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: Dagboek van A.A. Smit, s.a.

<sup>105</sup> D.A. Atwood, ‘Lone and captive far from home’: Gendered objects in Boer POW Camps, Bermuda, 1901-2, in N.J. Saunders (ed.), *Beyond the dead horizon: Studies in modern conflict archaeology*, p. 104.

krygsgevangenehandwerk vervaardig, versinnebeeld dit indirek ook die aanhouding van Boerevrouens en -kinders in die konsentrasiekampe in Suid-Afrika.<sup>106</sup>

Die oud-krygsgevangene, J.D. Cilliers, skryf dat duisende voorwerpe verkoop en in die buiteland ten toon gestel is. Die ingesamelde fondse is deels deur die vervaardigers self benut en die res is tot versterking van die Weduwee- en Wesefonds aangewend om verligting vir dierbares in die konsentrasiekampe te verskaf.<sup>107</sup> Dié motivering het 'n belangrike bydrae gelewer aangesien die krygsgevangenes op 'n daadwerklike manier betrokke kon raak om die lyding van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe aan te spreek, terwyl hulle self in aanhouding was.

In Nederland is daar in verskillende dorpe en stede komitees gevorm om geld en goedere vir die krygsgevangenes in te samel. Veral die *Middelburg Dames Comité* was betrokke by die verkope en uitstalling van krygsgevangenekuns in Nederland. Die opbrengs van die verkope is ook in die sogenaamde Broekhuizenfonds gestort. Die doel van dié fonds was om hulp en noodleniging te verskaf aan die vroue en kinders in die konsentrasiekampe deur middel van verpleging, voedsel en klere.<sup>108</sup> Met die fondse wat deur die verkope ingesamel is, is onder andere melk, suiker, hawermeel, kinder- en vroueklere, medisyne en ook verpleegsters na die konsentrasiekampe gestuur.<sup>109</sup>

Kampkommandant A.L. Paget skryf dat daar 'n behoefte onder die krygsgevangenes op St. Helena ontstaan het om fondse vir die Weduwee- en Wesefonds in te samel. Die idee was dat elke man wat op parool gegaan het, 'n stok moes saambring om gekerf en gepoleer te word, wat dan weer in Europa verkoop kon word. Die opbrengs (minus die vervoerkoste) sou in dié fonds gestort word.<sup>110</sup> 'n Kommissie is in die Deadwood-kamp gestig met kommandant S. Eloff as voorsitter, om die logistieke reëlings in verband met die bydraes tot die fonds te behartig. H. Everitt was die sekretaris, Nielsen, Van Huijssteen, Coetzee en Van Wijk is as lede benoem. Die kommissie se taak was om “curios van allerlei aard, door Krijgsgevangenen gemaakt, en als vrije giften aangeboden, te verzamelen, intepakken en naar Holland te verzenden, alwaar zij verkocht worden, en het Weduwen en Wezen Fonds begroot wordt met de opbrengst

---

<sup>106</sup> D.A. Atwood, 'Lone and captive far from home': Gendered objects in Boer POW Camps, Bermuda, 1901-2, in N.J. Saunders (ed.), *Beyond the dead horizon: Studies in modern conflict archaeology*, pp. 105, 110.

<sup>107</sup> J.D. Cilliers, Boere-krygsgevangenes op Ceylon, *Die Huisgenoot*, 9 Oktober 1931, p. 19.

<sup>108</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 218.

<sup>109</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, p. 3.

<sup>110</sup> A.L. Paget, Some experiences of a commandant prisoner of war, at Deadwood Camp St. Helena, 1900-1901 (Part II), *Longman's Magazine* 39(229), November 1901, p. 45.

daarvan”.<sup>111</sup> In die Broadbottom-kamp is ook ’n kommissie gestig met kommandant A. van Niekerk as voorsitter, H. Fivaz as sekretaris, en Lindeque en Victor as lede.<sup>112</sup>

Aan die begin van Junie 1901 is die eerste besending krygsgevangenehandwerk vanaf Deadwood na Europa versend. Dit het bestaan uit ongeveer 550 penhouers, 50 borsspelde, ’n aantal skuifkissies, ‘skelmdosies’, brilhuisies, vierkantige kissies asook ’n groot verskeidenheid ander hout- en been-voorwerpe. Die tweede besending was op daardie tydstip besig om bymekaar gemaak te word. ’n Versoek is in die kampkoerant van St. Helena, *De Krijgsgevangene*, gerig dat alle krygsgevangenes ’n bydrae lewer, hoe gering ook al. In die uitgawe van die kampkoerant is die hoop uitgespreek dat nie slegs een of twee besendings na Europa toe sou gaan nie, maar vele meer. Met die verkope van die inhoud kon ’n aansienlike opbrengs gelewer word om sodoende die lot van menige weduwees en wese te versag.<sup>113</sup>

In die 29 Junie 1901-uitgawe van *De Krijgsgevangene* van St. Helena meld kommandant Eloff dat hy reeds besig was om die tweede besending voorraad in te pak. Hy het nogtans ’n beroep op die krygsgevangenes gedoen om meer voorwerpe te skenk aangesien daar nog plek in die kis was.<sup>114</sup>

Teen 20 Julie 1901 is die tweede besending krygsgevangenehandwerk vanaf Deadwood na Nederland gestuur. Dit het ’n taamlike groot kis bevat, met onder andere 1 520 penhouers, 80 kieries, 75 borsspelde, 25 houtkelkies en ’n groot hoeveelheid slangdosies, ‘skelmdosies’, ringe, mandjies, bobbejaanspeelgoed en nog vele ander voorwerpe. In die afwesigheid van kommandant Eloff is kommandant Wolmarans tydelik tot voorsitter verkies. Fivaz en sy komiteelede was op daardie tydstip ook druk besig om krygsgevangenehandwerk in te samel sodat ’n vol kis vanaf Broadbottom versend kon word.<sup>115</sup>

In *De Krijgsgevangene* van St. Helena word op 16 November 1901 terugvoer gegee dat ’n bedrag van ongeveer £152 reeds ingesamel was. In dié uitgawe doen kaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer ’n beroep op die krygsgevangenes in Deadwood om ’n derde besending voorraad bymekaar te maak. Die voorwerpe kon teen Kersfees in Europa wees en mense sou daarin belangstel om die krygsgevangenes se handgemaakte voorwerpe as Kersgeskenke aan te skaf.

---

<sup>111</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 1, 8 Junie 1901, p. 2.

<sup>112</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 1, 8 Junie 1901, p. 2.

<sup>113</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 1, 8 Junie 1901, p. 2.

<sup>114</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 4, 29 Junie 1901, p. 1.

<sup>115</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 6, 20 Julie 1901, pp. 2, 3

Dieselfde kommissie in Deadwood sou verantwoordelik wees om die voorraad in ontvangs te neem, te verpak en te versend. In Broadbottom het Fivaz byna een kis vol voorwerpe gereed gehad om versend te word.<sup>116</sup> Teen die einde van November 1901 het Broadbottom hul kis vol voorraad na Nederland versend. Daar is ook 'n versoek gerig dat die kwaliteit van die krygsgevangenekuns nie moes afneem nie aangesien 'ou rommel' nie verkoop kon word nie.<sup>117</sup>

'n Maand later, teen 28 Desember 1901, is die derde besending voorraad vanaf Deadwood gestuur.<sup>118</sup> Volgens C.R. Kotzé het die verkope van versendings uit die krygsgevangenekampe ten bate van die weduwees en wese, teen Desember 1901 reeds £231 beloop.<sup>119</sup>

Verskeie takke van die CSV wat oorspronklik in die VSA ontstaan het – is in Deadwood en Broadbottom gestig. Namate dié vereniging se takke gegroei het, was daar later 'n distriksunie waaronder agtien verskillende takke georganiseer en geadministreer is, met ongeveer 1 000 lede. Die CSV het 'n winkel in Deadwood gehad waar krygsgevangenehandwerk soos houtkissies, borsspelde, pype, penstele, servetringe, dasse, ringe, kieries en messies ten bate van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe verkoop is. Die prys van 'n das het gewissel van 1s. 3d. tot 1s. 6d. terwyl N. Smit byvoorbeeld vyf kieries vir 2s. 6d. aangekoop het.<sup>120</sup>

Dié motivering het ook as dryfveer gedien vir die krygsgevangenes op Ceylon wat met die kampe op St. Helena gewedywer het om die meeste krygsgevangenekuns vir dié verdienstelike saak te produseer. Op 16 November 1901 berig *De Krijgsgevangene* van St. Helena dat die krygsgevangenes in Ceylon reeds vier kiste krygsgevangenehandwerk aan kaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer se broer in Haarlem gestuur het.<sup>121</sup> Vervolgens berig *De Krijgsgevangene* van Ceylon op 26 Desember 1901 dat J.T. Bain van Hut 28 geadverteer het dat 10% van alle winste op versendings van kuriositeite na Europa of Amerika vir die Weduwee- en Wesefonds geormerk sou word.<sup>122</sup> 'n Maand later, op 4 Januarie 1902, skryf

---

<sup>116</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, pp. 2-3.

<sup>117</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 13, 30 November 1901, p. 3.

<sup>118</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 15, 28 Desember 1901, p. 2.

<sup>119</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap* (St. Helena), p. 74.

<sup>120</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01699/00001, s.p.: Notuleboek van CSV, Deadwood te St. Helena, 1901-1902; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 141-142.

<sup>121</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, pp. 2-3.

<sup>122</sup> *De Krijgsgevangene* (Ceylon) 1(4), 26 Desember 1901, p. 1.

F.C. Versélewel de Witt Hamer aan M. de Wet in Diyatalawa dat hy ongeveer £125 se voorraad vanaf Ceylon verkoop het.<sup>123</sup>

In Ahmednagar, Indië, het D.S. van Warmelo probleme ondervind om genoegsame voorraad bymekaar te maak om ten bate van die Weduwee- en Wesefonds in Nederland te verkoop.<sup>124</sup> Met moeite is 'n klein aantal voorwerpe versamel om versend te word, onder andere twaalf albums met handtekeninge, een tafeltjie, een bankie, vyf pype, drie dasse en 'n paar kissies. Op 28 April 1902 skryf Van Warmelo as sekretaris van die *De Gifte en Goedere Commissie* aan F.C. Versélewel de Witt Hamer dat die komitee helaas nie verder behulpsaam kon wees met die verskaffing van voorraad vir die Weduwee- en Wesefonds nie. Die hoofrede wat aangevoer is, was die ongunstige omstandighede waarin die krygsgevangenes hulself in Ahmednagar bevind het.<sup>125</sup> Vermoedelik is die versending van die kis met voorraad vertraag aangesien dit teen 4 Augustus 1902 nog steeds in Bombaai gelê het en dus glad nie die eintlike doel waarvoor dit bestem was, verwesentlik het nie.<sup>126</sup>

## 5. Bydraes vir sending

*De Kerkbode* verskaf nog 'n rede vir die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns, naamlik dat voorwerpe verkoop is om fondse in te samel vir sendingaksies binne Suid-Afrika sowel as na die buiteland.<sup>127</sup> Veral op St. Helena en Ceylon het die motivering onder lede van die CSV gegeld. In die brief van dominee A.F. Louw wat in die *De Kerkbode* van 29 Augustus 1901 verskyn het, versoek hy die gemeentes in die Kaapkolonie om betrokke te raak by die sendingsaak. Hy stel voor dat 'n poswissel van £3 per gemeente aan hom gestuur word. Louw sou dan as middelman optree om die krygsgevangenehandwerk soos borsspelde, penstele en papiermesse by die krygsgevangenes aan te koop en dit dan na die betrokke gemeentes aanstuur wat dit weer teen 'n wins by kerkbasaars kon verkoop. Die winste moes inbetaal word by dominee J. Roos by die kerkkantoor in Kaapstad. Vandaar is die fondse aangewend vir die sendingsaak deur dit gelykop te verdeel tussen die binnelandse en buitelandse sendingaksies.<sup>128</sup>

---

<sup>123</sup> *De Strever* 1(15), 29 Maart 1902, p. 82.

<sup>124</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwins: D.S. van Warmelo – H. Cloete, 13 Januarie 1901.

<sup>125</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwins: D.S. van Warmelo – F.C. Versélewel de Witt Hamer, 28 April 1902.

<sup>126</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwins: D.S. van Warmelo – J.G. Bendie, 4 Augustus 1902.

<sup>127</sup> *De Kerkbode* 34, 29 Augustus 1901, pp. 489-490.

<sup>128</sup> J. Louw, *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse*, pp. 77-78; *De Kerkbode* 34, 29 Augustus 1901, pp. 489-490.

Harry L. Webb skryf in *De Kerkbode* van 12 September 1901 dat die CSV in Deadwood die sendingsaak wou bevorder deur krygsgevangenekuns te vervaardig en verkoop. Webb noem ook dat hulle draaibank amper voltooi was, wat die vervaardiging van die krygsgevangenekuns aansienlik sou vergemaklik. Onder leiding van dominee A.F. Louw is 'n kommissie van agt lede gekies wat die inisiatief moes hanteer en bevorder. Die kommissie het besluit op die naam *St. Helena Christeljk Strevers Zending Handwerkers Genootskap*, afgekort na St. H.C.S.Z. Hw. G., wat op die voorwerpe wat deur die genootskap se lede vervaardig sou word, aangebring moes word. Webb sluit sy skrywe af met die hoop dat daar ook in Suid-Afrika van die krygsgevangenekuns verkoop sou word sodat die geld nuttig vir die sendingsaak aangewend kon word.<sup>129</sup> Volgens J.B. de Villiers is 'n totaal van £100 vir die sendingsaak ingesamel.<sup>130</sup>

Die CSV in Diyatalawa het ook bygedra om geld in te samel vir sending en liefdadigheidswerk. In Mei 1902 het dominee P. Boshoff verslag gedoen dat voorwerpe vanaf Ceylon in aanvraag was en goed verkoop het by 'n kerkbasaar op Stellenbosch. Krygsgevangenehandwerk is ook aan welwillendheidsorganisasies verskaf om internasionaal te verkoop. Papiermesse wat in Diyatalawa vervaardig is, is aan W. Shaw, boekhouer van die *Christian Endeavor Society* in die VSA, gestuur om by die vereniging se vergaderings te verkoop. 'n Gedeelte van dié opbrengs is vir sendingwerk aangewend, terwyl 'n bankwissel van £6 8s 1d aan die krygsgevangenes gestuur is vir hul eie gebruik.<sup>131</sup> Daar is ook 'n aantal CSV-borsspelde, papiergewigte, papiermesse en servetringe van been, ivoor en Ceylonse houtsoorte vir die *Christian Endeavor Society* gestuur om te verkoop, in ruil vir *Christeljk Strevers*-literatuur in Hollands wat hulle tydens byeenkomste kon gebruik.<sup>132</sup>

## 6. Bydraes vir museums

In die sesde plek is krygsgevangenehandwerk onder andere ook vervaardig met die spesifieke doel om in museumversamelings opgeneem te word. In die 19 Oktober 1901-uitgawe van die St. Helena-kampkoerant *De Krijgsgevangene* is die totstandkoming van 'n Krygsgevangene Museum in Pretoria in die vooruitsig gestel. In die museum moes die skilderye,

---

<sup>129</sup> J. Louw, *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Brieue en belewenisse*, pp. 79-80; *De Kerkbode* 36, 12 September 1901, p. 511.

<sup>130</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

<sup>131</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 277-278.

<sup>132</sup> Massachusetts Historical Society, Boston: Lend a Hand Society Records, Carton 1: Boer prisoners in Bermuda 1901, 1902, 1904, Dr. E.E. Hale – A. R. Wells, 25 March 1902.

agtergrondbehangsels en versierings van die ‘Tot Nut en Vermaak’-klub en die Duitse Klub, asook ’n verskeidenheid van krygsgevangenekuns, bewaar word. Die plan was dat ’n voorbeeld van elke tipe voorwerp wat deur die krygsgevangenes vervaardig is, in die museum geplaas moes word. Daar is gehoop dat so ’n versameling groot belangstelling van vriende, familie asook die hele wêreld sou ontlok. Elke vervaardiger moes een van sy beste voorbeelde verskaf.<sup>133</sup> Op 14 Desember 1901 noem *De Krijgsgevangene* van St. Helena dat kommandant Eloff weer die versugting uitgespreek het dat krygsgevangenehandwerk in museums in Pretoria en Bloemfontein uitgestal moes word. ’n Kommissie moes van stapel gestuur word wat sou toesien dat dit wel gebeur.<sup>134</sup>

Krygsgevangenes het gehoor gegee aan die versoek deur spesiale doelgerigte voorwerpe te verskaf. In Oktober 2017 is daar byvoorbeeld ’n nagmaalkelkie van horing met die inskripsie “Aan Staatsmuseum van den Oranje Vry Staat door JL Wessels, KGV, St. Helena, 1901-1902” vir ’n bedrag tussen R1 850 en R4 000 in Johannesburg opgeveil.<sup>135</sup> Die krygsgevangene I.J. Minnaar skryf dat toe hulle ná Vredesluiting die kamp op St. Helena verlaat het, ’n argiewekommissie aangestel is wat moes toesien dat alle geskiedkundige items, soos dokumente, vloe en skilderye, behoorlik opgepak en na Pretoria versend word om bewaar te bly.<sup>136</sup> Volgens die goewerneur R.A. Sterndale is ’n verskeidenheid handgemaakte voorwerpe uit hout, metaal en been afkomstig van die krygsgevangenekamp by Deadwood, ook aan die destydse museum op St. Helena geskenk.<sup>137</sup>

## **7. Materiële vergestaltung van Boerekrygsgevangenes se emosies, psige en identiteit**

Laastens is dit ook belangrik om die intrinsieke doel en funksie waarvoor krygsgevangenekunsvoorwerpe vervaardig is, vas te stel en te kontekstualiseer.<sup>138</sup> Eerstens kan krygsgevangenekuns beskou word as die materiële vergestaltung van krygsgevangenes se innerlike emosies en gevoelens. Oosthuizen skryf dat van die kleinste tot die grootste handwerkskeppinge inherent die krygsgevangenes se onuitgesproke heimwee, verlange, liefde vir en hunkering na dinge wat hulle in Suid-Afrika moes agterlaat, weerspieël het. Dit het die

---

<sup>133</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 11, 19 Oktober 1901, p. 2.

<sup>134</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 14, 14 Desember 1901, p. 2.

<sup>135</sup> Old Johannesburg Warehouse Antiques Art and Collectables Auctioneers, *Anglo-Boer War auction: The Ray Leppan collection* Lot 785, 15 October 2017, s.p.

<sup>136</sup> I.J. Minnaar, Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene (IV), *Die Huisgenoot*, 25 Desember 1936, p. 73.

<sup>137</sup> Cd.431 Colonial Reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 13.

<sup>138</sup> G. Dominy and D. Reusch, Handicrafts, philanthropy and self-help: The Fort Napier Kamp-Industrie during World War I, *Natal Museum Journal Humanities* 5, October 1993, p. 208.



woordelose verhaal van hul leed uitgebeeld. Hy skryf verder: “Dit is die verhaal van die tragiek van hul lewens, hul eensaamheid, hul verlange, humor, hoop en verwagtinge, maar ook van verydeling, frustrasie, onvervulde drome en ideale.”<sup>139</sup> Die leraar, J.A. van Blerk, skryf dat die krygsgevangenes op Bermuda wat met ’n kunssin geseënd was, begin het om uiting te gee aan die gevoelens wat hulle in hul gemoed beleef het deur allerhande voorwerpe te vervaardig.<sup>140</sup> J.H.L. Schumann getuig dat die krygsgevangenes tydens hul ballingskap op St. Helena geleer het wat die waarde van ’n vrou is. Die eggenoot het daagliks gesukkel en die kampelewe eentonig gevind sonder sy dierbare vrou, die seun het sy liewe moeder wat hom versorg en geklee het, gemis en die broer het meer as ooit aan sy beminde suster gedink.<sup>141</sup> Die onderliggende en onsigbare rede van verlange na geliefdes in Suid-Afrika het grootliks bygedra tot die maak van sogenaamde liefdesgeskenke.<sup>142</sup>

Tweedens het die vervaardiging van krygsgevangenekuns vir die mans op psigologiese vlak baie beteken. Om krygsgevangenskap te kon oorleef, het nie net fisiese gesondheid vereis nie. Deur die beoefening van kreatiewe aktiwiteite kon krygsgevangenes hul gemoedstoestand verbeter, hul selfvertroue herwin en het dit as ’t ware as ’n voordelige terapeutiese uitlaatklep gedien.<sup>143</sup> Oosthuizen is van mening dat die krygsgevangenes se gedagtes in hul ontworpele toestand, gewentel het om die voorwerpe waarby hulle tuis gevoel het. Dit het vir baie mans weer ’n staanplek en vastraplek in die lewe gegee.<sup>144</sup>

Krygsgevangenes het kreatiwiteit gebruik om dit wat hulle denke oorheers het, visueel en materieel tot uiting te bring, wat in ’n mate teenstrydig is met die algemene opvatting dat die vervaardiging van krygsgevangenekuns bloot net ’n ligsinnige tydverdryf was om die tyd mee om te kry.<sup>145</sup> Volgens J.A. van Blerk het die isolasie krygsgevangenes aan die dink gesit en het hulle die idees in hul kunswerk verewig.<sup>146</sup> So skryf J.N. Botha byvoorbeeld in sy herinneringe dat hy ’n kiere met ’n perdehoefhandvat en klipsalamander wat teen die steel opklom, uitgekerf het terwyl hy op St. Helena aangehou was. Botha onthou dat hy as kind saam met ’n

---

<sup>139</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, pp. 283-284.

<sup>140</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 48.

<sup>141</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, pp. 25-26.

<sup>142</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 137.

<sup>143</sup> G. Carr and H. Mytum (eds.), *Cultural heritage and prisoners of war: Creativity behind barbed wire*, p. 6.

<sup>144</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 283.

<sup>145</sup> G. Carr and H. Mytum (eds.), *Cultural heritage and prisoners of war: Creativity behind barbed wire*, p. 4.

<sup>146</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.A. van Blerk – K. Roodt-Coetzee, 17 Maart 1941.

klompie maats teiken gegooi het na die bloukopklipsalamanders wat in die warm son op die klippe sit en bak het. In die eensaamste tyd van sy ballingskap het hy dikwels teruggedink aan daardie dae en 'n onnoembare drang het by hom ontstaan om 'n salamander teen sy kiere uit te kerf.<sup>147</sup>

Van die krygsgevangenes het egter so meegevoer geraak met die vervaardiging van krygsgevangenekuns dat daar selfs op 19 Oktober 1901 'n aanmaning in die St. Helena-kampkoerant *De Krygsgevangene* verskyn het. Krygsgevangenes is aangemoedig om tussendeur die handwerkbedrywighede ook liggaamsoefening te beoefen. Hulle moes nie die hele dag net sit en sny of kerf nie, veral met die oog daarop dat die mans met hul terugkeer na Suid-Afrika hul kragte sou moes inspan om weer vir hulself en hul families te voorsien.<sup>148</sup>

Derdens reflekteer die krygsgevangenekunsvoorwerpe die identiteit van die mens wat dit gemaak het.<sup>149</sup> G. Dominy en D. Reusch skryf dat die handwerk nie net simbolies dui op die krygsgevangenes se verlange na dit wat hulle verloor het nie, maar dat dit ook dui op hul gedetermineerdheid om nie hul erfenis en identiteit te verloor nie. Volgens Dominy en Reusch het die vervaardigers van krygsgevangenekuns 'n sosiale realiteit geskep waardeur hul etnisiteit en lewenswyse geforseer was om enige poging van onderwerping deur die Britse bestel teen te staan. Dit het vir die individu al die belangrike identiteitsbakens versinnebeeld wat hom as persoon gedefinieer het, soos sy godsdienssin, sy strewe na politieke onafhanklikheid, sy status as krygsgevangene asook die verlange na persoonlike vryheid.<sup>150</sup> Die gebruik van tradisionele volkskunssimbole en ander motiewe het die inherente identiteit van die krygsgevangenes weerspieël. Die perd, die geweer, die Bybel asook die wapens van die twee Republieke het volgens J.A. van Blerk die algemeenste voorgekom.<sup>151</sup>

Nog 'n aspek wat indirek deur krygsgevangenekuns aangespreek is, is geslagsidentiteit. Volgens D.A. Atwood het daar 'n paradoks ontstaan as gevolg van die aantal krygsgevangenehandwerk wat 'n vroulike ondertoon suggereer, wat veral verband hou met vroulike

---

<sup>147</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.N. Botha – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>148</sup> *De Krygsgevangene* (St. Helena) 11, 19 Oktober 1901, p.1.

<sup>149</sup> E. Itzken, Handcraft by Boer prisoners of war, in G. Verhoef (ed.), *The Anglo-Boer War: Commemorative lectures at the Rand Afrikaans University*, 1999, p. 132.

<sup>150</sup> G. Dominy and D. Reusch, Handicrafts, philanthropy and self-help: The Fort Napier Kamp-Industrie during World War I, *Natal Museum Journal Humanities* 5, October 1993, p. 209.

<sup>151</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 50.

werk en tydverdrywe soos hekelnaalde, servetringe, juwelekissies en borsspelde.<sup>152</sup> Atwood beweer dat die verskynsel van merendeels vroulik-georiënteerde voorwerpe gejukstapositioneer kan word met die patriargale samelewing van die Boere en Victoriaanse Engeland<sup>153</sup> wat op daardie tydstip gekonfronteer is met opkomende publieke diskoers soos vroueregte en emansipasie. Die geslagsidentiteitskwessie kom duidelik na vore in die briefwisseling tussen F.J. Badenhorst en sy vrou. Op 2 April 1901 skryf hy uit die Bellevue-kamp in Simonstad dat die mans besig bly deur houtkerwery en om sokkies en serpe te brei. Op 8 Maart 1902 skryf hy dat hulle ironies genoeg besig was om speelgoed te maak en dat die mans met mekaar gesels soos vrouens, oor watter patroon kwansuis die mooiste is. Op 20 Maart skryf sy vrou sinies in haar dagboek: “This morning when I reached the office, I could not help sighing. Far away in their war-prisons are our husbands, knitting scarves and stockings and making brooches, and here are we women, brought to swear about cattle, sheep, cows, ploughs and spades. Life seems upside down.”<sup>154</sup>

Direkte en indirekte betekenis kan dus aan die tipe voorwerp, die spesifieke vorm, die bewoording asook die keuse van dekoratiewe volkskunssimbole wat op die krygsgevangenekuns voorkom, geheg word. Die onderwerp word in hoofstukke VI en VII met toepaslike voorbeelde bespreek en toegelig .

---

<sup>152</sup> D.A. Atwood, ‘Lone and captive far from home’: Gendered objects in Boer POW camps, Bermuda, 1901-2, in N.J. Saunders (ed.), *Beyond the dead horizon: Studies in modern conflict archaeology*, p. 102.

<sup>153</sup> D.A. Atwood, ‘Lone and captive far from home’: Gendered objects in Boer POW camps, Bermuda, 1901-2, in N.J. Saunders (ed.), *Beyond the dead horizon: Studies in modern conflict archaeology*, p. 109.

<sup>154</sup> E. Hobhouse, *Tant’ Alie of Transvaal: Her diary 1880-1902*, pp. 217, 300-302.

# HOOFSTUK IV

## GEREEDSKAP EN MATERIAAL GEBRUIK IN DIE VERVAARDIGING VAN BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS

---

### Beskikbare gereedskap en toebehore

#### 1. Die knipmes

Volgens die bepalings van die Haagse Konvensie van 1899 met betrekking tot die persoonlike eiendom van die krygsgevangenes word daar duidelik voorgeskryf dat “all their personal belongings except arms, horses and military papers remain their property”.<sup>1</sup> Krygsgevangenes is dus toegelaat om persoonlike besittings soos knipmesse tydens die periode van hul krygsgevangenskap by hulle te hou.

J.J. Oberholster, die skrywer van *Die Huisgenoot*-artikel “Hulle knipmesse het ’n boodskap gekerf” wat op 24 Februarie 1967 verskyn het, beaam dat die knipmes seker die belangrikste en mees gewaardeerde stuk gereedskap onder die Boerekrygsgevangenes se besittings was. Die gebruik daarvan was amper seremonieel. Veral die *Joseph Rogers*-knipmes vanaf Sheffield, Engeland, was blykbaar baie gewild. Knipmesse is besonder goed opgepas en op ’n spesiale slypklip of -plank skerp gemaak. Knipmesse is ook nie somer vir enigiemand uitgeleen nie. Volgens Oberholster kan die omsigtigheid waarmee die knipmesse hanteer is, afgelei word deur die dun, afgewerkte lemme van ou messe wat na afloop van die oorlog deur hul eienaars na Suid-Afrika teruggebring is.<sup>2</sup> ’n Goeie voorbeeld is die knipmes van I.F. Ebersohn, ’n krygsgevangene op Bermuda, wat in die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boere-republieke bewaar word. Die knipmes se lem, met die inskripsie ‘FE’ en ‘BERMUDA 1901’, is behoorlik dun geslyt.<sup>3</sup>

Alhoewel die meeste van die sny- en kerfwerk tydens die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns met dié karige stukkie gereedskap verrig is, was dit ’n moeisame en tydsame proses. Die krygsgevangene, W.J. Armstrong-Whittall, skryf byvoorbeeld dat dit hom 112 ure geneem het om ’n houtboek met ’n gekerfde klipwapen op die buiteblad vir kolonel H.C. Money

---

<sup>1</sup> Aangehaal deur S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, p. 7.

<sup>2</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het ’n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, pp. 24, 26.

<sup>3</sup> Oorlogsmuseum van die Boere-republieke, Bloemfontein: 03724/00004, knipmes, 1901.

in die Groenpunt-kamp te maak, en dit met slegs 'n knipmes en bordurnaald.<sup>4</sup> Die vlak van vakmanskap wat bereik is deur net die gebruik van 'n knipmes, het ook heelwat bewondering afgedwing. J.N. Brink getuig hiervan in sy krygsgevangenskapherinneringe aan Ceylon: "If one takes into consideration the simple implements used, which in many cases consist of nothing else but a pocket knife, one must express astonishment at the results obtained and the good taste and cleverness displayed by the makers."<sup>5</sup>

## 2. Innoverende plaasvervangers

Benewens die knipmes, het krygsgevangenes in die meeste van die kampe innoverende plaasvervangers geprakseer om hul handwerkbedrywighede voort te sit. Op St. Helena is vorksteele omskep in bore of beitels en tafelmesse het sae geword het. Terwyl die krygsgevangenes op parool uit was, het hulle enige stuk draad of yster bymekaar gemaak om dit later te stamp, slaan en skuur totdat dit vindingryk in bruikbare gereedskap omskep kon word.<sup>6</sup> Enige stukkie yster wat normaalweg in Suid-Afrika weggegooi is en op die ashoop sou beland, is eerder sorgvuldig gebêre om later nuttig gebruik te word.<sup>7</sup> Verder het die krygsgevangenes geïmproviseer deur sambreelspeke in figuursae te omskep en klippe het hamers geword.<sup>8</sup> H.T. Siglé, 'n krygsgevangene op St. Helena, onthou dat seuns die gespikkelde agtergrond van die reliëfwerk op kissies met 'n spyker getik het.<sup>9</sup> Selfs meetinstrumente is vervaardig. In die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke word daar byvoorbeeld 'n kruishout, winkelhaak, swaaihaak en passer van been aangetref wat in 1901 deur M.J. Fourie op St. Helena gebruik is.<sup>10</sup>

Die krygsgevangenes op Ceylon se vindingrykheid het ook geen perke geken nie. Volgens *De Krijgsgevangene* van Ceylon op 3 April 1902 was dit glo 'n aardigheid om die gereedskap van die vakmanne te sien. Die krygsgevangenes het onder meer sae van hoepels gemaak. Ou tafelmesse is ook heel prakties as sagies en beitels aangewend. Boogsae is gemaak met die boog wat uit brandhout bestaan het, terwyl die bandsaag geprakseer is uit 'n dun stukkie hoepel afkomstig vanaf 'n teekis. Daar is baie dun boortjies van prikkeldraad gemaak waarmee 'n gat

---

<sup>4</sup> Argyll Etkin Limited, *The Kenneth Griffith Anglo-Boer War collection and library*, p. 24.

<sup>5</sup> J.N. Brink, *Recollections of a Boer prisoner-of-war at Ceylon*, p. 127.

<sup>6</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, pp. 50-51.

<sup>7</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 24.

<sup>8</sup> P. Gosse, *St. Helena 1502-1938*, p. 339.

<sup>9</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: H.T. Siglé – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>10</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03644/00001, kruishout; 03644/00004, winkelhaak; 03644/00008, passer; 03644/00009, swaaihaak, 1901.

in 'n pypsteel geboor kon word.<sup>11</sup> C.P. Pretorius beskryf in sy krygsgevangenskapherinneringe aan Ceylon hoe die selfgemaakte gereedskap gelyk het: “zaag van hoepel schaaft van hoepel is de bijdels in winkelhaak van houd alles netjies in werk goet”.<sup>12</sup>




**Figuur IV-1:** Selfgemaakte gereedskap wat deur H.T. Siglé (links op foto) tydens sy krygsgevangenskap op St. Helena gebruik is vir reliëf kerfwerk op kissies en pype. Uit: Museum Africa, Johannesburg: PH2018-25.

Een van sy medekrygsgevangenes, C.F.L. Hutten, onthou dat hul gereedskap aan die begin maar redelik primitief daar uitgesien het. Saagtande is vir tafelmesse ingevyl met 'n gekoopte vyltjie wat vir 'n paar sent deur die gelukkige eenaar uitgehuur is. Figuursae is geprakseer deur gekoopte saaglemmetjies met boudjies en moertjies aan selfgemaakte boë vas te heg wat vervaardig is van stewige waterbaliehoepels wat dan in die verlangde vorm gebuig is. Selfs die ink waarmee die krygsgevangenes die letterwerk ingevul het, is aanvanklik self gemaak. Asyn met geroeste spykers, asook die sap van bitter appels wat met roet gemeng is, het as plaasvervangende ink gedien. Krygsgevangenes wat nie behoorlike inkpenne kon bekostig nie, het wilde gansvere met hul knipmesse in die nodige vorm gesny. Volgens Hutten is borsspelde vervaardig deur gaatjies met 'n geslypte breipen of stopnaald in die gladde geskuurde stukkie been te boor. Daarna is die verlangde ontwerp dienooreenkomsig met 'n baie dun figuursaag uitgesny. Om die borsspeld af te rond, is 'n gewone haakspeld wat van koperdraad gemaak is, met gesmelte swael in 'n gaatjie aan die agterkant van die borsspeld vasgesit.<sup>13</sup>

<sup>11</sup> *De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(18), 3 April 1902, p. 2.

<sup>12</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06024/00001, p. 75: Dagboek van C.P. Pretorius, Diyatalawa.

<sup>13</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940 en 28 Januarie 1941.



**Figuur IV-2:** C.F.L. Hutten het in sy herinneringe 'n skets geteken van 'n boortoestel wat deur die krygsgevangenes op Ceylon gebruik is om gaatjies in been te boor.  
 Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 28 Januarie 1941.



**Figuur IV-3:** Vier krygsgevangenes van die onderneming 'Human, Theron, Biljon & Co.' besig om borsspelde met behulp van verskillende stukke gereedskap te vervaardig.  
 Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02645.

Die krygsgevangenes in Indië het ook sae geprakseer uit tafelmesse wat deur die Britse kampowerhede voorsien is. Vir die boor van gaatjies is daar onder meer bore van sambreel-speke gemaak en soms het hulle selfs 'n gewone dik naald vir dié doel aangewend.<sup>14</sup> J.F. van Wyk onthou dat hy tydens sy krygsgevangenskap in Indië 'n vurk se tande afgebreek het en dit in houthandvatsels geslaan het. Daarna is die vurktande in verskillende groottes geslyp. Hy het ook 'n saag van 'n tafelmess gemaak en 'n ander mes se lem is middeldeer gebreek om twee beitels te voorsien.<sup>15</sup>

Volgens P.H. Botha het die krygsgevangenes op Bermuda hul knipmesse as skawe en beitels gebruik.<sup>16</sup> Buiten hul knipmesse, is tafelmesse as snymesse gebruik en soms is die rugkante

<sup>14</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 347.

<sup>15</sup> J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp. 218, 222.

<sup>16</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: P.H. Botha - K. Roodt-Coetzee, 5 April 1940.

boonop ook in sae verander.<sup>17</sup> Ou geroeste spykers het selfs handig te pas gekom as gereedskap.<sup>18</sup> Negosiekishoepels is in treksae omskep.<sup>19</sup> Uit die hoepels van sementvate is daar onder andere ook sae, skawe en beitels gemaak.<sup>20</sup> W.F. Potgieter meld in sy herinneringe aan Bermuda dat hulle krygsgevangenehandwerk met 'n mes en naald gemaak het en dat been met klip glad geskuur is.<sup>21</sup>

### 3. Aankoop van doelgerigte gereedskap

Met die ekstra inkomste wat krygsgevangenes uit die verkope van hul handwerk verdien het, kon hulle doelgerigte gereedskap aankoop. Volgens Oberholster was die eerste twee stukke gereedskap wat gewoonlik aangeskaf is, 'n figuursaag en 'n vyl.<sup>22</sup> J. McDonald, wat 'n krygsgevangene op St. Helena was, skryf dat hulle klein sagies en ander werktuie in die hoofstad, Jamestown, gekoop het terwyl hulle op parool was. Later kon hulle ook beter gereedskap in Deadwood se kampwinkels aankoop, soos by die besigheid van 'Malherbe en Schultz' wat 'n verskeidenheid voorraad aangehou het – van 'n pak klere tot 'n naald.<sup>23</sup> As filantroop, het Alice Stopford Green projekte van stapel gestuur om die nodige fondse in te samel om gereedskap en materiaal vir die krygsgevangenes op St. Helena aan te koop. Volgens Green het hul handwerkbedrywighede die maak van klere, houtkerfwerk, timmerwerk, boekbindery en mandjieweef ingesluit. Dominee A.F. Louw het as kontakpersoon opgetree en die behoeftes vir gereedskap en materiaal aan haar verskaf. Op 23 Maart 1901 het Green aan Joseph Chamberlain, die Britse koloniale sekretaris, geskryf dat sy sukkel om die nodige toestemming te kry om gereedskap aan die krygsgevangenes te versprei. In Julie 1902 het Louw egter aan Green geskryf dat sy nie meer gereedskap en materiaal moes stuur nie want daar was onsekerheid op daardie stadium oor wanneer die krygsgevangenes na Suid-Afrika sou terugkeer.<sup>24</sup>

---

<sup>17</sup> Vereniging van Onderwyzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A), *Gedenkboek*, p. 171.

<sup>18</sup> A resident, The Boer prisoners at Bermuda: Their life in a West Indian paradise, and what they think of the war, *Pall Mall Magazine: Review of Reviews* Vol XXVI, November 1901, p. 363.

<sup>19</sup> Oud-krygsgevangene, Op Bermuda: Lewenswyse van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 13 Desember 1935, p. 35.

<sup>20</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 48.

<sup>21</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: W.F. Potgieter – K. Roodt-Coetzee, s.a.


<sup>22</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 26.

<sup>23</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J. McDonald – K. Roodt-Coetzee, 21 Junie 1939.

<sup>24</sup> S.A. Royle, St. Helena as a Boer prisoner of war camp, 1900-2: Information from the Alice Stopford Green papers, *Journal of Historical Geography* 24(1), 1998, p. 64.



Op Ceylon kon krygsgevangenes in die Diyatalwa-kamp gereedskap by die amptelike kampkontraakteur, K. Abram Saibo, koop asook by die plaaslike handelaar wat 'n winkel net buite die kamphek opgerig het.<sup>25</sup> Entrepreneurs onder die krygsgevangenes wat hul eie winkeltjies in die kamp begin het, kon ook die nodige gereedskap verskaf. So het R. Wheeler van winkel drie en Roelof van der Merwe van winkel twaalf geadverteer dat hulle onder andere gereedskap te koop aanbied.<sup>26</sup> H. Meester van hut 28 het ook klein figuursae en bogies verkoop.<sup>27</sup> Op 1 Mei 1902 verskyn daar 'n beriggie in *De Krygsgevangene* van Ceylon oor die tipe gereedskap en toebehore wat in die kampwinkels beskikbaar was, soos naalde, penpunte, haakspelde vir die maak van borsspelde, figuursaaglemme, ebbehout asook ander houtsoorte, skuurpapier en vioolsnare.<sup>28</sup> Indien 'n spesifieke item nie in die kampwinkels verkry kon word nie, kon goeie gehalte fabrieksvervaardigde gereedskap vanaf handelaars in Colombo bestel word, soos byvoorbeeld 'McKay & Co.' of 'H.W. Cave & Co'.<sup>29</sup>



**Figuur IV-4:** In die Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Krygsgeeskiedenis se versameling is daar 'n stel miniatuursagies wat op Ceylon gebruik is; die een sagie het die vervaardigersmerk van die Amerikaanse saagmaatskappy 'H. Disston & Sons' op.

Uit: A. Sinclair, Boer prisoner of war handcraft at the South African Museum of Military History, *Military History Journal* 11(3/4), October 1999, p. 155.

Op Bermuda het W.T. James van Hamilton die konsessie gehad om in elke kamp 'n garnisoenwinkel te bestuur.<sup>30</sup> Volgens die krygsgevangene A.A. Smit, wat in een van die winkels gewerk het, kon goedere drie keer per week aangevra word. Krygsgevangenes het gereedskap asook

<sup>25</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 250.

<sup>26</sup> *De Krygsgevangene* (Ceylon) 1(6), 9 Januarie 1902, p. 1; *De Krygsgevangene* (Ceylon) 1(9), 30 Januarie 1902, p. 1.

<sup>27</sup> *De Strever* 1(1), 19 Desember 1901, p. 4.

<sup>28</sup> *De Krygsgevangene* (Ceylon) 1(22), 1 Mei 1902, p. 3.

<sup>29</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940 en 28 Januarie 1941; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 250.

<sup>30</sup> K.W. Elwes, The Boer prisoners in Bermuda, *Fortnightly Review* 426, June 1902, p. 989; J.C. Pretorius en O.J.O. Ferreira, 'n Dag in die lewe van 'n Boerekrygsgevangene op die Bermuda Eilande tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beskryf deur H.G. Thiel, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(1), Mei 1996, p. 104.

ander benodighede soos hout, klip en been bestel.<sup>31</sup> Die *Association for Boer Recreation* het ook houtwerkgereedskap voorsien, waarvan 40 stukke kerftoerusting aan die krygsgevangenes op Darrell-eiland verskaf is en drie dosyn gereedskap na Burt- en Tucker-eiland gestuur is. In totaal het die vereniging £26 op houtwerkgereedskap en draaibanke vir die vervaardigers gespandeer.<sup>32</sup> Eerwaarde W.S. Key het selfs op die Amerikaanse publiek 'n beroep gedoen om gereedskap aan die Bermuda krygsgevangenes te skenk, aangesien daar 'n behoefte onder hulle was vir knipmesse asook kleiner stukke gereedskap soos vyle, beitels, bore en skuurpapier.<sup>33</sup> Tydens die besoek van die goewerneur aan die Bermudakampe in Januarie 1902 het hy onderneem om die nodige gereedskap en materiaal aan die krygsgevangenes te voorsien waarmee 'n industriële skool gevestig kon word. Ongelukkig het min van die beloofde gereedskap en materiaal hul uiteindelijke bestemming bereik.<sup>34</sup>

#### 4. Windgedrewe en handgedrewe draaibanke

Talle krygsgevangenehandwerk is vervaardig op draaibanke wat deur die krygsgevangenes self gemaak is. Verskillende variasies van draaibanke wat met die hand, voet en selfs 'n wandrat beweeg het, is in die onderskeie krygsgevangenekampe gebruik.<sup>35</sup> Van die draaibanke in die Deadwood-kamp is aangedryf deur 'n windmeul omdat die wind aanhoudend gewaai het.<sup>36</sup> Goewerneur R.A. Sterndale noem juis in sy verslag van 1900 dat Deadwood op 'n boomlose, winderige plato geleë was.<sup>37</sup> 'n Sekere meneer Jooste het by die onderpunt van die derde straat van Blikkiesdorp (waar die wind nie deur ander hutte gekeer is nie) aan die hoek van sy hut 'n windmeul opgerig om die wiel van die draaibank binne-in die hut met windkrag aan te dryf.<sup>38</sup> Die krygsgevangene, J.H.L. Schumann, het die verskynsel met 'n 'Manuel'-windpomp vergelyk.<sup>39</sup> Green het die 'kontrapsie' soos volg beskryf: "a windmill where an ingenious vane of tin and sticks turns a rude lathe for the wood-carver inside".<sup>40</sup> Die doeltreffende gebruik van

<sup>31</sup> A.A. Smit, *Getrou... tot verby die einde: Dagboeke van A.A. Smit te Bermuda* (red. J. Oosthuizen), p. 23.

<sup>32</sup> *The Royal Gazette* (Bermuda), 13 July 1901, p. 2; *The Royal Gazette* (Bermuda), 10 August 1901, p. 2; *The Royal Gazette* (Bermuda), 1 February 1902, p. 3.

<sup>33</sup> W.S. Key, The Boer prisoners at Bermuda, *The Boston Evening Transcript*, 18 January 1902, s.p.

<sup>34</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 209.

<sup>35</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>36</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.


<sup>37</sup> Cd.431 Colonial reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 15.

<sup>38</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 52.

<sup>39</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 21.

<sup>40</sup> A.S. Green, A visit to the Boer prisoners at St. Helena, *The Nineteenth Century and After* 48(286), December 1900, p. 974.

windkrag het 'n nuwe wending aan die kwantiteit asook die kwaliteit van produksie verskaf. Spoedig was daar ses windmeulens met draaibanke in die Deadwood-kamp.<sup>41</sup>



**Figuur IV-5:** Krygsgevangenes voor H.T. Siglé se werkswinkel in die Deadwood-kamp; die windmeul wat die draaibank binne-in die gebou met windkrag aangedryf het, is duidelik sigbaar aan die regterkantste hoek van die gebou.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02577.

S.M. de Villiers noem in sy krygsgevangenskapherinneringe dat daar 'n paar draaibanke op Ceylon was wat die vervaardiging van krygsgevangenehandwerk verbeter en vergemaklik het.<sup>42</sup> Volgens die skrywer, R.L. Brohier, was besoekers gefassineer deur die handwerkbedrywighede van die krygsgevangenes en het die primitiewe selfgemaakte draaibanke veral aandag getrek.<sup>43</sup> In *De Krygsgevangene* van Ceylon op 3 April 1902 word 'n draaibank beskryf waarvan al die dele gemaak is van stukke brandhout en die band van 'n stygriem (wat voorheen as 'n gordel gebruik is).<sup>44</sup> Hutten was van mening dat veral die jonger krygsgevangenes reeds voor die oorlog kennis opgedoen het van metaaldraaibanke en dat hulle dit tydens hul krygsgevangenskap in hout nageboots het. Hutten het tot sketse gemaak van twee tipes draaibanke wat op Ceylon gebruik is.<sup>45</sup> Selfs in die Ragama-kamp het van die buitelandse vrywilligers by die 'Morton & De Villiers Curiosa Fabrikanten' van 'n klein draaibankie gebruik gemaak.<sup>46</sup>

<sup>41</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 52.


<sup>42</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01493/00001, p. 45: Herinneringe van S.M. de Villiers.

<sup>43</sup> R.L. Brohier, The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902), *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(2), October 1946, p. 40.

<sup>44</sup> *De Krygsgevangene* (Ceylon) 1(18), 3 April 1902, p. 2.

<sup>45</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 28 Januarie 1941.

<sup>46</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01247, foto.



**Figuur IV-6:** C.F.L. Hutten se sketse van die verskillende tipes draaibanke wat deur die krygsgevangenes op Ceylon gebruik is.

Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 28 Januarie 1941.



**Figuur IV-7:** Krygsgevangenes in die Diyatalawa-kamp by 'n handgedrewe draaibank besig om gedraaide voorwerpe soos kersblakers en kelkies te vervaardig.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01660.

Alhoewel houtwerk in 'n mindere mate in Indië beoefen is, was daar 'n houtwerkonderneming met die naam van 'Messrs. Bill Rabie & Co. Carpenters, Cabinet Makers' wat in Amritsar van 'n draaibank gebruik gemaak het om onder andere kieries, pype en servetringe te vervaardig. D. Boshoff onthou dat toe hy 'n liniaal by die onderneming bestel het, hulle hom die draaibank

laat draai het totdat sy rug seer was.<sup>47</sup> Selfs in Abbottabad is klipkelkies op draaibanke gedraai.<sup>48</sup>

Op Bermuda is daar ook gebruik gemaak van draaibanke wat uit baie eenvoudige materiaal saamgeflans is.<sup>49</sup> Veral swaar houtvoorwerpe soos tafelpote kon op die draaibanke gedraai of uitgehol word.<sup>50</sup> 'n Besoeker aan die Bermuda-kampe, K.W. Elwes, beskryf hoe die self-gemaakte draaibanke gelyk het: "Several of the men have made themselves hand-lathes with the aid of two trees for uprights, and rough wooden wheels made from old packing cases, on which they have turned some excellent woodwork."<sup>51</sup> Een van die draaibanke is aanvanklik met die hand en later deur 'n windmeultjie aangedryf.<sup>52</sup> 'n Draaibank is ook deur die *Association for Boer Recreation* aan die krygsgevangenes op Burt-eiland verskaf.<sup>53</sup> Onder die Bermuda-krygsgevangenes was daar 'n Joodse persoon, Joseph Samuel Wasserzug, wat op 2 Junie 1901 by Roodeberg krygsgevangene geneem is en na Bermuda gestuur is. Hy was blykbaar voor die oorlog 'n Londense meubelmaker van beroep. Wasserzug het oor die nodige ervaring beskik en het die mans geleer hoe om 'n draaibank te gebruik.<sup>54</sup>



**Figuur IV-8: Krygsgevangenes op Bermuda by die rudimentêre, handgedrewe draaibank wat hulle self geprakseer het.**

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04312.

---

<sup>47</sup> John N. Tyacke, The Boshoff correspondence, *The Anglo-Boer War Philatelist* 37(1), March 1994, p. 14.

<sup>48</sup> J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, p. 224.

<sup>49</sup> J.A van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 48.

<sup>50</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J. Spoelstra – K. Roodt-Coetzee, 8 April 1940.

<sup>51</sup> K.W. Elwes, The Boer prisoners in Bermuda, *Fortnightly Review* 426, June 1902, p. 994.

<sup>52</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 208.

<sup>53</sup> *The Royal Gazette* (Bermuda), 10 August 1901, p. 2.

<sup>54</sup> Vereniging van Onderwysers en Onderwyzeressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A), *Gedenkboek* p. 171; D. Saks, *Boerejode: Jews in the Boer armed forces 1899-1902*, p. 164.

## 5. Grofsmedery

Slegs op St. Helena is daar melding gemaak van 'n grofsmedery, waar metaalwerk op 'n groter skaal beoefen is. 'n Noorweër, Nils Viklund, het die klein grofsmedery begin.<sup>55</sup> Die kamp-kommandant, A.L. Paget, het met lof geskryf van die onderneming, veral hoe die blaasbalk en smidsoond gemaak is.<sup>56</sup>

## Beskikbare materiaal en grondstowwe

### 1. Hout

Alhoewel die meeste krygsgevangenekuns van hout gemaak is, kom dit egter voor dat hout in van die Suid-Afrikaanse kampe nie so geredelik bekombaar was nie. F.J. Venter onthou dat brandhout, wat eintlik vir vuurmaakdoeleindes bestem was, gebruik is om krygsgevangenekuns mee te vervaardig.<sup>57</sup>

Die beskikbaarheid van hout op St. Helena was ook problematies as gevolg van die ontbossing van St. Helena se woude wat gedurende die eiland se vestigingsjare plaasgevind het. In 1513 is bokke deur die Portugese reisigers op die eiland losgelaat as 'n toekomstige voedselbron. Die bokke het geen natuurlike vyande gehad nie en het so vinnig aangeteel dat daar teen 1588 duisende bokke was wat die jong boompies verslind het en die ouer bome wat bereikbaar was, afgetakel het. Die inwoners van St. Helena se behoefte aan vuurmaakhout en timmerhout het ook daartoe bygedra om die reeds kwynende inheemse plantegroei verder te vernietig.<sup>58</sup>

Met die koms van die krygsgevangenes in 1900 is daar nog meer druk op die eiland se natuurlike hulpbronne geplaas. Dit het daartoe gelei dat krygsgevangenes in 'n amptelike kennisgewing wat op 13 Mei 1901 deur die St. Helena-regering uitgereik is, verbied is om bome af te kap of hout uit die goewermentswoude te verwyder.<sup>59</sup> Nogtans het goewerneur R.A. Sterndale die krygsgevangenes aangemoedig om houtsnykuns te beoefen. Vanaf die

---

<sup>55</sup> F. Hale, Norwegian prisoners in the Second Anglo-Boer War, *South African Journal of Cultural History* 14(2), November 2000, p. 5.

<sup>56</sup> A.L. Paget, Some experiences of a commandant prisoner of war, at Deadwood camp St. Helena, 1900-1901 Part I, *Longman's Magazine* 38(228), October 1901, p. 524.

<sup>57</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: F.J. Venter – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940.

<sup>58</sup> E.L. Jackson, *St. Helena: The historic island from its discovery to the present date*, p. 49; J. van Zyl, Houtsoorte: Krygsgevangene items, *Knapsak* 19(3), November 2007, p. 8; Agriculture and Forestry Department, Introduction to St. Helena endemics, <http://www.sthelena.se/endemic/flora.html>, 22 May 2017.

<sup>59</sup> St. Helena National Trust, Educational packs: 4.3 Island prisoners – Boers 1900-1902, <http://sainthelenaisland.info/boerprisonersnationaltrust.pdf>, 7 June 2017.

ekstensiewe ligusters wat op die gronde van die goewermentshuis gegroei het, het hy vir hulle honderde stokke voorsien om kieries mee te maak.<sup>60</sup> Die krygsgevangene, H.H. van Niekerk, skryf in sy dagboek oor die ligusters wat gebruik is: “Zijn houtoester [houttoetser] ging met ons mee om de stokken voor ons te kappen. Wij toonden en hij kapte elf stokken. De soorten hout waren privet en olive. Privet – mondhout [liguster].”<sup>61</sup> Die olyf waarna verwys word, is waarskynlik die St. Helena olyf (*Nesiota elliptica*) met ’n harde donkerbruin hout wat teen die negentiende eeu baie skaars geword het.<sup>62</sup>

Weens die verbod op die afkap van bome het die krygsgevangenes enige beskikbare hout wat hulle in die hande kon kry, gebruik. Stokke en pale is deur die krygsgevangenes wat op parool was, in die bosse bymekaar gemaak.<sup>63</sup> ’n Groot gedeelte van die eiland se oorspronklike woude het bestaan uit gombome (*Commidendron robustum*) wat gekenmerk is deur hul krom en knoetsrige voorkoms.<sup>64</sup> Die bome was egter reeds met die aanvang van die Anglo-Boereoorlog amper heeltemal uitgewis.<sup>65</sup> Volgens die navorser, E. Wessels, is die harde rooibruinkleurige hout van die skaars inheemse St. Helena rooihout (*Trochetiopsis erythroxylon*) moontlik ook deur die krygsgevangenes vir vervaardigingsdoeleindes aangewend.<sup>66</sup>

Nog ’n inheemse houtsoort wat wel gebruik is, was die digte, harde swartkleurige St. Helena ebbehout (*Trochetiopsis ebenus*). In 1856 het daar nog steeds St. Helena ebbehoutbome naby Deadwood voorgekom. Dié hout is gedurende die negentiende eeu gebruik vir draaiwerk en om ornamente te maak. Volgens Q.C.B. Cronk het die Boerekrygsgevangenes met die draai van die eeu die kuns om inlegwerk te beoefen, aan die inwoners van St. Helena oorgedra en word hout vandag nog steeds op dié manier gebruik.<sup>67</sup> Sterndale het met die kroning van koning Edward VII op 8 Augustus 1902 ’n geïllumineerde adres in ’n kisse van St. Helena ebbehout wat oordadig uitgekerf is deur een van die krygsgevangenes, aan hom gestuur as ’n kroningsgeskenk.<sup>68</sup> Die nasionale embleem van St. Helena, die varkoorbom, is blykbaar deur

---

<sup>60</sup> Cd. 431 Colonial Reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 16.

<sup>61</sup> H.H. van Niekerk, Dagboek van Hugo H. van Niekerk (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet Annale* 1, Oktober 1972, p. 124.

<sup>62</sup> Q.C.B. Cronk, *The endemic flora of St. Helena*, p. 63.

<sup>63</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 51.

<sup>64</sup> E.L. Jackson, *St. Helena: The historic island from its discovery to the present date*, p. 50; Q.C.B. Cronk, *The endemic flora of St. Helena*, p. 74.

<sup>65</sup> J. van Zyl, Houtsoorte: Krygsgevangene items, *Knapsak* 19(3), November 2007, p. 8.

<sup>66</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 133; Q.C.B. Cronk, *The endemic flora of St. Helena*, p. 59.

<sup>67</sup> Q.C.B. Cronk, *The endemic flora of St. Helena*, pp. 58-59.

<sup>68</sup> P. Gosse, *St. Helena 1502-1938*, p. 341.

ene Gelder met wit inlegwerk op die kissie aangebring.<sup>69</sup> D.J. Joubert onthou dat van die krygsgevangenes op St. Helena die inheemse St. Helena boxwood (*Melissa Begoniifolia*) gebruik het.<sup>70</sup> Buiten die inheemse houtsoorte is uitheemse pyn- en dennehout ook vir die vervaardiging van krygsgevangenekuns gebruik.<sup>71</sup>

Sommige krygsgevangenes het tot stukke hout wat deel van hul daaglikse rantsoen vuurmaakhout was, vir vervaardigingsdoeleindes gebruik.<sup>72</sup> Ander het weer afvalstukke hout van leë verpakkingskrate soos boeliebief- en beskuitkiste gebruik.<sup>73</sup> Sederhout afkomstig van Britse offisiere se sigaardosies, het ook nie die vervaardigingsproses vrygespring nie.<sup>74</sup> Diegene wat dit kon bekostig, het droë hout in Jamestown aangekoop.<sup>75</sup> By die Broadbottom-ambagskool is biervate teen twee sjielings per stuk gekoop waarvan die eikehoutduie (geronde houtplanke van vaatjies) gebruik is om stoele te maak.<sup>76</sup>

Om voorsiening te maak vir die groeiende aantal krygsgevangenes en soldate se behoeftes, is hout vanaf buite die eiland ingevoer. Volgens die offisiële St. Helena Blouboek van 1900 is hout vanaf Brittanje, Australië en die VSA ingevoer.<sup>77</sup> Krygsgevangenekunsvoorwerpe afkomstig van St. Helena, is dus uit 'n verskeidenheid houtsoorte vervaardig wat nie noodwendig inheems tot die eiland was nie. Die bewering is duidelik sigbaar in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke se versameling, waar krygsgevangenekunsvoorwerpe vanaf St. Helena voorkom wat van verskillende houtsoorte gemaak is. Daar is selfs 'n miniatuurmodel van 'n ossewa wat uit Amerikaanse greinhout vervaardig is.<sup>78</sup>

Ceylon se tropiese reënwoede was 'n ryk bron van inheemse houtsoorte wat deur die krygsgevangenes vir die vervaardiging van krygsgevangenekuns benut is. Ceylon ebbehout

---

<sup>69</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: H. Sausenthaler – K. Roodt-Coetzee, 30 Julie 1940

<sup>70</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: D.J. Joubert – K. Roodt-Coetzee, 30 April 1940; Saint Helena Island Visitor Information, Endemic species, <http://sainthelenaisland.info/endemics.htm>, 7 August 2018.

<sup>71</sup> K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 522.

<sup>72</sup> J. van Zyl, Houtsoorte: Krygsgevangene items, *Knapsak* 19(3), November 2007, p. 9.

<sup>73</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 50.

<sup>74</sup> H.H. van Niekerk, Dagboek van Hugo H. van Niekerk (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet Annale* 1, Oktober 1972, p. 49.

<sup>75</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 51.

<sup>76</sup> J. Louw, *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse*, p. 81; *De Kerkbode* 40, 10 Oktober 1901, p. 560.

<sup>77</sup> St. Helena Government Archives, Jamestown: Official St. Helena Blue Book 1900, pp. 198, 202, 206; E.F. Knight, *With the royal tour*, p. 293.

<sup>78</sup> J. van Zyl, Houtsoorte: Krygsgevangene items, *Knapsak* 19(3), November 2007, p. 9.



(*Diospyros ebenum*), ook bekend as Oos-Indiese ebbehout, was 'n gesogte houtsoort wat in Suid-Oos Asië voorgekom het. Die harde, swartkleurige hout word gevind in die kern van die ebbboom se stam terwyl die buitenste gedeelte rooskleurig is. Die donker hout met sy fyn egalige grein en swaar digtheid is moeilik om te bewerk maar kan tot 'n hoë glans gepoleer word. Dit is veral gebruik in die vervaardiging van gedraaide voorwerpe soos kandelare en eierkelkies. Ebbehout het ook baie mooi vertoon wanneer dit gekombineer is met ligter houtsoorte of deur ander kontrasterende materiaal vir inlegwerk soos been, ivoor of perlemoen te gebruik.<sup>79</sup>

Nog 'n tropiese houtsoort wat deur die Ceylonse krygsgevangenes gebruik is, is Ceylon satynhout (*Chloroxylon swietenia*), ook genoem Oos-Indiese satynhout, wat in Ceylon en die suide van Indië voorgekom het. Die hout het 'n pragtige geelbruin, gerimpelde grein en fyn tekstuur wat 'n satynagtige voorkoms toon, veral wanneer dit gepoleer is.<sup>80</sup>



**Figuur IV-9: Eierkelkstaander met ses eierkelkies van donker swartkleurige ebbehout; die goue inskripsie lui: 'Ter gedachtenis aan het krygsgevangene leven Diyatalawa Ceylon 1901-1902'.**

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03588/00009, eierkelkstaander, 1901-1902.

---

<sup>79</sup> J. van Zyl, Houtsoorte: Krygsgevangene items, *Knapsak* 19(3), November 2007, pp. 3-5; The wood database, Ceylon Ebony, <http://www.wood-database.com/lumber-identification/hardwoods/ceylon-ebony/>, 29 April 2016.

<sup>80</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 275; The wood database, East Indian Satinwood, <http://www.wood-database.com/lumber-identification/hardwoods/east-indian-satinwood/>, 29 April 2016.

Die krygsgevangenes het ook houtsoorte soos palu (*Manilkara hexandra*), tamarind (*Tamarindus indica*) en nedun/nadun (*Pericopsis mooniana*) gebruik.<sup>81</sup> Swart ebbhout, tamaryn en ander kosbare houtsoorte het gou gesogte artikels geword waarmee daar handel gedryf is.<sup>82</sup> Hutten skryf dat krygsgevangenekuns ook van houtsoorte soos klapperhout, koffieplanthout en rooi jarra-hout gemaak is.<sup>83</sup> ’n Medekrygsgevangene op Ceylon, S.M. de Villiers, onthou dat rottang volop op die eiland gegroei het. Hy skryf ook dat banoe baie skaars en duur was en dat krygsgevangenes dit vir die vervaardiging van kieries gebruik is. Die banoe-rankplant se loot was so swart soos ebbhout en het net die regte dikte vir ’n kerie gehad sonder dat dit te veel skaafwerk vereis het.<sup>84</sup>

Verskillende soorte vuurmaakhout is aanvanklik in die Diyatalawa-kamp gebruik om voorwerpe soos borsspelde, ringe, hangertjies en servetringe mee te vervaardig.<sup>85</sup> Die krygsgevangenes het egter agtergekom dat dit nie die moeite werd was om die vuurmaakhout te bewerk nie, aangesien goeie inheemse houtsoorte soos ebbe-, satyn- en paluhout maklik verkrygbaar was teen redelike pryse. Omdat die duursame hout aangekoop is, was dit baie kosbaar en is dit met sorg bewerk, wat daartoe aanleiding gegee het dat die vervaardigers hul vakmanskap besonder goed ontwikkel het om vermorsing van die gekoopte hout te verhoed.<sup>86</sup>

Hout is onder andere verkry van J.T. Bain van hut 28 wat in *De Strever* van 11 Januarie 1902 geadverteer het dat hy ’n voorraad van Ceylonse houtsoorte soos “Eboni, Pallu, gekleurde Satijn enz.” te koop aanbied.<sup>87</sup> So het die algemene handelaar ‘Jonker & Cie.’ van winkel drie ook in dieselfde uitgawe van *De Strever* geadverteer dat daar binnekort ’n groot hoeveelheid ebbhout beskikbaar sou wees.<sup>88</sup> Nadun en tamarind, asook ebbhout en ander harde Ceylonse

---

<sup>81</sup> *De Strever* 1(4), 11 Januarie 1902, p. 18; R.L. Brohier, *The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902)*, *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(2), October 1946, p. 40; Digital library for international research, Woods used in Sri Lanka furniture, <http://www.dlir.org/fdasl-home/107-woods-used-in-sri-lanka-furniture.html>, 8 August 2018.

<sup>82</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.H. Kruger – K. Roodt-Coetzee, 27 Februarie 1941.

<sup>83</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>84</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01493/00001, p. 45: Herinneringe van S.M. de Villiers.

<sup>85</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06024/00001, p. 68: Dagboek van C.P. Pretorius, Diyatalawa.

<sup>86</sup> *De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(18), 3 April 1902, p. 2; *De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(19), 10 April 1902, p. 2.

<sup>87</sup> *De Strever* 1(4), 11 Januarie 1902, p. 18.

<sup>88</sup> *De Strever* 1(4), 11 Januarie 1902, p. 17.

houtsoorte, is onder andere van Don Carolis buite die kamp bekom.<sup>89</sup> Inheemse ebbe- en satynhout is ook van die plaaslike bevolking geruil, verkwansel en gekoop.<sup>90</sup> Hout en gereedskap is van buite die kamp deur krygsgevangenes wat op parool kon gaan, verkry.<sup>91</sup> De Villiers onthou dat hulle vir die paroolgangers voltooid krygsgevangenekuns aangebied het in ruil vir onverwerkte hout.<sup>92</sup>

Weens die gebrek aan hout het krygsgevangenes in Indië minder krygsgevangenehandwerk vervaardig as in die ander oorsese kampe.<sup>93</sup> D.S. van Warmelo wat in Ahmednagar 'n krygsgevangene was, het opgemerk dat materiaal vir die vervaardiging van krygsgevangenekuns skaars was.<sup>94</sup> Omdat daar so min dokumentasie bestaan, asook fisiese voorbeelde van krygsgevangenekuns vervaardig uit hout in Indië, is dit nie moontlik om met sekerheid presies te bepaal watter houtsoorte gebruik is nie. D. Mostert skryf in 'n artikel wat in Desember 1922 in *Die Huisgenoot* verskyn het dat een van die houtsoorte 'n pragtige rooierige hout was, met 'n reguit draad wat effens bros en splinteragtig was. Die spesifieke hout het homself goed geleen tot die houtsnykuns. Mostert maak ook melding van 'n sterk geelbruin houtsoort wat moeiliker was om te bewerk.<sup>95</sup> Die kultuurhistorikus, K. Roodt-Coetzee, beweer dat hout soms ook verkry is vanaf klerekaste wat deur krygsgevangenes uitgebreek is.<sup>96</sup>

Omdat hout so skaars was, het die volkskunstegniek van *tramp art*, of direk vertaal in Afrikaans as 'boemelaarskuns', by die krygsgevangenes in Indië aanklank gevind. Die tegniek word soos volg beskryf: "Tramp Art is/was an art movement throughout the world where small pieces of wood, primarily from discarded cigar boxes and shipping crates, are whittled into layers of geometric patterns having the outside edges of each layer notch carved. The artists used simple tools such as pocket knives to carve the recycled wood."<sup>97</sup> 'n Pragtige voorbeeld van dié

---

<sup>89</sup> R.L. Brohier, The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902), *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(2), October 1946, p. 40.

<sup>90</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.N. Brink – K. Roodt-Coetzee, 24 Oktober 1940 en C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>91</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: M.M.C. Howell – K. Roodt-Coetzee, 10 Maart 1940.

<sup>92</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01493/00001, p. 45: Herinneringe van S.M. de Villiers.

<sup>93</sup> K. Roodt, "Die krygsgevangenes as kultuurgroep", Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

<sup>94</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwins: D.S. van Warmelo – H. Cloete, 24 Julie 1901.

<sup>95</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 347.

<sup>96</sup> K. Roodt, "Die krygsgevangenes as kultuurgroep", Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

<sup>97</sup> C.A. Wallach, Tramp Art, Folk Art and Americans, <http://www.trampart.com/history-of-tramp-art/>, 30 May 2016.

sogenaamde ‘boemelaarskuns’ is ’n portretraam in die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. Die portretraam is in die Shahjahanpur-kamp in Indië deur A.J. de Waal vervaardig. Die raam bestaan uit 980 sederhout kerfies wat sonder houtlym of spykers geheg is. Dit het vier mans agt dae geneem om die stukkies te kerf en dit het De Waal drie dae geneem om die raam aanmekaar te sit.<sup>98</sup>



**Figuur IV-10:** Die sogenaamde ‘kroon-van-dorings’ portretraam is deur A.J. de Waal in die Shahjahanpur-kamp in Indië gemaak.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00857/00001, portretraam, s.a.

Op Bermuda kom die inheemse Bermuda seder (*Juniperus bermudiana*) algemeen voor. Die sipresagtige immergroen boom, wat tot die dennefamilie behoort, kan onder gunstige omstandighede tot ongeveer 15 m hoog groei. Die boom se hout word gekenmerk deur ’n fyn grein met kontrasterende vlamme, rooierige kleur en aromatiese geur.<sup>99</sup> Dominee J.A. van Blerk beskryf die eienskappe van die Bermuda seder soos volg:

Al die eilande is begroei met cederbome [*sic*], wat ’n mooi rooi hout gee. Dit is geskik vir allerhande doeleindes. Dit is sag en maklik om te bewerk; daarby is dit byna onverganklik. ’n Stuk van die cederhout [*sic*] wat van ’n ou vaartuig oorgebly het, is eendag aan my getoon en my is vertel dat dit 150 jaar diens gedoen het; nogtans het dit nog as goeie en gesonde hout daar uitgesien. Dit is ’n mooi sagte hout, geskik vir snywerke. Die krygsgevangenes het daar allerhande mooi artikels van gemaak.<sup>100</sup>

<sup>98</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00857/00001, portretraam, s.a.

<sup>99</sup> J.C. Pretorius en O.J.O. Ferreira, ’n Dag in die lewe van ’n Boerekrygsgevangene op die Bermuda Eilande tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beskryf deur H.G. Thiel, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(1), Mei 1996, p. 97; J. van Zyl, Houtsoorte: Krygsgevangene items, *Knapsak* 19(3), November 2007, pp. 6-7.

<sup>100</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, pp. 47-48.

Die meeste krygsgevangenehandwerk afkomstig van dié landstreek is gemaak van hierdie rooi sederhout wat inheems tot Bermuda is.<sup>101</sup> J. Dekker het egter in sy krygsgevangeneherinneringe opgemerk dat, alhoewel die sederhout geskik was vir die maak van krygsgevangenekuns, dit jammer was dat van die hout nog te groen was en dit waarskynlik later daartoe sou lei dat voorwerpe bars.<sup>102</sup> Beide dominee J.A. van Blerk asook die krygsgevangene F.J. Roetz verwys na ‘luiperd-hout’ wat op Bermuda gekoop en gebruik is.<sup>103</sup> Leopardwood (*Roupala montana*) is nie inheems tot Bermuda nie en kom ook voor in Sentraal- en Suid-Amerika. Die hout is rooibruin met bruin vlekke wat die kolle van ’n luiperd suggereer.<sup>104</sup>

Bermuda sederhout was moeilik bekombaar aangesien die krygsgevangenes verbied is om die jong, dun bome af te kap. Oortreders is met £5 of selfs tronkstraf beboet.<sup>105</sup> Tog het dit nie die krygsgevangenes afgeskrik nie en is daar menigmaal stukke hout by hulle aangetref. Omdat die bome nie ’n baie diep wortelstelsel gehad het nie, het dit blykbaar net ’n paar Boere geneem om met hulle volle gewig teen die boom te leun en sodoende die boom te ontwortel. Wanneer krygsgevangenes oor die herkoms van die hout ondervra is, was hul antwoord dat die wind die boompies die nag uit die vlak koraalgrond omgewaai het, selfs al was dit ’n windstil nag.<sup>106</sup> Tydens nog ’n insident waar ’n ouerige man op heterdaad met ’n boom in die hand betrap is, het hy verduidelik dat hy oud en swak was en ’n kerie nodig gehad het.<sup>107</sup> Selfs die wortels van bome is gebruik om voorwerpe soos kapstokke mee te vervaardig.<sup>108</sup>

---

<sup>101</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: C.F. Naudé – K. Roodt-Coetzee, 15 Februarie 1941.

<sup>102</sup> Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad: MSB 168, p. 20: Herinneringe van J. Dekker.

<sup>103</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.A. van Blerk – K. Roodt-Coetzee, 17 Maart 1941 en F.J. Roetz – K. Roodt-Coetzee, 4 Augustus 1940.

<sup>104</sup> The wood database, Leopardwood, <https://www.wood-database.com/leopardwood/>, 13 June 2018.

<sup>105</sup> Oud-krygsgevangene, Die krygsgevangenes op Bermuda: Staaltjies uit die kamlewe, *Die Huisgenoot*, 11 Maart 1932, p. 73.

<sup>106</sup> Vereniging van Onderwyzers en Onderwyzeressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A.), *Gedenkboek*, p. 171; K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 522.

<sup>107</sup> Oud-krygsgevangene, Die krygsgevangenes op Bermuda: Staaltjies uit die kamlewe, *Die Huisgenoot*, 11 Maart 1932, p. 73.

<sup>108</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: Dagboek van A.A. Smit, s.a.



**Figuur IV-11:** Die aromatiëse, rooierige hout van die Bermuda seder (*Juniperus bermudiana*).  
Uit: Hobbit House Wood ID Site, Juniper,  
<http://hobbithouseinc.com/personal/woodpics/juniper.htm>, 8 August 2018.



**Figuur IV-12:** Drie sederhoutservetringe met verskillende fatsoene en kerfwerk wat op Bermuda vervaardig is.  
Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen aanwinnommers, servetringe, 1901-1902.

Die krygsgevangenes op Bermuda het op verskeie maniere hout bekom. Hulle het onder meer hout by die kampwinkel aangekoop waarvan onder andere wandelstokke, sieraadkissies en skaakborde gemaak is.<sup>109</sup> Afvalstukke hout van kratte en kiste is ook gebruik. Die winkelbestuurder het heel gepas die opmerking gemaak dat verpakkingskratte wat in die Boerekamp verdwyn, nooit weer gesien word nie, veral nie in die vorm van 'n verpakkingskrat nie.<sup>110</sup> Na storms is dryfhout dikwels deur die krygsgevangenes op die strande opgetel.<sup>111</sup> Ene Meyndert en 'n paar Duitse vriende het onder andere 'n seilskippie gemaak van hout wat hulle gevind het in 'n gebou wat leeg gestaan het. Die gebou was waarskynlik vroeër 'n winkel met toonbanke en rakke wat planke hout opgelewer het.<sup>112</sup> Hout is ook op aanvraag vanaf die hoofstad, Hamilton, teen 7d of 8d per voet verkry.<sup>113</sup> Verenigings en individue wat die krygsgevangenes

<sup>109</sup> C. de Jong, *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 (Deel drie)*, p. 164.

<sup>110</sup> A resident, The Boer prisoners at Bermuda: Their life in a West Indian paradise, and what they think of the war, *Pall Mall Magazine: Review of Reviews* Vol XXVI, November 1901, p. 363.

<sup>111</sup> J.C. Pretorius en O.J.O. Ferreira, 'n Dag in die lewe van 'n Boerekrygsgevangene op die Bermuda Eilande tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beskryf deur H.G. Thiel, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(1), Mei 1996, p. 106.

<sup>112</sup> Buurman, *Oorlogswolke oor die republieke: Die herinneringe van 'n Boere-offisier*, p. 209.

<sup>113</sup> *De Kerkbode* 23, 12 Junie 1902, p. 424.

goedgesind was, het ook hout aan hulle verskaf. In *The Royal Gazette* van 10 Augustus 1901 word melding gemaak dat A.M. Outerbridge harde hout vir die vervaardiging van kieries geskenk het en H. Gilbert ‘bird’s eye’-sederhout vir fyn houtwerk verskaf het. ’n Versoek is in die koerant gerig aan kontrakteurs en ander persone om enige afvalstukke hout tot die beskikking van die krygsgevangenes te stel, veral op Tucker-eiland waar daar nie genoeg materiaal beskikbaar was om speelgoed mee te kerf nie.<sup>114</sup> Die sederhoutvoorwerpe wat deur krygsgevangenes vervaardig is, is met olie of vet wat hulle uit hul daaglikse rantsoene kon afknyp, tot ’n hoë glans gepoleer.<sup>115</sup>

## 2. Been en ivoor

Krygsgevangenekunsvoorwerpe van been kom redelik algemeen in museum- en privaatversamelings voor. In Suid-Afrikaanse kampe soos Bellevue is been veral gebruik om borsspelde te maak. F.J. Badenhorst skryf in ’n brief aan sy vrou op 8 Maart 1902 dat alle bene wat in die kamp rondgelê het, reeds verwerk is en dat bene van buite die kamp verkry moes word. Groot walvisbene is ook gebruik om voorwerpe te vervaardig.<sup>116</sup> F.J. Venter wat ’n krygsgevangene in die Greenpoint Track-kamp in Groenpunt was, onthou dat beesmurgbene wat deel was van hul daaglikse rantsoen, in ’n pot water gekook is totdat al die vet daaruit is.<sup>117</sup>

Die kampkommandant, A.L. Paget, meld dat baie van die krygsgevangenes op St. Helena voortreflike beenkerwers was.<sup>118</sup> Die voorwerpe van been is vervaardig uit skaap- en beesbene wat die krygsgevangenes as vleisrantsoene ontvang het. Veral murgbene is gebruik. Die been moes gewoonlik eers ’n sekere behandeling ondergaan om die geelagtige vet te verwyder.<sup>119</sup> J. Louw onthou dat hulle gedurende hul krygsgevangenskap die sobbene goed in soutwater gekook het sodat dit nie geel sou word nie.<sup>120</sup> Volgens ’n medekrygsgevangene, J.B. de Villiers, het die bene mooi wit vertoon wanneer die vleis eers afgesny en die bene daarsonder gekook is.<sup>121</sup>

---

<sup>114</sup> *The Royal Gazette* (Bermuda), 10 Augustus 1901, p. 2.

<sup>115</sup> Anonymous, Work of prisoners of war, *The New York Times*, 25 January 1903, s.p.

<sup>116</sup> E. Hobhouse, *Tant’ Alie of Transvaal: Her diary 1880-1902*, p. 300.

<sup>117</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: F.J. Venter – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940.

<sup>118</sup> A.L. Paget, Some experiences of a commandant prisoner of war, at Deadwood camp St. Helena, 1900-1901 (Part I), *Longman’s Magazine* 38(228), October 1901, p. 525.

<sup>119</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 347; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

<sup>120</sup> K. Roodt, “Die krygsgevangenes as kultuurgroep”, Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

<sup>121</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

Bene, asook horings, kon by die plaaslike slagter, Deason, gekry word.<sup>122</sup> By Deason het die krygsgevangenes twee pond ‘groen’ bene, wat nog nie skoongemaak was nie, verruil vir een pond ou bene. Volgens die krygsgevangenes was dit makliker om die ou bene te bewerk eerder as die vars bene en was dit ook nie nodig om die ou bene te kook nie.<sup>123</sup> Krygsgevangenes op St. Helena was blykbaar baie trots om die bene te bewerk wat hulle self afgeëet het. H.H. van Niekerk getuig in sy herinneringe: “J. Snijman kwam ook hier. Hij had een wandelstok gemaakt door de Boeren. ’T is een mooien stok. Achter in den stok is eenen snuifdoos met eenen been deksel gemaakt van een been die S. self afgegeten hebben.”<sup>124</sup>

Roodt-Coetzee, het ’n persoonlike onderhoud gevoer met H.T. Siglé, ’n oud-krygsgevangene van St. Helena, waartydens hy ’n makabere gebruik oortel het. Siglé beweer dat daar op St. Helena baie oorblyfsels van die slawehandelperiode oorgebly het en dat ’n groot aantal beendere rondgelê het wat deur die krygsgevangenes gebruik is om voorwerpe mee te vervaardig.<sup>125</sup> Nog ’n medekrygsgevangene, C.H. du Plessis, maak ook melding van dié gebruik. Hy skryf dat mensbeendere by Rupert’s Valley, waar die slawe op St. Helena begrawe is, opgetel is en dat hulle onder andere borsspelde van die bene gemaak het.<sup>126</sup>

Met die krygsgevangenes se wandeling op die eiland het hulle langs die kus ’n walvisgeraamte ontdek, wat nuwe stukrag aan die handwerkindustrie verleen het. So is daar snuifdosies en poeierdosies asook kieries, peitsstele en kort soldatestokkies van walvisbeen gemaak.<sup>127</sup> J. Spiro wat in die Kasteel se tuine in Jamestown ’n tent gehad het, het in *De Krijgsgevangene* van St. Helena op 29 Junie 1901 geadverteer dat hy ’n groot hoeveelheid walvisbene en -tande teen redelike pryse te koop aanbied.<sup>128</sup> Die Skandinawiërs in Deadwood-kamp was veral betrokke by die vervaardiging van voorwerpe uit been en ivoor.<sup>129</sup> Die ivoor waarna verwys word, is waarskynlik groot tande van visse asook walvisse wat van die eilandbewoners verkry of gekoop is en dan in pragtige dosies en borsspelde verwerk is.<sup>130</sup> Op 28 September 1901

---

<sup>122</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 52.

<sup>123</sup> J. Louw, *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse*, p. 79; *De Kerkbode* 36, 12 September 1901, p. 511.

<sup>124</sup> H.H. van Niekerk, Dagboek van Hugo H. van Niekerk (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet Annale* 1, Oktober 1972, p. 116.

<sup>125</sup> K. Roodt, “Die krygsgevangenes as kultuurgroep”, Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

<sup>126</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: C.H. du Plessis – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>127</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 52.

<sup>128</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 4, 29 Junie 1901, p. 3.

<sup>129</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 21.

<sup>130</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941 en G.H. Jooste – K. Roodt-Coetzee, 9 Augustus 1940.



verskyn daar 'n berig in die *Haarlem's Dagblad* waarvolgens F.C. Versélewel de Witt Hamer 'n nuwe besending krygsgevangenehandwerk vanaf St. Helena ontvang het, onder andere voorwerpe kunstig vervaardig uit walrustande.<sup>131</sup>



**Figuur IV-13:** Kierie van walvisbeen met 'n geronde knop as handvatsel en die bewoording 'St. Helena, POW, 1902'.

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen aanwinstnommer, kierie, 1902.

Die eeue ou volkskunstegniek van *scrimshaw*, oftewel knutselwerk in Afrikaans, word tradisioneel geassosieer met die tekening of kerfwerk op walvistande, -balein en -been met seevaartkundige of walvisjag-verwante temas. Tog is daar in die huidige een-en-twintigste eeu 'n nuwe denkskool en benadering wat dekoratiewe voorwerpe wat uit been, hout, klip, ivoor, perlemoenskulpe, volstruiseiers en selfs amber vervaardig is, as knutselwerk-variante insluit.<sup>132</sup> Dié tegniek is veral deur die krygsgevangenes beoefen. 'n Uitsonderlike voorbeeld van knutselry wat deur 'n Boerekrygsgevangene op St. Helena gemaak is, het in 2014 op 'n veiling in Johannesburg die astronomiese bedrag van R42 000 behaal. Die kegelvormige, gepoleerde en versierde aandenking van been is net 5 cm hoog en 2,5 cm in deursnee en het 'n handgetekende voorstelling in swart ink van president Kruger met drie lourierkranse aan weerskante, asook die ZAR- en OVS-vlae en bewoording 'Saint Helena', 'Kruger' en '1900'.<sup>133</sup>

<sup>131</sup> *Haarlem's Dagblad*, 28 September 1901, p. 3.

<sup>132</sup> S. Burger, History of scrimshaw, <http://www.sharonburger-scrimshaw.co.za/history-of-scrimshaw.html>, 26 October 2015.

<sup>133</sup> Stephan Welz and Co. Fine Art and Design Auctioneers, Lot 17 – Scrimshaw souvenir of St. Helena, Johannesburg auction 9-10 September 2014, <https://www.stephanwelzandco.co.za/lot/scrimshaw-souvenir-of-st-helena/>, 28 June 2018; M. van Bart, Krygsgevangenes se werk haal hoë pryse, *Beeld*, 12 September 2014, p. 2.



**Figuur IV-14:** 'n Miniatuur-krygsgevangenekunsvoorwerp van been wat op die knutselrytegniek geskoei is.

Uit: Stephan Welz and Co. Fine Art and Design Auctioneers, Lot 17 – Scrimshaw souvenir of St. Helena, Johannesburg auction 9-10 September 2014, <https://www.stephanwelzandco.co.za/lot/scrimshaw-souvenir-of-st-helena/>, 28 June 2018.

'n Besoeker aan Ceylon vroeg in 1902, M.A.A. Galloway, skryf dat die krygsgevangenes veral borsspelde gemaak het uit vleisbene wat in die kamp rondgelê het.<sup>134</sup> Soos op St. Helena is die murgbene wat deel gevorm het van die krygsgevangenes se daaglikse vleisrantsoen, gebruik om krygsgevangenekuns te vervaardig.<sup>135</sup> Die krygsgevangenes het blykbaar die korporaal wat die vleis uitgedeel het, baie goed dopgehou om te verseker dat elkeen 'n beurt gegun is om 'n been te kry. So kon krygsgevangenes die bene dan self gebruik of dit aan ander beenkerwers verkoop om op dié manier 'n paar ekstra pennies te verdien.<sup>136</sup> Die verskil is egter dat dié vleis en bene in baie gevalle eerder afkomstig was van waterbuffels en nie beeste nie.<sup>137</sup> J.N. Brink noem selfs dat die platjie, Mot Smit, homself eendag geklee het in 'n manel en geruite broek, wit onderbaadjie en rooi gestikte das met 'n buffelbeenketting as bykomstigheid.<sup>138</sup> Veral die skenkelvoorpoet en boudbeen van waterbuffels is deur die krygsgevangenes gebruik om borspelde te maak. Die been is in die lengte deurgesaag, die murg uitgehaal en in die ryspot skoongekook. Daarna is dit in kalkwater gelê en in die son gebleik. Die witgebleikte, plat repe is dan op die sementvloer van die washuis geslyp, met 'n mes gekrap en met skuurpapier

---

<sup>134</sup> M.A.A. Galloway, Boer prisoners in Ceylon, *The Nineteenth Century and After* 512(300), February 1902, p. 189.

<sup>135</sup> O. van Oostrum, Herinneringe van Ceylon: Bedrywighede van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 3 Mei 1935, p. 29.

<sup>136</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: M.M.C. Howell – K. Roodt-Coetzee, 10 Maart 1940.

<sup>137</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.N. Brink – K. Roodt-Coetzee, 24 Oktober 1940.

<sup>138</sup> J.N. Brink, Mot Smit: Harlekyn in die kamp, *Die Huisgenoot*, 21 Januarie 1949, p. 19.

geskuur om 'n gladde tekstuur te verkry. Hierna is die verlangde ontwerp met 'n potlood op die been geteken.<sup>139</sup> Die bene is soms ook met seep behandel om die vetterigheid te verwyder.<sup>140</sup>

Die krygsgevangenes op Ceylon en die Indiese vasteland het die voordeel gehad dat hulle krygsgevangenekuns met ivoor, waarskynlik afkomstig van die Indiese olifant, kon vervaardig. Die oud-krygsgevangene en historikus, G.S. Preller, onthou dat die krygsgevangenes in Indië kunstige voorwerpe uit been en ivoor gemaak het en dat servetringe, sigaretpypies en snuifdose van hout met ivoor ingelê is.<sup>141</sup> Hutten, wat op Ceylon 'n krygsgevangene was, skryf van 'n ivoorborsspeld wat hy spesiaal vir koningin Wilhelmina in die vorm van die Nederlandse wapen met 'JeMentendraai'-letters onderaan uitgesaag het. Die borsspeld is op haar verjaarsdag op 31 Augustus 1901 in Nederland aan haar oorhandig.<sup>142</sup> So is daar ook kieres met handvatsels van waterbuffelhoring en ivoor deur Willem A. Rabie se onderneming in Amritsar, Indië gemaak.<sup>143</sup>

Op Bermuda is die beesvleisbene wat die krygsgevangenes as deel van hul daaglikse rantsone ontvang het, ook gebruik.<sup>144</sup> Veral sobene wat dikwels op bod gekoop is, is gebruik. Die bene is eers gesny en in seewater skoon gewas, gebleik en gepoleer totdat dit so wit soos koraal was. Hierna is dit hergebruik om onder andere kieriepunte, borsspelde, penhouers en mansjetknope te maak.<sup>145</sup> Volgens die krygsgevangene, C.F. Naudé, wat op Bermuda letters en ontwerpe vir borsspeldmakers geteken het, is die bene verkry vanaf die bevrore beesvleis wat hulle ontvang het om te eet. Hy beaam dat die bene vir vier of vyf dae in seewater gelaat is om al die vet uit te kry. Daarna is die bene in klein, plat stukkie gesaag en met skuurpapier glad geskuur. Die naam van die persoon wat die borsspeld bestel het, is dan daarop geteken en uitgesny.<sup>146</sup>

---

<sup>139</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940 en 28 Januarie 1941.

<sup>140</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.H. Kruger – K. Roodt-Coetzee, 27 Februarie 1941.

<sup>141</sup> G.S. Preller, *Ons parool: Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, p. 97.

<sup>142</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>143</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 367.

<sup>144</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 48.

<sup>145</sup> Vereniging van Onderwysers en Onderwyzeressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A), *Gedenkboek*, p. 171; Anonymous, Work of prisoners of war, *The New York Times*, 25 January 1903, s.p.

<sup>146</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: C.F. Naudé – K. Roodt-Coetzee, 15 Februarie 1941.

### 3. Klip en steen

Klip en steen is veral in Suid-Afrikaanse en Indiese kampe benut, waar hout en selfs been nie altyd geredelik beskikbaar was nie. In die Kaapse kampe is 'n verskeidenheid voorwerpe gemaak wat op klip uitgesny en gegraveer is. Die afbeeldings van presidente Kruger en Steyn het dikwels op dié klipwerk voorgekom. Onder meer kettings, dasspelde en horlosiekettings is uit klip vervaardig. Verder is daar ook miniatuur Bybels, grafstene en hangertjies uit sandsteen gemaak.<sup>147</sup> In *The Skyview Parrot* van 18 September 1901 word daar geadverteer dat die krygsgevangenes in Sky View-kamp in Groenpunt 'n verskeidenheid van voorwerpe uit steen vervaardig het, soos borsspelde met enige naam of voorletters, monogramme, penrakke, papiergewigte, portretrame, inkstaanders asook OVS- en ZAR-wapens.<sup>148</sup> Speksteen en sagte leiklip is onder andere vir vervaardigingsdoeleindes gebruik.<sup>149</sup> Selfs 'n fyn gehalte leiklip is in Groenpunt by die Greenpoin Track-kamp uitgegrawe.<sup>150</sup>



**Figuur IV-15:** 'n Krygsgevangene in die Groenpunt-kamp vertoon die ZAR- en OVS-wapens wat hy op 'n steen gegraveer het.

Uit Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02786.

<sup>147</sup> H.H. van Niekerk, Dagboek van Hugo H. van Niekerk (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet Annale* 1, Oktober 1972, pp. 49, 96.

<sup>148</sup> *The Skyview Parrot* 1(1), 18 September 1901, p. 3.

<sup>149</sup> L.A. Changuion, Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangenekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(2), November 1996, p. 66; J.N. Brink, Mot Smit: Harlekyn in die kamp, *Die Huisgenoot*, 21 Januarie 1949, p. 58.

<sup>150</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: F.J. Venter – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940.

Die krygsgevangenes, M.C. Barnard en J.D. Pieterse, onthou dat hulle meestal voorwerpe van klip vervaardig het wat van binne sowel as buite die Kaapse kampe verkry is.<sup>151</sup> Blykbaar het die Britse owerhede in die Groenpunt-kamp swart leiklip vanaf Tafelberg aan die krygsgevangenes besorg. Die klip was mooi en sag om te bewerk. Later is daar in een van die Natalse kampe sogenaamde ‘Baljer-tafelklip’ aan die krygsgevangenes voorsien.<sup>152</sup>

In sommige van die kampe in Indië waar dit baie droog en warm was en hout skaars was, is daar van sagte klipsoorte gebruik gemaak om krygsgevangenekuns te vervaardig.<sup>153</sup> In die noordweste van Indië, in die omgewing van Kakool, het die krygsgevangenes verskillende soorte leiklip ontdek wat hulle met baie geduld en volharding kon bewerk. Aanvanklik het hulle sagte klein spoelklippies in ’n droë, klipperige bedding opgetel en gaatjies daarin geboor om dit aan hul horlosiekettings op te hang. Met nadere ondersoek het hulle bo in die klofie groot banke van verskillende soort leiklip gevind. Party was baie sag en liggeel van kleur, sonder nate of spikkels. Dan was daar ook ’n lewerkleurige leiklip waarvan party stukke onbevelek en ander weer met ’n wit vlek, amper soos marmer, versier was.<sup>154</sup>

Onder die krygsgevangenes was daar diegene wat nie noodwendig oor die talent beskik het om krygsgevangenekuns te maak nie, dus het hulle maar klippe aangedra of gesaag en die gesaagde klippe weer aan die makers verkoop.<sup>155</sup> J.F. van Wyk wat ’n krygsgevangene in die Abbottabad-kamp in Indië was, onthou dat die mans hul tyd nuttig verwyd het deur allerhande kralewerk te doen met krale wat uit klip gesny is. Die oorgrote meerderheid het egter uit sagte klip een of ander voorwerp probeer sny. Daar was klipboeke, kliprewolwers, kliposse en klipperde, en een persoon het op sy eie selfs ’n miniatuurlokomotief uit klip aangepak. Veral borsspelde van verskillende vorme en fatsoene is vir vrouens en nooiens uitgesny, met die naam van die toekomstige eienares daarop gegraveer. Die metode om klippe met verbrande swael aanmekaar te heg, was alom bekend onder die krygsgevangenes.<sup>156</sup> Soms is borsspelde gemaak wat uit twee kliphartjies bestaan het. Die kleiner hartjie van ’n ligter kleur klip is dan met gesmelte blomswael en klipmeel in die groter kliphartjie ingevoeg.<sup>157</sup>

---

<sup>151</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: M.C. Barnard – K. Roodt-Coetzee, s.a. en J.D. Pieterse – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>152</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J. Ahlers – K. Roodt-Coetzee, 3 Mei 1940.

<sup>153</sup> W.H. Ackermann, *Opsaal: Herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 170.

<sup>154</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 347.

<sup>155</sup> P.A. van Jaarsveld, *My ballingskap na Indië Anglo-Boereoorlog*, p. 15.

<sup>156</sup> J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp. 217-218, 223-224

<sup>157</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 347.

#### 4. Metaal

Die akademikus, N.J. Saunders, het opgemerk dat dit opvallend is hoeveel Anglo-Boereoorlog loopgraafkuns uit goud- en silwermuntstukke vervaardig is. Volgens Saunders dui dit ironies genoeg op die ekonomiese waarde wat Suid-Afrika vir die Boere sowel as die Britte ingehou het.<sup>158</sup> Muntstukke is veral omskep in juweliersware soos ringe, borsspelde en selfs horlosiekettings.<sup>159</sup>

In die Bellevue krygsgevangenekamp is ringe uit Kruger-sjielingmuntstukke vervaardig met die datum of 'n naam daarop gegraveer. Selfs snuifdosies is uit twee halfkroon-muntstukke gemaak met die persoon se naam, datum en bewoording 'Bellevue camp' daarop gegraveer.<sup>160</sup> Die krygsgevangene, F.J. Venter, onthou dat daar in Greenpoint Track-kamp ringe van muntstukke gemaak is.<sup>161</sup> Op St. Helena is onder andere medaljes van halfkroon en pennies gemaak, met die beelde van presidente Kruger en Steyn daarop.<sup>162</sup> Die St. Helena-goewerneur, R.A. Sterndale, het spesiaal in sy jaarverslag melding gemaak van een van die krygsgevangenes wat 'n juwelier van beroep was. Hy het met die elementêrste gereedskap, uit 'n halfkroonmuntstuk, die mooiste klein silwer rosie met blaartjies vir die Jamestown-uitstalling in die Kasteel gemaak.<sup>163</sup>

Volgens die reëls en regulasies wat deur die Britse militêre owerhede in die Suid-Afrikaanse sowel as die oorsese kampe toegepas is, moes die krygsgevangenes enige geld wat hulle in hul besit gehad het of wat later aan hul gestuur is, by die kampkommandant of die assistent-kampkommandant inbetaal. Slegs geringe bedrae is dan volgens die diskresie van die kampkommandant of die assistent-kampkommandant op aanvraag aan die krygsgevangenes uitgereik. Dié maatreël is waarskynlik ingestel om te verhoed dat krygsgevangenes groot bedrae geld by hulle gehad het waarmee wagne omgekoop en ontsnappingspogings betaal kon word.<sup>164</sup> So het die Ceylonse krygsgevangenes in die Diyatalawa-kamp al die geld wat in hul

---

<sup>158</sup> N.J. Saunders, *Trench Art*, p. 30.

<sup>159</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

<sup>160</sup> H. Scott, Further notes on Boer prisoners of war in Simon's Town, *Simon's Town Historical Society Bulletin* 1(4), July 1962, pp. 24-25.

<sup>161</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: F.J. Venter – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940.

<sup>162</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 52.

<sup>163</sup> Cd. 431 Colonial Reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 10.

<sup>164</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", M.A.-verhandeling, U.P., 2000, p. 28; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 188, 262.

besit was of wat hulle ontvang het, aan die kampkommandant, kolonel Jesse-Coope, oorhandig en het hy as betaalmester opgetree. 'n Krygsgevangene mag nie meer as £1 'n week by hom gehad het nie, en volgens bewering kon 'n krygsgevangene ook nie meer as 'n Ceylonse 25 sent of 'n kwart roepie in koper kleingeld op 'n slag by hom gedra het nie.<sup>165</sup> Tog kom daar voorbeelde in museum- en privaat versamelings voor waar Ceylonse muntstukke as deel van die krygsgevangenekuns geïnkorporeer is. Veral ringe is met Ceylonse tiensentstukke ingelê.<sup>166</sup> 'n Uitsonderlike voorbeeld wat in die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boere-republieke aangetref word, is die portretraam wat in 1901 deur J.P. le Roux op Ceylon gemaak is. Dit bevat 32 koper en silwer Ceylonse munte wat om 'n foto van Le Roux gemonteer is.<sup>167</sup>

Op Bermuda het die krygsgevangenes ook ringe van goud- en silwermuntstukke gemaak.<sup>168</sup> Soms is die buitekant van 'n goue pond glad afgewerk terwyl die opskrif van die pond aan die binnekant nog sigbaar was. Dominee J.A. van Blerk onthou dat hy een van dié ringe as trouband aan sy bruid gegee het.<sup>169</sup> In die *The New York Times* van 25 Januarie 1903 het 'n joernalis breedvoerig berig oor die miniatuurpenmessies wat deur die krygsgevangenes uit twee Britse sjielingmuntstukke vervaardig is.<sup>170</sup> Van Blerk onthou dat die klein penmessies oop en toe kon maak en dat dit bedoel was om aan 'n horlosieketting te hang. Selfs koningin Victoria se beeld wat op die oorspronklike munt voorgekom het, is op van die messies ongeskonde gelaat.<sup>171</sup>

Daar bestaan etlike voorbeelde van Kruger-muntstukke wat uitgesny of gedeeltelik gegraveer is om president Kruger as 'n karikatuur uit te beeld. Verskeie variasies op die tema word aangetref. Somtyds word Kruger met 'n pluiskiel op die kop en pyp in die mond voorgestel. Daar is selfs vroulike voorstellings van Kruger met 'n kappie en tjalie. Die *Spink*-veiling-katalogus wat gedurende die Anglo-Boereoorlog-herdenking in 1999 uitgereik is, beweer dat munte met graverings van Kruger, as aandenkings van die oorlog baie gewild was onder Britse soldate. Volgens die katalogus het Boerekrygsgevangenes munte aangepas en aan Britse soldate verkoop, maar die teendeel is ook waar deurdadig Britse soldate hulself veroorloof het om onder andere potsierlike karikature van Kruger op die munte aan te bring. Dus kan daar nie

---

<sup>165</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 262.

<sup>166</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>167</sup> Oorlogsmuseum van die Boere-republieke, Bloemfontein: 04815/00041, portretraam, 1901.

<sup>168</sup> A resident, The Boer prisoners at Bermuda: Their life in a West Indian paradise, and what they think of the war, *Pall Mall Magazine: Review of Reviews* Vol XXVI, November 1901, p. 363.

<sup>169</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 50.

<sup>170</sup> Anonymous, Work of prisoners of war, *The New York Times*, 25 January 1903, s.p.

<sup>171</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 50.

altyd met sekerheid bepaal word of dié gesogte muntstukke deur Boerekrygsgevangenes of Britse soldate verander is nie.<sup>172</sup>

Dit wil voorkom of Boerekrygsgevangenes met opset muntstukke in hul krygsgevangenekuns gebruik het deur dit deel te maak van die ontwerp van 'n voorwerp, dit te omskep in juweliersware of om die muntstukke met uitgesnyde en gegraveerde karikature of emaljeverf te ontsier. Op dié manier was hulle nie verplig om die geld in hul besit aan die Britse militêre kampowerhede te oorhandig nie of kon hulle meer geld as die toegelate bedrag by hulle hou.



**Figuur IV-16:** Voorbeelde van uitgesnyde en gegraveerde Kruger-muntstukke uit die Oosthuizen-privaatversameling.

Uit: P. Oosthuizen, *Boer War memorabilia: The collectors' guide*, p. 96.

Krygsgevangenes het elke stukkie metaal wat hulle gehad het of in die hande kon kry, hergebruik. Die klein koperskarniertjies van Britse offisiere se sigardose is herbenut deur dit vir kissies se deksels te gebruik.<sup>173</sup> Sardienblikseleutels het as lusse gedien vir rieme van flesse wat oor die skouer gehang het.<sup>174</sup> Selfs uit geweerkoeëls is penmessies vervaardig.<sup>175</sup> Smeltwerk is onder meer op St. Helena beoefen. Die verlangde embleem is in hout uitgesny en in klei afgedruk waarna dit gelaat is om droog te word. Gesmelte goud- en silwermuntstukke of metaalwapens van hoede is dan in die kleivorm gegooi en laat hard word om die gewenste eindresultaat te verkry.<sup>176</sup> Blikke is ook verhit sodat die lood kon uitloop, wat dan vir smeewerk

---

<sup>172</sup> Spink, *The Anglo-Boer War anniversary 1899-1902: Orders, decorations and campaign medals, militaria and memorabilia*, p. 288.

<sup>173</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 347.

<sup>174</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 141.


<sup>175</sup> H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)*, p. 62.

<sup>176</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: H.T. Siglé – K. Roodt-Coetzee, s.a.



gebruik is.<sup>177</sup> Op Bermuda is kieres versier met tinstroke wat verkry is van die geblikte voedsel wat die krygsgevangenes as rantsoene ontvang het.<sup>178</sup> Tot lepels het in die smeltpot beland.<sup>179</sup> W.F. Potgieter wat op Morgan-eiland in Bermuda 'n krygsgevangene was, onthou dat hy 'n houtkissie in die vorm van 'n Bybel gemaak het en dat hy sy lepel gesmelt het om op die 'Bybel' in te lê.<sup>180</sup>

In die Bellevue-kamp by Simonstad het Hadji Bakaar Manuel, een van die handelaars wat voorrade aan die kamp verskaf het, drie loodmedaljes besit wat veronderstel was om kentekens voor te stel.<sup>181</sup> Vier handgemaakte kentekens van 'n gryns metaal – gemonteer op 'n houtplank – is ook in 1900 deur die krygsgevangenes aan boord die *H.M.T. Catalonia* as 'n geskenk aan Harman, die siviele dokter, oorhandig. Die kentekens het bestaan uit 'n Transvaal-wapen, 'n artilleris op 'n perd met die bewoording 'ZAR' onderaan en 'Art. Man' gegraveer op die perd, 'n kanon en kanonnier met die bewoording 'WAR' boaan, asook 'n sleutel en hartjie met gekruiste pyle en die bewoording 'ZAR' bo-aan.<sup>182</sup>



**Figuur IV-17:** Metaalkentekens wat in 1900 deur die krygsgevangenes aan boord die *H.M.T. Catalonia* aan die siviele dokter, Harman, oorhandig is.

Uit: Spink, *The Anglo-Boer War anniversary 1899-1902: Orders, decorations and campaign medals, militaria and memorabilia*, p. 289.

<sup>177</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: W.F. Potgieter – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>178</sup> Anonymous, Work of prisoners of war, *The New York Times*, 25 January 1903, s.p.

<sup>179</sup> F. Pretorius, Boer Prisoner of war art, *History Today* 56(3), March 2006, p. 34.


<sup>180</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: W.F. Potgieter – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>181</sup> H. Scott, Some notes on Boer prisoners of war in Simon's Town, *Simon's Town Historical Society Bulletin* 1(3), January 1962, p. 17.

<sup>182</sup> Spink, *The Anglo-Boer War anniversary 1899-1902: Orders, decorations and campaign medals, militaria and memorabilia*, p. 289.

## 5. Tekstiele

Alhoewel brei- en hekelwerk in die meeste van die krygsgevangenekampe beoefen is, het dié handwerkbedrywigheid aansienlik gefloreer in die Suid-Afrikaanse kampe asook die Indiese kampe waar natuurlike hulpbronne soos hout soms moeilik bekombaar en skaars was. C.J. Prinsloo en F.J. Venter onthou dat hulle tydens hul krygsgevangenskap veral breiwerk in die Kaapse kampe beoefen het.<sup>183</sup> In die Natalse Umbilo-kamp is sy, katoen en katoenwol gebruik om dasse, serpe en tjalties van verskillende kleure en ontwerpe te brei of te hekel. Dié handgemaakte tekstiele het blykbaar baie goed met enige soortgelyke ingevoerde artikels vergelyk. Alhoewel die breiwerk op 'n geïmproviseerde, primitiewe breiplankie gedoen is, was dit nogtans duursaam en van goeie kwaliteit wat geesdriftig as soeweniers gekoop is.<sup>184</sup>



**Figuur IV-18:** Dirk Odendaal in die Umbilo-kamp poseer met sy breiwerk; let op die breiblokkie in die vorm van 'n vis en die hekelnaald in sy hand.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02912.

Met 'n tuisgemaakte hekelnaald en breiblokkies of groter breiplanke het oud en jonk dasse van katoenhekelgare asook skouer mantels van wol gebrei.<sup>185</sup> In Indië het die krygsgevangene, D.S. van Warmelo, hom ook toegespits op die vervaardiging van gebreide dasse en serpe op 'n selfgemaakte breiblokkie. Van Warmelo het Andalusiese wol by die plaaslike Parsee-winkel aangekoop. Volgens gerugte wat in die Ahmednagar-kamp die ronde gedoen het, was die materiaal wat hy by dié spesifieke winkel gekoop het, blykbaar nie van goeie kwaliteit nie en het hy probeer om beter gehalte materiaal vir sy dasse aan te koop. In briefwisseling met sy suster meld hy dat hy met die geld wat sy aan hom gestuur het, slegs materiaal kon aankoop

---

<sup>183</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: F.J. Venter – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940 en C.J. Prinsloo – K. Roodt-Coetzee, 5 April 1940.

<sup>184</sup> *The Tick* 1, 5 June 1902, p. 3.

<sup>185</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06024/00001, p. 80: Dagboek van C.P. Pretorius, Diyatalawa; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 276-277.

wat volgens hom minderwaardig van gehalte was.<sup>186</sup> Selfs in die Umballa-kamp in Indië het ene Geldenhuys 'n masjien gekoop om dasse mee te maak.<sup>187</sup>

## 6. Ander materiale

Benewens hout, been, ivoor, klip, metaal, wol en hekelgare het krygsgevangenes van 'n verskeidenheid ander materiale, veral van plantaardige en dierlike aard, gebruik gemaak om uiting te gee aan hul kreatiwiteit. Die samevoeging of kombinasie van kontrasterende materiale is veral gebruik om uit te staan.<sup>188</sup> J.D. Cilliers onthou dat die krygsgevangenes op Ceylon onder meer voorwerpe uit skulpe, horings, kokosneutdoppe en pitte vervaardig het.<sup>189</sup> In Indië is daar weer van 'n sekere soort seepsteen, asook kokosneute, sade van bome, perlemoen en perdesterthaar gebruik gemaak.<sup>190</sup>

Horing is in 'n mindere mate gebruik om krygsgevangenekuns soos drinkglase en oortreksels vir vuurhoutjieboksies te maak.<sup>191</sup> Die St. Helena-krygsgevangene, G.J. Loots, skryf dat die handvatsels van kieries dikwels van beeshoring was, wat in water gekook is en dan in die verlangde vorm gebuig is.<sup>192</sup> Beeshoringpunte is ook onderaan die steelpunte van kieries aangebring.<sup>193</sup> Nog 'n krygsgevangene op St. Helena, ene Jooste, het met behulp van sy draaibank allerhande voorwerpe uit hout, been, horing en walvisbeen vervaardig. Blykbaar was die kelkies wat hy van horing gemaak het in aanvraag en het dit goed verkoop.<sup>194</sup>

Waterbuffelhoring is veral in Indië en Ceylon gebruik. 'n Krygsgevangene het tereg die opmerking gemaak dat daar niks van 'n waterbuffel verwaarloos geraak het nie, want dit wat hulle nie geëet het nie, het hulle tot enigiets denkbaar bewerk.<sup>195</sup> Van buffelhoring is onder

---

<sup>186</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwys: D.S. van Warmelo – H. Cloete, 21 Januarie 1901 en 1 September 1901; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 368.

<sup>187</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 370.

<sup>188</sup> E. Itzken, Handcraft by Boer prisoners of war, in G. Verhoef (ed.), *The Anglo-Boer War: Commemorative lectures at the Rand Afrikaans University*, 1999, p. 133.

<sup>189</sup> J.D. Cilliers, Boere-krygsgevangenes op Ceylon, *Die Huisgenoot*, 9 Oktober 1931, p. 19.

<sup>190</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 26.

<sup>191</sup> J.A. Kimball, *Trench Art: An illustrated history*, p. 12.

<sup>192</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: G.J. Loots – K. Roodt-Coetzee, 16 April 1940.

<sup>193</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 52.

<sup>194</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 22.

<sup>195</sup> Boerbok, Ceylon toe, *De Boerenvriend*, s.a., p. 82.

andere servetringe, drinkbekers en ringe op draaibanke gedraai.<sup>196</sup> Selfs ryswepe en papiermesse is van horing gemaak.<sup>197</sup> J.J. Gordon, wat op Ceylon aangehou is, onthou dat hulle waterbuffelhorings van buite die kamp by die plaaslike Ceylonse inwoners bekom het teen 2/6 'n paar.<sup>198</sup> Die horings is dik met vet gesmeer en dan op die kole gebraai om dit deurskynend, hard en glansend te maak.<sup>199</sup>



**Figuur IV-19: Beeshoringbeker afkomstig uit die Groenpunt-kamp met die Transvaalse wapen daarop gegraveer.**

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen aanwinstnommer, horingbeker, s.a.

Die Victoriaanse voorliefde om hare te gebruik in die vorm van rou-juweliersware om die afsterwe van 'n geliefde te herdenk,<sup>200</sup> is ook gedurende die Anglo-Boereoorlog toegepas. Die krygsgevangenes het egter 'n buitengewone variasie op die nekrofiliese tema verskaf deur perdesterthare in plaas van menshare te gebruik om die ronde skakeltjies vir armbande, halssnoere en horlosiekettings te maak. Die St. Helena-krygsgevangene, G.H. Jooste, skryf dat die eienaar van 'n perd met lang sterthare hom nie vir 'n rukkie alleen kon laat nie, want dan verdwyn daar 'n gedeelte van die sterthare om mooi horlosiekettings mee te maak.<sup>201</sup> By Bhimtal in Indië is daar weer die staaltjie van 'n klompie seuns wat 'n Indiër se perd bygedam het om al sy stert- en maanhare in die hande te kry.<sup>202</sup>

<sup>196</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>197</sup> M.A.A. Galloway, Boer prisoners in Ceylon, *The Nineteenth Century and After* 512(300), February 1902, p. 189.

<sup>198</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.J. Gordon – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>199</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.H. Kruger – K. Roodt-Coetzee, 27 Februarie 1941.

<sup>200</sup> D. Cooper and N. Battershill, *Victorian sentimental jewellery*, pp. 43, 50.

<sup>201</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: G.H. Jooste – K. Roodt-Coetzee, 9 Augustus 1940.

<sup>202</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 26.

Alhoewel daar naaldwerkkissies in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke se versameling voorkom wat met ystervarkpenne en ivoorkolletjies versier is,<sup>203</sup> is dit onwaarskynlik dat dié kissies deur Boerekrygsgevangenes self gemaak is. Die vervaardiging van ystervarkpenkissies het gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu by Galle en Matara in suidelike Ceylon plaasgevind as uitvoerprodukte vir die Europese mark.<sup>204</sup> Dus het krygsgevangenes die kissies heel waarskynlik as aandenkings by die plaaslike markte in Ceylon aangekoop en dit na Suid-Afrika teruggebring.

Die krygsgevangenes op Ceylon het onder andere kokosneutdoppe gebruik om suiker- en blompotte te produseer. Selfs baadjie- en onderbaadjieknoppe is van kokosneutdop gemaak en dan met 'n klaverblaar of hartjie van been ingelê.<sup>205</sup> In die Ahmednagar-kamp was daar twee mans wat daarin gespesialiseer het om tonele op kokosneute uit te kerf.<sup>206</sup>

In die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke word daar 'n lyfband van donkerkleurige sade aangetref wat aan H.J. Biljon, 'n krygsgevangene op St. Helena, behoort het.<sup>207</sup> Volgens een van sy medekrygsgevangenes, G.H. Jooste, is dié saadwerk verkry van die St. Helena-eilandbewoners wat dit aan die mans verkoop of gegee het.<sup>208</sup> Die donkerbruin Cassia-saadwerk word vandag nog steeds op St. Helena as toeristaandenkings in die vorm van plekmatjies, armbande, halssnoere en oorbelle verkoop.

Ander plantaardige materiaal soos blare en vlas is ook in die vervaardiging van krygsgevangenekuns gebruik. Op St. Helena is mandjies van vlas gemaak.<sup>209</sup> 'n Voorbeeld van 'n gevlegte mandjie met die bewoording 'St. Helena, 1901, POW' op die deksel, kom in die Waldmeister-privaatversameling voor.<sup>210</sup> Volgens 'n berig in die *The Royal Gazette* van 3 Augustus 1901, het ene meneer Black die krygsgevangenes op Bermuda van net, tou en ander materiaal voorsien om hangmatte te maak.<sup>211</sup> Vermoedelik is die donkergroen, veselagtige

---

<sup>203</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00243/00001 en 03185/00002, naaldwerkkissies, s.a.

<sup>204</sup> Nicholas Wells, 19th Century Ceylonese porcupine quill boxes, <https://antiquedealer.wordpress.com/2009/03/31/anglo-indian-ceylonese-porcupine-quill-boxes/>, 4 July 2018.

<sup>205</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>206</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 368.

<sup>207</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00823/00001, lyfband, s.a.

<sup>208</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: G.H. Jooste – K. Roodt-Coetzee, 9 Augustus 1940.

<sup>209</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: G.H. Jooste – K. Roodt-Coetzee, 9 Augustus 1940.


<sup>210</sup> Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen aanwinstnommer, mandjie, 1901.

<sup>211</sup> *The Royal Gazette* (Bermuda), 3 August 1901, p. 2.

palmlare van die inheemse Bermuda Palmetto (*Sabal bermudana*)<sup>212</sup> deur die krygsgevangenes gebruik om onder meer hangmatte, mandjies en toue te vleg. G.S. Preller onthou dat hulle tydens hul krygsgevangenskap in Indië ook knoopwerk van tou gemaak het.<sup>213</sup>

Selfs natuurlike grondstowwe soos klei is gebruik om beeldjies te maak.<sup>214</sup> Omdat die Broadbottom-kamp op St. Helena in 'n breë, vlak vallei geleë was, was die grond meer kleierig as by Deadwood.<sup>215</sup> In die versameling van die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria is daar 'n klein 7 cm-hoë kleibekertjie wat aan die later bekende skilder Erich Mayer behoort het. Die volgende woorde is op die bekertjie uitgekrap: 'E. Mayer, krygsgevangene Mafeking, 12.5.1900', wat aandui waar en wanneer hy krygsgevangene geneem is.<sup>216</sup>

Skulpe is onder andere gebruik om borsspelde te vervaardig.<sup>217</sup> Perlemoenskulpe is ook by die plaaslike inwoners gekoop waarvan perlemoenshartjies vir horlosiekettings gemaak is.<sup>218</sup> Hutten onthou dat 'n Britse soldaat dosyne plat perlemoenskulpe by die Diyatalawa-kamp ingebring het. Hy het die skulpe met die gesigsbeeld van koningin Victoria en die Union Jack aan weerskante met waterverf geskilder en vernis. Vir dié werk het hy een roepie ontvang.<sup>219</sup>



**Figuur IV-20: Beskilderde skulpe met die OVS- and ZAR-wapens as versiering wat deur C.F. Rothmann in die Diyatalawa-kamp op Ceylon geskilder is.**

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06925/00001, skulp, 1901 en 06925/00002, skulp, 1902.

<sup>212</sup> Department of Environmental and Natural Resources, Bermuda Palmetto, <http://environment.bm/bermuda-palmetto/>, 09 Desember 2016.

<sup>213</sup> G.S. Preller, *Ons parool: Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, p. 97.

<sup>214</sup> K. Roodt, "Die krygsgevangenes as kultuurgroep", Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

<sup>215</sup> Cd. 431 Colonial Reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 16.

<sup>216</sup> C. Pretorius, *Op St. Helena – vol van hartepyn: Die oorlogskuns van Erich Mayer (1899-1902)*, p. 67.

<sup>217</sup> O. van Oostrum, Herinneringe van Ceylon: Bedrywighede van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 3 Mei 1935, p. 57.

<sup>218</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: G.J. Mentz – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940.

<sup>219</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

Selfs ruwe asook gepoleerde halfedelgesteentes soos robyne, saffiere, tieroë en maanstone is deur die meganiese ingenieur en gelisensieerde goudsmid, P.D. O'Reilly, in die *Diyatalawa Camp Lyre* van 15 Oktober 1900 geadverteer.<sup>220</sup> J.H. Kruger van Diyatalawa getuig van perdeskoenvormige hangertjies met 'n ster in die middel waarin maansteentjies ingelê is.<sup>221</sup> Hutten onthou weer dat hy op Ceylon maanstone aangekoop het om borsspelde te maak met twee duifies met takkies in hul bekke wat 'n hartjie vorm. Die maansteen is dan in die middel van die hartjie met die 'gypsy'-metode gemonteer.<sup>222</sup> G.S. Preller skryf ook in sy herinneringe dat van die krygsgevangenes in Indië tabaksakkies van krale gemaak het.<sup>223</sup>



**Figuur IV-21: Perdeskoenvormige borsspeld van been met 'n pienk maansteentjie wat in die middel van die sentrale bytjie-motief gemonteer is.**

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke: 00854/00002, borsspeld, s.a.

Dit is duidelik dat die beskikbaarheid van, en soms tekort aan, gereedskap en bruikbare materiaal in die onderskeie kampe van aanhouding geensins die krygsgevangenes se vervaardigingsvernuf aan bande gelê het nie. Innoverende plaasvervangers is, waar nodig, geprakseer en enige stuk afvalmateriaal wat hulle in die hande kon kry, is herwin en hergebruik om krygsgevangenekuns te vervaardig. Dié gebruik van rou grondstowwe en oorblywende oorlogsmateriaal om driedimensionele, kultuurhistoriese voorwerpe tydens 'n konfliktsituasie te vervaardig, vorm dan ook die hoofargument waarvolgens Boerekrygsgevangenekuns as 'n onderafdeling van loopgraafkuns geklassifiseer kan word.

<sup>220</sup> *Diyatalawa Camp Lyre* 4, 15 Oktober 1900, p. 1.

<sup>221</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.H. Kruger – K. Roodt-Coetzee, 27 Februarie 1941.

<sup>222</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>223</sup> G.S. Preller, *Ons parool: Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, p. 97.

# HOOFSTUK V

## DIE VERVAARDIGING VAN BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS DEUR SPESIALISVAKMANNE

---

### Amateuragtige begin

Ten spyte van 'n amateuragtige begin, is daar tog talentvolle vakmanskap in die vervaardiging van voorwerpe onder die Boerekrygsgevangenes geopenbaar. Volgens 'n sensus wat kort na die Boerekrygsgevangenes se aankoms in die Diyatalawa-kamp in Ceylon onderneem is, is boerdery deur 3 679 as beroep aangedui. Met dié sensusgetal in ag genome, kan daar aangeneem word dat die oorgrote meerderheid krygsgevangenes dus gewone boere met 'n landbouagtergrond was en nie noodwendig formele opleiding gehad het nie. Die navorser, R.L. Brohier, maak die volgende afleiding: “Although as stock-keepers and shepherds most of these craftsmen had never handled the tools they were putting to use, the skill shown in cabinet making and carving was surprising.”<sup>1</sup> Die historikus, S.P.R. Oosthuizen, kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekking met die stelling dat die skeppende krag van die ongeskoolde krygsgevangenes tot 'n verbasende peil ontwikkel het en dat talle van die mans skielik bewus geword het van 'n sluimerende talent.<sup>2</sup>

Vir baie van die krygsgevangenes was die aanvanklike pogings om krygsgevangenekuns te vervaardig, amateuragtig en ru afgewerk. Die St. Helena-krygsgevangene, H. Scholtemeijer, het tereg opgemerk dat “al doende leert men” en was die latere pogings fyner en kunstiger afgewerk.<sup>3</sup> Selfs Rocco de Villiers, wat sy krygsgevangenskap op Morgan-eiland by Bermuda uitgedien het, het geskryf: “Na de ondervinding in dezen oorlog opgedaan, ben ik tot de overtuiging gekomen, dat de Afrikaner zeer kunstig is met uitvindsel, en in het algemeen, om iets dat hij probeert – indien hij zich er op wil toelagen – behoorlijk uit te voeren, indien hij maar de ondernemingsgeest bezit, en lust heeft zich aan de werk te wijden.”<sup>4</sup>

---

<sup>1</sup> R.L. Brohier, The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902), *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(2), October 1946, p. 40.

<sup>2</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, p. 276.

<sup>3</sup> H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)*, p. 61.

<sup>4</sup> R. de Villiers, Dagboek van Rocco de Villiers, in M.C.E. van Schoor (red.), *Christiaan de Wet Annale* 3, 1975, p. 67.



’n Ceylonse krygsgevangene, O. van Oostrum, meen dat die verbetering te danke was aan kompetisie as gevolg van kopers wat met die krygsgevangenekuns handel gedryf het. Hy maak spesifiek melding van J.T. Bain wat in die Diyatalawa-kamp die krygsgevangenes se werk krities beoordeel het en in ’n sekere mate ook opvoedend opgetree het. Bain het foute in die bewerking van die krygsgevangenekuns uitgewys en beter pryse beloof as dieselfde foute nie weer in die toekoms voorgekom het nie. Krygsgevangenes het op dié manier ’n bietjie self-kritiek aangeleer en sodoende die neiging om gou met hul eie werk tevrede te wees, afgeleer.<sup>5</sup> Volgens Oosthuizen het winsmotief ’n beduidende rol gespeel. Dit het die krygsgevangenes gemotiveer om tyd en aandag aan die kwaliteit van hul handwerk te bestee aangesien beter vervaardigde voorwerpe hoër pryse behaal het.<sup>6</sup>

Oosthuizen beweer ook dat dié motivering nie alleenlik krygsgevangenes tot die vervaardiging van beter afgeronde handwerk gestimuleer het nie, maar dat dit meer krygsgevangenes tot die beoefening van handwerkbedrywighede aangevuur het. Namate die mans se vaardigheid toegeneem het, is hulle tot groter inspanning, vindingrykheid en ondernemingsgees aangespoor wat die vervaardiging van krygsgevangenehandwerk spoedig tot ’n bedryf laat ontwikkel het.<sup>7</sup> C.R. Kotzé, wat hom as krygsgevangene op St. Helena bevind het, het ook tot die gevolgtrekking gekom dat mededinging tussen vervaardigers as aansporing gedien het. Volgens hom het die tentoonstellings wat in die kampe op St. Helena gehou is, bygedra om ’n kompeterende milieu te skep sodat die aantal inskrywings gestyg en die mededinging in die onderskeie afdelings toegeneem het. Hy skryf dat die krygsgevangenes tydens die tentoonstellings by mekaar geleer het en dat dit hulle tot groter en beter ondernemings aangemoedig het.<sup>8</sup>

Volgens die skrywer van ’n berig wat op 10 April 1902 in *De Krijgsgevangene* van Ceylon verskyn het, was krygsgevangenekunsvoorwerpe meer as net snuisterye. Dit was die materiële vergestaltung van ’n ambag wat deur die krygsgevangenes aangeleer en beoefen is, waarvan hulle self leermeesters en eenaars was en waarop hulle trots kon wees. Die berig lui verder: “Alleen als men zyn kist uitpakt en daaruit te voorschyn brengt het een en ander, door hem een

---

<sup>5</sup> O. van Oostrum, Herinneringe van Ceylon: Bedrywighede van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 3 Mei 1935, p. 57.

<sup>6</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 274.

<sup>7</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 280.

<sup>8</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 55.

jaar gelede gekocht, als aardigheden door K.G. gemaakt, en hy die vergelykt by wat er thans verkrygbaar is teen veel minder geld, ziet men hoezeer alles verbeterd is.”<sup>9</sup>

## Opgeleide vakmanne

Tydens die sensusopname wat in die Diyatalawa-kamp in Ceylon onderneem is, is ongeveer 152 verskillende beroepe gelys. Benewens boere, was daar ook opgeleide ambagsmanne soos timmermanne, grofsmede, messelaars en passers of monteurs, asook 32 ingenieurs.<sup>10</sup> Mostyn Cleaver het in sy krygsgevangenskapherinneringe aan Ceylon daarna verwys dat daar in hulle gemeenskap ’n paar wêreldklas atlete was, asook mans met musikale en artistiese talent, dokters, prokureurs, ingenieurs en selfs ’n dominee.<sup>11</sup> Op St. Helena was daar ook verskeie bekwame en opgeleide krygsgevangenes, onder andere argitekte, bouers, ingenieurs, timmermanne en kabinetmakers.<sup>12</sup> Kotzé noem dat daar op St. Helena opgeleide skilders, plakkers, timmermanne en messelaars was.<sup>13</sup> Die firma ‘Church and Pentz’ van Bottomstraat 18, Blikkiesdorp, het dan ook hul dienste as opgeleide argitekte, bouers, kontrakteurs, wielmakers, draaiers, verwers, papierhangers, dekorateurs en poleerders geadverteer.<sup>14</sup>

Die sensusopname en herinneringe staaf dus die kultuurhistorikus, J.C. Pretorius, se bewering dat van die sirkelblompatrone wat so kunstig en goed afgewerk op kissies en papiermesse aangebring is, die werk van ’n opgeleide vakman moes wees.<sup>15</sup> Volgens ’n oud-krygsgevangene, C.F.L. Hutten, het geskoolde krygsgevangenes (veral die jong penkop-dorpenaars) reeds voor die oorlog onderrig in houtwerk van Europese onderwysers ontvang. Hy het self in 1895 op Fauresmith vir ’n paar maande by die rondgaande onderwyser, P. Elffers, geleer om figuursaery te bemeester. Dit het hom in staat gestel het om portretrame uit hout te saag wat hy dan weer by kerkbasaars verkwansel het.<sup>16</sup>

---

<sup>9</sup> *De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(19), 10 April 1902, p. 2.

<sup>10</sup> R.L. Brohier, The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902), *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(2), October 1946, p. 40.

<sup>11</sup> F.R.M. Cleaver, *A young South African: A memoir of Farrar Reginald Mostyn Cleaver, advocate and veldcornet*, p. 169.

<sup>12</sup> P. Gosse, *St. Helena 1502-1938*, p. 340.

<sup>13</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 47.

<sup>14</sup> *Kamp Kruimels* 1, 20 Desember 1900, p. 4.

<sup>15</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136.

<sup>16</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 28 Januarie 1941.

## Invloed van buitelandse vrywilligers en ander nasionaliteite

Dit wil voorkom of van die opgeleide vakmanne en kunstenaars in die onderskeie krygsgevangenekampe buitelandse vrywilligers of genaturaliseerde Boere was wat van verskillende nasionaliteite afgestam het. Volgens Pretorius was daar veral opgeleide Europeërs wie se werk aan die professionele voorkoms daarvan uitgeken kon word. Sy maak spesifiek melding van die Skandinawiërs wat goed was met fyn houtkerfwerk en gravering.<sup>17</sup> Die krygsgevangene, J.H.L. Schumann, skryf in sy herinneringe dat die Skandinawiërs in die Deadwood-kamp veral betrokke was by die vervaardiging van servetringe, kelkies en borsspelde van ivoor of been wat teen goeie pryse aan Britse offisiere verkoop is.<sup>18</sup> Volgens Matts Gustavsson het die krygsgevangenes van Noorweegse herkoms op St. Helena oor verskillende ambagte beskik wat hulle reeds voor die oorlog beoefen het. Die Noorweërs het blykbaar al in 'n vroeë stadium van hul krygsgevangenskap gereedskap in die kamp ingesmokkel om voorwerpe mee te vervaardig.<sup>19</sup>



**Figuur V-1:** 'n Model seilskippie in 'n glasbottel wat met moeite deur krygsgevangenes van Skandinawiese herkoms op St. Helena gemaak is.

Uit: Museum Africa, Johannesburg: MA1940/109, model in glasbottel, s.a.

Dominee J.A. van Blerk skryf weer hoe 'n groep Skandinawiërs op Bermuda met houtsnyskuns as 'n tydverdryf begin het en dat hulle bedrewe daarin was om kunstige voorwerpe uit hout te sny. Volgens Van Blerk het hulle die voortou geneem en het dit as inspirasie vir die ander krygsgevangenes gedien.<sup>20</sup> De Villiers verwys ook in sy herinneringe dat daar twee biljarttafels op Morgan-eiland gemaak is waarvan een aan die 'Morgans Eiland Curios Syndikaat' behoort het. Die komitee het uit sewe lede bestaan, meestal buitelanders van ander nasionaliteite. Hulle het blykbaar ook 'n draaibank gehad waarmee hulle talle artikels vervaardig het.<sup>21</sup>

<sup>17</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 135.

<sup>18</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 21.

<sup>19</sup> F. Hale, Norwegian prisoners in the Second Anglo-Boer War, *South African Journal of Cultural History* 14(2), November 2000, p. 5.

<sup>20</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 49.

<sup>21</sup> R. de Villiers, Dagboek van Rocco de Villiers, in M.C.E. van Schoor (red.), *Christiaan de Wet Annale* 3, 1975, p. 67.

Die joernalis, E.F. Knight, skryf dat daar op St. Helena werkswinkels met opgeleide kabinetmakers en metaalwerkers was, meestal van Duitse herkoms, wat speelgoed en allerhande ander krygsgevangenekunsvoorwerpe gemaak het.<sup>22</sup> Volgens 'n artikel in *The Leisure Hour* van Augustus 1901 was daar op Ceylon 'n ou opgeleide Duitse houtgraveur wat 'n genaturaliseerde Boer geword het. 'n Britse offisier het in die artikel opgemerk dat: "He now spends his time at the occupation he learnt many years ago in his native land, and very skillfully does he work. Most of the officers send down pipes, on which he carves regimental crests or any other design the owners may fancy. He also works very well in ebony and sandalwood, which he turns into really handsome lids for cigar and cigarette boxes, and backs for hair brushes."<sup>23</sup> S.C. de Bruin onthou weer dat die Duitsers in die Diyatalawa-kamp baie mooi musiekinstrumente vervaardig het.<sup>24</sup> Van die Duitsers het ook skilderwerk en tekeninge gedoen.<sup>25</sup> Hutten het in sy herinneringe aan Ceylon verwys na 'n Hollander en 'n Duitser wat die kuns van houtsnijwerk besonder goed verstaan het en baie netjiese werk gelewer het waarmee die houtsnijwerk van die ongeoefende Boere nie vergelyk kon word nie.<sup>26</sup> Onder die Hollanders op St. Helena was daar trouens uitstekende kabinetmakers.<sup>27</sup>

Volgens die kultuurhistorikus, K. Roodt-Coetzee, was dit opvallend hoe die kerfwerk wat deur buitelanders op die voorwerpe aangebring is, baie meer oordadig en dekoratief was met ingewikkelde geometriese patrone, in vergelyking met die eenvoudige styl van die Boere se kerfwerk. Buitelanders sou byvoorbeeld die hele oppervlakte van die pypkop ryklik versier terwyl die Boere se versierings baie eenvoudiger sterk lyne gehad het soos 'n simplistiese bokkop.<sup>28</sup> G.H. Jooste merk ook in die herinneringe aan sy krygsgevangenskap op dat die buitelanders baie knaphandig was, veral om byvoorbeeld 'krulle' op kissies en ander voorwerpe uit te sny. Volgens hom was die buitelanders baie kunstig, maar het die Boere die

---

<sup>22</sup> E.F. Knight, *With the royal tour*, p. 294.

<sup>23</sup> An Officer, Life with the Boers in Ceylon, *The Leisure Hour* (51), August 1901, p. 808.

<sup>24</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: S.C. de Bruin – K. Roodt-Coetzee, 1 April 1940.

<sup>25</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.J. Liebenberg – K. Roodt-Coetzee, 14 Augustus 1940.

<sup>26</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.


<sup>27</sup> A.L. Paget, Some experiences of a commandant prisoner of war, at Deadwood Camp St. Helena, 1900-1901 (Part I), *Longman's Magazine* 38(228), October 1901, p. 524.

<sup>28</sup> K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 523.

ontwerpe gou nagmaak.<sup>29</sup> Die krygsgevangene, A.C. du Plessis, skryf weer dat die Hollanders se krygsgevangenekuns fyn en mooi was, terwyl die Boere s'n grof en sterk voorgekom het.<sup>30</sup>

## Bydrae deur agterryers

Volgens die skeepslys van die eerste groep krygsgevangenes wat op 5 April 1900 by St. Helena aangekom het, was daar agtien swart Suid-Afrikaners aan boord.<sup>31</sup> Inligting dui daarop dat minstens een swart agterryer ook deelgeneem het aan die vervaardiging van krygsgevangenekuns. In die *Rijksdienst voor het Cultureel Erfgoed* se versameling in Deventer, Nederland, is daar naamlik 'n penhouer met 'n meegaande brief wat die herkoms van die pen aandui. Die penhouer is uitgesny deur 'n swart bediende (agterryer) op St. Helena en aan die krygsgevangene, F.J. Kijzer, as 'n aandenking gegee.<sup>32</sup>



**Figuur V-2:** Volgens die meegaande brief is dié penhouer deur 'n swart bediende (agterryer) op St. Helena uitgesny.

Uit: Rijksdienst voor het Cultureel Erfgoed, Collectie Nederland: Musea, Monumenten en Archeologie, <http://data.collectienederland.nl/page/aggregation/musea-deventer/3644>, 17 Januarie 2017.

## Spesialisasie op 'n sekere vakgebied

Oosthuizen maak die opmerking dat die krygsgevangenes se werksaamhede geleidelik al hoe meer gespesialiseerd geraak het by verskillende persone of groepe wat hulle op die vervaardiging van slegs een soort of tipe voorwerp toegespits het. Volgens hom het sodanige spesialisasie tot gevolg gehad dat die algemene gehalte van werk aansienlik verbeter het en dat

<sup>29</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: G.H. Jooste – K. Roodt-Coetzee, 9 Augustus 1940.

<sup>30</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: A.C. du Plessis – K. Roodt-Coetzee, 8 April 1940.

<sup>31</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 95, 249.

<sup>32</sup> Rijksdienst voor het Cultureel Erfgoed, Collectie Nederland: Musea, Monumenten en Archeologie, <http://data.collectienederland.nl/page/aggregation/musea-deventer/3644>, 17 Januarie 2017.

die handwerk kunstiger en ingewikkelder geword het.<sup>33</sup> Van Oostrum het ook ondervind dat die oorgrote meerderheid van die Ceylonse kampbewoners hulle toegewy het aan die maak van kunstige voorwerpe en dat elkeen min of meer sy eie spesialiteit gehad het.<sup>34</sup> L.C. Ruijssenaers maak in sy herinneringe spesifiek daarvan melding dat die krygsgevangenes op St. Helena gespesialiseer het in die tipe voorwerpe wat vervaardig is. Hy skryf:

Verder zijn er koffermakers. Een Boer is handig en practisch van een oude beschuitenkist en oud blik maken ze werkelijk aardige koffertjes. Dan rijtuigmakers; ze maken miniatuur ossenwagens en rijkarren, die de Engelsche officieren ze afkopen als curiositeit. Ook zijn er stokkennijders, die van ruwe klein boomstammetjes heele mooie stokken met knoppen fabriceeren, pijpensnijders, kastenmakers, fotografen, teekenaars en kroeghouders.<sup>35</sup>

Roodt-Coetzee is van mening dat daar wel onderlinge werksverdeling plaasgevind het en dat sommige krygsgevangenes selfs 'n hoë tegniese vaardigheid in 'n spesialisvakgebied ontwikkel het.<sup>36</sup> Pretorius kom tot dieselfde konklusie, afgelei van die waarneming dat van die uitgesnyde wapens van die Boererepublieke groot onderlinge ooreenkomste toon, wat daarop dui dat dit waarskynlik deur 'n persoon gedoen is wat hom op die uitsny daarvan toegespits het.<sup>37</sup> Daar was persone en vennootskappe wat verantwoordelik was vir die verfraaiing en kunstige afwerking van die reeds vervaardigde voorwerpe wat gespesialiseer het as vakmanne op 'n sekere gebied, soos lettersnyers, letterverwers, skilders, wapenschilders en wapensnyers.<sup>38</sup> So skryf C. Schabort, wat 'n krygsgevangene op St. Helena was, dat hy 'n poppie gemaak het en die skilder 1/6 betaal het om die poppie te beskilder. So ook het hy 3/- betaal vir sy kerie om gepoleer te word.<sup>39</sup> Die spesialis vakmanne op St. Helena het selfs naamborde buite hulle tente of blikhuisies aangebring om hul dienste te adverteer, naamlik E.E. Lindberg 'Engraver'; A. Jacobs en C. Stols 'Poleerders en Kieriemakers'; Kotzé en Minnaar 'Poleerders'; en H.T. Siglé 'Woodcarver'.<sup>40</sup>

---

<sup>33</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902", pp. 273, 277-278, 282.

<sup>34</sup> O. van Oostrum, Herinneringe van Ceylon: Bedrywighede van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 3 Mei 1935, p. 57.

<sup>35</sup> L.C. Ruijssenaers, *Krygsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902* (red. O.J.O. Ferreira), p. 138.

<sup>36</sup> K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 522-523.

<sup>37</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 139.

<sup>38</sup> J.D. Cilliers, Boere-krygsgevangenes op Ceylon, *Die Huisgenoot*, 9 Oktober 1931, p. 19.

<sup>39</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06675/00003, pp. 37-38: Dagboek van Cornelis Schabort, St. Helena, 1900.

<sup>40</sup> H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)*, p. 63.

In die onderskeie krygsgevangenekampe was daar ook etlike kunstenaars wat kon teken en skilder, soos Erich Mayer (St. Helena), F.E.O. Mörs (Ceylon), J.G. Bantjes (Ceylon), asook amateurkunstenaars soos A.L. du Toit (Ceylon). Volgens Pretorius moet die invloed wat dié kunstenaars en amateurkunstenaars op die handwerkkuns van die krygsgevangenes gehad het, nie onderskat word nie. Hulle was heel moontlik verantwoordelik vir baie van die ontwerpe van reliëfwerk asook die beskildering op voorwerpe, wat dan weer deur ander krygsgevangenes nagevolg is. Pretorius skryf ook dat daar talle onderwysers in die kampe teenwoordig was, wat dikwels die versiering van geslagsregisters en liedereboeke gedoen het. Die aandeel wat die onderwysers tot die moontlike versiering, asook geskrewe teks, op die voorwerpe gehad het, moet nie agterweë gelaat word nie.<sup>41</sup>

Pretorius skryf dat nie al die mans oor dieselfde talente beskik het nie en dat sekere krygsgevangenes begin spesialiseer het om sodoende diegene wat nie so bedrewe was nie, te help om iets te verdien.<sup>42</sup> Die krygsgevangene, J.B. de Villiers, onthou dat daar onder die krygsgevangenes op St. Helena ongeletterde mans was wat nie eers hul eie name behoorlik kon skryf nie, maar wat tog netjiese letters kon uitsny.<sup>43</sup> Alhoewel talle krygsgevangenes hul tyd bestee het aan die beoefening van handwerkbedrywigheide, het slegs sommige waarlik spesialiste op 'n sekere vakgebied geword.<sup>44</sup> Hutten het ook die opmerking gemaak dat daar met skryf, letterwerk en die tekening van ontwerpe slegs 'n paar Boere tussen die duisende op Ceylon was wat waarlik daarin uitblink het.<sup>45</sup>

J.N. Brink het in sy herinneringe aan Ceylon opgemerk dat die fynere afwerking en model of tipe voorwerp wat vervaardig is, afgehang het van die aangebore talent en ervaring van die makers. Die een model was skaars bekend, of dis deur 'n nuwe model vervang.<sup>46</sup> Volgens ene Meyndert van Bermuda, het party krygsgevangenes eenvoudig net nie die nodige talent gehad nie en het hulle eerder as kokke vir ander krygsgevangenes opgetree om sodoende 'n ekstra geldjie te verdien. Hy noem byvoorbeeld die geval van 'n vader en sy seuns wat niks anders as sigaretpypies kon maak nie. Die mark was egter spoedig oorlaai met dié tipe voorwerp sodat

---

<sup>41</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 135, 141-142.

<sup>42</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 134-135.

<sup>43</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

<sup>44</sup> *De Kerkbode* 23, 13 Junie 1901, p. 344.

<sup>45</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>46</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.N. Brink – K. Roodt-Coetzee, 24 Oktober 1940.

hulle moes ophou werk.<sup>47</sup> Krygsgevangenes wat nie bedrewe was met die maak van krygsgevangenekuns nie en dit graag as aandenkings vir hulself en hul families wou aanskaf, kon voorwerpe op bestelling laat maak of selfs volgens hul eie spesifikasies laat versier. In *The Skyview Parrot* van 18 September 1901 het 'n advertensie verskyn wat lui dat enige name, voorletters of monogramme asook die OVS- en ZAR-wapens op klip- of beenvoorwerpe soos borsspelde, verskaf kon word.<sup>48</sup>

C. Benbow is van mening dat die krygsgevangenes op Bermuda hul name op die klaargemaakte voorwerpe uitgesny of geskryf het weens natuurlike trots in hul eie handwerk of om die identifisering van die items vir verkoopsdoeleindes te vergemaklik. Volgens hom is die voorkoms van die maker se naam (met of sonder die kamp waar hy aangehou is) en die bewoording 'POW 1902', of 'n kombinasie van albei, 'n getroue indikasie dat die item wel oorspronklik was.<sup>49</sup> Alhoewel daar krygsgevangenes was wat hulle toegespits het op die vervaardiging van spesifieke voorwerpe as 'n kunsvorm en dié voorwerpe in hul totaliteit deur slegs een persoon vervaardig en versier is,<sup>50</sup> was dit egter nie die algemene tendens nie. Pretorius maak die afleiding dat dit voorkom of die gravering, houtsnijwerk en kunstige versiering nie noodwendig deur die maker van die voorwerp gedoen is nie, selfs al verskyn die persoon se naam daarop.<sup>51</sup>

Die onderskeie stadiums van vervaardiging en versiering van die voorwerpe wat veral vir die handelsmerk bedoel was, is verrig deur verskillende persone wat in 'n sekere vakgebied gespesialiseer het.<sup>52</sup> Een persoon het die hout gekap, nog 'n persoon het die skaafwerk gedoen, 'n ander een het die fatsoen uitgesny, iemand het die letterwerk uitgesny, een of twee persone het die polering gedoen en dan was daar nog 'n verkoper.<sup>53</sup> Op dié manier was verskeie krygsgevangenes dus ratte in die wiel van die industrie.<sup>54</sup> 'n St. Helena-krygsgevangene, G.H. Jooste, was oortuig dat alhoewel daar gevalle was waar een persoon die totale vervaardiging en versiering van 'n voorwerp hanteer het, die spesialisasiewerk volgens hom tog maar die beste

---

<sup>47</sup> Buurman, *Oorlogswolke oor die republieke: Die herinneringe van 'n Boere-offisier*, p. 208.

<sup>48</sup> *The Skyview Parrot* 1(1), 18 September 1901, p. 3.

<sup>49</sup> C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 28.

<sup>50</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: C.H. du Plessis – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>51</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 135.

<sup>52</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: C.H. du Plessis – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>53</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: A.C. du Plessis – K. Roodt-Coetzee, 8 April 1940.

<sup>54</sup> F. Pretorius, Boer Prisoner of war art, *History Today* 56(3), March 2006, p. 36.



was.<sup>55</sup> J.H. Kruger, wat sy krygsgevangenskap in die Diyatalawa-kamp deurgebring het, het tot dieselfde konklusie gekom. Volgens hom het elke man aanvanklik sy eie ding gedoen, maar nadat spesialisasie begin is, het dit 'n beter gehalte werk tot gevolg gehad.<sup>56</sup>

## Formele opleiding

In van die krygsgevangenekampe het daar onder die mans 'n behoefte ontstaan aan meer formele opleidingsgeleentehede. By die Sky View-kamp in Kaapstad was daar byvoorbeeld 'n advertensie deur 'D. de Klerk & Co.' in *The Skyview Parrot* van 9 Oktober 1901 dat indiensopleiding aangebied word vir 'n vakleerling in die steen-, sny- en borsspeld-vervaardigingsindustrie.<sup>57</sup>

Op St. Helena is die krygsgevangenes aangemoedig om een of ander ambag aan te leer. Deadwood het nie, soos by Broadbottom, formele klasse in houtwerk aangebied nie, maar die jonges is deur die meer ervare mans onderrig.<sup>58</sup> 'n Ambagskool is in die Broadbottom-kamp gestig onder leiding van dominee De Vos as voorsitter, R.S. Becker as sekretaris, J.V. Carroll, J.L. Schmidt, A. Gauche as lede en S. Hiton as leermeester. Twaalf jong mans wat die wens gekoester het om as timmermans opgelei te word, is as leerlinge aangewys. Die doel was om die skool selfbetalend te maak sodat die getal leerlinge vermeerder kon word.<sup>59</sup> Teen Maart 1902 is 'n tweede twaalfstal leerlinge opgelei.<sup>60</sup>

A.A. Smit skryf in sy herinneringe dat die Goewerneur van Bermuda teen 27 Januarie 1902 in 'n rapport te kenne gegee het dat kinders onder 16 jaar gereeld 'n halfdagskool moes besoek, terwyl die ouer kinders 'n industriële skool moes bywoon. Volgens hom sou gereedskap deur die regering verskaf word en is daar beloop om 'n mark te vind vir die krygsgevangenekuns wat gemaak is.<sup>61</sup> Die jong seuns is egter vanaf Maart 1902 op Hinson-eiland onderrig en het ook opleiding in sekere ambagte ontvang.<sup>62</sup> In Indië is daar by Trichinopoly asook by Ahmednagar ambagskole geopen.<sup>63</sup>

---

<sup>55</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: G.H. Jooste – K. Roodt-Coetzee, 9 Augustus 1940.

<sup>56</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.H. Kruger – K. Roodt-Coetzee, 27 Februarie 1941.

<sup>57</sup> *The Skyview Parrot* 1(4), 9 Oktober 1901, p. 3.

<sup>58</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 141.

<sup>59</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 4, 29 Junie 1901, p. 2; *De Kerkbode* 40, 10 Oktober 1901, p. 560.

<sup>60</sup> *De Kerkbode* 10, 13 Maart 1902, p. 116.

<sup>61</sup> A.A. Smit, *Getrou... tot verby die einde: Dagboeke van A.A. Smit te Bermuda* (red. J. Oosthuizen), pp. 40-41.

<sup>62</sup> C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 17.

<sup>63</sup> *De Kerkbode* 6, 13 Februarie 1902, p. 62; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 366.

## Ambagsmanne, gespesialiseerde vakmanne en kunstenaars

### 1. St. Helena

’n Formidabele lys van gespesialiseerde vakmanne op St. Helena, onder andere poleerders, kieriervvaardigers, metaalwerkers, graveerders, kunstenaars, wapenkerwers en lettersnyers kan saamgestel word, waarvan net sommige hier bespreek word.

### G. Korhonen

Die 44-jarige Gabriël Korhonen (krygsgevangenenommer 3905) is op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem en na St. Helena gestuur.<sup>64</sup> In die Deadwood-kamp het hy vanuit hut 128 sy dienste as poleerder gelewer. Sy spesialiteit was om kieres teen bekostigbare pryse te poleer en het hy sy vakmanskap gewaarborg.<sup>65</sup>

### C.R. Kotzé en C.H. Minnaar

Die 19-jarige Christiaan Roedolf Kotzé (krygsgevangenenommer 3946) en 27-jarige Cornelis Hermanus Minnaar (krygsgevangenenommer 4032) is albei op 21 Oktober 1899 by Elandslaagte gevange geneem en na die Deadwood-kamp op St. Helena gestuur.<sup>66</sup> Kotzé en Minnaar het met die enigste sikspens in hul besit, ’n bietjie politoer gekoop en daarmee ’n kerie begin poleer. Die eindresultaat was na wense en daarna het hulle al hoe meer voorwerpe begin bewerk.<sup>67</sup> Die firma Kotzé en Minnaar van hut 44 in Blikkiesdorp het in die *Kamp Kruimels* van 24 Januarie 1901 geadverteer dat hulle kieres en kissies die beste poleer. Boonop het hulle ook daarop geroem dat hulle ’n eerste prys verower het tydens die industriële tentoonstelling wat op 5 November 1900 in die Deadwood-kamp gehou is.<sup>68</sup> ’n Bord bokant die deur van hul werkplaas het hul spesialiteit as poleerders sigbaar vertoon met die bewoording: ‘Kotze en

---

<sup>64</sup> War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=korhonen&opt=ditem&rdID=3615>, 16 October 2018.

<sup>65</sup> *Kamp Kruimels* 1, 20 Desember 1900, p. 4.

<sup>66</sup> War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=minnaar&opt=ditem&rdID=3742>, 29 October 2017; War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=roedolf&opt=ditem&rdID=3656>, 23 October 2018.

<sup>67</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 57.

<sup>68</sup> *Kamp Kruimels* 6, 24 Januarie 1901, p. 4.

Minnaar, Poleerders'.<sup>69</sup> Vanaf 1 November 1900 tot einde April 1902 het hulle 1 088 kieries, 280 kissies en dosies, 91 dosyn penhouers, vier dosyn papiermesse en twintig stoele gepoleer.<sup>70</sup>

### C.F. en M.J. Vermeulen

Die 57-jarige Cornelis Francois Vermeulen (krygsgevangenenommer 2377) en sy 34-jarige seun Michael Johannes Vermeulen (krygsgevangenenommer 2378) wat op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem is,<sup>71</sup> het in die vervaardiging van kieries gespesialiseer. Hulle het vanaf Junie 1900 tot die einde van Mei 1902 altesaam 610 kieries gemaak, waarvan 306 gedraaide kieries was.<sup>72</sup> Die firma van Kotzé en Minnaar het een van die mooiste gedraaide kieries wat deur C.F. Vermeulen gemaak is, gepoleer en dit spesiaal aan president Kruger vir sy 75ste verjaarsdag na Nederland gestuur, saam met 'n besending krygsgevangenekuns wat ten bate van die Weduwee- en Wesefonds verkoop moes word. Volgens die St. Helena krygsgevangene, H. de Graaf, was die president "baie aangedaan by die ontvangs daarvan".<sup>73</sup>



**Figuur V-3:** Staande is C.H. Minnaar (links) en C.R. Kotzé (regs), die poleerders; sittende is M.J. Vermeulen (links) en C.F. Vermeulen (regs), die kieriervervaardigers; die kiere by Kotzé se hand (in rooi omkring) is aan president Kruger in Nederland gestuur. Uit: C.R. Kotzé, *My ballingskap* (Kaapstad, 1942), p. 57.

<sup>69</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 22.

<sup>70</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 57.

<sup>71</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vermeulen&opt=ditem&rdID=2099>, 29 October 2017; War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database",

<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vermeulen&opt=ditem&rdID=2100>, 29 October 2017.

<sup>72</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 57.

<sup>73</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 55; H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 57. <https://global.britannica.com/art/folk-art>



**Figuur V-4:** Die Transvaalse wapen verskyn op die punt van die handvatsel; die inskripsie ‘Aan ZAR S.J.P. Kruger Staatspresident der ZAR; Gedachtenis van C.F. en M.J. Vermeulen kreigsgevangene te St. Helena 10 Oktober 1900’ is op die steel gegraveer.  
Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Krugerhuis, Pretoria: Kr 1148, kerie, 1900.

### **W.J. Schoeman**

Die 27-jarige Willem Schoeman (krygsgevangenenommer 2032) is op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem en na St. Helena gestuur.<sup>74</sup> Schoeman het homself bemark as die ‘beroemde stoksnyder’ van hut 144, lyn 10, en dat “goed werk op de nieuwste styl gewaarborgd” was.<sup>75</sup> Blykbaar het George Wolfaardt en Willem Schoeman honderde kieres aan offisiere en soldate verkoop.<sup>76</sup> Volgens die oud-krygsgevangene, J.T. Martins, kon Willem Schoeman enigiets uit hout uitsny, selfs ’n volskaalse Lee-Metford-geweer wat deur ’n Britse offisier gekonfiskeer is. Hy het ook ’n groterige model van ’n Britse wag in sy waghuis, kompleet met ’n Kakie-uniform en geweer, gemaak. Hy het die model vir £5 aan dieselfde offisier wat sy houtwapen gekonfiskeer het, verkoop en het ’n soortgelyke model teen £4.10 vir die filantroop, A.S. Green, aangebied.<sup>77</sup>

### **J.L. le Franc**

Op St. Helena is daar in die Deadwood-kamp metaalwerk in die vorm van herdenkings-medaljes, veral van koper, vervaardig.<sup>78</sup> J.H.L. Schumann skryf in sy krygsgevangeneherinneringe dat daar in een van die hutte ’n besigheid was waar medaljes van koper gemaak is wat blykbaar baie goed verkoop het.<sup>79</sup> Volgens die oud-krygsgevangene, I.J. Minnaar, is die

<sup>74</sup> War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=schoeman&opt=ditem&rdID=1756>, 3 January 2019.

<sup>75</sup> *Kamp Kruimels* 1, 20 Desember 1900, p. 4.

<sup>76</sup> I.J. Minnaar, Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene (II), *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936, p. 37.

<sup>77</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.T. Martins – K. Roodt-Coetzee, 2 Julie 1940.

<sup>78</sup> Cd. 431 Colonial Reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 10.

<sup>79</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 21.

medaljes deur 'n Fransman in die kamp vervaardig.<sup>80</sup> A.S. Green, wat Boerekrygsgevangenes op St. Helena besoek het, skryf ook van 'n Franse myningenieur wat 'n stempel met 'n ou skerp-gemaakte vyl uit 'n staalblok gemaak het en waaruit die kopermedaljes gemunt is.<sup>81</sup> In die Kruger-versameling van die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria is daar twee medaljes in 'n kassie met 'n meegaande briefie in Frans, gedateer 17 November 1900, vanuit Marseilles, Frankryk. Volgens die vertaling is die medaljes vir president Kruger aangebied en is dit deur J.L. Lefranc, 'n oud-luitenant en krygsgevangene op St. Helena, gegiet.<sup>82</sup> Die 33-jarige Fransman, Jean Louis le Franc (krygsgevangenenommer 3987), is op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem en na St. Helena gestuur.<sup>83</sup>

### C. Nicolet

G.H. Jooste maak in sy krygsgevangeneherinneringe aan St. Helena melding van 'n buitelandse wat kunstig was om goud, silwer en gewone metaal in 'n verskeidenheid medaljes te omskep. Jooste het hom blykbaar dikwels bewonder, en behalwe vir sy versameling medaljes, het die man ook 'n pragtige knipmes gemaak.<sup>84</sup> Die buitelandse was waarskynlik die Switser, Charles Emile Nicolet (krygsgevangenenommer 4047), wat op 5 April 1900, op 22-jarige ouderdom as 'n lid van De Villebois se Internasionale Legioen by Boshof gevange geneem is en daarna as krygsgevangene na die Deadwood-kamp op St. Helena gestuur is. Voor die oorlog was hy 'n ambagsman in Johannesburg.<sup>85</sup>

In die *Kamp Kruimels* van 10 Januarie 1901 adverteer Nicolet dat die blywendste aandenking van krygsgevangenskap 'n medalje of republikeinse kenteken is wat deur hom gemaak en verkoop word by hut 107 in Blikkiesdorp.<sup>86</sup> In die program van 'n sportaangeleentheid wat op 16 April 1901 gehou is, word Nicolet voorgehou as 'n bekende silwersmid. In die advertensie

---

<sup>80</sup> I.J. Minnaar, Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (IV), *Die Huisgenoot*, 25 Desember 1936, p. 51.

<sup>81</sup> A.S. Green, A visit to the Boer prisoners at St. Helena, *The Nineteenth Century and After* 48(286), Desember 1900, p. 974.

<sup>82</sup> A.H. Smith, *Commemorative medals of the Z.A.R.*, p. 136; M. Esterhuysen, *Gedenkpenninge ter ere van president S.J.P. Kruger*, p. 33; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: Kr 997, inskrywing in aanwysregister.


<sup>83</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=le franc&opt=ditem&rdID=3697>, 3 Januarie 2018.

<sup>84</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: G.H. Jooste – K. Roodt-Coetzee, 9 Augustus 1940.

<sup>85</sup> A. Linder, *The Swiss and the Anglo-Boer War 1899-1902*, pp. 151-152; War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=nicolet&opt=ditem&rdID=3757>, 26 Oktober 2018.

<sup>86</sup> *Kamp Kruimels* 4, 10 Januarie 1901, p. 4.

word daarop klem gelê dat hy die oorspronklike ontwerper en vervaardiger is van ZAR- en OVS-metaalwapens in die vorm van kentekens, borsspelde en medaljes, wat teen bekostigbare pryse te koop aangebied word om die tye en omstandighede te pas.<sup>87</sup> Na 'n mislukte ontsnappingspoging deur Nicolet in Junie 1901, waartydens hy en twee medekrygsgevangenes op 'n Amerikaanse walvisskip ontdek is, is hy in die High Knoll Fort in St. Helena opgesluit.<sup>88</sup>



**Figuur V-5:** C. Nicolet en E. Marais besig om kentekens, borsspelde en medaljes in die Deadwood-kamp te vervaardig.

Uit: Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB34358.



**Figuur V-6:** C. Nicolet se houtkis met stempels en voorbeelde van die kentekens, borsspelde en medaljes wat hy vervaardig het; tans in die Nicolet-familie se privaat besit.

Uit: Geskrewe inligting: V.B. Nicolet, [valetch1974@gmail.com](mailto:valetch1974@gmail.com), 25 November 2016.

---

<sup>87</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, A1641, J. Bernardus Schoeman Aanwins: Plakboek van J.B. Schoeman.

<sup>88</sup> A. Blake, *Ontsnap! Boerekrygsgevangenes se strewe na vryheid*, pp. 202-203.

## **E.E. Lindberg**

Die 37-jarige Fin, Ernst Evert Lindberg (krygsgevangenenommer 3969), het reeds voor die uitbreek van die oorlog in Johannesburg 'n beroep as dekorateur beoefen en daarna as myner. Hy het by die Skandinawiese Vrywilligerkorps se ambulansenheid aangesluit en is op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem, waarna hy na Deadwood op St. Helena gestuur is.<sup>89</sup> Op St. Helena het hy sy eertydse beroep as dekorateur voortgesit en het hy veral gefokus op die beskildering van die republikeinse wapens asook 'n kombinasie van die wapens.<sup>90</sup> Twee skilderye deur Lindberg kom in museumversamelings voor. Die een van generaal P. Cronjé is by die McGregor Museum in Kimberley en die ander een van Deadwood-kamp is in die besit van Museum Africa in Johannesburg.<sup>91</sup> In die *Kamp Kruimels* van 27 Desember 1900 het E.E. Lindberg van hut 128 ook sy dienste as 'n beenkerwer en graveerder geadverteer wat bereidwillig was om enige ontwerp te onderneem. In die advertensie het hy spesifiek daarvan melding gemaak dat die kerf en graveer van servetringe sy veld van spesialiteit was.<sup>92</sup>

## **E.K.E. Mayer**

Die Duitse argitek, Ernst Karl Erich Mayer (krygsgevangenenommer 3456), is op 12 Mei 1900 by Mafeking gevange geneem en na die Deadwood-kamp op St. Helena gestuur.<sup>93</sup> Mayer het bekendheid verwerf vir die talle sketse en skilderye wat hy gedurende sy gevangenskap geteken en geskilder het. Hy het by 'n jong Hollandse krygsgevangene, ene Janssen, wat teen die einde van 1901 na Nederland teruggekeer het, 'n verfkissie en skilderkwassies as geskenk gekry. Janssen het vir Mayer aangeraai om lampolie vir sy olieverfskilderye te gebruik aangesien dit moeilik was om lynolie en gesuiwerde terpentyn in die hande te kry. Die eerste poging van Mayer om met olieverf te skilder, was twee portrette van presidente Kruger en Steyn wat tans in die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein bewaar word. Volgens die kultuurhistorikus, J.C. Pretorius, het Mayer deur sy kunswerke probeer om

---

<sup>89</sup> St. Helena Government Archives, St. Helena: File 37 A-B, Article by F.L. Mikko Uola, *Finnish warriors in the South African War*, p. 9; War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=LINDBERG&opt=ditem&rdID=3679>, 3 January 2018.

<sup>90</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 10, 21 September 1901, p. 1.


<sup>91</sup> R. Greenwall, *Artists and illustrators of the Anglo-Boer War*, p. 47.

<sup>92</sup> *Kamp Kruimels* 2, 27 Desember 1900, p. 4.

<sup>93</sup> C. Pretorius, *Op St. Helena – vol van hartepyn: Die oorlogskuns van Erich Mayer (1899-1902)*, p. 9; War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=mayer&opt=ditem&rdID=3166>, 3 January 2018.

“die krygsgevangenes se verlange na hul vaderland en geliefdes, die menslike swakhede, maar ook die onverwoesbare skeppingsdrang” uit te beeld.<sup>94</sup>

Mayer het tydens sy gevangenskap op St. Helena sketse geteken wat heel waarskynlik as voorskets gedien het vir die houtgraveurs waarop hulle dan hul tweedimensionele reliëfwerk en selfs driedimensionele kerfwerk gebaseer het. In *Die Huisgenoot* van 3 Desember 1926 verskyn daar ’n skets deur Mayer van ’n portretraam wat uit een stuk harde hout gesny is. Aan weerskante is daar twee staande leeus uitgekerf wat ’n gedeelte van die Transvaalse wapen vashou. Een van sy medekrygsgevangenes, S.J. Nel, was die fisiese maker van die raam.<sup>95</sup> So ook het Mayer kleursketse geteken van ’n kerie wat vermoedelik die bevelvoerder van die Duitse Korps wat by Elandslaagte krygsgevangene geneem is, kolonel Adolf Friedrich Schiel, voorgestel het. In 2017 is ’n soortgelyke kerie, wat merkwaardige ooreenkomste met die sketse toon, aan die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke geskenk.<sup>96</sup>



**Figuur V-7:** Skets deur Erich Mayer van die gekerfde houtportretraam wat deur S.J. Nel gemaak is. Uit: E. Mayer, Boerekuns-in-Suidafrika, *Die Huisgenoot*, 3 Desember 1926, p. 53.



**Figuur V-8:** Houtportretraam met die bewoording ‘St. Helena 1902’ en ‘E. Mayer KGV’ wat by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein uitgestal word.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00538/00002, portretraam, 1902.

<sup>94</sup> C. Pretorius, *Op St. Helena – vol van hartepyn: Die oorlogskuns van Erich Mayer (1899-1902)*, pp. 6, 59-60.

<sup>95</sup> E. Mayer, Boerekuns-in-Suidafrika, *Die Huisgenoot*, 3 Desember 1926, pp. 53, 55.

<sup>96</sup> Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, sketse deur E. Mayer, s.a.; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 07787/00001, kerie, s.a.





**Figuur V-9:** Twee sketse geteken deur Erich Mayer van 'n mansfiguur met 'n welige snor en in semi-militêre drag (links); uitgekerf op dié kierie se steel (regs).

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, sketse deur E. Mayer, s.a.; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 07787/00001, kierie, s.a.

### **E.C. Luckhoff**

Ernest Colin Luckhoff (krygsgevangenenommer 5881) is as 26-jarig jong man op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem en met die *S.S. Bavarian* na die Broadbottom-kamp op St. Helena gestuur.<sup>97</sup> Die krygsgevangene, H.H. van Niekerk, verwys in sy herinneringe aan St. Helena na ene Luckhoff wat in 'n onderonsie was met 'n dokter Moreland oor 'n plaket met 'n Britse wapen daarop uitgekerf, waarmee Moreland ontevrede was en waarvoor hy nie wou betaal nie.<sup>98</sup> Luckhoff was blykbaar bedrewe daarmee om wapens uit te kerf. In die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein se versameling is 'n plaket van ligbruin hout met die OVS-wapen en borsgedeelte van president Steyn daarop wat deur Luckhoff uitgekerf is. Op die plaket verskyn die inskripsie: 'Aan SS.H.E. M.T. Steyn Staatspresident van den Oranje Vrystaat als een geringe blyk van waardering en hoogagting voor dienste aan land en volk gedaan. Gegeven door getrouwe krygsgevangenen te Broadbottom St. Helena Oct. 1901'.<sup>99</sup>

<sup>97</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=luckhoff&opt=ditem&rdID=4991>, 29 October 2018.

<sup>98</sup> H.H. van Niekerk, Dagboek van Hugo H. van Niekerk, in M.C.E. van Schoor (red.), *Christiaan de Wet Annale* 1, Oktober 1972, p. 145.

<sup>99</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01843/00001, plaket, 1901.



**Figuur V-10:** 'n Pypkopstuk van ligte hout met die ZAR-wapen voorop uitgekerf en die handgeskrewe inskripsie: 'Made by E. Luckhoff'.  
Uit: Museum van Saint Helena, St. Helena: Geen aanwinstnommer, pypkopstuk, s.a.

### H.T. Siglé

Die Hollander Hendrik Theodorus Siglé (krygsgevangenenommer 4225) is op 21 Oktober 1899, as 25-jarige by Elandslaagte gevange geneem en het St. Helena op 14 April 1900 met die *S.S. Milwaukee* bereik.<sup>100</sup> Siglé het onthou dat terwyl hy in die kamp rondgestap het, hy gesien het hoe 'n Boer besig was om 'n wapen op 'n pyp uit te sny. Daar en dan het hy ook besluit om met houtsnykuns te begin.<sup>101</sup> Volgens Siglé was die Boere lief daarvoor om kieres te maak en het hy 'n gaping in die mark aangespreek deur eerder te fokus op kleiner handwerkies wat beter verkoop het. Hy het besluit om te spesialiseer in die uitkerf en uitsny van ZAR- en OVS-wapens (tot drie op 'n dag), asook Britse regiments- en familiewapens op pype en op verskillende soorte kesses soos handskoen-, sigaar-, sigaret- en kaartkesses.<sup>102</sup>

Tydens die industriële tentoonstelling wat op 5 November 1900 in die Deadwood-kamp gehou is, het Siglé die eerste prys verower vir die beste houtsnywerk en *kerbschnitt* (tweedimensionele oppervlak kerfwerk), asook die tweede prys vir die beste verniste kerie van St. Helena inheemse hout.<sup>103</sup> Siglé se houtsnykuns was so gewild dat hy 'n werkswinkel begin het met 'n windmeule wat 'n draaibank binne-in aangedryf het. Hy het sy besigheid ook goed bemark met

---


<sup>100</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=sigle&opt=ditem&rdID=3935>, 26 October 2017.

<sup>101</sup> K. Roodt, "Die krygsgevangenes as kultuurgroep", Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

<sup>102</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, A1641, J. Bernardus Schoeman Aanwinst: Plakboek van J.B. Schoeman; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HC6754/1, Plakboek van H.T. Siglé, s.a.; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: H.T. Siglé – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>103</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HC6754/4, prestasiesertifikaat, 1900 en HC6754/5, prestasiesertifikaat, 1900.

'n groot advertensiebord voor die winkel met die bewoording 'H.T. Siglé Woodcarver'.<sup>104</sup> In sy winsgewende werkswinkel het Siglé ongeveer tien Boere as werknemers in diens geneem om die kissies en pypkoppe te vervaardig, terwyl hy self die embleme op die kissies aangebring het deur die wapens in was af te druk en dan uit te sny.<sup>105</sup> As 'n Hollander, en dus gesien as 'n buitelander, het Siglé dié opmerking gemaak: “Die Boer het my geleer dat ek ook iets kon doen, hy het my gewys wat my talent is, en hy het my laat lewe.”<sup>106</sup>



**Figuur V-11:** Die binnekant van H.T. Siglé se werkwinkel; Siglé sit heel voor regs met die potlood agter sy oor, besig met houtkerfwerk.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02581.



**Figuur V-12:** 'n Kissie met regimentwapens in konsentriese sirkels daarop uitgekerf: Vir 'n Britse soldaat, met die inskripsie 'Made by H.T. Siglé P.O.W.' aan die binnekant van die deksel.

Uit: Waldmeister-versameling, Engeland: Geen nommer, kissie, 1902.

<sup>104</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02577, foto.

<sup>105</sup> K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 522; K. Roodt, “Die krygsgevangenes as kultuurgroep”, Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: H.T. Siglé – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>106</sup> K. Roodt, “Die krygsgevangenes as kultuurgroep”, Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

## E.C. Pienaar

Edward Christiaan Pienaar (krygsgevangenenommer 1736) is op 27 Februarie 1900, op 17-jarige ouderdom by Paardeberg gevange geneem en na die Deadwood-kamp gestuur.<sup>107</sup> Pienaar was 'n talentvolle lettersnyer wat vinnig en kunstig name en boodskappe volgens sy eie ontwerp op hout kon uitkerf. Hy skryf in sy herinneringe: “Ek wonder hoeveel penhouers, kieries, pype en dosies, ens. ek van name en opskrifte voorsien het, alles net met 'n stukkie lem in 'n selfgemaakte hef wat tussen duim en voorvinger vasgedruk het, naderhand 'n eelt en fyt in die voorvinger veroorsaak het, waarvan ek vandag nog die litteken dra.”<sup>108</sup> 'n Agthoekige sederhout kollektebus in besit van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein wat deur die firma Kotzé en Minnaar vervaardig is, bevat die bewoording ‘Muera, Saulspoort, Mkona, Kongwe, Mpondera, Waterberg, Magwero en Morenster’ asook ‘St. Helena 1902’ en ‘Ps 116:12’ wat deur Pienaar uitgesny is.<sup>109</sup>

## 2. Ceylon

Eweneens kan 'n lys van gespesialiseerde vakmanne op Ceylon van onder andere borsspeldkerwers, ontwerptekenaars, houtkerwers, houtsnyers, houtdraaiers, metaalwerkers, kunstenaars asook lettersnyers saamgestel word.

## J. de Vries en J.D. Claasen

Die 26-jarige Hollander, Johannes de Vries (krygsgevangenenommer 2987), is op 10 Mei 1900 by Sandrivier gevange geneem en met die *S.S. Mohawk* na Diyatalawa in Ceylon gestuur.<sup>110</sup> Johan Daniel Claasen (krygsgevangenenommer 9527) is op 30 Julie 1900, op 25-jarige ouderdom by Fouriesburg gevange geneem en het met die *S.S. Bavarian* dieselfde weg na Diyatalawa gevolg.<sup>111</sup> De Vries en Claasen was albei CSV-borsspeldmakers wat saam 'n vennootskap gevorm het met die naam ‘De Vries, Claasen & Co.’. De Vries het die name op

---

<sup>107</sup> War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=pienaar&opt=ditem&rdID=1460>, 27 October 2017.

<sup>108</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: E.C. Pienaar – K. Roodt-Coetzee, 27 Augustus 1939.

<sup>109</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 53; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00869/00001, kollektebus, 1902.

<sup>110</sup> War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vries&opt=ditem&rdID=2699>, 31 October 2018.

<sup>111</sup> War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=claasen&opt=ditem&rdID=8611>, 31 October 2018.

die borsspelde geteken en dan het Claasen die ontwerp met 'n dun figuursagie uitgesaag.<sup>112</sup> De Vries en Claasen van hut 79 het selfs hul beenborsspeldbesigheid in *De Strever* van 25 Januarie 1902 geadverteer en daarop geroem dat hul borsspelde altyd teen lae pryse beskikbaar was en dat hulle deeglike werk gedoen het.<sup>113</sup>



**Figuur V-13:** Die lede van ‘De Vries, Claasen & Co. Beenborst-speld-zaagery’ met gereedskap en voorbeelde van die borsspelde en hangertjies wat hulle vervaardig het voor hul advertensiebord in die Diyatalawa-kamp in Ceylon in 1902; C.F.L. Hutten is tweede van regs met die potlood in die hand besig met ontwerpstekeninge. Uit: J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 128.

### C.F.L. Hutten

Cornelius Ferdinand Louis Hutten (krygsgevangenenommer 14496) is op 15 Oktober 1900 as 19-jarige seun by Fauresmith gevange geneem en na Diyatalawa gestuur.<sup>114</sup> Hutten was 'n ontwerptekenaar, vervaardiger van krygsgevangenekuns en landskapskilder. Hy het duisende ontwerpe vir die verskillende vervaardigers en beenborsspeldsagers geteken, teen 2s tot 20s per stuk. Hy was ook bedrewe met figuursaery en het baie borsspeld-, horlosieketting- en naaldwerkkissie-ontwerpe uitgesaag. Dan kon hy boonop ook nog goed graveer en het hy onder meer liniale, inkbottelstaanders, penstele, bottermesse en papiermesse met Romeinse letters in Ou Engelse-font graveer en dit met goudverf ingevul. In sy krygsgevangenskapherinneringe skryf hy ook dat hy 'n doos verf gekoop het en in die kamp lesse in tekenkuns by E. Korsinsky geneem het.<sup>115</sup>

<sup>112</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.D. Claassen – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>113</sup> *De Strever* 1(6), 25 Januarie 1902, p. 30.

<sup>114</sup> War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=hutten&opt=ditem&rdID=13578>, 31 October 2018.

<sup>115</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: Dagboek van C.F.L. Hutten, s.a.



**Figuur V-14:** Die gekombineerde skets van die ZAR- en OVS-wapens is vir die buiteblad van J.N. Brink se boek *Ceylon en de bannelingen* deur C.F.L. Hutten ontwerp en geteken. Uit: J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, agterste buiteblad.

### **P.J. Robinson**

Die 24-jarige Philip Johan Robinson (krygsgevangenenommer 10088) is op 30 Julie 1900 by Fouriesburg gevange geneem en met die *S.S. Bavarian* na Diyatalawa gestuur.<sup>116</sup> Robinson van hut 26 het gespesialiseer in die vervaardiging van beenborsspelde wat teen billike pryse verkoop is. Van die borsspelde wat hy gemaak het, asook van sy gereedskap, is in bewaring by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.<sup>117</sup>

### **F. Strauss**

Tydens 'n Stephan Welz-veiling wat in 2015 plaasgevind het, is 'n groterige kisse met handwerkgereedskap, asook voltooide en onvoltooide beenborsspeldjies, opgeveil. Die kisse en gereedskap het waarskynlik aan die 17-jarige Frans Johannes Strauss (krygsgevangenenommer 8524) behoort wat op 30 Julie 1900 by Fouriesburg gevange geneem is en met die *S.S. Dilwara* na Diyatalawa gestuur is. Volgens die veilingskatalogus is die inhoud van die kisse van besondere waarde en is Strauss beskryf as 'n bedrewe vakman wat die kisse gebruik het om sy gereedskap en krygsgevangenekuns wat hy besig was om te vervaardig, daarin te berg.<sup>118</sup>

<sup>116</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", [http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners\\_of\\_War&strGlobalTerms=robinson&opt=ditem&rdID=9172](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners_of_War&strGlobalTerms=robinson&opt=ditem&rdID=9172), 3 January 2019.

<sup>117</sup> *De Strever* 1(1), 19 Desember 1901, p. 4; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke: 07740/00039, borsspeld, s.a. en 07740/00040, borsspeld, s.a.

<sup>118</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", [http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners\\_of\\_War&strGlobalTerms=strauss&opt=ditem&rdID=7608](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners_of_War&strGlobalTerms=strauss&opt=ditem&rdID=7608), 3 January 2019; Stephan Welz and Co. Fine Art and Design Auctioneers, *Fine art and collectables*, Johannesburg, 4-5 August 2015, p. 25.



**Figuur V-15:** Die inhoud van Frans Strauss se kistjie het bestaan uit kerftoerusting soos beiteljies en 'n sagie met ekstra lemme, stukkies been, voltooide borsspelde met ingewikkelde patrone asook onvoltooide borsspelde en twee servetringe

Uit: Stephan Welz and Co. Fine Art and Design Auctioneers, *Fine art and collectables*, Johannesburg 4-5 August 2015, p. 25.

## H. Rill en F. Brall

Die 45-jarige Hermann Rill (krygsgevangenenommer 3183) is op 30 Mei 1900 gevange geneem en met die *S.S. Mohawk* na Diyatalawa getuur.<sup>119</sup> Rill van hut 15 het sy spesialisasie as pypkerwer in die kampkoerante *Diyatalawa Dum-Dum* en *Diyatalawa Camp Lyre* geadverteer. Hy het veral daarop geroem dat hy mooi pype met die Transvaalse wapen daarop kon uitsny. Nie alleenlik was hy 'n uitsonderlike houtwerker nie, maar ook 'n kunstenaar wat besigtigingspunte van die Diyatalawa-kamp op poskaarte uitgebeeld het.<sup>120</sup> Saam met die 40-jarige Frederick Brall (krygsgevangenenommer 3039) wat op 6 Junie 1900 gevange geneem is en ook met die *S.S. Mohawk* na Diyatalawa gestuur is,<sup>121</sup> het hy groter houtwerkprojekte onderneem. Hulle het saam 'n seldsame kabinet met uitgekerfde ebbehoutpanele van 'n Boer en Brit, asook 'n familiewapen met die leuse 'AEQUO ADESTE ANIMO' gemaak. 'n Transvaalse wapen met die inskripsie 'F. Brall, Prisoners of War, H. Rill' en 'Boer-Camp 1901 Diyatalawa' is kunstig op die blad van die kabinet aangebring.<sup>122</sup>

<sup>119</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=rill&opt=ditem&rdID=2893>, 29 Desember 2018.

<sup>120</sup> *Diyatalawa Dum-Dum* 1, 10 September 1900, p. 1; *Diyatalawa Camp Lyre* 5, 6 November 1900, p. 3.

<sup>121</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=brall&opt=ditem&rdID=2751>, 29 Desember 2018.

<sup>122</sup> Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, kabinet, 1901.



**Figuur V-16:** Die kabinet van 'n ligter Ceylonse mahoniehoutsoort met ebbehout-uitgekerfde reliëfpanele en bal-en-klou pootjies.

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, kabinet, 1901.

### **E.G.T. Meyer en I.A. Meyer**

Die 36-jarige Esaias G.T. Meyer (krygsgevangenenommer 8319) en sy 33-jarige broer, veldkornet Izak (Isaac) Andries Meyer (krygsgevangenenommer 9057) van Ladybrand, is op 30 Julie 1900 by Fouriesburg gevange geneem en na Ceylon gestuur.<sup>123</sup> Esaias Meyer het aanvanklik saam met Abram Strauss 'n werkswinkel in die Diyatalawa-kamp begin, waar hy 'n verskeidenheid krygsgevangenekuns op 'n draaibank vervaardig het. Later het sy broer Izak Meyer by hom aangesluit en het hy uiteindelik Esaias se aandeel in die werkswinkel oorgeneem, terwyl John van Huyssteen en Jacob Kemp, Abram Strauss se gedeelte oorgeneem het. Saam met Dawid Grewar het hulle 'n vennootskap gevorm en die inkomste uit die verkope gelykop verdeel. Op 2 Mei 1900 het Izak sy eerste papiermes vervaardig. Hy het selfs 'n russtoel uit verskeie houtsoorte vervaardig, waarvoor hy 10 roepees betaal is.<sup>124</sup>

Toe Izak Meyer in September 1901 op parool na Hambantota gestuur is, is die gereedskap en hout, asook die voltooide werk, onder die vennote verdeel. Izak het sy vakmanskap in Hambantota voortgesit met die gereedskap wat hy saam met hom geneem het, en toestemming verkry om 'n leë hut as werkswinkel te gebruik. Hy het 'n werktafel gemaak uit 'n kas wat hy gekoop het en met die hulp van Fred van Blerk, 'bokke' gemaak asook 'n skaaf, wat tot gevolg gehad het dat hy op 'n groter skaal werk kon verrig. Weens omstandighede moes hy later die

---


<sup>123</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=meyer&opt=ditem&rdID=7403>, 10 May 2018; War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database",

<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=meyer&opt=ditem&rdID=8141>, 10 May 2018.

<sup>124</sup> I.A. Meyer, *Die ervarings van 'n veldkornet in die Engelse Oorlog, 1899-1902*, pp. 26-27.



hut ontruim en het hy in Januarie 1902 'n nuwe winkel met pale en kokosneutblare as dekgoed betrek. Toe hy in April 1902 teruggestuur is na Diyatalawa, het hy steeds voortgegaan met houtwerkbedrywigheede en het hy dadelik begin met 'n kisse vir sy vrou ter herdenking van haar verjaarsdag op 19 Mei 1902. Selfs met sy terugkeer na Suid-Afrika, het hy aangehou om houtwerk te beoefen en het sodoende genoeg geld verdien sodat hy weer sy plaas kon herbou.<sup>125</sup>



**Figuur V-17:** E.G.T. Meyer by die kieres, servetringe, kandelare en ander krygsgevangenekuns wat hy vervaardig het; die ebbehoutkierie met 'n perdekop as handvatsel (regs) en die inskripsie 'E.G.T. Meyer Diyatalawa Ceylon 2 Maart 1901' op die steel, verskyn op die foto (omkring in rooi).

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02816; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00818/00001, kiere, 1901.

## J.P. le Roux

Die 24-jarige Jacob Philippus le Roux (krygsgevangenenommer 10113) van Welgestrede, Ladybrand, is op 30 Julie 1900 by Fouriesburg gevange geneem en met die *S.S. Bavarian* na Diyatalawa in Ceylon gestuur.<sup>126</sup> In dié kamp het Le Roux nie net bekendheid as fotograaf en musikant verwerf nie, maar het hy ook houtfiguursaagwerk beoefen en was die maak van portretrame sy veld van spesialiteit. 'n Versameling van sy portretrame word by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein bewaar en uitgestal.<sup>127</sup>


<sup>125</sup> I.A. Meyer, *Die ervarings van 'n veldkornet in die Engelse Oorlog, 1899-1902*, pp. 28-33, 38.

<sup>126</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=le roux&opt=ditem&rdID=9197>, 1 November 2018.

<sup>127</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04815/00040-04815/00050, portretrame, 1901-1902.



**Figuur V-18:** Een van die rame met dekoratiewe patrone wat deur J.P. le Roux uitgesny is; die inskripsie op die raam lui: ‘Diyatalawa Krygsgevangene Kamp Ceylon 1902’. Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04815/00046, portretraam, 1902.



**Figuur V-19:** J.P. le Roux by die figuursaaggereedskap wat hy gebruik het om die portretraame te maak. Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04815/00010, foto in raam, s.a.

### **A. du Toit**

Die 31-jarige Albertus du Toit (krygsgevangenenommer 11058) is op 30 Julie 1900 by Fouriesburg gevange geneem en met die *S.S. City of Vienna* na Diyatalawa gestuur.<sup>128</sup> Du Toit het vanuit hut 60 sy krygsgevangenekuns vervaardig en daarmee handel gedryf. Hy het blykbaar altyd ’n groot hoeveelheid en verskeidenheid voorraad op hande gehad en bestellings van buite was sy spesialiteit.<sup>129</sup> Tydens die veiling van Ray Leppan se unieke Anglo-

<sup>128</sup> War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=Du Toit&opt=ditem&rdID=10142>, 3 January 2019.

<sup>129</sup> *De Krijgsgevangene* (Ceylon) 1(2), 12 December 1901, p. 1.

Boereoorlog-versameling op 14-15 Oktober 2017 en 11-12 November 2017 is twee papiermesse met die naam A. du Toit daarop gegraveer, opgeveil.<sup>130</sup>

### **M. Sack**

Die Joodse persoon Marcus Sack (krygsgevangenenommer 11848) is op 24 Januarie 1900 as 19-jarige jong man by Spioenkop gevange geneem en na Diyatalawa gestuur.<sup>131</sup> Hy het ook sy hand gewaag aan die vervaardiging van krygsgevangenekuns, veral die maak van speelgoed. Die ondervinding wat hy tydens sy krygsgevangenskap opgedoen het, het heel waarskynlik daartoe aanleiding gegee dat hy na afloop van die oorlog 'n lewenslange loopbaan in die speelgoedbedryf gevolg het.<sup>132</sup>

### **C.M. Vermaak**

Die 25-jarige Cornelius Martinus Vermaak (krygsgevangenenommer 15583) is op 6 November 1900 by Bothaville gevange geneem en met die *S.S. Catalonia* na Diyatalawa gestuur.<sup>133</sup> Vermaak het veral uitblink in die vervaardiging van miniatuurgewere uit ebbehout.<sup>134</sup> In die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke se versameling is daar 'n ebbehout model van 'n Maxim Nordenfeldt ('pom-pom') masjiengeweer en ammunisiewa met die bewoording 'C.M. Vermaak, Welgevonden, Ladybrand' aan die kant en 'Ceylon' op die loop.<sup>135</sup>

### **A.W. Andrée**

A.W. Andrée het portretfoto's geneem wat krygsgevangenes na hul geliefdes kon stuur. Volgens die advertensie wat op 20 Februarie 1902 in *De Krijgsgevangene* van Ceylon verskyn het, het Andrée homself bemark as 'n portretkunstenaar wat sy kuns verstaan het. Benewens sy nering as fotograaf het hy ook sy dienste as amateurkunstenaar wat beskildering op borsspelde en knope gedoen het, geadverteer.<sup>136</sup>

---

<sup>130</sup> Old Johannesburg Warehouse Antiques Art & Collectables Auctioneers, *Anglo-Boer War auction - The Ray Leppan collection* Lot 90 and Lot 1132, 14-15 October 2017 and 11-12 November 2017, s.p.

<sup>131</sup> D.Y. Saks, Jews on Commando, <http://www.jewishgen.org/SAfrica/commando.htm>, 20 October 2015; War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=sack&opt=ditem&rdID=10932>, 3 January 2019.

<sup>132</sup> *Dagbreek en Sondagnuus*, 29 November 1964, s.p.

<sup>133</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vermaak&opt=ditem&rdID=14665>, 3 January 2019.

<sup>134</sup> *De Krijgsgevangene* (Ceylon) 1(23), 8 Mei 1902, p. 1.

<sup>135</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01141/00001, modelkanon, s.a.

<sup>136</sup> *De Krijgsgevangene* (Ceylon) 1(12), 20 Februarie 1902, p. 1; J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 139.

### **C.F. Keyzer**

Die 52-jarige Hollander, Gerhardus Franciscus Keyzer (krygsgevangenenommer 2783), is op 5 April 1900 by Boshof gevange geneem en met die *S.S. Mohawk* na Ceylon gestuur.<sup>137</sup> Keyzer was 'n voormalige werknemer van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij. Hy was ook 'n kunstenaar wat kopermedaljes tydens sy krygsgevangenskap in die Ragama-kamp vervaardig het.<sup>138</sup>

### **P.D. O'Reilly**

Die 36-jarige Patrick Dennis O'Reilly (krygsgevangenenommer 3086) is op 1 Junie 1900 by Johannesburg gevange geneem en met die *S.S. Mohawk* na Diyatalawa gestuur.<sup>139</sup> P.D. O'Reilly van hut 27 was 'n meganiese ingenieur en gelisensieerde goudsmid wat hom toegespits het op die verwerking van goue- en silwerjuweliersware. Volgens die *Diyatalawa Camp Lyre* van 15 Oktober 1900 het hy die gravering van enige ontwerp op juweliersware onderneem, alhoewel die wapens van die OVS en ZAR sy spesialiteit was.<sup>140</sup>

### **P. Lombard**

P. Lombard van hut 70 het letters gesny en Judsson-goudverf ingesit in ruil vir OVS- en ZAR-posseëls. Hy het ook sy dienste teen betaling verrig en het 6 tot 25 letters vir 3s gesny en goudverf ingesit teen 3s vir 50 letters.<sup>141</sup>

### **B.J. Smit**

Die 18-jarige Barend Johannes Smit (krygsgevangenenommer 6447) is op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem en met die *S.S. Catalonia* na Diyatalawa gestuur.<sup>142</sup> Smit het sy dienste vanuit hut 65 as 'n goedkoop en deeglike lettersnyer in *De Strever* van 1 Maart 1902

---

<sup>137</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=keyzer&opt=ditem&rdID=2499>, 31 October 2018.

<sup>138</sup> Stephan Welz and Co. Fine Art and Design Auctioneers, *Fine art and collectables*, Midrand 19-21 November 2012, p. 14.

<sup>139</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=reil&opt=dset>, 3 January 2019.

<sup>140</sup> *Diyatalawa Camp Lyre* 4, 15 Oktober 1900, p. 1.

<sup>141</sup> *De Strever* 1(23), 24 Mei 1902, p. 132.

<sup>142</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=smit&opt=ditem&rdID=5548>, 3 January 2019.

geadverteer. Hy het 20 letters vir 6s gesny asook Judsson-goudverf teen 6s vir 100 letters ingesit.<sup>143</sup>

### 3. Indië

Bronne wat handel oor gespesialiseerde vakmanne in Indië is minder bekend. Tog is daar wel inligting beskikbaar oor persone wat as houtwerkers, kerwers en ontwerptekenaars gespesialiseer het.

#### W.A. Rabie

Die 31-jarige Willem Abbot Rabie (krygsgevangenenommer 22221) is op 31 Julie 1901 by Fauresmith gevange geneem en na Amritsar in Indië gestuur.<sup>144</sup> Hier het hy 'n vennootskap gevorm met van die ander houtwerkers wat bekend gestaan het as 'Messrs. Bill Rabie & Co. Carpenters, Cabinet Makers'. Dit was 'n goed georganiseerde werkswinkel waar hulle besonder mooi voorwerpe soos borsspelde, dasspelde, horlosiekettings en kieries gemaak het.<sup>145</sup>

#### J.P. Pedersen (Petersen)

Roodt-Coetzee meld dat 'n Sweed in die Trichinopoly-kamp in Indië suiker- of tabakpote met baie fyn en gedetailleerde patrone en tonele daarop uit kokosneute gekerf het.<sup>146</sup> Volgens die museumkundige, E. Itzkin, was die gravering van kokosneute 'n spesialiteit van J.P. Pedersen.<sup>147</sup> Die kokosneute is heel moontlik gekerf deur die 49-jarige Johan Pieter Pedersen (Petersen) (krygsgevangenenommer 4085) wat op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem en na Trichinopoly in Indië gestuur is.<sup>148</sup> J.P. Pedersen is waarskynlik op 'n stadium oorgeplaas na die Ahmednagar-kamp waar hy en nog 'n krygsgevangene voortgegaan het om tonele op kokosneute uit te kerf. Die gekerfde kokosneute was baie duur en het teen £1 en £1.5s. verkoop. Die gesogte aandenkings het nog duurder geword toe een van die mans oorgeplaas is na 'n ander kamp en die oorblywende kerwer nie kon byhou met die

---

<sup>143</sup> *De Strever* 1(11), 1 Maart 1902, p. 60.

<sup>144</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=rabie&opt=ditem&rdID=21304>, 3 January 2019.

<sup>145</sup> John N. Tyacke, The Boshoff correspondence, *The Anglo-Boer War Philatelist* 37(1), March 1994, p. 14; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 367.

<sup>146</sup> K. Roodt, "Die krygsgevangenes as kultuurgroep", Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

<sup>147</sup> E. Itzken, Handcraft by Boer prisoners of war, in G. Verhoef (ed.), *The Anglo-Boer War: Commemorative lectures at the Rand Afrikaans University, 1999*, p. 132.

<sup>148</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=petersen&opt=ditem&rdID=3795>, 3 January 2019.

oorweldigende hoeveelheid bestellings nie. Produksie het sodanig afgeneem dat die gekerfde kokosneute nie meer op die oop mark beskikbaar was nie.<sup>149</sup>

### **G.S. Preller**

Die 27-jarige Gustav Schoeman Preller (krygsgevangenenommer 28342) is op 11 Januarie 1902 naby Ermelo gevange geneem en met die *S.S. Targus* na Kaity Nilghiris in Indië gestuur.<sup>150</sup> Preller het ontwerptekeninge en motto's vir 'n paar munte aan die vervaardigers van voorwerpe verkoop.<sup>151</sup>

## **4. Bermuda**

'n Lys van gespesialiseerde vakmanne op Bermuda, onder andere borsspeldmakers, kieriervaardigers, houtsniers, houtkerwers en graveerders, word vervolgens bespreek.

### **P.E.I. Schröder-Nielsen**

Die 30-jarige Noor, Peter Einar Ingvald Schröder-Nielsen (krygsgevangenenommer 24993), is op 1 Oktober 1901 by Moedwil gevange geneem en na Bermuda gestuur.<sup>152</sup> Schröder-Nielsen het sy spesialiteitsvakmanskap wat hy in Tin Town (Ladysmith) beoefen het, op Bermuda voortgesit deur name en patrone op pypkoppe uit te kerf. Later het hy oorgegaan na die vervaardiging van servetringe en kieries met 'n velskoel as handgreep.<sup>153</sup>

### **I.F. Ebersohn**

Die 30-jarige Izaak Franz Ebersohn (krygsgevangenenommer 19652) is op 7 Mei 1901 by Kroonstad gevange geneem en na Darrell-eiland op Bermuda gestuur.<sup>154</sup> Ebersohn was 'n bekwame vakman en het 'n verskeidenheid krygsgevangenekunsvoorwerpe gedurende sy krygsgevangenskap gemaak. Hy het onder andere 'n unieke miniatuurmodel van president

---

<sup>149</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwins: D.S. van Warmelo – H. Cloete, 6 Oktober 1901 en 15 Desember 1901; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 368.

<sup>150</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=preller&opt=ditem&rdID=27418>, 3 January 2019.

<sup>151</sup> G.S. Preller, *Ons parool: Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, p. 97.

<sup>152</sup> C. de Jong, *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 (Deel drie)*, p. 164; War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=schroder&opt=ditem&rdID=24060>, 3 January 2019.

<sup>153</sup> I. Rudner and B. Nasson (eds.), *I. Schröder-Nielsen: Among the Boers in peace and war*, p. 189.

<sup>154</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=Ebersohn&opt=ditem&rdID=18735>, 3 January 2019.

Kruger se koets met die figuur van die president daarbinne wat deur vier houtperde getrek word, uit been gekerf. Die model word by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein uitgestal.<sup>155</sup> Sy spesialiteit was egter die vervaardiging van houtbeuels. Verskeie beuels wat deur Ebersohn vervaardig is, word in museum- en privaatversamelings aangetref. Een van die beuels wat by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in bewaring is, het hy uit sewe stukke hout gesny van een van die bome wat op die strand in Bermuda gegroei het. Op die beuel verskyn die inskripsie ‘Gemaakt door I.F. Ebersohn K.G.V. Bermuda 20.6.02’.<sup>156</sup> Nog ’n soortgelyke beuel met die bewoording ‘Isaak Ebersohn, POW, Burt’s Island, Bermuda, 5 Sept. 1901, Done with a pocket knife’, kom in die versameling van die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria voor.<sup>157</sup>



**Figuur V-20:** Een van die houtbeuels wat deur I.F. Ebersohn gemaak is met die inskripsie: ‘Isaak Ebersohn, POW, Burt’s Island, Bermuda, 5 Sept. 1901, Done with a pocket knife’. Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG21075, beuel, 1901.

## F. van der Merwe

Die 24-jarige Francois van der Merwe (krygsgevangenenommer 18920) is op 15 Mei 1901 by Metz in die Fauresmith-distrik gevange geneem en na Bermuda gestuur.<sup>158</sup> ‘Rooi Faan’ van der Merwe was ’n gebore kunstenaar en het baie kunstige houtsnykuns gedoen met net ’n knipmes en beitel, sonder enige tekeninge. Hy het nooit ’n ontwerp herhaal nie. Hy kon ook uit yster, koper, blik, klip of leer enigiets skep en vervaardig.<sup>159</sup> In 1903 is ’n obelisk van *Nova*

<sup>155</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het ’n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 28; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03724/00002, miniatuurkoets, 1902.

<sup>156</sup> *Die Volksblad*, 26 Januarie 1935, s.p.; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03724/00001, beuel, 1902.

<sup>157</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG21075, beuel, 1901.

<sup>158</sup> War Museum of the Boer Republics, “Prisoner of War Database”, <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=van der merwe&opt=ditem&rdID=18090>, 3 January 2019.

<sup>159</sup> C.A.R. Schulenburg, “Rooi Faan” van der Merwe – die graveerder van Bermuda, *Historia* 24(2), September 1979, pp. 23-25.

*Scotia Freestone*, op 'n basis van Bermuda-kalksteen, ter herdenking aan die krygsgevangenes wat op die Bermuda-eilande en ter see oorlede is, in die begraafplaas op Long-eiland, Bermuda, opgerig. Die graveerwerk op die monument is deur Van der Merwe gedoen en sy naam verskyn ook in klein letters onderaan die monument.<sup>160</sup>

### **J.G. Bender**

In J.A. Bester se dagboek word daar melding gemaak van 'n krygsgevangene in die Groenpunt-kamp met die naam Jan Bender wat gespesialiseer het in die maak van bobbejaantjies wat gimnastiektoertjies op stokkies doen, wat hy dan vir 'n paar pennies verkoop het.<sup>161</sup> Hugo H. van Niekerk onthou in sy dagboek ook van 'n Jan Binders (Bender) wat springende bobbejane gemaak het. Een bobbejaan met 'n kleintjie op die rug het nogal aandag getrek. Bender het onder andere ook 'n muisie in 'n vuurhoutjiedosie asook swepe gemaak. Met sy kunswerkies het hy blykbaar 'n aardige bedraggie geld verdien.<sup>162</sup> Dié krygsgevangene is waarskynlik die 56-jarige Jan George Bender (krygsgevangenenommer 5083) van die plaas The Prairie in Ladybrand wat op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem en op 8 Julie 1901 met die *S.S. Manila* na Bermuda gestuur is.<sup>163</sup>

Bender het vermoedelik sy handwerkbedrywigheede wat hy in Suid-Afrika begin het, in Bermuda voortgesit. In 'n brief van W.S. Key aan J.A. van Blerk wat op 16 Januarie 1902 geskryf is, maak hy melding van 'n besondere gekerfde kerie deur J.G. Bender wat hy as 'n geskenk ontvang het en dat hy die knipmes waarmee die kerie gekerf is, ook graag in die hande sou wou kry.<sup>164</sup> In die Waldmeister-versameling is daar twee keries van Bermuda met die naam J.G. Bender daarop uitgekerf, wat kenmerkende ooreenkomste in die kerfwerk toon, naamlik 'n slang wat 'n padda vang en met 'n dolk deurboor word. Op 'n soortgelyke kerie in dieselfde versameling is egter die naam P.J. de B. Steyn uitgekerf. Volgens C. Benbow was die kerfwerk dié van Philipus Johannes de Bruyn Steyn (krygsgevangenenommer 11017) aangesien 'n nasaat, Henry Lederle, tydens 'n besoek aan Bermuda in 1981 die kerie se

---

<sup>160</sup> C.A.R. Schulenburg, Boerekrygsgevangenes van Bermuda II, *Historia* 24(1), Mei 1979, pp. 20, 24.

<sup>161</sup> J.A. Bester, *Bester dagboekie: Herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog en die ballingskap op Darrel's Eiland* (red. M.E. Wessels.), p. 1.

<sup>162</sup> H.H. van Niekerk, Dagboek van Hugo H. van Niekerk, in M.C.E. van Schoor (red.), *Christiaan de Wet Annale* 1, Oktober 1972, p. 49; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

<sup>163</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=bender&opt=ditem&rdID=4197>, 29 October 2017; C. Smith, Die ABO soos vertel deur keries, *Die Volksblad*, 29 Augustus 2009, p. 14.

<sup>164</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 138.



kerfwerk geëien het aan soortgelyke voorwerpe in die familie se besit, wat ook deur sy oupa, P.J. de B. Steyn, gemaak is.<sup>165</sup> In die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke verskyn daar 'n ooreenstemmende kiere met P.J. de B. Steyn daarop uitgekerf.<sup>166</sup> Dit wil voorkom of die spesifieke kieres deur sowel J.G. Bender as P.J. de B. Steyn vervaardig is en dat Steyn, Bender se ontwerp nageboots het of *vice versa*.

### **C.E. Luckhoff**

Die 31-jarige Charles Edward Luckhoff (krygsgevangenenommer 19966) is op 25 Mei 1901 by Luckhoff gevange geneem en na Bermuda gestuur.<sup>167</sup> Volgens die kampkoerantjie *De Burt's Trompet* het Burt-eiland 'n groot verlies gely in hul borsspeldvervaardigingsindustrie toe hul hoofborsspeldmaker, Charlie Luckhoff, na Morgan-eiland oorgeplaas is.<sup>168</sup>

### **C.F. Naudé**

Die 52-jarige Carel Francois Naudé (krygsgevangenenommer 10813) is op 30 Julie 1900 by Fouriesburg gevange geneem en met die *S.S. Armenian* na Bermuda gestuur.<sup>169</sup> Op Bermuda het hy die letters en ontwerpe vir persone wat borsspelde van been gemaak het, geteken.<sup>170</sup>

### **A.J. Vercuiel**

Die 13-jarige Adrian Jacobus Vercuiel (krygsgevangenenommer 20557) is op 30 Mei 1901 by Olifantsfontein gevange geneem en na Burt-eiland op Bermuda gestuur.<sup>171</sup> Hy is later in Maart 1902 saam met die ander jong seuns na Hinson-eiland verplaas om onderrig te word en 'n ambag aan te leer. Volgens hom was daar twee timmerman-instrukteurs teenwoordig en is daar 'n skuur op die eiland opgerig waar hulle hul ambagte kon beoefen. Hy was blykbaar heel behendig met 'n hamer en saag. Die kinders is in groepe verdeel en het beurte gemaak om skool te gaan en

---

<sup>165</sup> C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 31; C. Smith, Die ABO soos vertel deur kieres, *Die Volksblad*, 29 Augustus 2009, p. 14.

<sup>166</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00863/00001, kiere, 1902.

<sup>167</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=luckhoff&opt=ditem&rdID=19049>, 3 January 2019.

<sup>168</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: W. Bachofner – K. Roodt-Coetzee, 18 Januarie 1942.

<sup>169</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=naude&opt=ditem&rdID=9897>, 3 January 2019.

<sup>170</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: C.F. Naudé – K. Roodt-Coetzee, 15 Februarie 1941.

<sup>171</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vercuiel&opt=ditem&rdID=19640>, 3 January 2019.

ambagte aan te leer.<sup>172</sup> By Museum Africa in Johannesburg is daar 'n versameling van portretrame wat deur Vercuiel gemaak is.<sup>173</sup>



**Figuur V-21:** 'n Sederhout portretraam versier met rankrosies en perdeskoene asook die bewoording 'In remembrance of my captivity', 'A.J. Vercuiel, POW, Bermuda' en '1901-1902' daarop uitgekerf.

Uit: Museum Africa, Johannesburg: MA1960/824, portretraam, 1901-1902.

### **W.P. Laubscher (Loubser)**

Die 53-jarige Wentzel Pieter Laubscher (Loubser) (krygsgevangenenommer 21172) is op 4 Julie 1901 by Nooitgedact gevange geneem en het homself as krygsgevangene op Bermuda bevind.<sup>174</sup> Laubscher het nooit na Suid-Afrika teruggekeer nie en het die talent wat hy gedurende sy krygsgevangenskap ontwikkel het, ná die oorlog as houtkerwer voortgesit. Hy het 'n houtwerkswinkel met 'n draaibank by die waterfront langs East Broadway op Bermuda geopen. Hier het hy saam met van die ander onversoenlike krygsgevangenes 'n bestaan gemaak deur soeweniers soos kieries en kissies, asook kalbasbakke, aan Amerikaanse toeriste te verkoop.<sup>175</sup> Teen 1922 het die *Pittsburgh Post Gazette* berig: "Everyone in Bermuda knows about the Boer Prisoner. If an American tourist picks up a handkerchief box of Bermuda red cedar in one of the curio shops of Hamilton he is likely to be told that the Boer Prisoner made it."<sup>176</sup>

---

<sup>172</sup> National Archives of Bermuda, Bermuda: C. Benbow Archive, P.A. 4: A.J. Vercuiel – C. Benbow, 18 April 1959.

<sup>173</sup> Museum Africa, Johannesburg: MA1960/822-824, portretrame, 1901-1902.

<sup>174</sup> War Museum of the Boer Republics, "Prisoner of War Database", <http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=loubser&opt=ditem&rdID=20255>, 3 January 2019.

<sup>175</sup> Anonymous, Boer prisoners in Bermuda, *Oamaru Mail* 39(12327), 29 August 1914, p. 1; Anonymous, Bermuda's Boer War prisoner spurns liberty, *Pittsburgh Post Gazette*, 15 June 1922, s.p.; C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 56.

<sup>176</sup> Anonymous, Bermuda's Boer War prisoner spurns liberty, *Pittsburgh Post Gazette*, 15 June 1922, s.p.



**Figuur V-22:** W.P. Laubscher se houtwerkswinkel waar handwerk van die onversoenlike Boerekrygsgevangenes gekoop of bestel kon word.

Uit: J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika* (Vlaeberg, 1992), p. 135.

Die bespreking in hierdie hoofstuk dui daarop dat daar in die onderskeie krygsgevangenekampe spesialisvakmanne asook kunstenaars was, wat hulle op 'n sekere area van spesialiteit toegespits het. Die algemene wanopvatting onder die breë publiek en navorsers dat 'n enkele krygsgevangene alleenlik verantwoordelik was vir die totale vervaardiging van 'n krygsgevangenekunsvoorwerp, omdat die persoon se naam daarop verskyn, is dus ongegrond. Tensy daar nie duidelik by die persoon se naam staan 'Gemaakt door', 'Made by' of 'Maker' nie, kan dit nie as 'n voldonge feit aanvaar word dat dié persoon alleenlik verantwoordelik was vir die algehele vervaardiging van daardie voorwerp nie. Die persoon wie se naam op die voorwerp verskyn, was in baie gevalle waarskynlik slegs gedeeltelik betrokke by sekere stadiums van die vervaardiging- en versieringsproses, of die persoon was dalk geensins betrokke nie en is die voorwerp volgens persoonlike spesifikasies bestel en deur die spesialisvakmanne vervaardig.

## HOOFSTUK VI

# DIE BETEKENIS VAN SIMBOLE EN MOTIEWE WAT OP BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS VOORKOM

---

Dit is noodsaaklik om die onderliggende en inherente betekenis van simbole en motiewe wat op die Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe aangebring is, te bespreek en te interpreteer. Sodoende word die sielkundige, sosiale en emosionele uiting wat die vervaardiging en versiering van die krygsgevangenekuns aan die mans en jong seuns gebied het, weerspieël. Dié voorwerpe kan as 't ware gesien word as die materiële vergestaltung van die Boerekrygsgevangenes se emosies en psige, asook hul identiteit wat tydens die periode van krygsgevangenskap na vore gekom het.

### Geometriese motiewe

Die kultuurhistorikus, J.C. Pretorius, maak die afleiding dat alhoewel daar eenvoudige geometriese patrone op Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe soos kissies en portretrame uitgebeeld word, dit wil voorkom of die ou volkskunssimbole soos die sirkelblom en werwelfiguur wat tydens die pionierstydperk van die agtiende en negentiende eeu algemeen in Suid-Afrika voorgekom het, begin uitsterf het.<sup>1</sup> Die museumkundige, K. Roodt-Coetzee, het tot 'n soortgelyke gevolgtrekking gekom en maak die stelling dat die ou simbole wat vermoedelik uit die periode van die pre-Germaanse beskawing dateer, skraal verteenwoordig was. Volgens haar word slegs enkele voorstellings van die lewensboom en die sespuntige ster of *wirbel*-motief op die krygsgevangenekuns aangetref, in teenstelling met die gereelde verskyning daarvan op Voortrekkerpionierskuns.<sup>2</sup> Alhoewel van die tradisionele ornamentele motiewe wat voorgekom het, soms simboliese betekenis gehad het, is ander bloot as dekoratiewe vlakvullings aangewend.<sup>3</sup>

Van al die ou tradisionele volkskunsmotiewe kom die sirkelblom die meeste op Boerekrygsgevangenekuns soos kissies en papiermesse voor. Sirkelvormige ornamente kon redelik maklik

---

<sup>1</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136; F. Pretorius, Boer Prisoner of war art, *History Today* 56(3), March 2006, pp. 35-36.

<sup>2</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>3</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 19-20.

met behulp van 'n passer ontwerp word. Die sirkel word beskou as 'n simbool van oneindigheid, volmaaktheid en tydloosheid. Die sirkelblom is 'n eeue oue simbool van onsterflikheid of ewigheid. In Nederland en Duitsland staan die motief bekend as 'n *sesster* en in die VSA as 'n *compass flower*. Die term 'sirkelblom' word gebruik om die blomvormige figuur wat in 'n sirkel pas, te beskryf. Die aantal blare kan wissel van vier tot ses tot twaalf. 'n Variasie op die tema is die meervoudige sirkelblom waar die motief aaneenlopend herhaal word. Rondom die sirkelblom kom daar dikwels 'n ornamentele rand voor in die vorm van een of ander lynversiering wat 'n nimbus genoem word.<sup>4</sup>



**Figuur VI-1:** Die maker van die kissie, J.G. Reyneke van St. Helena, het twee variasies van die sirkelblom aan weerskante van 'n kop-en-skouer sy-aansig van president Kruger uitgekerf.

Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG5154, kissie, 1901.

Naas die sirkelblom word verskillende tipes werwelfigure op krygsgevangenekuns (veral vanaf Bermuda) soos kissies, portretrame, papiermesse en selfs skinkborde aangetref. Die tradisionele werwelfiguur staan in Nederland bekend as 'n wentelende *sonnerad*, in Duitsland as 'n *wirbel* en in die VSA as 'n *whorl*.<sup>5</sup>

<sup>4</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 19-21, 136.

<sup>5</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 21.



**Figuur VI-2: Dié portretraam is gemaak uit Bermuda sederhout in die vorm van 'n kunstenaar se palet wat drie minder bekende variasies van werwelfigure vertoon.**

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, portretraam, s.a.

Sterornamente is ook sirkelfigure wat uit vyf, ses, agt of twaalf punte bestaan. Die betekenis van sterre dui op verhewenheid, onsterflikheid of prestasie. Die Christelike interpretasie van die ster het verdere simboliese betekenis daaraan geheg. Die vyfpuntster dui op die geboorte van Christus en die agtpuntster word die ster van Bethlehem genoem. Die sespuntster word beskou as die ster van Dawid en word as 'n Joodse simbool gebruik.<sup>6</sup> Sterornamente word egter nie dikwels op Boerekrygsgevangenekuns aangetref nie.

Lynmotiewe wat tradisioneel in volkskunsversierings voorkom, is die sirkel, slingerlyne, sigsaglyne, kruis, driehoek, ruit, visgraatmotief en soms die spiraal. Sekere geometriese patrone het waarskynlik hul ontstaan uit natuurverskynsels gehad soos die sigsaglyn wat uit water en weerlig ontstaan het as 'n simbool van vrugbaarheid en krag.<sup>7</sup> Roodt-Coetzee beweer dat geometriese versierings selde deur Boerekrygsgevangenes toegepas is. Sy is van mening dat liniêre versierings asook sigsagpatrone en golwende lyne eerder by uitstek deur die Voortrekkerpioniers gebruik is. Volgens haar kom die bandtegniek of slingerlyne wel op krygsgevangenekunsvoorwerpe soos kiere- en penstele voor omdat dit die enigste lynornament is wat die vorm van die stele goed geaksentueer het en met 'n draaibank kunstig uitgesny kon word.<sup>8</sup> Pretorius maak 'n teenstrydige opmerking deur te skryf dat die meeste portretrame wat voorkom, reghoekig met eenvoudige geometriese kerfwerk is.<sup>9</sup> Die volkskunstegniek van 'boemelaarskuns' wat veral in die Indiese krygsgevangenekampe toegepas is,

<sup>6</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 23.

<sup>7</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 19-20.

<sup>8</sup> K. Roodt, Handwerk van krygsgevangenes: Hoe die Boer sy kiere versier het, *Die Huisgenoot*, 30 Augustus 1940, p. 19; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>9</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 139.

dui duidelik daarop dat kenmerkende lae van geometriese patrone soos sigsaglyne wel op die buiterande van portretrame en kissies uitgekeep is. Alternatiewe geometriese vorms soos die reghoek en driehoek kom tog voor en is met been of ivoor op veral kissies ingelê.<sup>10</sup>

## Plantmotiewe

Die lewensboom is 'n baie ou simbool wat wel nog op Boerekrygsgevangenekuns aangetref word. Die immergroenboom is 'n simbool van lewe, ontsterflikheid en die onsterflike gees, asook van lewenskrag. Die bladwisselende boom, daarteenoor, is 'n teken van konstante vernuwing, en versinnebeeld dus die lewe of oorwinning oor die dood. Die gestileerde boom word soms uitgebeeld met die voet van die boom in 'n kruik, vaas of pot, wat die simbool is van vrugbare aarde of lewegewende water. As Christelike simbool word die boom beskou as 'n beeld van die menslike lewe, herlewing en die opstanding van Christus. Die slingerplantmotief kom ook gereeld voor. Soms is slingers geskets wat uit vase of potte groei om 'n soort lewensboom voor te stel. Simmetrie speel 'n belangrike rol in die ontwerp. Gewoonlik is daar een of meer blomranke in 'n vaas, *cornucopia* (horing) of mandjie. In die negentiende eeu is veral die roos gebruik en is blomme meer realisties uitgebeeld. Die vaas met blomme was meer 'n dekoratiewe ontwerp en het met die verloop van tyd waarskynlik bloot 'n ornamentele betekenis gekry.<sup>11</sup>



**Figuur VI-3:** Die gestileerde lewensboom in 'n pot is uitgekrap en met wit gekleur op die kant van die kassie wat aan S.J. Foord van Bermuda behoort het.

Uit: J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika* (Vlaeberg, 1992), p. 138.

<sup>10</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: G.H. Jooste – K. Roodt-Coetzee, 9 Augustus 1940.

<sup>11</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 19-20, 24-26, 139.

Die blom wat die meeste op krygsgevangenekunsvoorwerpe uitgebeeld word, is ongetwyfeld die roos. Pienk of rooi rose is veral op kissies beskilder, waarskynlik deur amateurkunstenaars soos A.W. Andréé wat ook beskildering op borsspelde en knope gedoen het. Volgens Pretorius was die roos in die negentiende eeu verreweg die gewildste siermotief weens sy basiese spiraalvorm en is die roos ook in 'n toenemende mate meer realisties uitgebeeld. Die roos simboliseer onder meer volmaaktheid, hartstog, ewigheid, vreugde en vrugbaarheid. Vanuit 'n Christelike oortuiging word die roos as die paradysblom beskou en is die rooi roos van Saron simbolies van die kerk en versinnebeeld die wit roos die Maagd Maria.<sup>12</sup>



**Figuur VI-4:** Aan die binnekant van dié swart Ceylon ebbehoutjuwelekissie se oopklapdeksel word 'n realistiese tweedimensionele roos in reliëf uitgebeeld.

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, juwelekissie, s.a.

Blomme is tradisioneel simbole van vreugde, feestelikheid en skoonheid. Blare en slingers is oorspronklik as simbole van vrugbaarheid, groei en hernuwing beskou.<sup>13</sup> Spesifieke soorte blomme of blare hou soms individuele betekenis in, soos byvoorbeeld die klimop wat vriendskap, getrouheid of die huwelik simboliseer terwyl die roos en tulp liefde versinnebeeld.<sup>14</sup> Die lourierkrans was tradisioneel 'n teken van krag en oorwinning asook deugde en ontsterflikheid, terwyl die palmtak simbolies gedui het op oorwinning, roem en langlewendheid. Daarteenoor het die olyftak onsterflikheid, vrugbaarheid, vrede en voorspoed gesimboliseer.<sup>15</sup> Die tulp is 'n besondere dekoratiewe blommotief en word, benewens 'n simbool van volmaakte liefde, ook vanuit 'n godsdienstige oogpunt gesien as 'n simbool van die

<sup>12</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 25, 139.

<sup>13</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 24-25.

<sup>14</sup> D. Cooper and N. Battershill, *Victorian sentimental jewellery*, pp. 76, 78, 80.

<sup>15</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 62-63.



Drie-eenheid.<sup>16</sup> Alhoewel die tulp en angelier tradisioneel in Europese volkskuns gebruik is, kom dit voor of die gestileerde blomsoorte nie juis by die Boerekrygsgevangenes aanklank gevind het nie.

Blom- en blaarmotiewe is veral deur die Boerekrygsgevangenes gebruik as dekoratiewe versierings op liefdesborsspelde en is dit nie altyd moontlik om die spesifieke blom of blaar te eien nie. Alhoewel daar aan baie van die blom- en blaarmotiewe simboliese betekenis geheg kan word, is dit dikwels bloot om dekoratiewe redes gebruik as vlakvullings en nie soseer om 'n spesifieke boodskap oor te dra nie.<sup>17</sup>

## Dieremotiewe

Dit is opvallend hoeveel dieremotiewe op Boerekrygsgevangenekuns verskyn. Verskillende soorte voëls soos eende, wilde diere soos slange, bokke, leeus en luiperds, asook mak diere soos perde, beeste en honde word uitgebeeld. Dit is 'n natuurlike gevolg dat die krygsgevangenes dieremotiewe – wat deel van hulle verwysingsraamwerk was – bo ander motiewe sou verkies aangesien die oorgrote meerderheid van hulle boere – en meer spesifiek veeboere – van beroep was, wat ook die jagveld geken het.<sup>18</sup> Roodt-Coetzee skryf: “Alleen 'n persoon wat saam met die diere opgegroeï het, 'n kennis van en 'n groot liefde vir hulle besit, kon dit so behandel het.”<sup>19</sup> Die oud-krygsgevangene, G.J. Loots, onthou weer: “Almal het tot nagedachtenis net uitgesny wat by ons ou gelief Zuid-Afrika pas.”<sup>20</sup>

Die perdmotief figureer baie sterk op Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe. Perdekoppe en perdehoeve is veral op kieries, portretrame en penstele uitgekerf. Die ore van perde wat op kieriehandvatsels uitgebeeld is, lê gewoonlik plat om te verhoed dat dit sou afbreek. Daar het 'n besondere verhouding tussen die Boer en sy ryperd bestaan, in vredestryd sowel as in oorlogstryd. Die perd het dus 'n simbool van vryheid, onverskrokkenheid en onafhanklikheid geword. Soms het die perd selfs 'n Boerepersoonlikheid verteenwoordig soos ‘Delarey zijn

---

<sup>16</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 25.


<sup>17</sup> D. Cooper and N. Battershill, *Victorian sentimental jewellery*, p. 72; S. Havenga, 'n Borsspeld met 'n boodskap ..., *CULNA*, September 1997, p. 17.

<sup>18</sup> F. Pretorius, Boer Prisoner of war art, *History Today* 56(3), March 2006, p. 35.

<sup>19</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, “Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep”, konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>20</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: G.J. Loots – K. Roodt-Coetzee, 16 April 1940.

paart' wat in reliëf op die deksel van 'n leiklipkissie van 1900 uitgebeeld is.<sup>21</sup> Die uitbeelding van ossewaens en kapkarre met hul perde het ook op die Boer se verknogtheid en hunkering na sy plaas gedui.<sup>22</sup>



**Figuur VI-5:** 'n Perdekophandvatsel waarvan die perd se ore plat lê, is deur 'n krygsgevangene op St. Helena in besonderse detail gekerf, kompleet met bykomstighede soos 'n saal en toom. Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, kerie, s.a.

Benewens die perd was die hondekop ook 'n geliefkoosde motief op keries, veral die soort met hangende ore.<sup>23</sup> Die oud-krygsgevangene, J.N. Botha, skryf in sy herinneringe dat hy 'n 'Pointer-hond' met groot plat ore as 'n keriehandvatsel gekerf het juis omdat dit die enigste soort was waarvan die ore gehang het.<sup>24</sup>

Die slang word tradisioneel gesien as 'n geheimsinnige en kontroversiële motief. Volgens die Christelike ikonografie is die slang 'n simbool van die duiwel, listigheid en verleiding.<sup>25</sup> Dit blyk dat die slang 'n gewilde motief was, wat op Bermuda voorgekom het en veral deur die krygsgevangenes op Morgan-eiland gebruik is. Verskillende soorte slangmotiewe soos byvoorbeeld 'n slangkop of slang met 'n padda in die bek is onder andere op keriehandvatsels uitgebeeld.<sup>26</sup> In die konteks van die Anglo-Boereoorlog word die slang beskou as die

<sup>21</sup> K. Roodt, Gevangene-kuns van die Boer, *Die Huisgenoot*, 7 Junie 1940, pp. 19, 45; K. Roodt, Handwerk van krygsgevangenes: Hoe die Boer sy kerie versier het, *Die Huisgenoot*, 30 Augustus 1940, p. 19; J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 136-137.

<sup>22</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, p. 283.

<sup>23</sup> K. Roodt, Handwerk van krygsgevangenes: Hoe die Boer sy kerie versier het, *Die Huisgenoot*, 30 Augustus 1940, p. 19.

<sup>24</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.N. Botha – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>25</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 28.

<sup>26</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: W.F. Potgieter – K. Roodt-Coetzee, s.a.

teenstander en onderdrukker, in dié geval Brittanje. J.A. van Blerk, wat op Bermuda as leraar onder die krygsgevangenes opgetree het, verduidelik die simboliek soos volg:

Die handvatsel is die nek en kop van 'n slang en ook is aan die hele lengte van die stok 'n slang uitgewerk wat oor 'n padda seil, en byna by die bo-ent van die stok draai die slang terug, ná hy 'n dolksteek gekry het. Hoër op staan 'n leeu op te kyk na die arend wat met die wapenrusting van die Transvaal op 'n tak gaan sit het. Dit stel dan voor dat die slang, d.i. Engeland, Bloemfontein platgeloop het, dog die nekslag op Pretoria gekry het. So het die man wat die wandelstok ontwerp het, vir hom die einde van die stryd voorgestel. Hulle het die hoop bly koester dat die woorde van President Brand 'Alles sal regkom' op die end verwesenlik sou word.<sup>27</sup>

In die versameling van die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria is daar 'n besondere kiere met 'n alternatiewe betekenis en simboliek. Die kierehandvatsel is in die vorm van 'n slang (Brittanje) wat besig is om 'n eier (die Boererepublieke) in te sluk.<sup>28</sup> 'n Variasie op die tema wat ook voorkom, is kierehandvatsels met 'n voëlpoot wat 'n eier vasklou.<sup>29</sup> Roux en Pretorius het in *De Strever* van 4 Januarie 1902 geadverteer dat hulle spesialiteit die vervaardiging van kieres en ryswepe met die fatsoen van 'been-zenuwen' en 'klauwen' was.<sup>30</sup>



**Figuur VI-6: Die simboliese uitbeelding op 'n kiere van 'n slang (Brittanje) wat besig is om 'n eier (die Boererepublieke) in te sluk.**

Uit: J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika* (Vlaeberg, 1992), p. 138.

'n Alombekende voorwerp wat in bykans al die krygsgevangenekampe in sowel Suid-Afrika as in die buiteland deur krygsgevangenes gemaak is, is die sogenaamde slangdosie of slangskoentjie. Daar bestaan verskeie variasies van vierkantige of reghoekige slangdosies in verskillende groottes, tot miniatuurvroue- en manskoentjies van hout en soms selfs van klip.

<sup>27</sup> J.A van Blerk, *Op die Bermudas beland*, pp. 50-51.

<sup>28</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 137.

<sup>29</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: P.H. Botha – K. Roodt-Coetzee, 5 April 1940.

<sup>30</sup> *De Strever* 1(3), 4 Januarie 1902, p. 12.

Die dosies of skoentjies bevat 'n kromnekslangetjie (in rare gevalle twee slangetjies), met 'n naald wat uitspring en jou op die vinger 'pik' wanneer die deksel oopgeskuif word.<sup>31</sup> Die historikus, C.H. Benbow, meen dat die slang guerrilla-oorlogvoering simboliseer.<sup>32</sup> Tog dui die dosies ook op die Boere se sin vir humor aangesien die persoon wat die dekseltjie oopskuif, homself boeglam skrik terwyl die omstanders heerlik lag oor sy optrede. G.R. Theron verwys spesifiek in sy herinneringe na 'n geval waar 'n Britse koninklike gesant volgens hom byna flou geval het toe hy die dosie oopgemaak het en onmiddellik mediese behandeling moes ontvang.<sup>33</sup>



**Figuur VI-7:** 'n Elegante paar slangskoentjies met die slangetjie wat uitspring wanneer die deksel oopgeskuif word.

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, slangskoentjies, s.a.

Die leeu word tradisioneel as 'n simbool van krag, dapperheid en mag beskou. Volgens Pretorius het die gebruik van die leeu in 'n meer realistiese vorm eers in die negentiende eeu in Suid-Afrikaanse volkskuns verskyn.<sup>34</sup> Die leeu het deel uitgemaak van die ZAR sowel as die OVS se ampstekens en is derhalwe uitgelig in die Boerekrygsgevangenes se keuse van motiewe. Een van die seldsaamste krygsgevangenekunsvoorwerpe wat op St. Helena gemaak is, is vir seker die omhulling van 'n veldfles wat uit twee of drie stukke hout vervaardig is en met verskillende kleure vernis, van liggeel en bruin tot swart, afgewerk is. Rondom die fles is leeus, tiere en ander wildekatte uitgesny.<sup>35</sup> Op 'n soortgelyke fles wat in die versameling van die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria bewaar word, is 'n leeu aan die een kant en 'n luiperd, waarvan die kolle duidelik sigbaar is, aan die ander kant uitgekerf.<sup>36</sup>

<sup>31</sup> P. Oosthuizen, *Boer War memorabilia: The collectors' guide*, pp. 86, 90.


<sup>32</sup> C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 29.

<sup>33</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: G.R. Theron – K. Roodt-Coetzee, 11 Februarie 1941.

<sup>34</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 29.

<sup>35</sup> E. Mayer, Boerekuns-in-Suidafrika, *Die Huisgenoot*, 3 Desember 1926, p. 55.

<sup>36</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 140-141; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG3537, veldfles, s.a.



**Figuur VI-8:** 'n Skets deur Erich Mayer van 'n seldsame veldfles met 'n leeu en ander katfigure daarop uitgekerf.

Uit: E. Mayer, Boerekuns-in-Suidafrika, *Die Huisgenoot*, 3 Desember 1926, p. 55.



**Figuur VI-9:** 'n Soortgelyke veldfles met 'n leeu en luiperd daarop uitgekerf.

Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG3537, veldfles, s.a.

Die takbok kom nie algemeen in Suid-Afrikaanse volkskuns voor nie. Tradisioneel word takbokke in Noord- en Sentraal-Europa aangetref op voorwerpe wat met jag te make gehad het.<sup>37</sup> In die versameling van Museum Africa in Johannesburg word daar egter 'n gekerfde kokosneut deur die Sweed, J.P. Pedersen, met 'n jagtoneel van 'n tier wat 'n bok vang, aangetref.<sup>38</sup> 'n Soortgelyke gekerfde kokosneut waarop twee takbokke verskyn, word in die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria bewaar.<sup>39</sup> Omdat die takbok ook nie 'n inheemse dier van Suid-Afrika is nie, dui die voorkoms van dié motief op die invloed wat die Europese buitelandse vrywilligers op Boerekrygsgevangenekuns gehad het.

<sup>37</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 27.

<sup>38</sup> E. Itzken, *Handcraft by Boer prisoners of war*, in G. Verhoef (ed.), *The Anglo-Boer War: Commemorative lectures at the Rand Afrikaans University*, 1999, p. 132.

<sup>39</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG10751, tabakpot, 1902.



**Figuur VI-10:** 'n Gedetailleerde toneel van twee takbokke is gedurende Januarie 1902 deur J.P. Pedersen van die Ahmednagar Fort in Indië op die kokosneut uitgekerf. Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG10751, tabakpot, 1902.

Mitologiese en fabeldiere het ook nie tradisioneel op Suid-Afrikaanse volkskuns gefigureer nie.<sup>40</sup> Tog is daar enkele gevalle waar mitologiese en fabeldiere soos drake en vlieënde perde (Pegasus) voorkom, wat ook dui op die buitelandse vrywilligers se bydrae tot die beoefening van krygsgevangenekuns. Op nog 'n voorbeeld van 'n uitgekerfde kokosneut in die versameling van die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria verskyn daar mitologiese dierefigure op die deksel.<sup>41</sup> Roodt-Coetzee beskryf die motief soos volg: “In slingerende lyne vol detail, golf hulle oor die oppervlakte heen sodat 'n mens eintlik moet ontsyfer wat die dier en wat die bykomstige versiering is.”<sup>42</sup> In die Museum van Saint Helena word daar op 'n kissie wat vir kaptein A.R. Hurst van die Royal Sussex-regiment gemaak is, 'n mitologiese draak, bekend as 'n *wyvern*, uitgebeeld.<sup>43</sup>

## Oorlogverwante en patriotiese motiewe

Patriotisme, nasionalisme en selfs opstandigheid word dikwels weerspieël deur kreatiwiteit. Direkte konfrontasie of versugting van ideologiese en politieke idees kan in 'n krygsgevangenskapsituasie lei tot vergelding of selfs fisiese straf.<sup>44</sup> Roodt-Coetzee is van mening dat die keuse van ontwerpe dikwels 'n groepsgevoel uitgebeeld het van 'n drang na vryheid,

<sup>40</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 27.

<sup>41</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG10704, tabakpot, 1902.

<sup>42</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, “Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep”, konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>43</sup> Museum van Saint Helena, St. Helena: Geen aanwinnommer, kissie, 1902.

<sup>44</sup> G. Carr and H. Mytum (eds.), *Cultural heritage and prisoners of war: Creativity behind barbed wire*, p. 9.

asook die hardnekkige teenkating van Britse heerskappy.<sup>45</sup> Die inkorporering van simbole soos die republikeinse wapens en vlae, asook die uitbeelding van figure soos presidente Kruger en Steyn op krygsgevangenekuns, was 'n subtiele, nie-konfronterende manier om die krygsgevangenes se politieke onafhanklikheid te bevestig.<sup>46</sup> So het die 'Tot Nut en Vermaak'-klub in die Deadwood-kamp op St. Helena patriotisme aangemoedig en was daar tydens die verjaarsdagviering van president Kruger op 10 Oktober 1900 blykbaar meer as een miniatuurvlaggie van die Transvaal op die lapelle van die feesgangers te sien. Teen 16 Maart 1902 is krygsgevangenes op St. Helena selfs verbied om die kleure of wapens van die twee Boererepublieke te dra en kon diegene wat nie aan die reël gehoor gegee het nie, hulle paroolpas verbeur.<sup>47</sup>

Die grootste getal ontwerpe wat uitgesny is, is ongetwyfeld die wapens van die Transvaal (ZAR) en die Oranje-Vrystaat (OVS).<sup>48</sup> Pretorius beaam die stelling deur te skryf dat die amptelike wapens van die ZAR en die OVS, of 'n kombinasie daarvan, gereeld op voorwerpe aangetref is. Die wapens van die twee republieke was gewilde motiewe op onder andere pypkoppe, kieries, houtkissies en klip- of steentablette. Afhangende van die grootte van die kisse kon daar een tot drie wapens in reliëf daarop uitgekerf word, en soms is die wapens selfs in konsentriese sirkels geplaas. Die adelaar met uitgespreide vlerke word beskou as 'n simbool van vorstelike mag of vorstelike herkoms. Omdat die adelaar op die wapen van die ZAR voorgekom het, is dit veral deur die Boerekrygsgevangenes as motief gebruik en geaksentueer op hulle ontwerpe.<sup>49</sup> Benewens die republikeinse wapens, was die gesigsbeelde van presidente Kruger en Steyn ook gewilde motiewe terwyl ander bekende Boerefigure soos generaals De Wet, De la Rey en selfs Joubert in 'n mindere mate op die krygsgevangenekunsvoorwerpe uitgebeeld is.<sup>50</sup> Die wapens van die republieke en afbeeldings van helde soos Kruger en Steyn het die verlange en hunkering van die krygsgevangene na hul vaderland weerspieël.<sup>51</sup>

---

<sup>45</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>46</sup> E. Itzkin, Handcraft by Boer prisoners of war, in G. Verhoef (ed.), *The Anglo-Boer War: Commemorative lectures at the Rand Afrikaans University, 1999*, p. 132.

<sup>47</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 132, 144.

<sup>48</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.J. Liebenberg – K. Roodt-Coetzee, 14 Augustus 1940.

<sup>49</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 29, 136, 139.

<sup>50</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 139; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>51</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136.



**Figuur VI-11:** Hierdie kisse van Ceylon ebbhouet getuig van uitsonderlike vakmanskap met die wapen van die ZAR daarop uitgekerf; let op die adelaar wat uitgelig word, asook die inkorporering van die kopbeenmotief in die middel van die wapen wat moontlik daarop dui dat die kisse gemaak is vir 'n persoon wat in die Johannesburgse Vrywilligerkorps diens gedoen het.

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, kisse, 1902.

Die krygsgevangenes het in verskeie ontwerpe uiting gegee aan wat op kommando en op die slagveld gebeur het, soos byvoorbeeld 'n borsspeld met 'n burger op kommando wat voor 'n opgesaalde perd staan en op sy geweer leun, gereed om die slagveld aan te durf.<sup>52</sup> Kanonne soos Armstrong- of Krupp-agterlaaikanne met ammunisiewaens en Maxim Nordenfeldt- ('pom-pom') masjiengewere, asook gewere soos die bekende Mauser-langgewere, -karabyn en -pistole figureer gereeld op tweedimensionele reliëf-kerfwerk asook in driedimensionele miniatuurmodelle wat uit hout, been en klip gemaak is.<sup>53</sup>



**Figuur VI-12:** 'n Lewensgetroue miniatuurmodel van 'n Model 1895 Mauser-karabyn kompleet met bronstoebehoere soos die gewersluitstuk en sneller; dit bevat ook twee bronsplaatjies aan weerskante van die houtkolf met die bewoording 'Gemaakt J. / A. Smidt' en 'O.V.S, A, 1900'.

Uit: D.C.George, *Carvings from the veld: Rifle carvings from the Anglo-Boer War (Part three)* (Tweed Heads, 2016), p. 147.

<sup>52</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 50.

<sup>53</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940; J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 28.



## Godsdienstige motiewe

Die Boerekrygsgevangenes het intense religieuse karaktereenskappe getoon wat uiting gevind het in hul daaglikse gebedsaksies, kerkdienste, katkisasieklasse, asook die stigting van verskeie *Christelike Strevers-Vereenigings*.<sup>54</sup> Die voorkoms en gebruik van godsdienstige motiewe, asook religieuse bewoording op krygsgevangenekuns, het die krygsgevangenes in staat gestel om hul geloofsidentiteit visueel uit te beeld. Die talle miniatuur Bybeltjies en Psalm- en Gesangeboekies wat uit hout of klip gemaak is, getuig van hul diepgegronde godsdienssin.<sup>55</sup> Die vervaardiging van pensteelpunte met 'n hand wat 'n Bybel vashou, was algemene gebruik in Bermuda. 'n Joernalis van die *The New York Times* beskryf die simboliek daarvan soos volg: “On each end of the holder was a hand, perfectly carved. One held a closed book. The other grasped the end of a small cannon over which the pen was to be fitted ... It typifies the common remark we used to hear when the war broke out, that we fight ‘with the Bible in one hand and a gun in the other’.”<sup>56</sup>



**Figuur VI-13:** Drie penstele van Bermuda sederhout met die kenmerkende motief van 'n hand wat 'n Bybel vashou aan die een kant en 'n hand wat 'n projektiel vashou aan die ander kant. Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommers, penstele, s.a.

Die kruis binne-in 'n sirkel is 'n baie ou simbool wat wêreldwyd voorgekom het. Later het die sirkel weggeval en het die Latynse kruis waarvan die stam langer as die dwarsbalk is, voorgekom. Die kruis word dikwels in 'n Christelike verband gebruik en kom veral in 'n godsdienstige of Bybelse konteks voor. In Suid-Afrikaans pioniersvolkskuns word die kruis selde aangetref, waarskynlik weens die verbintenis met die Rooms-Katolieke kerk,<sup>57</sup> maar tog het van die Boerekrygsgevangenes dit wel op hul krygsgevangenekuns aangebring.

Mispa-borsspelde is deur geliefdes in die Victoriaanse era aan mekaar gegee wanneer hulle vir 'n lang periode van mekaar geskei sou word. Die woord 'Mizpa' of 'Mispa' kom dan ook geredelik op borsspelde voor wat deur die krygsgevangenes vervaardig is. Die bewoording het

<sup>54</sup> W.S. Key, The Boer prisoners at Bermuda, *The Boston Evening Transcript*, 18 January 1902, s.p.

<sup>55</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136.

<sup>56</sup> Anonymous, Work of prisoners of war, *The New York Times*, 25 January 1903, s.p.

<sup>57</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 23.

’n inherente godsdienstige en bemoedigende boodskap vir die krygsgevangenes ingehou, volgens Genesis 31 vers 49: “Dit is Mispá, want die Here hou ’n oog oor ons wanneer ons mekaar nie meer kan sien nie.”<sup>58</sup> Borsspelde met die woord ‘Ebenezer’ word ook aangetref, wat dui op die Bybelversie uit 1 Samuel 7 vers 12: “Hy het die plek Eben-Haeser genoem, ‘want’ het hy gesê, ‘Tot nou toe het die Here ons gehelp’.”<sup>59</sup>

In sommige gevalle is hartroerende modelgrafsteentjies gemaak ter herinnering aan geliefdes wat in die konsentrasiekampe omgekom het. In die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein word ’n ebbehout- en beenmodelgrafsteen van die onversoenlike Ceylonse krygsgevangene, Hendrik Petrus Geldenhuys, se gestorwe vrou, Johanna Catharina Geldenhuys, aangetref. Op die grafsteen verskyn haar geboortedatum ‘3.Sept.1840’ asook haar sterfdatum ‘10.Sept.1901’ en op die doodskissie is die bewoording ‘Veilig in Jezus Armen’ met ’n klein foto’tjie van haar.<sup>60</sup>

## Sprekende ornamente

Bewoording en letterwerk het ’n groot rol gespeel tydens die Anglo-Boereoorlog toe dit op talle geskenke en aandenkings wat deur die krygsgevangenes gemaak is, gegraveer of uitgekerf is.<sup>61</sup> Volgens die versamelaar, P. Oosthuizen, is krygsgevangenekunsvoorwerpe dikwels gemerk met die letters ‘K.G.V.’ (krygsgevangene) oftewel ‘P.O.W./POW’ (prisoner of war).<sup>62</sup> Die letterwerk is deur die krygsgevangenes gebruik omdat dit maklike letters was om te onthou en uit te sny.<sup>63</sup> Tog het dit ook gedui op die outentisiteit van die voorwerpe en is krygsgevangenes byvoorbeeld op St. Helena aangemoedig om die bewoording ‘Gemaakt door K.G. St. Helena’ of ‘Souvenir K.G. St. Helena’ op voorwerpe aan te bring.<sup>64</sup> Volgens C.R. Kotzé het die krygsgevangenes op St. Helena sonder uitsondering, op alles wat daar gemaak is, die bewoording ‘Krygsgevangenschap, St. Helena’ uitgekerf.<sup>65</sup>

---

<sup>58</sup> D. Cooper and N. Battershill, *Victorian sentimental jewellery*, p. 114; Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Die Bybel: Nuwe vertaling*, p. 44.

<sup>59</sup> Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Die Bybel: Nuwe vertaling*, p. 295.

<sup>60</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03354/00001, grafmodel, 1901.

<sup>61</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 30.

<sup>62</sup> P. Oosthuizen, *Boer War memorabilia: The collectors’ guide*, p. 84.

<sup>63</sup> P.o.W., Krygsgevangenes op St. Helena, *Die Brandwag*, 27 Mei 1932, p. 43; A. Sinclair, Boer prisoner of war handcraft at the South African Museum of Military History, *Military History Journal* 11(3/4), October 1999, p. 157.

<sup>64</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, pp. 2-3.

<sup>65</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap* (St. Helena), p. 53.

Dikwels is 'n datum of jaartal en die naam van die spesifieke krygsgevangenekamp of land van aanhouding ook aangedui. Op baie van die krygsgevangenekuns verskyn daar ook die naam of voorletters van 'n krygsgevangene, hetsy die voorwerp aan hom behoort het en of hy die maker van die voorwerp was. Spesiale voorwerpe wat as liefdesgeskenke en aandenkings gemaak is, vertoon gereeld persoonlike boodskappe en die naam van 'n geliefde, familielid of vriend vir wie dit bedoel was.<sup>66</sup> Soms verskyn daar ook ander bewoording van gebeurtenisse wat vir die betrokke persoon van belang was, soos datums en plekke van spesifieke veldslae, skermutselings of ontsettings. Die Ceylonse krygsgevangene, J.H. Kruger, onthou dat daar op sy ebbhoukissie die naam van die krygsgevangenekamp (Diyatalawa, Ceylon), asook die naam en datum van die skip waarmee hy weggevoer was, en die naam en datum van die skip waarmee hy teruggekom het, aangebring is.<sup>67</sup>

Volgens die krygsgevangene en latere historikus, G.S. Preller, was die gewildste ontwerpe 'n hartjie of dubbele hartjies met 'n pyl daardeur en amoreuse spreuke, veral in Latyn, asook Bybelse.<sup>68</sup> W.F. Potgieter van Morgan-eiland op Bermuda onthou weer dat hulle letters uit die Bybel afgeteken het.<sup>69</sup> Die geredelike voorkoms van die Transvaalse wapen het die gevolg gehad dat veral die republikeinse leuse van 'Eendragt maakt magt' op voorwerpe verskyn het. Tog kom daar heelwat krygsgevangenekuns voor wat ongemerk is en kan die outentieke herkoms van die voorwerpe nie met sekerheid bepaal word nie.<sup>70</sup>

Die vervaardiging en verskaffing van naamborsspelde was in groot aanvraag. Die gesogte krygsgevangenekunsvoorwerpe het gewoonlik verskeie vorme aangeneem met 'n enkele woord soos 'Mizpa, Liefde, P.O.W., K.G.V., Moeder' of bekende Afrikaanse persoonsname byvoorbeeld Lenie, Annie, Katie, Hettie, Hannie, Martha, en selfs Engelse persoonsname soos Helen, Grace, Maggie, Mary. Rondom hierdie name was daar dan ook dikwels een of ander blom- of blaarmotief as versiering.<sup>71</sup> Oosthuizen skryf dat die borsspelde met die naam van 'n geliefde daarop uitgekerf, die krygsgevangenes se onderliggende pyn van skeiding uitgebeeld

---

<sup>66</sup> P. Oosthuizen, *Boer War memorabilia: The collectors' guide*, p. 84; J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 139.

<sup>67</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.H. Kruger – K. Roodt-Coetzee, 27 Februarie 1941.

<sup>68</sup> G.S. Preller, *Ons parool: Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, p. 97.

<sup>69</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: W.F. Potgieter – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>70</sup> P. Oosthuizen, *Boer War memorabilia: The collectors' guide*, p. 84; J.A. Kimball, *Trench Art: An illustrated history*, p. 12.

<sup>71</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

het. Hy skryf verder: “Daarin leef die eindelose leed en die verlange van die jongman na ’n geliefde, van die smagting tot weersiens van die getroude na sy eggenote, gesin en familiebetrekkinge.”<sup>72</sup> Krygsgevangenekunsjuweliersware wat vir massaproduksie vervaardig is om in Europa ten bate van die Weduwee- en Wesefonds en vir die Amerikaanse toerismemark verkoop te word, is heel waarskynlik net as aandenkings verkwansel en is daar nie veel sentiment of emosionele waarde daaraan geheg nie. In *De Strever* van 5 April 1902 skryf J.B. Hulst van die VSA dat borsspelde van been met populêre name daarop uitgekerf soos Grace, Cornelia, Jennie, Annie, Elizabeth, Wilhelmina, Sina, Hattie, Alice, Katie, Cora, Gertrude, Mary en Bertha gewild was.<sup>73</sup>

## Minder bekende motiewe en simbole

Krygsgevangenebestemmings soos Ceylon en Indië het ’n blywende indruk op die mans en jongseuns gelaat. Roodt-Coetzee beskryf haar gewaarwording van die oud-krygsgevangenes se belewenisse van die kampe in die Ooste soos volg:

Die plattelandse Boer veral was baie oplettend ten opsigte van dinge wat sy belangstelling geraak het. Selfs na ’n tydperk van bykans veertig jaar kan hy nog tot in die fynste besonderhede onthou hoe die Indiese landbouwerktuie daar uitgesien het, hoe die Indiese mak buffels en ander diere behandel word, waar die kamp presies geleë was en hoe die grondgeaardheid en plantegroei daar was.<sup>74</sup>

Dit is dus vanselfsprekend dat die kulturele invloed van dié lande waarin die krygsgevangenes hulself bevind het, sou oorspoel na die Boerekrygsgevangenekuns. Daar kom dus veral diere-motiewe soos waterbuffels, Indiese olifante en kamele op voorwerpe afkomstig van Ceylon en Indië in museum- en privaatversamelings voor.

Die krygsgevangene, S.J. Burger, onthou in sy oorlogsjoernaal hoe verskillend die waens en beeste in Ceylon daar uitgesien het:

De eenigste Rijtuigen is een groote karren zonder veeren met een langetent van bamboes en riet, bespanne met een of twee ossen waar op zij tot 4000 lbs. gewig laden. De Ceylon os is niet grooter als een donkie met een groote dubbelle schof en grote keelvel, bijna zonder hooren en sommige poenskop. Dan zijn er ook de

---

<sup>72</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902”, p. 283.

<sup>73</sup> *De Strever* 1(16), 5 April 1902, p. 86.

<sup>74</sup> K. Roodt, Boere-krygsgevangenekampe (in die Ooste en in Portugal), *Die Huisgenoot*, 16 Augustus 1940, p. 23.

Indica ossen, een pragtige dier met grote schof en dubbel keel vel, twee bijna rigop [*sic*] hoorens zoo groot als onse beesten meesal blouw, geel wit bontes.<sup>75</sup>

'n Tiperende model van 'n wa gemaak van palmlare en twee Indiese koeie met kort horinkies word in die versameling van Museum Africa in Johannesburg bewaar.<sup>76</sup>



**Figuur VI-14:** 'n Ceylonse wa met 'n tent van palmlare wat gebruik is om brood en vleis na die Diyatalawa-kamp te vervoer.

Uit: Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB21868.



**Figuur VI-15:** 'n Wamodel gemaak uit palmlare met twee Indiese koeie wat die wa trek.

Uit: Museum Africa, Johannesburg: MA1939/201, wamodel, s.a.

In Indië word daar baie Hindoe-tempels aangetref.<sup>77</sup> Die Indiese krygsgevangene, P.H.C. Pohl, vertel byvoorbeeld in sy herinneringe hoe die Viakuntha-tempels hom beïndruk het: “Sover ek my kan herinner, is op al die torings en pilare beelde van olifante, bulle en gode uitgekrap. Dit het 'n geweldige indruk op ons gemaak.”<sup>78</sup> D.R. du Toit was so meegevoer dat hy selfs 'n

<sup>75</sup> S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* (red. T. van Rensburg), p. 142.

<sup>76</sup> Museum Africa, Johannesburg: MA1939/201, wamodel, s.a.

<sup>77</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 321.

<sup>78</sup> P.H.C. Pohl, Lewe van die Boere-krygsgevangenes in Indië: Ons protesteer – en word weggestuur, *Die Huisgenoot*, 6 Januarie 1950, p. 38.

staanhorlosie waarop kenmerkende Indiese koepels figureer, in die Kakool-kamp in Indië gemaak het.<sup>79</sup>



**Figuur VI-16: D.R. du Toit en die pragtige staanhorlosie wat hy in die Kakool-kamp gemaak het.**  
Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02809.

Die krygsgevangenes was nie bekend daarvoor om mensfigure uit te beeld nie. Tog is daar 'n seldsame verwysing na 'n buitengewone halfnaakte vroulike figuur wat op 'n kierehandvatsel vanaf St. Helena uitgekerf is. Volgens Roodt-Coetzee was dit wel nie 'n gewilde motief onder die stoere Boerekrygsgevangenes nie.<sup>80</sup>

Vrymesselaarsimbole word ook soms op krygsgevangenekuns aangetref. So bestaan daar byvoorbeeld 'n donasiekissie wat kaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer aan die Old Rock Lodge (912) te St. Helena gegee het. Broeder de Witt Hamer het omtrent elke byeenkoms van die St. Helena Lodge (488) vanaf 2 September 1901 bygewoon toe hy by die Edelmoedigheid Lodge aangesluit het.<sup>81</sup> Op die donasiekissie verskyn bekende vrymesselaarsimbole soos die alsiende oog van God, sekelmaan, ster, pilare van Boas en Jagin, passer en winkelhaak, asook 'n waterpas.<sup>82</sup>

<sup>79</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 368.

<sup>80</sup> K. Roodt, Handwerk van krygsgevangenes: Hoe die Boer sy kiere versier het, *Die Huisgenoot*, 30 Augustus 1940, p. 19; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>81</sup> T.V. Webb, *St. Helena, the island, its Masons and other matters 1502-1945*, pp. 78, 86.

<sup>82</sup> St. Helena Lodge, St. Helena: Geen nommer, donasiekissie, 1902.



**Figuur VI-17:** Donasiekissie vir die boufonds van die Old Rock Lodge met die vrymesselaarsimbole op die bokant van die oopklapdeksel asook die bewoording ‘Pres. By Br. Capt. V. de Witt Hamer, 1902’ aan die binnekant gegraveer.

Uit: St. Helena Lodge, St. Helena: Geen nommer, donasiekissie, 1902.

## **Die herlewing van tradisionele volkskunssimbole in die laat-Victoriaanse era**

Roodt-Coetzee beweer dat die dekoratiewe modestyl wat gedurende die laat-Victoriaanse periode in Europa teenwoordig was, nagevolg is, en dat dit duidelik na vore gekom het in die krygsgevangenes se keuse van versieringsmotiewe.<sup>83</sup> Die Ceylonse krygsgevangene, C.F.L. Hutten, onthou dat hoe meer krulle, draaie en liefdesimbole daar op die ontwerp verskyn het, hoe meer het die Boerekrygsgevangenes self daarvan gehou en kon die makers dit vinnig van die hand sit.<sup>84</sup> G.J. Metz skryf in sy krygsgevangenskapherinneringe dat hulle van patrone uit ’n boek afgewerk het.<sup>85</sup> In die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke is daar byvoorbeeld die ontwerpboek van J.P. le Roux met agttien verskillende tydgenootlike Duits-geïnspireerde figuursaagpatrone wat deur hom gebruik is vir die ontwerpe waarop hy sy portretrame geskoei het.<sup>86</sup> In een van die kampe in Indië het ’n krygsgevangene ’n Engelse tydskrif in die hande gekry en die tekeninge in die advertensies as inspirasie geneem vir die voorwerpe wat hy vir die mark vervaardig het.<sup>87</sup>

<sup>83</sup> K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 523; K. Roodt, “Die krygsgevangenes as kultuurgroep”, Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, U.P., Oktober 1933, s.p.

<sup>84</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>85</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: G.J. Mentz – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940.

<sup>86</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04815/00039, patroonboek, s.a.

<sup>87</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, “Die Boerekrygsgevangenes as ’n kultuurgroep”, konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

In die laat-Victoriaanse periode het die vervaardiging van silwer juweliersware begin toeneem en is daar vanuit Brittanje 'n uitvoermark na Suid-Afrika gevestig. Die gesogte juweliersware het veral 'n hoogtepunt bereik met die afsterwe van koningin Victoria in 1901. Die afskaffing van belasting op goud en silwerware het ook bygedra tot die vestiging van snuisteryhandel waarvolgens klein sentimentele juweliersware 'n hoë vlak van populariteit behaal het. Die mees populêre en bekostigbare item wat die mark oorgeneem het, was die sogenaamde liefdesborsspeld. Die vervaardiging van dié borsspelde was redelik eenvoudig en die verskillende ontwerpe was omvangryk. Die vorm en versieringsmotiewe wat aangebring is, was dikwels ook simbolies van aard. Alhoewel die borsspelde vandag as uiters sentimenteel beskou word, het hulle die sienswyse en houding van die laat-Victoriaanse era getrou weerspieël.<sup>88</sup> Liefdesgeskenke wat deur Boerekrygsgevangenes vervaardig is, toon dikwels ou volkskuns simbole soos die hart, anker, perdeskoen, groetende hande en duive.<sup>89</sup> Die krygsgevangene, J.H. Kruger, skryf in sy herinneringe aan Diyatalawa dat simbole soos die hart en die anker die meeste in been uitgesaag is vir borsspelde, hangertjies, horlosiekettings en halssnoere. Dasselpe het gewoonlik die vorm van 'n hart of perdehoefyster gehad.<sup>90</sup>

Volgens Pretorius is dit verstaanbaar dat die hart as motief gereeld aangetref word op voorwerpe wat deur mans, ver van hulle geliefdes, in die onderskeie krygsgevangenekampe gemaak is. Soms verskyn daar selfs 'n hart met 'n pyl deur. Die hart is 'n baie bekende simbool wat deur die eeue liefde versinnebeeld en simboliseer die krygsgevangenes se verlange en versugting om naby hul geliefdes te wees. Die tradisionele simbool van liefde kan alternatiewe interpretasies ook hê. Die hart kan gekoppel word aan vaderlandsliefde. Soms word die hart voorgestel as die simbool van Christus se lyding en dui dan op Christelike liefde. Die hart figureer veral op voorwerpe soos juweliersware, portretrame en juwelekissies. Talle kleinerige kissies is deur die krygsgevangenes in die vorm van 'n hart gemaak, sommige selfs met geheime openinge wat oopgeskuif moes word. Die name of voorletters van die maker of skenker asook die ontvanger is dan op die kissies aangebring.<sup>91</sup>

---

<sup>88</sup> D. Cooper and N. Battershill, *Victorian sentimental jewellery*, pp. 61, 64.

<sup>89</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 137.

<sup>90</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.H. Kruger – K. Roodt-Coetzee, 27 Februarie 1941.

<sup>91</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 23-24, 136-137, 139.





**Figuur VI-18:** 'n Hartvormige 'skelmdosie' met 'n blommotief daarop geskilder; die inskripsie, 'Van JJ de Wet, KGV, St. Helena, 1902, Aan myn vrou, MS de Wet', dui op die hartstogtelike verlange van 'n eggenoot na sy geliefde eggenote.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04865/00001, skelmdosie, 1902.

Die anker as simbool word selde op sy eie aangetref. Volgens C.F.L. Hutten was die gekombineerde ontwerp van die kruis, anker en hart baie gewild en het hy dosyne variasies daarvan geteken om op krygsgevangenekuns uitgebeeld te word.<sup>92</sup> Die kombinasie van die drie simbole saam beteken geloof, hoop en liefde wat verwys na die Bybelteks in 1 Korintiërs 13, vers 13.<sup>93</sup>

Die voorkoms en gebruik van die perdeskoen simboliseer heel waarskynlik goeie geluk. Die Victoriaanse bygeloof dat 'n onderstebo perdeskoen ongeluk bring, het blykbaar nie 'n groot invloed op die krygsgevangenes gehad nie want die perdeskoenvorm is dikwels onderstebo aangewend.<sup>94</sup>

Die uitbeelding van groetende hande is 'n tipiese Victoriaanse motief wat eenwording en getrouheid simboliseer. Dit dui daarop dat die hand van die mens in dié van God geplaas word en kom veral op grafstene in Suid-Afrika voor.<sup>95</sup> Die groetende hande kan egter ook dui op intieme vriendskap en toegeneentheid.<sup>96</sup> 'n Hedendaagse interpretasie suggereer dat die teken presidente Kruger en Steyn voorstel wat besig is om hande te skud om die samewerking tussen die Transvaal en OVS te beklink.<sup>97</sup> In teenstelling met die gebaar word daar op sommige

<sup>92</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>93</sup> D. Cooper and N. Battershill, *Victorian sentimental jewellery*, p. 86; Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Die Bybel: Nuwe vertaling*, p. 228.

<sup>94</sup> D. Cooper and N. Battershill, *Victorian sentimental jewellery*, p. 98.

<sup>95</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 132.

<sup>96</sup> D. Cooper and N. Battershill, *Victorian sentimental jewellery*, p. 90.

<sup>97</sup> Old Johannesburg Warehouse Antiques Art and Collectables Auctioneers, *Anglo-Boer War auction - The Ray Leppan collection*, 14-15 October 2017, Lot 158, s.p.

kieriehandvatsels 'n gebalde vuus aangetref – bekend as die ‘vuus van geregtigheid’ – wat moontlik dui op die Boere se weerstand teen Britse oorheersing.<sup>98</sup>



**Figuur VI-19:** 'n Silberborsspeld met twee vrouehande wat mekaar in vriendskap groet.

Uit: D. Cooper and N. Battershill, *Victorian sentimental jewellery* (Newton Abbot, 1972) p. 91.



**Figuur VI-20:** Dié beenborsspeld van St. Helena toon 'n mans- en vrouehand wat mekaar met toegeneentheid groet.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00425/00001, borsspeld, 1902.

Van al die voëlmotiewe wat op Boerekrygsgevangenekuns voorkom, is die duif seker een van die voëls wat die meeste uitgebeeld word. Die duif word as 'n simbool van liefde beskou, veral wanneer hulle as 'n paar uitgebeeld word, waarskynlik omdat duiwe net een lewensmaat kies. Volgens Christen-ikonografie is die duif 'n simbool van die Heilige Gees en die doop, asook reinheid, onskuld en teerheid. Die duif met 'n olyftakkie in sy bek word ook geïnterpreteer as 'n simbool van vrede wat kan dui op die Bybelse verhaal van Noag, wat vrede tussen God en die mens beteken.<sup>99</sup> 'n Delikate borsspeld in die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum se versameling simboliseer letterlik en figuurlik vrede. Die metaalborsspeld is uitgesny in die vorm van 'n sekelmaan met 'n duif wat 'n olyftakkie in sy bek hou. Op die maan is die bewoording ‘Vrede 31:5’02’ gegraveer, wat letterlik dui op die Vrede van Vereeniging wat op 31 Mei 1902 deur Brittanje en die twee Boererepublieke gesluit is.<sup>100</sup>

<sup>98</sup> Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, kieres, s.a.

<sup>99</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 27; S. Havenga, 'n Borsspeld met 'n boodskap...', *CULNA*, September 1997, p. 18.

<sup>100</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG10403, borsspeld, 1902.

Behalwe vir verskeie variasies van die sirkelblom, kom ander tradisionele volkskunssimbole soos die *sonnerad* en *wirbel*, wat redelik algemeen gedurende die pionierstydperk op gebruikskunne aangebring is, egter heelwat minder voor. Dieremotiewe soos die perd, asook liefdes-simbole soos die hart, figureer verreweg die meeste op Boerekrygsgevangenkuns. Dit dui direk op die gedagtes en herinneringe wat die swaarste op die krygsgevangenes en -seuns se gemoed gedruk het, naamlik die heimwee en verlange na hul geliefde familie, vriende, plaas en land. Die geredelike voorkoms van patriotiese en godsdienstige motiewe dui indirek op die krygsgevangenes se identiteit. Die republikeinse wapens van die Transvaal en OVS wat dikwels op krygsgevangenkuns verskyn, simboliseer die krygsgevangenes se vryheidstryd en word subtiel aangewend as simbole van verset teen Britse heerskappy. Godsdienstige motiewe soos die Bybel dui weer op die intense religieuse karakter van baie van die Boerekrygsgevangenes. Die krygsgevangenes op Ceylon en Indië het ook motiewe uit hul omgewing en milieu gebruik wat 'n blywende indruk op hulle gemaak het. Vir sommige van die krygsgevangenes het die motiewe en simbole op die Boerekrygsgevangenkuns dus ontsaglike inherente betekenis ingehou, terwyl ander krygsgevangenes dit waarskynlik bloot as esteties van aard beskou het.

## HOOFSTUK VII

# VOORBEELDE VAN TIPES BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS

---

### Opvattings oor tipes Boerekrygsgevangenekuns

Tot dusver het die tipes voorwerpe wat deur die Boerekrygsgevangenes vervaardig is, gereeld in die bespreking voorgekom. In hierdie hoofstuk word daar nou in meer besonderhede daarop ingegaan. Oorvleueling in 'n tema soos hierdie is dus onvermydelik. Vandag word daar steeds noemenswaardige voorbeelde in museum- en privaatversamelings aangetref.

Daar blyk verskillende opvattings te wees oor die tipes Boerekrygsgevangenekuns. Die historikus, S.P.R. Oosthuizen, aanvaar: “Dit is 'n interessante feit dat dieselfde soort handwerkbedrywighede haas in al die krygsgevangenekampe beoefen is, sodat dit onmoontlik is om 'n besondere voorloper van hierdie bedrywighede in enige kamp aan te wys.”<sup>1</sup> Die museumkundige, E. Wessels, beaam die stelling deur te skryf dat daar geen verskil is tussen die kampe ten opsigte van die tipe artikels wat deur die krygsgevangenes vervaardig is nie.<sup>2</sup>

Alhoewel dit nie moontlik is om een van die krygsgevangenekampe as die uitsluitlike voorloper van handwerkbedrywighede uit te sonder nie, het die tipes Boerekrygsgevangenekuns wat geproduseer is, nogtans wel van land tot land en selfs van kamp tot kamp verskil. Portretrame van Bermuda se estetiese karaktereienskappe soos die vorm en ontwerp asook die materiaal waarvan dit gemaak is, verskil van portretrame wat argumentsonthalwe in Indië op die ‘boemelaarsvolkskunstegniek’ geskoei is (verwys na hoofstuk IV ‘1. Hout’). Soms is sekere tipes voorwerpe ook uniek aan die land van herkoms soos die seldsame veldflesse wat net op St. Helena vervaardig is (verwys na hoofstuk VI, ‘Dieremotiewe’).

Rocco de Villiers skryf in sy dagboek dat die krygsgevangenes op Bermuda onder normale omstandighede nooit daaraan sou dink om soveel verskillende tipes voorwerpe – van 'n das tot 'n borsspeld en selfs waens en kapkarre – te vervaardig nie. Orals waar hy gekom het, was die

---


<sup>1</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, p. 272.

<sup>2</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 208.

mans besig om een of ander voorwerp te maak.<sup>3</sup> H. Scholtemeijer onthou dat die krygsgevangenes op St. Helena hulle hand aan 'n verskeidenheid van voorwerpe gewaag het: “Penhouders kunstig gesny uit hout en ivoor; servetringe uit hout, been en blik; die allerkunstigste houtkissies, party met 'n geheime opening; brilhuisies, houtpoppe, wandelstokke, mynbatterye en -stampers, veldkanonne, heeltemal volmaak, tot in die fynste besonderhede; penmessies uit geweercoeëls; pragtige hartvormige houtdosies, skilderyrame, pype.”<sup>4</sup> Selfs in die kampkoerantjie van St. Helena, *De Krygsgevangene* van 15 Junie 1901, skryf die verslaggewer:

Neemt men ene uitstapje door het kamp dan ziet men in bijna iedere tent of huis één of meer druk bezig met het fabricereen van penhouders, wandelstokken, rijzweepen, borstspelden, doosen van verschillenden aard, stoelen, medallies en wapenen van metaal, in één woord curiositeiten van zooveel soorten, dat om allen op te noemen ons blad bijna daarmede gevuld zou zijn.<sup>5</sup>

J.N. Brink het in sy herinneringe *Recollections of a Boer prisoner-of-war at Ceylon* gemeld dat sommige krygsgevangenes hul tyd deurgebring het met die vervaardiging van kieries, batterspane, penhouders, pype, portretrame, servetringe, horlosiekettings en ander soortgelyke voorwerpe, meestal uit hout.<sup>6</sup>



**Figuur VII-1:** Hierdie poskaart gee 'n aanduiding van die verskillende tipes Boerekrygsgevangenekuns wat op Ceylon vervaardig is.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01801.

Volgens die kultuurhistorikus, J.C. Pretorius, het die krygsgevangenes veral gebruiksvoorwerpe soos eierkelkies, servetringe, briewemesse, penhouders, borsspelde, ringe, armbande, hangertjies, naaldekokers, kissies, inkstaanders, portretrame, horingbekertjies, stoele,

<sup>3</sup> S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, p. 275.

<sup>4</sup> H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)*, p. 62.

<sup>5</sup> *De Krygsgevangene* (St. Helena) 2, 15 Junie 1901, p. 1.

<sup>6</sup> J.N. Brink, *Recollections of a Boer prisoner-of-war at Ceylon*, p. 127.

waentjies met osse, karre met perde en die bekende slangdosies gemaak.<sup>7</sup> As gevolg van die groot verskeidenheid Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe wat vervaardig is, is dit onmoontlik om elke tipe voorwerp te identifiseer en te bespreek.

## **Pype en rooktoebehore**

Pyprook was 'n gunsteling tydverdryf onder sowel die Boere op kommando as die krygsgevangenes in die onderskeie krygsgevangenekampe. Tabak is as 'n belangrike kommoditeit beskou en die krygsgevangenes wat nie geld gehad het nie, het probeer om op verskillende maniere 'n geldjie te verdien om sodoende aan dié bykomende behoefte te voorsien.<sup>8</sup> Krygsgevangenes het ook goedgunstiglik van hulporganisasies in Nederland en die VSA kiste vol tabak ontvang.<sup>9</sup> Benewens pyprook, het die krygsgevangenes sigarette en sigare gerook. Sigare was baie goedkoop, veral in Indië, teen 4 sjelings vir 100 groot sigare en 9 pennies vir 100 klein sigare.<sup>10</sup> Daar was dus 'n groot aanvraag na pype en ander rooktoebehore soos pypstampers, pypskoonmakers, pyprakke, tabakhouders, vuurhoutjehouders, snuifdosies, tabaksakkies asook sigaret- en sigaarpypies – hetsy of die krygsgevangenes dit vir eie gebruik aangewend het of om te verkoop.

Aanvanklik het die krygsgevangenes begin om pype wat in hulle besit was, uit te kerf.<sup>11</sup> Veral die republikeinse wapens van die ZAR en OVS was gewilde motiewe op pypkoppe. Dié pype was blykbaar nogal in aanvraag onder die Britse offisiere in Indië wat bereid was om een roepie (1s 8d) of soms selfs meer per pyp te betaal.<sup>12</sup> Mettertyd het van die innoverende mans begin om pype van verskillende materiale te maak. Volgens J.P. Lessing is pypstele op St. Helena uit die horings van beeste wat op St. Helena geslag is, vervaardig. Eers is die horings gekook en dan is die steel uitgesny en die gat ingebrand met draad.<sup>13</sup> C.F.L. Hutten onthou dat hulle op Ceylon pype van hout, been en horing gemaak het waarvan die stele krom of reguit was.<sup>14</sup> 'n

---

<sup>7</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136.

<sup>8</sup> Oud-krygsgevangene, Op Bermuda: Lewenswyse van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 13 Desember 1935, p. 35.

<sup>9</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 114, 191-192.

<sup>10</sup> P.H.C. Pohl, Lewe van die Boere-krygsgevangenes in Indië: Ons grawe 'n tonnel, *Die Huisgenoot*, 30 Desember 1949, p. 53.

<sup>11</sup> I.J. Minnaar, Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (I), *Die Huisgenoot*, 27 November 1936, p. 95.

<sup>12</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 367.

<sup>13</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.P. Lessing – K. Roodt-Coetzee, 23 Julie 1940.

<sup>14</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

Aantal pype met verskillende fatsoene wat deur die krygsgevangenes gemaak is, word vandag nog aangetref. Tog staan die pype wat in Indië vervaardig is, uit as voorbeelde weens hul kenmerkende vorms en fatsoene. Sommige pype het reghoekvormige pypstele en ander weer uitsonderlike geronde pypkoponderkante.

Nog 'n unieke eienskap is dat van die pype hoofsaaklik uit klip vervaardig is. In *Die Huisgenoot* van Desember 1922 beskryf D. Mostert die klippyp wat deur sy vader, Adriaan Mostert, in die Kakool-kamp gemaak is soos volg:

Dis 'n liggeel klip met 'n vlek net soos hout, wat afgewerk is tot hy so glad is as glas ... Net waar die steel moet inkom, is 'n bandjie om, wat stewig en netjies voeg. Daarvandaan is 'n gat regaf geboor tot gelyk met die boom van die tabakkuil. Toe is weer 'n gat geboor van voor af tot in die tabakkuil, maar die manier van doen het veroorsaak dat daar 'n oortollige opening in die deurgang van die rook kom; en dié opening is weer sorgvuldig toegestop met gesmelte blomswawel en meel van dieselfde klip ... Nog 'n punt van belang in die pyp is die groot bel wat onderaan hang. Die klip word baie warm van die tabakvuur, en die koue bel onderaan stel die roker in staat om hom met genot en gemak te hanteer. Die steel of mondstuk is dié van 'n gewone pyp.<sup>15</sup>



**Figuur VII-2:** Krygsgevangenehandwerk word in Umballa, Indië, uitgestal met die meegaande advertensiebord van 'D.R. de Wet, Curiosity Shop'; let op die buitengewone fatsoene van die talle pype wat in die foto verskyn.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03014.

<sup>15</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 348.



**Figuur VII-3:** 'n Pyp wat vir 'Sergt. Wadsworth, 1st Northampton Regt.' deur 'D.R. de Wet, P.O.War, Umballa' in 1902 gekerf is.

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, pyp, 1902.

## **Papiermesse (briewemesse), penhouers en ander skryfgereedskap**

Een van die belangrikste gebeurtenisse vir krygsgevangenes waarna hulle onomwonde uitgesien het of vir wie dit waarskynlik die hartseerste oomblik van hulle dag was, was die ontvangs van pos uit Suid-Afrika. Die Britse militêre owerheid in Suid-Afrika het korrespondensie tussen Boerekrygsgevangenes en burgerlikes – gewoonlik eggenotes en ander familie – in konsentrasiekampe in Suid-Afrika toegelaat. Gedurende 'n tydperk van agt maande in 1901-1902 het die poskantoor op St. Helena 19 200 posstukke ontvang en was die uitgaande pos baie meer met 235 000 briewe en 9 500 poskaarte.<sup>16</sup>

Die ontvang en stuur van korrespondensie het dus 'n belangrike rol in die krygsgevangenes se daaglikse bestaan gespeel en is veral papiermesse en penhouers, asook ander skryfgereedskap soos inkstaanders, papiergewigte, liniale en seëldosies vervaardig. Wie weet hoeveel briewe is met papiermesse wat die krygsgevangenes self gemaak het, geopen?<sup>17</sup> Besondere papiermesse met 'n treffende fatsoen in die vorm van 'n Arabiese dolk is veral op Bermuda vervaardig.<sup>18</sup> Hoewel die meeste van die penhouers in die onderskeie lande van aanhouding op draaibanke gemaak is, is daar voorbeelde wat met kerfwerk versier is.<sup>19</sup> Van die krygsgevangenes op Bermuda het ook graag penhouers van sederhout gemaak.<sup>20</sup> Dit is opvallend op hoeveel van dié penhouers wat op Bermuda vervaardig is, dieselfde Arabiese dolk as versiering aangebring is, asook die ontwerp van 'n hand wat 'n Bybel vashou waarvan die simboliek reeds in hoofstuk VI bespreek is.

<sup>16</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 121, 255.

<sup>17</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 348.

<sup>18</sup> C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 30.

<sup>19</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136.

<sup>20</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 208.





**Figuur VII-4:** Hierdie papiermes in die kenmerkende vorm van 'n Arabiese dolk met die gegraveerde bewoording 'P. Roux, 1904', asook 'n handgeskrewe ink-inskripsie 'Presented to A. van den Heuss, N.Y., Aug. 24, 1904'.

Uit: Bermingham-privaatversameling, Bermuda: Geen nommer, papiermes, 1904.

## Dasse, breiblokkies en ander naaldwerktoebehore

Met tuisgemaakte hekelnaalde en breiblokkies is dasse en skouermantels gemaak.<sup>21</sup> Spesiale breiblokkies in enige denkbare vorm van kitare, viole, skoene tot visse is vir dié doel gemaak.<sup>22</sup> J.F. van Wyk wat in die Abbottabad-kamp was, skryf in sy herinneringe dat die mans hul tyd nuttig verwyd het deur hekelwerk aan te pak. Veral dasmakery waar die das op 'n blokkie met spelde gemaak is, was 'n gewilde tydverdryf. Hy onthou dat hulle in die reël al die dasse vierkleurig gehekel het.<sup>23</sup> G. Otto wat in Trichinopoly 'n krygsgevangene was, het 'n ligte pienk das met 'n olyfgroen anker en die voorletter van sy verloofde, Fista, gehekel. Die das is aan 'n handelaar verkoop en het in Switserland beland, waarna dit in die 1930's teruggestuur is na Suid-Afrika. Dit is onbekend wat van Otto of sy verloofde geword het en die das het uiteindelik in die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke opgeëindig.<sup>24</sup>

Stopeiers is ook deur die krygsgevangenes as 'n nuttige gebruiksartikel of as 'n aandenking vir 'n geliefde gemaak. Die eivormige houtvoorwerpe se geronde agterkant is vermoedelik gebruik om kouse mee te stop. Van die eiers kon ook oopskroef en het as naaldwerkhouders vir naalde en garing gedien.<sup>25</sup> Benewens die stopeiers is daar ook ander naaldwerktoebehore soos naaldekokers, breipenne, hekelpenne, ensovoorts, vervaardig.

<sup>21</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 276-277.

<sup>22</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 27.

<sup>23</sup> J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp. 217-218.

<sup>24</sup> J.J. Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967, p. 27; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00479/00001, das, s.a.

<sup>25</sup> A. Sinclair, Boer prisoner of war handcraft at the South African Museum of Military History, *Military History Journal* 11(3/4), October 1999, p. 157.

## Kieries (wandelstokke)

F. Pretorius is van mening dat dit vir die krygsgevangenes psigologies bevrydend moes wees om die kieries waarmee hulle op hul toegelate wandelings kon gaan, te vervaardig.<sup>26</sup> Vir veral die ouer krygsgevangenes het kieries 'n integrale deel van hul daaglikse bestaan uitgemaak. Op St. Helena het die kampkommandant van Deadwood mans ouer as 54 jaar aangemoedig om vir gesondheidsredes ten minste twee tot drie keer per week vir 'n wandeling te gaan.<sup>27</sup> By die Diyatalawa-kamp in Ceylon het die dokters aanbeveel dat krygsgevangenes wat nie aktief aan sportaktiwiteite deelgeneem het nie, daaglik op die verskeie wandelpaadjes naby die kamp moes gaan stap.<sup>28</sup> W.S. Key skryf met sy besoek aan Bermuda teen die einde van 1901 dat daar ongeveer 'n 100 mans ouer as 66 jaar of selfs 76 jaar was, wat baie swak en afgeleef was en genoodsaak was om met 'n kiere te loop.<sup>29</sup>

Honderde kieries asook ryswepe of peitse van verskillende lengtes met 'n verskeidenheid van ontwerpe is in die onderskeie krygsgevangenekampe geproduseer. Ver al kieriehandvatsels is op verskillende maniere versier. Die hunkering na die Boere se vaderland blyk uit motiewe soos hond-, bees-, perd- en slangkoppe asook wildsbok- en perdepote. Soms is daar simboliese betekenis soos 'n kiere waarop 'n eier (die Boererepubliek) deur 'n klou (Brittanje) vermorsel word.<sup>30</sup> Die moontlik simboliese betekenis wat aan van die motiewe geheg kan word, is reeds in hoofstuk VI bespreek.

Die vervaardiging van kieries was veral op St. Helena 'n volskaalse industrie en word deur die poleerder, C.R. Kotzé, soos volg beskryf:

Hulle kry parool en gaan haal in die bosse stokke en pale. Hulle maak alles droog by die vure en wat krom is, trek hulle reguit oor die vlamme om wandelstokke te vervaardig ... Die stokke is reguit en glad of met litte soos 'n riet; ander is weer van bo tot onder gedraai soos 'n boor. Sommige handvatsels is reghoekig, of krom soos 'n halwe maan; ander is volmaakte hondkoppe, beeskoppe, perdekoppe en perdevoorpote of twee hande wat groet. Alles is so mooi en netjies gemaak en gepoleer asof dit uit 'n moderne fabriek kom.<sup>31</sup>

---

<sup>26</sup> F. Pretorius, Boer Prisoner of war art, *History Today* 56(3), March 2006, p. 35.

<sup>27</sup> A.L. Paget, Some experiences of a commandant prisoner of war at Deadwood Camp St. Helena, 1900-1901 (Part I), *Longman's Magazine* 38(228), October 1901, p. 513.

<sup>28</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 268.

<sup>29</sup> W.S. Key, The Boer prisoners at Bermuda, *The Boston Evening Transcript*, 18 January 1902, s.p.

<sup>30</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 137.

<sup>31</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 51.

H. Scholtemeijer skryf min of meer dieselfde besonderhede oor sy herinneringe aan St. Helena:

Die stokke is reguit en glad, of vol knoetse, of gedraai, terwyl die knoppe of handvatsels enige mooi fatsoen aanneem. Sommige het mooi ronde knoppe, ander is krom, gebuig, nog andere is in 'n kronkelvorm, terwyl hondekoppe, beeskoppe, perdekoppe en hande wat groet geen uitsondering was nie. En elke artikel was blink gevryf en gepoleer asof dit uit die fynste en modernste fabriek kom.<sup>32</sup>

H. de Graaf wat ook op St. Helena was, onthou weer dat party kieries gelyk het asof dit drie of vier verskillende stokke is wat inmekaar gedraai is, maar eintlik was dit alles uit een stuk hout gesny.<sup>33</sup>



**Figuur VII-5:** Hierdie kerie is gemaak van 'n dik, knoetsrige boomwortel met 'n bokkop as handvat en die bewoording 'Aan Vader van krygsgevangene zoons J.W. en I.M. Wessels, St. Helena, 1902'; die ongekompliceerde en selfs eenvoudige voorkoms en inskripsie dui op die sentimentele en persoonlike waarde wat die kerie ingehou het en laat dit uitstaan bo die res van die kieries wat in groot hoeveelhede vir markdoeleindes op St. Helena vervaardig is.

Uit Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03620/00021, kerie, 1902.

## Kissies

'n Verskeidenheid kissies van verskillende groottes en vorms is vervaardig vir onder andere die berging van briewe, handskoene, juwele of ander kleinode soos visitekaartjies of selfs haarnaalde. Dit was 'n gewilde geskenk wat mans graag vir hul geliefdes gemaak of gekoop het, waarskynlik in die hoop om dit eendag met hul terugkeer na Suid-Afrika persoonlik aan hulle te oorhandig. Volgens J.C. Pretorius was die kissies meestal taamlik klein omdat goeie hout skaars was, maar die kissies is nogtans keurig afgewerk en gewoonlik met een of ander simboliese motief versier. Veral die hart was 'n bekende motief. Die motiewe en letterwerk is meestal kunstig op die hout uitgekerf en dikwels met wit, swart of selfs goue ink of verf ingekleur. Alternatiewelik is kissies ook pragtig beskilder.<sup>34</sup> Die meeste kissies wat in

<sup>32</sup> H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)*, p. 63.

<sup>33</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 57.

<sup>34</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 137-139.

museum- en privaatversamelings voorkom, het die gewone vierkantige of reghoekige vorm. Tog is daar uitsonderings op die reël soos die hartvormige ‘skelmdosies’ met geheime openinge, asook die unieke juwelekissies in die vorm van ’n Victoriaanse rusbank waarvan die sitplek oopskuif om die boksie binne-in te voorskyn te bring.<sup>35</sup>



**Figuur VII-6:** ’n Skaars juwelekissie in die vorm van ’n rusbank met die sitplek wat kan oopskuif om die holte vir juwele wat met rooi sy uitgevoer is, te bedek; voor op die miniatuurrusbank is die bewoording ‘St. Helena’ en die datum ‘8.3.1901’ aangebring.  
Uit: Museum Africa, Johannesburg: MA1954/321, kissie, 1901.

## Portretrame

Portretrame was van die gewildste aandenkings wat deur krygsgevangenes gemaak is. Die een rede hiervoor is dat smal stukkie hout gebruik kon word. Die tweede rede is dat daar ’n behoefte onder die krygsgevangene ontstaan het om foto’s van geliefdes en familie te raam. Ovaalvormige portretrame het algemeen in die Victoriaanse era voorgekom en daarom het krygsgevangenes ook dié heersende modeneiging nagevolg. Uitstaande voorbeelde hiervan is die dubbele portretrame wat op Bermuda vervaardig is. ’n Voorbeeld is ’n raam wat aan J.T. van den Heever behoort het wat in 1902 in Bermuda ’n krygsgevangene was. Die houtsnijwerk is in die vorm van twee perdekoppe, twee saals en twee roosstele wat aan weerskante aangebring is. Die ovaal openinge is onderstebo hoefysters. Die agtergrond is effens weggesny en ’n stippelpatroon is daarop aangebring.<sup>36</sup>

Af en toe word daar ook houtalbums aangetref wat ’n aantal rame met openinge vir foto’s of ander aandenkings bevat. In die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria word so ’n album, beskilder met ’n vaas blomme, aangetref.<sup>37</sup> In die Bermingham-privaatversameling op Bermuda is daar ’n soortgelyke album. Elke houtbladsy is voorop en agterop met wit

<sup>35</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04865/00001, skelmdosie, 1902; Museum Africa, Johannesburg: MA1954/321, juwelekissie, 1901.

<sup>36</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 139-140.

<sup>37</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp. 140-141.

blompatrone beskilder. Op die album verskyn die bewoording ‘Album, Bermuda, 20.4.1902’ en ‘Maker, R.B.J. Engelbrecht, K.G.V.’.<sup>38</sup>



**Figuur VII-7:** Krygsgevangenes op Darrel-eiland te Bermuda, 27 Februarie 1902, voor ’n tent waar ’n verskeidenheid portretrame uitgestal word.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01351.

## Juweliersware

Volgens J.C. Pretorius het die verlange na geliefdes in Suid-Afrika gelei tot die maak van liefdesgeskenke soos ringe, borsspelde, armande, halssnoere en hangertjies uit been, horing, hout, klip, perdestertare en selfs muntstukke. Veral borsspelde is op aanvraag gemaak en verkoop. Borsspelde vertoon dikwels die naam van ’n geliefde wat fyn en netjies uitgesny is, asook blom- en blaarmotiewe sowel as tradisionele volkskunssimbole, wat reeds in die voorafgaande hoofstuk bespreek is. Soms is die ontwerp uitgegraveer of staan dit uit in reliëf, en op ander voorwerpe is die hele agtergrond weer uitgesaag.<sup>39</sup> ’n Pragtige borsspeld wat as voorbeeld voorgehou word, is die sogenaamde Ceylon-ster. Dit is in die vorm van ’n agtpuntige ster uit ebbenhout gemaak. ’n Besondere kenmerk in die middel van die ster se voorkant is ’n silwer tiensentstuk van Ceylon, gedateer 1899. Rondom die muntstuk is ’n patroon van driehoekies uitgekerf.<sup>40</sup>

<sup>38</sup> Bermingham-privaatversameling, Bermuda: Geen nommer, houtalbum, 1902.

<sup>39</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 137; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, “Die Boerekrygsgevangenes as ’n kultuurgroep”, konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>40</sup> J.R. van Zyl, Die Ceylon-ster, *Knapsak* 22(1), Maart 2010, pp. 42, 46.



**Figuur VII-8:** 'n Borsspeld in die vorm van 'n sespuntige ster of blom met perlemoen hartjie-insetsels en 'n silwer Ceylonse tiensentstuk in die middel, asook die bewoording 'R.F. Prinsloo' daarom gegraveer.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00812/00001, borsspeld, s.a.

Die Boerekrygsgevangenes het ook ringe van silwer- en goudmuntstukke gemaak. Soms het selfs die datum aan die binnekant van die ring ongeskonde gebly.<sup>41</sup> Die proses om dié ringe te vervaardig, word soos volg uiteengesit: “'n Goue pond word byvoorbeeld geneem en 'n klein gaatjie in die middel daarvan gemaak. Deur hierdie gaatjie word 'n deurslag gesteeek wat na agter dikker word en dan word die muntstuk met 'n ligte hamertjie op die kant geslaan en gedurig rond gedraai totdat die kunstenaar eindelijk 'n pragtige goue ring het.”<sup>42</sup>

Miniatuurknipmessies is ook as hangertjies vir halssnoere en horlosiekettings gemaak. 'n Joernalis van die *The New York Times* het die vervaardiging van 'n volmaakte miniatuurknipmessie uit twee Britse sjielingmuntstukke beskryf:

The coins have been cut into strips which when trimmed and the edges smoothed, have made the sides of the handle, the spring and the blade, while the odd pieces have been used for rivets. Some dozen of these have found their way onto the market, with engraved on the handle – on one side ‘Bermuda, 1902’ and on the other the inevitable letters in which they seem to glory, ‘P.O.W.’. Some have the name of the maker also carved on them, and with all this there is enough of the surface of the coin left so there is no mistaking that the material is from the original shilling. They are works of real art, and are eagerly snapped up by tourists at three or four shillings a piece.<sup>43</sup>

<sup>41</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, “Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep”, konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

<sup>42</sup> J.A. Bester, *Bester dagboekie: Herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog en die ballingskap op Darrel's Eiland* (red. M.E. Wessels.), pp. 5-6.

<sup>43</sup> Anonymous, Work of prisoners of war, *The New York Times*, 25 January 1903, s.p.



**Figuur VII-9:** 'n Miniatuurknipmesse gemaak uit 'n goue pond deur I.F. Ebersohn op Bermuda.  
Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03723/00001, miniatuurknipmes, s.a.

## Speletjies

Skaak was 'n gewilde tydverdryf onder die meer ontwikkelde burgers. In die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein is daar 'n pragtige voorbeeld van 'n skaakbord met 32 miniatuurwaterverfsketse van bekende landmerke en tonele op St. Helena. Op die houtraam verskyn die wapens van die ZAR en OVS in konsentriese sirkels, asook die bewoording 'Deadwood Camp, St. Helena, 1901', 'Aan: Mr. K. Zwaardemaker' en 'Van: J.M. Mante, Krygsgevangene' daarop uitgekerf. Die skaakbord het 'n glasblad en word geberg in 'n houtboks wat met velt uitgevoer is.<sup>44</sup> Volgens 'n brief wat die skaakbord vergesel het, is die skaakbord een van twee wat J.M. Mante aan die Nederlandse filantroop, K. Zwaardemaker van Bassum in Holland, as 'n teken van erkentlikheid gestuur het.<sup>45</sup> In die brief skryf Mante verder: "Het is geen kunstwerk want dit werk is niet mijn vak en ik heb mij met gereedschap, werkplaats en alles moeten behelpen. Het is gemaakt van cederhout gegroeit nabij keizer Napoleon's huis. Het glas is slecht doch hier nist [*sic*] niet [*sic*] beter verkrijgbaar."<sup>46</sup>

Albei die navorsers, F.R. Bradlow en R. Greenwall, maak die afleiding dat die skaakbord in sy totaliteit deur Mante vervaardig en geskilder is.<sup>47</sup> Daar bestaan egter soortgelyke skaakborde in die besit van die Totiushuis in Potchefstroom, Museum Africa in Johannesburg asook in die Van Dyk ABO Trust-privaatversameling. Die skaakbord by die Van Dyk ABO Trust het aan

<sup>44</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06334/00001, skaakbord, 1901.

<sup>45</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06334/00002: J.M. Mante – K. Zwaardemaker, 5 Januarie 1902.

<sup>46</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06334/00002: J.M. Mante – K. Zwaardemaker, 5 Januarie 1902.

<sup>47</sup> F.R. Bradlow, Some artefacts and curios made by Boer prisoners-of-war (Part one), *Quarterly Bulletin of the South African Library* 36(3), March 1982, pp. 93-96; R. Greenwall, *Artists and illustrators of the Anglo-Boer War*, pp. 46, 152, 165.

B.G. Versélewel De Witt Hamer behoort, en aan die agterkant van die bord word die kunstenaar van die waterverfsketse as D. Jansen aangedui.<sup>48</sup> R. Greenwall beweer dat Jansen onder die toesig van Mante gewerk het.<sup>49</sup> Tog bestaan die moontlikheid dat dit eerder 'n gesamentlike poging was en dat die miniatuurwaterverfsketse deur Jansen geskilder is en die houtwerk van die raam deur Mante gemaak is. Die sketse op die onderskeie skaakborde is feitlik identies met klein verskille hier en daar, maar nie een van die ander skaakborde wat bestaan, het 'n pragtige gekerfde houtraam soos Mante s'n nie. Indien die inhoud van die brief ook geherinterpreteer word, kan aangeneem word dat Mante eerder na die vervaardiging van die raam verwys het as na die sketse op die skaakbord.



**Figuur VII-10: Hierdie skaakbord met houtraam en miniatuurwaterverfsketse van tonele en besienswaardighede op St. Helena het J.M. Mante aan K. Zwaardemaker in Holland gestuur.**

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06334/00001, skaakbord, 1901.

Buiten skaak, het die krygsgevangenes ook ander speletjies gespeel soos die kaartspele brug en 'whist' wat ure se vermaak verskaf het.<sup>50</sup> Wanneer speelkaarte nie beskikbaar was of van buite die kampe bekom kon word nie, is innoverende plaasvervangers self gemaak. Soos die pakkie geïllustreerde speelkaarte in Museum Africa se versameling met die voorletters D.D. daarop aangebring wat waarskynlik deur Ernest (Douwes) Dekker in die Ragama-kamp op Ceylon geteken is.<sup>51</sup> Verskeie ander speletjies is ook deur die krygsgevangenes geprakseer,

<sup>48</sup> F.R. Bradlow, Some artefacts and curios made by Boer prisoners-of-war (Part two), *Quarterly Bulletin of the South African Library* 36(4), June 1982, pp. 134-140; Van Dyk ABO Trust-privaatversameling, Bloemfontein: Geen nommer, skaakbord, 1900-1902.

<sup>49</sup> R. Greenwall, *Artists and illustrators of the Anglo-Boer War*, p. 152.

<sup>50</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, D.Phil.-proefskrif, U.S., 1992, p. 12.


<sup>51</sup> R. Greenwall, *Artists and illustrators of the Anglo-Boer War*, p. 48; Museum Africa, Johannesburg: MA1965/5234, speelkaarte, s.a.



soos 'n legkaartspeletjie van hout wat bestaan het uit verskillende stukkies hout wat uitgesny is om presies inmekaar te pas sodat dit 'n tipe Rubik-kubus gevorm het.<sup>52</sup>

## Speelgoed en miniatuurmodelle

'n Verskeidenheid speelgoed en miniatuurmodelle soos waentjies met osse, kapkarre met perde, kanonne en ammunisiewaens, bewegende bobbejaantjies, slangdosies en pophuismeubels is deur die Boerekrygsgevangenes gemaak. Speelgoed is veral deur krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe vir hul kinders gemaak.<sup>53</sup> So skryf F.J. Badenhorst op 20 May 1901 vanuit Bellevue in Simonstad: "There are hundreds of toys sent out of the camp to be sold in Cape Town and elsewhere ... I am keeping for each of the children a snakebox and other things."<sup>54</sup> Selfs aan boord skip het die krygsgevangenes aanvanklik hulle tyd spandeer om speelgoed te vervaardig soos in die *The Sphere* van 6 April 1901 getiteld 'How the Boer prisoners kill time. Making toys on board ship' geïllustreer is.<sup>55</sup>



**Figuur VII-11:** Boerekrygsgevangenes met waentjies wat hulle in die Bellevue-kamp te Simonstad gemaak het.

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03223.

<sup>52</sup> P. Oosthuizen, *Boer War memorabilia: The collectors' guide*, pp. 88-89; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG4800, speletjie, s.a.

<sup>53</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", M.A.-verhandeling, U.P., 2000, p. 55.

<sup>54</sup> E. Hobhouse, *Tant' Alie of Transvaal: Her diary 1880-1902*, p. 221.

<sup>55</sup> Anonymous, How the Boer prisoners kill time: Making toys on board ship, *The Sphere*, 6 April 1901, p. 9.

Die vervaardiging van speelgoed is egter in die oorsese kampe voortgesit. Volgens C.R. Kotzé het sommige krygsgevangenes op St. Helena 'n model van 'n waghuis met 'n gewapende soldaat gemaak.<sup>56</sup> In die Diyatalawa-kamp op Ceylon is daar bewegende modelle geproduseer wat soos volg deur kommandant Muller beskryf is: “'n Klompie Engelse soldate staan op 'n plank, een met 'n graaf, die ander met 'n pik en elk van die res met 'n stuk gereedskap. By hulle staan 'n ou Boer met 'n sambok in die hand. Dan word daar 'n slinger gedraai en die hele groep kom in beweging onder die houe van die sambok!”<sup>57</sup> C.F.L. Hutten onthou weer dat 'n medekrygsgevangene op Ceylon, wat voorheen 'n wamaker op Kingwilliamstown was, 'n langtentwa gemaak het. Die wa was 61 cm lank, kompleet met vellings, speke, nawe, hoepelbande en skamel wat alles apart gemaak en aanmekaar gesit is.<sup>58</sup> Selfs in Indië skryf dominee D.J. Viljoen hoe beïndruk hy was met die pragtig gemaakte preekstoel en complete wa met ses osse en trekgoed wat hy as geskenk ontvang het.<sup>59</sup>

In die *Pall Mall Magazine* van November 1901 word die speelgoed wat deur die krygsgevangenes op Bermuda gemaak is, deur een van die plaaslike inwoners beskryf: “Most of the toys are very rough and uncouth, but a few are beautifully made. Several of the men make models of coaches and waggons complete in every detail, even a coach-door that opens, and a whip in the coachman's hand; while the waggon is provided with a brake worked by a hand-made wooden screw.”<sup>60</sup> Selfs 'n miniatuurdorsmasjien met enjin is deur een van die krygsgevangenes gemaak, geskoei op 'n volskaalse model wat hy net voor die uitbreek van die oorlog aangekoop het.<sup>61</sup> In C.H. Benbow se artikel ‘Boer prisoners of war in Bermuda’ wat in 1962 in die *Bermuda Historical Society Occasional Publications* gepubliseer is, verskyn daar 'n foto van twee Kriel-broers met 'n miniatuurmodel van 'n dorsmasjien en enjin wat hulle vir £10 verkoop het.<sup>62</sup>

<sup>56</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 51.

<sup>57</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: Kommandant Muller – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>58</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

<sup>59</sup> D.J. Viljoen, Die kampbeskrywings van Ahmednagarfort deur ds. D.J. Viljoen, in A.W.G. Raath (red.), *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, p. 107.

<sup>60</sup> A resident, The Boer prisoners at Bermuda: Their life in a West Indian paradise, and what they think of the war, *Pall Mall Magazine: Review of Reviews* Vol XXVI, November 1901, p. 363.

<sup>61</sup> K.W. Elwes, The Boer prisoners in Bermuda, *Fortnightly Review* 426, June 1902, p. 995.

<sup>62</sup> C.H. Benbow, Boer prisoners of war in Bermuda, *Bermuda Historical Society Occasional Publications* 3, 1962, s.p.



**Figuur VII-12: Die Kriel-broers met die miniatuurmodel van 'n dorsmasjien en enjin wat hulle vir £10 verkoop het.**

Uit: C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, *Bermuda Historical Society Occasional Publications* 3, 1962, s.p.

Op 8 Julie 1901 het die offisiere van die Transvaalse Staatsartillerie en die Oranje-Vrystaatse Artilleriekorps in die Deadwood-kamp op St. Helena besluit om 'n oefenkorps te stig. Hulle het aanvanklik meestal net dril oefeninge gedoen, maar namate belangstelling toegeneem het, is hulle selfs met houtgewere toegerus. Die offisiere het egter besluit dat hulle ook 'n kanon nodig gehad het om mee te oefen.<sup>63</sup> N.J. Jooste, A.W. Borchers en G.A. Lötter is toe afgevaardig om 'n volledige houtreplika van 'n kanon en 'n ammunisiewa te vervaardig.<sup>64</sup> Die kanon se loop was 'n stuk waterpyp en die wiele was ongeveer 46 cm hoog en het selfs ysterbande en ysterasse gehad.<sup>65</sup> Die eindproduk was blykbaar so realisties dat die kampowerhede onmiddellik die kanon laat verwyder het.<sup>66</sup>

Die krygsgevangene, I.J. Minnaar, skryf egter in 'n artikel in *Die Huisgenoot* van 4 Desember 1936 dat hy die kampkommandant gevra het of hy die kanon teen betaling aan die ander krygsgevangenes kon vertoon teen 'n toegangsprys van een pennie. Die kampkommandant het ingestem en Minnaar skryf dat hy in 'n betreklike kort tyd agt sjielings en sewe pennies op dié manier verdien het.<sup>67</sup> Dominee A.F. Louw skryf in een van sy briewe aan *De Kerkbode* van 22 November 1900 dat die kanon baie aandag getrek het tydens die uitstalling en dat dit na die Kaap gestuur sou word om daar by 'n uitstalling vertoon te word.<sup>68</sup> Tydens 'n uitstalling wat

<sup>63</sup> E. Wessels, *Tog speelden wij jolly!*, *Knapsak* 3(2), Julie 1991, pp. 19-20.

<sup>64</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 44.


<sup>65</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 22; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

<sup>66</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 44.

<sup>67</sup> I.J. Minnaar, *Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (II)*, *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936, p. 37.

<sup>68</sup> *De Kerkbode* 47, 22 November 1900, p. 726.

vanaf 10-12 Januarie 1902 in die ‘Groote Societeit’ te Enschede in Nederland gehou is, was een van die voorwerpe wat baie aandag getrek het, die model van ’n Long Tom-kanon.<sup>69</sup>



**Figuur VII-13: Jong ‘artilleriste’ beman die modelkanon en -ammunisiewa in die Deadwood-kamp op St. Helena.**

Foto: Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB11970.

Op St. Helena is ook ’n volledige model van ’n goudstampbattery met twaalf stampers vervaardig. Dié model is met behulp van ’n windaangedrewe draaibank en windmeule deur vier Skandinawiërs – J.N. Wiklund, J. Rank, J. Schultz en E.E. Lindberg – gemaak. Die werk aan die goudstampbattery het maande geduur om dit tot in die fynste detail te beplan en uit te voer.<sup>70</sup> Die goudstamper, gedryf deur ’n windmeulwiel, was ongeveer 1,8 m lank en 0,9 m hoog, in ’n volmaakte werkende toestand, met 20 stampers en selfs ’n stellasië waarop die koekepanne die gruis aangebring het.<sup>71</sup>

Dié unieke model het besondere aandag getrek by die industriële uitstalling wat op 10 November 1900 in die Kasteel in Jamestown aangebied is.<sup>72</sup> Volgens die kampkoerant *De Krijgsgevangene* van St. Helena wat op 16 November 1901 uitgegee is, sou die goudstampbattery na Nederland gestuur word om in verskillende stede saam met die modelkanon wat deur Borchers en Jooste gemaak is en wat reeds in Europa was, uitgestal te word.<sup>73</sup> Tydens

<sup>69</sup> *Haarlem's Dagblad*, 15 Januarie 1902, p. 2.

<sup>70</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, pp. 2-3; I.J. Minnaar, *Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene* (II), *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936, p. 37.

<sup>71</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

<sup>72</sup> Cd. 431 Colonial Reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 10; *St. Helena Guardian*, 8 November 1900, p. 3.

<sup>73</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, pp. 2-3.

die uitstalling wat op 10-12 Januarie 1902 in die ‘Groote Societeit’ te Enschede in Nederland gehou is, was die goudstampbattery blykbaar die hoofattraksie. ’n Gedeelte van die toegangsgeld is spesifiek uitgesonder om aan die vervaardigers van die goudstampbattery te besorg.<sup>74</sup> Lord Bathurst was baie ingenome met die battery en het dit later vir £50 by die makers gekoop.<sup>75</sup>



**Figuur VII-14:** Hierdie volledige model van ’n goudstampbattery is deur die krygsgevangenes J.N. Wikland, J. Rank, J. Shultz en E.E. Lindberg op St. Helena gemaak. Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06303.

Daar is ook ’n soortgelyke volledige model van ’n goudstampbattery in die Diyatalawa-kamp op Ceylon geprakseer. Die model was ongeveer 1,2 m in breedte en ongeveer 1,5 m in lengte en het met wietjies gewerk. Dit was ’n presiese houtmodel van ’n goudstampbattery soos dit nog in 1899 op die myne gebruik is voordat die oorlog uitbreek het. Die model is in werkende orde gebring deur ’n groot slinger en wiel te draai en dan het alles, van die koekepanne tot die mynhysers, tegelykertyd begin beweeg. Ses tot agt Europese gevangenes het vir ongeveer ses maande daaraan gewerk. Een van die krygsgevangenes wat by die maak van die model betrokke was, was D. van der Merwe, wat ook ’n kitaar as musiekinstrument gemaak het. Die model is later teen £40 aan ’n Britse offisier verkoop.<sup>76</sup>

<sup>74</sup> *Haarlem's Dagblad*, 15 Januarie 1902, p. 2.

<sup>75</sup> I.J. Minnaar, Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene (II), *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936, p. 37.

<sup>76</sup> *De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(13), 27 Februarie 1902, p. 4; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

## Musiekinstrumente

Op musikale gebied het krygsgevangenehandwerk – uit nood gebore – ’n praktiese doel gedien. Daar was verskeie kore en orkeste op St. Helena en musiekinstrumente is benodig vir die toneeloptredes wat deur die toneelagentskappe georganiseer is. Die krygsgevangenes het aanvanklik ’n poging aangewend om self viole en kitare te maak. Wat die fatsoen en vorm betref, het die krygsgevangenes daarin geslaag om voorbeelde so na aan die ware Jakob as moontlik te vervaardig, maar omdat hulle nie oor die korrekte hout en snare beskik het nie, wou die snaarinstrumente nie die regte klanke voortbring nie.<sup>77</sup>



**Figuur VII-15: Hierdie viool met die Transvaalse wapen daarop gegraveer, is deur J.J. Corneelsen op St. Helena gemaak.**

Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00516/00001, viool, s.a.

Abram F. Strauss het saam met Esaias Meyer in die Diyatalawa-kamp op Ceylon ’n afnemerbesigheid begin met ’n kamera wat hulle self uit ebbehout gebou het. Slegs die lens het hulle gekoop.<sup>78</sup> ‘Strauss & Cie.’ se besigheid is vanuit hut 40 bedryf waar hulle alle soorte fotografiewerk asook vergroting van portrette met ’n glas en raam daarby onderneem het.<sup>79</sup> Strauss was oorspronklik ’n orrelbouer van beroep en het met die hulp van Meyer gedurende hul krygsgevangenskap ook met baie moeite en geduld daarin geslaag om ’n draaiorrel op grond van ’n nuwe beginsel te vervaardig.<sup>80</sup> Hulle het self die materiaal bekom en aangepas om die orrel mee te bou. Onder andere is beskuitblikke gebruik en is die orrelpype uit die hout van sigarekissies gemaak. Dit is in verskillende groottes gevorm om afwisselende toonhoogtes te weergee. Slegs die leer vir die blaasbalk moes van buite die kamp vanaf Colombo verkry word.<sup>81</sup> Die orrel kon blykbaar net twee wysies speel, waarvan die een ‘Jesus, lover of my soul’

<sup>77</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 107.

<sup>78</sup> I.A. Meyer, *Die ervarings van ’n veldkornet in die Engelse oorlog, 1899-1902*, p. 26.

<sup>79</sup> *De Strever* 1(4), 11 Januarie 1902, p. 18.

<sup>80</sup> J.N. Brink, *Recollections of a Boer prisoner-of-war at Ceylon*, pp. 127-128.

<sup>81</sup> A.W. Andréé, *Illustrations of life in the Boer camp*, s.p.; An officer, *Life with the Boers in Ceylon, The Leisure Hour* (51), August 1901, p. 808; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

was.<sup>82</sup> Aangesien Strauss die orrel teen 'n baie hoë bedrag te koop aangebied het, het hy nie vinnig 'n koper gekry nie.<sup>83</sup>

Soms het swart humor ook te voorskyn gekom in die kreatiewe uitbeelding van die mans se krygsgevangenskap.<sup>84</sup> 'n Beuel is in die krygsgevangenekampe op Bermuda deur die Britse kampowerhede gebruik om soggens die *Reveille* en saans die *Last Post* te speel, asook om die krygsgevangenes bymekaar te roep wanneer *Roll Call*, oftewel appèl, aangeteken is.<sup>85</sup> Een van die unieke voorwerpe wat op Bermuda vervaardig is en baie aandag getrek het, was 'n beuel van sederhout wat onder andere gebruik is om die appèl-sein na te boots.<sup>86</sup> Volgens 'n oud-krygsgevangene was die houtbeuels volmaakte namaaksels. Die staaltjie is oorvertel dat 'n Transvaalse Staatsartilleris een aand op 'n ontydige uur op 'n houtbeuel geblaas het om 'ligte-uit' aan te kondig. Dit het natuurlik, tot die ergernis van die militêre owerhede, groot konsternasie veroorsaak.<sup>87</sup> Alhoewel dié handgemaakte musiekinstrument 'n mate van ligte vermaak aan die krygsgevangenes verskaf het, weerspieël dit tog ook die krygsgevangenes se aversie en onderdrukte opstandigheid teen die Britse militêre oorheersing en inperking van hul persoonlike vryheid.

## **Sporttrofees en -toerusting**

Op sportgebied het krygsgevangenekuns onder andere gedien as sporttrofees en -medaljes, asook vir pryse wat aan die wenners en deelnemers oorhandig is. Handwerk is ook aan uitblinkers in vasvrakompetisies uitgelooft. In *The Skyview Parrot* van 18 September 1901 is twee pakke *Three Castle*-sigarette en 'n egte 'Boere curio' in die vorm van 'n borsspel, as eerste prys aangebied vir die persoon wat meer as die helfte van die raaisels op die bladsy kon oplos. In *The Skyview Parrot* van 9 Oktober 1901 sou twee persone pryse ontvang vir die beste anekdotes in Hollands of Engels. Die eerste prys was 'n soliede silwerring gemaak van 'n tweesjielingstuk en die tweede prys 'n sigaretdosie met die sensorstempel daarop.<sup>88</sup>

---

<sup>82</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: Kommandant Muller – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>83</sup> An officer, *Life with the Boers in Ceylon*, *The Leisure Hour* (51), August 1901, p. 808.

<sup>84</sup> G. Carr and H. Mytum (eds.), *Cultural heritage and prisoners of war: Creativity behind barbed wire*, p. 10.

<sup>85</sup> J.C. Pretorius en O.J.O. Ferreira, 'n Dag in die lewe van 'n Boerekrygsgevangene op die Bermuda Eilande tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beskryf deur H.G. Thiel, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(1), Mei 1996, pp. 99, 110, 113.

<sup>86</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 49.

<sup>87</sup> Oud-krygsgevangene, *Op Bermuda: Lewenswyse van die krygsgevangenes*, *Die Huisgenoot*, 13 Desember 1935, p. 35.

<sup>88</sup> *The Skyview Parrot* 1(1), 18 September 1901, p. 4; *The Skyview Parrot* 1(4), 9 Oktober 1901, p. 4.

Na afloop van 'n sportbyeenkoms wat op 10 en 11 Oktober 1901 in die Deadwood-kamp gehou is, het kaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer 'n aantal pryse aan die weners oorhandig. Dit het die volgende ingesluit:

13 silwer-medaljes; ses koper-wapens; vyf servet-ringe; vyf eierstaanders; vier tabakdose; twee portrette; twee papiersnyers; twee inkstaanders; twee portretrame; twee B.-klokke; en verder [n] skeerbak en borsel; stelsografiese pen; St. Helena-souveniers; Cassa-dosie met wapen; jam-lepel; sardienvurk; wandelstok; krieketbal en poeierdoos.<sup>89</sup>

E.C. Pienaar het twee van die medaljes tydens die byeenkoms verower vir die eerste plekke wat hy in die langafstande behaal het. Volgens 'n artikel in *Die Huisgenoot* van 5 April 1946 is die silwermedaljes uit gladgeskaafde tweesjielingstukke vervaardig. Op die voorkant van die een medalje is die Transvaalse wapen met die bewoording 'Republikeinsche Sport Vereeniging – St. Helena – 1900' en op die agterkant 'Souvenir – Krijgsgevangenen Sports – Oct.10, 1901 – Ed. Pienaar – 1ste Prijs – 1 mijl' gegraveer.<sup>90</sup>

Op Ceylon het daar sokker-, rugby- en krieketwedstryde in die Diyatalawa-kamp tussen die Boerekrygsgevangenes en Britse soldate plaasgevind. So is daar byvoorbeeld 'n papiermes van been met die inskripsie in goue letterwerk – 'To Tommy K, from G.P. Koetsze' en op die keersy 'A Souvenir of the Boer-Colts Cricket Match' – na afloop van een van die toernooie, aan Tommy Kelaart van die Colombo Colts-krieketspan oorhandig.<sup>91</sup> Sporttrofees in die vorm van bekere is ook aan die wenspanne oorhandig. In die versameling van Museum Africa in Johannesburg is daar 'n beker van eebhout met 'n gekombineerde wapen van die ZAR en die OVS en die oorwinnende span se naam, *Independence*, asook die datum 3 September 1901, daarop uitgekerf.<sup>92</sup> Nog 'n beker kom voor in die versameling van die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria wat in 1901 deur M. van der Merwe uit 'n swaar inheemse houtsoort vervaardig is met die vlase van die twee Boererepublieke in volkleur daarop geveer. Die name van die spelers wat daarop verskyn, is: A. Donaldson, W. Rothwell, E. Swart,

---

<sup>89</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 85.

<sup>90</sup> D.J. du Toit, Mededelings van 'n gewese Boerekrygsgevangene: Sport en sportmanne op St. Helena (II), *Die Huisgenoot*, 5 April 1946, pp. 19, 21; Die "1900" aan die voorkant van die medalje dui waarskynlik op die jaartal waarin die "Republikeinse Sport Vereeniging" gestig is.

<sup>91</sup> R.L. Brohier, The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902), *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(2), October 1946, p. 43.

<sup>92</sup> E. Itzken, Handcraft by Boer prisoners of war, in G. Verhoef (ed.), *The Anglo-Boer War: Commemorative lectures at the Rand Afrikaans University, 1999*, p. 132; Museum Africa, Johannesburg: MA6498, beker, 1901; Die ovaalvormige bal wat op die beker uitgekerf is dui daarop dat dit moontlik met 'n rugbywedstryd aan die wenspan toegeken is.



A. van Dijke, M. du Plooy, P. Smidt, D. van Reyneveld, J. Cronjé, S. Naudé, P. Molinzie en J. van Jaarsveld, asook die reserwes S. Churchill en J. Prinsloo en die skeidsregter A. Mandy.<sup>93</sup>



**Figuur VII-16: Die agterkant en voorkant van die houtbeker wat op 3 September 1901 as 'n sporttrofee aan die Independence-span toegeken is.**  
Uit: Museum Africa, Pretoria: MA6498, beker, 1901.

Verskeie soorte sporttoerusting is ook deur die krygsgevangenes vervaardig. Op St. Helena is 'n paar Indiese klubs (apparaat waarmee liggaamsoefeninge beoefen is), in die vorm van houtkegels met 'n sakmes uitgekerf. Dit is so kunstig gedoen dat dit gelyk het of dit met 'n draaibank gemaak is.<sup>94</sup> In die Waldmeister-privaatversameling is daar 'n unieke voorbeeld van 'n stel handgemaakte springtoue wat aan die bokser James Martin (Jim) Holloway tydens sy krygsgevangenskap op Ceylon behoort het.<sup>95</sup> Volgens J.S. van der Watt was een van die interessantste voorwerpe wat in Indië gemaak is, 'n kruisboog wat aan die plaaslike bevolking te koop aangebied is.<sup>96</sup> M. Hollebrands het selfs probeer om 'n skermvereniging op Bermuda te stig. Skermsabels is uit die hout van leë Portland-sementvaatjies vervaardig. Die duie is vogtig gemaak en dan vir 'n paar dae onder swaar klippe geplaas om reguit te trek, waarna die hout omskep is in die vorm van 'n sabel. Dit het egter nie die goedkeuring van majoor L.E. Morrice weggedra nie en die verskriklike 'moorddadige' wapens is gekonfiskeer.<sup>97</sup>

<sup>93</sup> Anoniem, Ceylon-beker geskenk, *Museum Memo* 12(2), Oktober 1984, p. 4; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG21672, beker, 1901; Die ronde vorm van die bal wat op die beker gevef is dui daarop dat dit moontlik met 'n sokkerwedstryd aan die wenspan toegeken is.

<sup>94</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: H. Sausenthaler – K. Roodt-Coetzee, 30 Julie 1940.

<sup>95</sup> Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, springtoue, s.a.

<sup>96</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 368, 370.

<sup>97</sup> Vereniging van Onderwyzers en Onderwyzerses in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A), *Gedenkboek*, p. 167.

## Medaljes / Gedenkpenninge

Op St. Helena is daar gedenkpenninge, oftewel medaljes, deur C. Nicolet en J.L. le Franc vervaardig (sien hoofstuk V, 1. St. Helena). Die ronde medaljes van 4,5 cm in deursnee bestaan uit karton wat met brons of witmetaal oorgetrek is. Op die voorsy van die medaljes is daar 'n ruitvorm met geronde punte. Aan die bokant is die ZAR-staatswapen en die leuse 'Eendragt maakt magt'. Links en regs in die middel is daar twee allegoriese vrouefigure, elkeen met 'n dier, wat vermoedelik 'oorlog' en 'vrede' versinnebeeld. Aan die onderkant is 'n kantprofiel van president Kruger, en die Franse inskripsie daarom lees soos volg: 'Liberté/Prosperité/Vaillance/Persévérance' wat in Afrikaans beteken vryheid, voorspoed, dapperheid en volharding. Op die keersy verskyn Fort High Knoll op 'n hoë rots met die see in die voorgrond en die opkomende son in die agtergrond met die inskripsie bo-om: 'Ter gedachtenis aan de Boeren krygsgevangenen' en onder-om: 'St. Helena 1900'.<sup>98</sup> Daar is na bewering net twintig van dié medaljes gemaak. Volgens 'n Kaapse parlamentslid is die res van die medaljes opgekoop en vernietig. Die stelling is heel onwaarskynlik aangesien daar tans meer van die medaljes verkrygbaar is,<sup>99</sup> alhoewel dit ook moontlik is dat daar vervalsings in omloop is.



**Figuur VII-17: Die voor- en keersy van die brons St. Helena-medalje.**

Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: Kr 997, medalje, 1900.

Op Ceylon is daar in die Ragama-kamp ook in 1901 medaljes deur C.F. Keyzer vervaardig (sien hoofstuk V, 2. Ceylon). Die ronde bronsmedaljes met 'n deursnee van 3 cm, het op die voorsy 'n uitbeelding van 'n palmboom en 'n persoon wat aan die boom vasgeketting is, met die randskrif 'Britse beschaving 1901'. Op die keersy verskyn die bewoording 'Ragama camp herinnering' en in die middel 'Scum of the scum'. Die beeld van 'n krygsgevangene

<sup>98</sup> A.H. Smith, *Commemorative medals of the Z.A.R.*, p. 136; M. Esterhuysen, *Gedenkpenninge ter ere van president S.J.P. Kruger*, p. 33.

<sup>99</sup> A.H. Smith, *Commemorative medals of the Z.A.R.*, p. 136; B. Hern, *Hern's handbook on the medallions of the Zuid-Afrikaansche Republiek and the Anglo-Boer War*, p. 75.

vasgeketting aan die boom en die bewoording Britse beskawing, is 'n direkte aanslag op Britse onderdrukking. Die medaljes staan ook bekend as die 'Scum of the scum'-medaljes, vermoedelik as gevolg van 'n verwysing wat in die koerant *The Times of Ceylon* verskyn het, asook J. Weinberg wat in een van sy briewe oor die buitelanders op Ragama geskryf het: "The Germans, Hollanders, Irish Americans are, with a few exceptions, a most disreputable lot. They are without exaggeration the scum of the scum."<sup>100</sup>



**Figuur VII-18:** Die sogenaamde 'Scum of the scum'-medalje het behoort aan die Ceylonse krygsgevangene H.H. Smorenborg wat dit gedra het nes 'n regte dekorasie met lint en al. Uit: Stephan Welz and Co. Fine Art and Design Auctioneers, *Fine art and collectables*, Midrand 19-21 November 2012, p. 14.

'n Soortgelyke medalje is gemaak net nadat die Anglo-Boereoorlog beëindig is. In Julie 1902 is 76 Nederlanders (65 van die Ragama-kamp) aan boord die *S.S. Selak* via Oos-Indië na Rotterdam gerepatrieer waar hulle by Padang aangedoen het om oor te klim op 'n Nederlandse skip, die *Gede*. Die rooikopermedalje waarvan die maker onbekend is, is 3,5 cm in diameter. Op die voorsy is daar 'n uitbeelding van die Ragama-kamp asook die randskrif 'Ceylon, Padang, S.S. Salak, Rotterdam'. Op die keersy staan daar 'Rott/Lloyd mij Nederland 28 Jul 1902' en in die middel 'Redders in den nood'.<sup>101</sup>

## Meublement

Weens die tekort aan beskikbare materiaal om groter krygsgevangenehandwerkstukke te vervaardig, word daar slegs enkele voorbeelde in museum- en privaatversamelings aangetref.

<sup>100</sup> Stephan Welz and Co. Fine Art and Design Auctioneers, *Fine art and collectables*, Midrand 19-21 November 2012, p. 14; H.G. du Grocq, Twee merkwaardige Boeren-penningen, *Tijdschrift van het Koninklijk Nederlandsch Genootschap voor Munt- en Penningkunde* 11, 1903, pp. 82-83.

<sup>101</sup> Stephan Welz and Co. Fine Art and Design Auctioneers, *Fine art and collectables*, Midrand 19-21 November 2012, p. 14.

By die ambagskool in die Broadbottom-kamp op St. Helena het die jong seuns geleer hoe om hutte te bou en stoeltjies uit vatduie te vervaardig. Die stoeltjies is op bestelling in Kaapstad teen 7s. 6d. per stoel verkoop.<sup>102</sup> Van die krygsgevangenes is ook deur tydgenootlike dekoratiewe style soos die Art Nouveau-kunsstyl beïnvloed. P. Oosthuizen maak die opmerking: “Many of the camp items show the amount of talent the prisoners had ... Some are pure art nouveau.”<sup>103</sup> Op St. Helena is elegante tafeltjies vervaardig wat sterk ooreenkomste toon met die Art Nouveau-styl se vloeiende, slanke lyne en rondings, met natuurlike elemente soos groterige blompatrone. In die Museum van Saint Helena word voorbeelde van dié tafeltjies aangetref, asook foto’s in die artikel ‘Bedevaart na St. Helena’ deur Margaret Webb wat in die *Lantern* van Februarie 1986 verskyn het.<sup>104</sup>



**Figuur VII-19:** Hierdie elegante tafeltjie geskoei op die heersende Art Nouveau-styl is deur krygsgevangenes op St. Helena vervaardig.  
Uit: Museum van Saint Helena, St. Helena: Geen aanwinstnommer, tafeltjie, s.a.

Benewens die pragtige ebbehoutkabinet wat deur H. Rill en F. Brall op Ceylon gemaak is (sien hoofstuk V, 2. Ceylon) is daar ook kenmerkende hortjiestoele in die Hambantota-kamp deur I.A. Meyer vervaardig. ’n Voorbeeld van dié handgemaakte stoele word in die versameling van die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria aangetref.<sup>105</sup>

<sup>102</sup> J. Louw, *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse*, p. 81; *De Kerkbode* 40, 10 Oktober 1901, p. 560.

<sup>103</sup> W. Steenkamp, *Memorabilia bring Boer War to life*, *Unknown Newspaper*, 9 May 1987, s.p.

<sup>104</sup> Museum van Saint Helena, St. Helena: Geen aanwinstnommer, tafeltjie, s.a.; M. Webb, *Bedevaart na St. Helena*, *Lantern* 35(1), Februarie 1986, p. 15.

<sup>105</sup> M. Webb, *Bedevaart na Ceylon*, *Lantern* 36(3), Augustus 1987, p. 14; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG14335, stoel, 1901.



**Figuur VII-20: Links poseer twee krygsgevangenes aan weerskante van 'n opvoubare dekstoel met houthortjies, soortgelyk aan die hortjiestoel aan die regterkant wat deur I.A. Meyer in Hambantota vervaardig is.**

Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HKF14314; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG14335, stoel, 1901.

Weens die houttekort in Indië is tafels uit klip vervaardig. Die krygsgevangene, P.A. van Jaarsveld, skryf dat daar 'n mooi kliptafel gemaak is met 'n Transvaalse en Vrystaatse wapen daarop uitgekerf, terwyl al die lysies en letters met goue verf ingevul is. Die tafel is vir 25 roepees aan een van die offisiere verkoop.<sup>106</sup> J.S. van der Watt onthou weer dat 'n medekrygsgevangene, ene Venter, 11 roepees vir 'n pragtige ronde kliptafel ontvang het.<sup>107</sup> In die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke is daar 'n ronde grys leikliptafel wat aan J.C. Marais behoort het wat in die Ahmednagar-kamp was.<sup>108</sup>

Omdat daar nie groot stukke sederhout op Bermuda beskikbaar was nie, is die stoel wat in die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke aangetref is, uitsonderlik uniek. Sowel die stoel se rugleuning as sitplek is van bamboes en die armleunings uit boomtakke vervaardig. Die inskripsie aan die voorkant lees: 'Made by A.A. Smit, Bermuda, P.O.W., 1904'.<sup>109</sup>

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n breë oorsig te gee van die tipes voorwerpe wat deur Boerekrygsgevangenes vervaardig is. Dit is onmoontlik om elke tipe voorwerpe te lys, maar dit is wel duidelik dat 'n groot verskeidenheid van voorwerpe vervaardig is, onder andere pype

<sup>106</sup> P.A. van Jaarsveld, *My ballingskap na Indië Anglo-Boereoorlog*, p. 15.

<sup>107</sup> J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krygsgevangenen op Ceylon [Indië]*, p. 94.

<sup>108</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06999/00003, tafel, s.a.

<sup>109</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00499/00001, stoel, 1904.

en rooktoebehore, papiermesse, penhouers en ander skryfgereedskap, dasse, breiblokkies en naaldwerktoebehore, 'n variteit van kissies, portretrame, juweliersware, speletjies, speelgoed en miniatuurmodelle, musiekinstrumente, sporttrofees en sporttoerusting, medaljes en meublement. Dit is wel belangrik om daarop te let dat krygsgevangenehandwerk veral nuttige en funksionele gebruiksartikels was in plaas van bloot nuttelose snuisterye. 'n Groot aantal krygsgevangenehandwerk suggereer ook 'n vroulike ondertoon wat verband hou met die maak van vroulike items soos hekelnaalde, servetringe, juwelekissies en borsspelde. Die aantal krygsgevangenehandwerk wat vir kinders gemaak is, soos bewegende speelgoedbobbejaantjies en miniatuurmodelle van ossewaens en kapkarre sowel as popspeelgoed, is ook opmerklik.

## HOOFSTUK VIII

# TENTOONSTELLING, VERSPREIDING EN VERKOPE VAN BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS

---

Boerekrygsgevangenekuns is op groot skaal vervaardig en doelbewuste pogings is aangewend om daarmee handel te dryf. In hierdie hoofstuk word eerstens gekyk na met wie daar handel gedryf is en daarna na die verskillende afsetgebiede.

### Handel met Boerekrygsgevangenekuns

#### 1. Handel met Britse offisiere en soldate

Daar is reeds tevore daarop gewys dat daar 'n aktiewe mark vir die verkoop van Boerekrygsgevangenehandwerk aan Britse soldate en offisiere was. Die Britse soldate het bekendheid verwerf as versamelaars of sogenaamde 'kurio-jagters' wat aandenkings van die Boere bymekaar gemaak het. Dominee J.R. Albertyn noem die voorbeeld waar generaal Cronjé se tand aan boord van 'n skip op pad na St. Helena getrek is en daar 'n struweling tussen dokter Price en die Britse soldate ontstaan het oor wie dié aardige aandenking sou besit. Die krygsgevangenes is ook gereeld oorval met versoeke om Transvaalse Kruger-muntstukke teen hul volle waarde oor te koop.<sup>1</sup>

C.R. Kotzé skryf dat die krygsgevangenes op St. Helena al hoe meer krygsgevangenekuns begin vervaardig het wat hulle dan aan die eilandbewoners en veral die Britse offisiere verkoop het. Die soldate wou graag van die kuriositeite aan hulle vriende en familie stuur wat al so baie van 'The Boers' in die koerante gelees het.<sup>2</sup> Op Bermuda was daar ook 'n aanvraag na aandenkings van die Boerekrygsgevangenes onder die Britse offisiere en soldate.<sup>3</sup> Krygsgevangenehandwerk afkomstig vanaf Diyatalawa in Ceylon was uiters gesog soos wat die volgende berig in die *Evening Post* van 28 September 1901 aangedui het: "Collectors of war curios might do worse than obtain some specimens of the work of these prisoners of the Boer camp on the hills above Colombo."<sup>4</sup>

---

<sup>1</sup> *De Kerkbode* 19, 10 Mei 1900, p. 288.

<sup>2</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 50.

<sup>3</sup> Vereniging van Onderwyzers en Onderwyzersessen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A), *Gedenkboek*, p. 171.

<sup>4</sup> Anonymous, The Boer prisoners in Ceylon, *Evening Post* LXII(78), 28 September 1901, p. 3.



**Figuur VIII-1:** 'n Waterverfskets deur Erich Mayer in 1901 op St. Helena van 'n Britse soldaat wat as potensiële koper besig is om 'n handgemaakte klerie te inspekteer.  
Uit: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG7014/645, skets deur E. Mayer, 1901.

Die praktyk van Britse offisiere op St. Helena om krygsgevangenekuns as aandenkings aan te koop en dit dan terug te stuur na familie en vriende in Engeland, het die ideale geleentheid geskep vir kommandant A. Smorenburg om te probeer ontsnap. Smorenburg was 'n opgeleide skryner en het met behulp van sy neef, J. Smorenburg, 'n houër gebou wat groot genoeg was vir hom om in te pas met panele wat van die binnekant kon oopmaak. Die krat het ook genoeg proviand en water vir ongeveer twintig dae bevat. Die geleentheid het homself uiteindelik voorgedoen toe 'n Britse offisier, kaptein Marling, van die 'Buffs' 'n krat vol krygsgevangenehandwerk met die *R.M.S. Goth* op 22 Desember 1901 na sy woning in Gloucester versend het. Die adres, asook die volgende instruksies, is op die krat aangebring: 'Prisoner of War Souvenirs. Glass. This side up. With care'. Die krat het egter nie die nodige sensorstempel opgehad nie. Tegelykertyd is die oorspronklike houër met die bestemde voorraad curiositeite ook vervaardig, geadresseer en versend. Smorenburg het gedeeltelik in sy ontsnapping geslaag, maar is 'n paar dae daarna op die skip ontdek en in hegtenis geneem.<sup>5</sup>

Krygsgevangenehandwerk is ook oor en weer geruil vir ander benodighede. Op dié manier het 'n jong H.J. Bantjes op St. Helena bevriend geraak met een van die Britse soldate en gereeld vir hom krygsgevangenehandwerk as geskenke gegee. In ruil daarvoor het hy lampolie

<sup>5</sup> J.C.G. Kupferman, The life of a Boer commandant, Andries Smorenburg, *Christiaan de Wet Annale* 6, October 1984, pp. 111-114; R.F.K., The Boer box: The story of a remarkable escape, *Africana Notes and News* 7(4), September 1950, pp. 113.



ontvang. Terwyl die soldaat op diens was, moes die seun die lampolie self by die lampe wat om die kamp aangebring is, gaan haal. Tydens een van die waaghalsige pogings was daar 'n onverwagse verandering van wagte en is Bantjes doodgeskiet terwyl hy deur die drade probeer kruip het.<sup>6</sup>

## 2. Handel met plaaslike inwoners

Krygsgevangenehandwerk is ook aan plaaslike inwoners en die inheemse bevolking van die onderskeie lande van aanhouding van die hand gesit. Die winsgewendheid van die plaaslike markte het van kamp tot kamp verskil. J.H.L. Schumann skryf dat die krygsgevangenes op St. Helena tydens hul parool 'n kleinhandelooreenkoms met die eilandbewoners aangeknoop het waartydens hulle onder andere vrugte en groente vir Boerekrygsgevangenekuns geruil het. Hy maak ook melding daarvan dat die aanvanklike winsgewendheid later gekwyn het en die verkope begin afneem het omdat die eiland baie klein was en die bevolking nie baie welvarend was nie.<sup>7</sup> S.M. de Villiers skryf weer dat die paroolgangers op Ceylon dikwels 'n bladsak met krygsgevangenekunsvoorwerpe saamgeneem het om aan die plaaslike inwoners van die eiland of reisigers op een of ander spoorwegstasie te verkwansel.<sup>8</sup> Die krygsgevangenes se pogings in Indië om krygsgevangenehandwerk aan die plaaslike inwoners te smous, was nie baie suksesvol nie. D.S. van Warmelo van die Ahmednagar-kamp het opgemerk dat materiaal asook kopers vir die krygsgevangenekuns ewe skaars was, omdat die plaaslike bevolking baie armoedig was.<sup>9</sup>

## 3. Handel met besoekers en toeriste

Krygsgevangenekuns was ook gesogte aandenkings wat aan besoekers en toeriste verkoop is. Die Britse offisiere en passasiers van skepe wat by St. Helena aangedoen het, was glo gretige kopers.<sup>10</sup> Schumann skryf dat baie van die inwoners in die tweede straat van Blikkiesdorp kieres vervaardig het wat dikwels deur besoekers teen 2s tot 7s 6d gekoop is.<sup>11</sup>

---

<sup>6</sup> I.J. Minnaar, Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (IV), *Die Huisgenoot*, 25 Desember 1936, p. 51.

<sup>7</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 24.

<sup>8</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01493/00001, p. 45: Herinneringe van S.M. de Villiers.

<sup>9</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwins: D.S. van Warmelo – H. Cloete, 24 Julie 1901.

<sup>10</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

<sup>11</sup> J.H.L. Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*, p. 21.

Selfs in die Diyatalawa krygsgevangenekamp op Ceylon was krygsgevangenekuns in aanvraag onder die besoekers en handelaars.<sup>12</sup> So het M.A.A. Galloway in *The Nineteenth Century and After* van February 1902 geskryf dat sy verskeie voorwerpe tydens haar besoek aan Diyatalawa as aandenkings aangekoop het. Sy het die aangeleentheid soos volg beskryf:

We went into some of these little stalls, as well as into those shops where they sell various articles carved and turned with a great deal of cleverness from scraps of wood and bone lying about in camp. There were name brooches carved out of meat bones, riding whips and paper-knives of horn, walking sticks and frames for photographs, and other such things which we bought as mementoes of our visit.<sup>13</sup>

Bermuda word in die meeste bronne uitgelig as die winsgewendste afsetgebied vir die verkope van krygsgevangenehandwerk aan toeriste in die hoofstad Hamilton, asook aan vriende in die VSA.<sup>14</sup> Dominee J.A. van Blerk onthou dat die krygsgevangenekuns aanvanklik die Britse militêre owerhede op Bermuda se aandag getrek het. Vandaar het dit na die hoofstad versprei waar dit deur die publiek opgemerk is en veral die belangstelling van die Amerikaanse toeriste gaande gehad het. Dit het nie lank geneem voordat daar 'n groot aanvraag na Boerekrygsgevangenekuns was nie en Amerikaners het blykbaar nie omgee om goeie pryse daarvoor te betaal nie.<sup>15</sup>

#### 4. Handel onder die krygsgevangenes

Die krygsgevangenes het veral ook onder mekaar handel gedryf en handwerk is oor en weer verkoop of geruil.<sup>16</sup> H. de Graaf van St. Helena skryf hoe bestellings vir kieres vanaf die Britte sowel as Boere ingestroom het.<sup>17</sup> C. Schabort, ook van St. Helena, het byvoorbeeld dasringe teen 2/- elk, 'n klein geveerde trommeltjie teen 5/2 en 'n kerie wat in die kamp gemaak en gepoleer is, vir 5/- bestel.<sup>18</sup> Krygsgevangenehandwerk het goed verkoop aangesien elkeen iets anders gemaak het.<sup>19</sup>

---

<sup>12</sup> O. van Oostrum, Herinneringe van Ceylon: Bedrywighede van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 3 Mei 1935, p. 29.

<sup>13</sup> M.A.A. Galloway, Boer prisoners in Ceylon, *The Nineteenth Century and After* 512(300), February 1902, p. 189.

<sup>14</sup> J.A. Hassel, *The Boer concentration camps of Bermuda*, p. 12.

<sup>15</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 49.

<sup>16</sup> H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)*, p. 31.

<sup>17</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 57.

<sup>18</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06675/00003, p. 40: Dagboek van Cornelis Schabort, St. Helena, 1900.

<sup>19</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: C.T. van Schalkwyk – K. Roodt-Coetzee, 24 Augustus 1940.

Tog is baie van die voorwerpe uit blote liefhebberij gemaak om as geskenke en aandenkings te dien en nie soseer as 'n bron van inkomste nie.<sup>20</sup> Rocco de Villiers het byvoorbeeld vir sy broer Jan 'n aantal kurios wat in Tin Town gemaak is, gekoop en na Pietermaritzburg gestuur om vir sy vriende te wys.<sup>21</sup> Krygsgevangenehandwerk is veral as gesogte geskenke aan mekaar, asook aan besoekers en weldoeners in dankbetuiging gegee.<sup>22</sup> A.S. Green skryf dat sy talle handgekerfde geskenke tydens haar besoek aan St. Helena in 1900 ontvang het, wat deur die armsalige krygsgevangenes vanaf die vervaardigers gekoop is.<sup>23</sup> Volgens 'n verslag deur kaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer het hy namens die krygsgevangenes van tyd tot tyd vir die komitees in Nederland penhouers, 'skelmdosies' en slangdosies, portrette, tekeninge en dergelike dinge uit erkentlikheid gestuur.<sup>24</sup>

Veral die predikante en onderwysers het krygsgevangenekuns as dankbetuiging ontvang. H. Scholtemeijer wat 'n onderwyser in Deadwood op St. Helena was, onthou dat hy presentjies van eiehandig gemaakte kuriositeite van sy leerlinge ontvang het.<sup>25</sup> M. Hollebrands het weer by Burt-eiland op Bermuda onderrig. Toe hy die eiland verlaat, het hy talle klein geskenkies soos penhouers, papiermesse, servetringe, slangskoentjies, snuifdosies, borsspelde, fotorame, 'n kiere, tabakhouer en selfs 'n militêre beuel ontvang.<sup>26</sup> O. van Oostrum wat in Diyatalawa klas gegee het, het by sy studente 'n ebbhoutinkstel in die vorm van 'n rusbank met die wapens van die Transvaal en Vrystaat daarop uitgekerf, as 'n geskenk ontvang. Deel van die stel was 'n gedraaide pen, 'n papiermes, 'n rolliniaal en 'n posseëldosie.<sup>27</sup>

---

<sup>20</sup> Oud-krygsgevangene, Op Bermuda: Lewenswyse van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 13 Desember 1935, p. 35.

<sup>21</sup> R. de Villiers, Dagboek van Rocco de Villiers, in M.C.E. van Schoor (red.), *Christiaan de Wet Annale* 3, 1975, p. 46.

<sup>22</sup> L.A. Changuion, "Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", M.A.-verhandeling, U.P., 2000, p. 56.

<sup>23</sup> A.S. Green, A visit to the Boer prisoners at St. Helena, *The Nineteenth Century and After* 48(286), December 1900, p. 980.

<sup>24</sup> H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 221.

<sup>25</sup> H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)*, p. 69.

<sup>26</sup> Vereniging van Onderwysers en Onderwyzeressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A), *Gedenkboek*, p. 172.

<sup>27</sup> O. van Oostrum, Herinneringe van Ceylon, *Die Huisgenoot*, 10 Mei 1935, p. 23.


## Afsetgebied in Suid-Afrika

### 1. Kaapstad en Simonstad, Kaapkolonie

Boerekrygsgevangenehandwerk wat in die Bellevue-kamp in Simonstad vervaardig is, is met 'n sertifikaat van outentisiteit deur A.P. Raphael in Kaapstad verkoop. Die bewoording van die sertifikaat lui soos volg:

True Copy. Boer Curios. Made by Boer Prisoners in the Belle Vue Camp, Simon's Town. This is to certify that the Articles exhibited and being sold by Mr. A.P. Raphael, of 3, Grave Street, Cape Town, have been made in the Boer Camp by the Prisoners. The Maker's name is written on each article and stamped by the Censor as guarantee that the article is genuine. E.L. Condes Lieutenant Colonel. A. Lange-Brink Censor. Belle Vue Camp, Simon's Town.<sup>28</sup>

Die sertifikaat het dienooreenkomstig as bewys gedien dat die Britse militêre owerhede die verkope van Boerekrygsgevangenekuns ondersteun en aangemoedig het. Ironies genoeg, het die aankoop van dié voorwerpe deur plaaslike pro-Boere simpatiseerders die geleentheid gebied om ondersteuning aan die krygsgevangenes en hul saak te betoon.<sup>29</sup> Selfs met die krygsgevangenes se terugkeer uit die kampe nadat die oorlog beëindig is, is krygsgevangenehandwerk deur simpatieke Kolonialers by die stasies waar hulle getrakteer is, opgekoop.<sup>30</sup>



**Figuur VIII-2: Die sertifikaat wat saam met die verkope van Boerekrygsgevangenekuns in Kaapstad deur die handelaar, A.P. Raphael, uitgereik is.**

Uit: P. Oosthuizen, *Boer war memorabilia: The collectors' guide*, p. 96.

<sup>28</sup> P. Oosthuizen, *Boer war memorabilia: The collectors' guide*, p. 97.

<sup>29</sup> C.E. van Dyk, "Boer prisoners of war at Simon's Town 1899-1902", B.A. (Honours) Research Essay, U.C.T., 1987, p. 142.

<sup>30</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: G.R. Theron – K. Roodt-Coetzee, 11 Februarie 1941.

Die verkope van speelgoed in Kaapstad was baie suksesvol. As 'n addisionele waarborg het die voorwerpe ook die maker se naam en 'n sensorstempel vertoon.<sup>31</sup> Daar bestaan dan ook 'n paar voorbeelde van voorwerpe in privaat besit en in museumversamelings waarop die sensorstempel fisies aangebring is. Soos die houtverkleurmannetjie met die inskripsie 'F.A. Venter. Krygsgevangener, Paardenberg' en 'n rooi sensorstempel van 'Bellevue',<sup>32</sup> asook 'n slangdosie van 'A.J. Eiterpinsen (Esterhuizen?), 29-12-1900, Krygsgevangene' wat 'n ronde sensorstempel met die bewoording 'Revenue' en 'Prisoners of War' vertoon.<sup>33</sup>

In Kaapstad het die *Friendly Society* as 'n distribusiepunt gedien vir voorwerpe wat in die Groenpunt-kamp vervaardig is en is die verkope van Boerekrygsgevangenekuns boonop in die plaaslike koerant, *The South African News* van 30 Mei 1901, geadverteer.<sup>34</sup> Benewens dié kommersiële afsetgebiede in Kaapstad het die vrou van Bellevue se kampkommandant, mev. Condes, krygsgevangenehandwerk namens die Boere verkoop.<sup>35</sup> Die krygsgevangenes wat by Simonstad aangehou is, het ook hul Boerekrygsgevangenekuns by die 'kampmark' wat naby die seefront gehou is, verkoop. Die vakmanne het gewoonlik hul ware op die kwartsegmente van die platforms, wat normaalweg as tentvloere gebruik is, ten toon gestel.<sup>36</sup>



**Figuur VIII-3: 'n Boerekrygsgevangene in die Bellevue-kamp te Simonstad vertoon sy handwerk op die kwartsegment van 'n houttentvloer aan belangstellende omstanders.**  
Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02303.

<sup>31</sup> Anonymous, How the Boer prisoners kill time: Making toys on board ship, *The Sphere*, 6 April 1901, p. 9.

<sup>32</sup> P. Oosthuizen, *Boer war memorabilia: The collectors' guide*, p. 88.

<sup>33</sup> F.R. Bradlow, Some artefacts and curios made by Boer prisoners-of-war (Part two), *Quarterly Bulletin of the South African Library* 36(4), June 1982, pp. 143-144.

<sup>34</sup> R. Reid, "Boer prisoners of war at Green Point March 1900 – December 1901", History Honours Paper 3, UNISA, December 1989, p. 61.

<sup>35</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: M. Ribbens – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>36</sup> C.E. van Dyk, "Boer prisoners of war at Simon's Town 1899-1902", B.A. (Honours) Research Essay, U.C.T., 1987, p. 141.

Krygsgevangenekuns vanaf die naburige buitelandse krygsgevangenekamp, St. Helena, is in die Kaapkolonie versprei en verkoop. In die St. Helena-kampkoerant *De Krygsgevangene* van 8 Junie 1901 het die volgende advertensie verskyn: “Krygsgevangenes die deur hulle gemaakte goederen in Zuid-Afrika wenschen te verkoopen kunnen steeds bij ons alle informatie krijgen. Men adverteerde de goederen in ons blaadje dat ook in de Kolonie een circulatie zal hebben.”<sup>37</sup> Volgens C.R. Kotzé was die gepoleerde krygsgevangenekuns van die firma Kotzé en Minnaar gesogte uitvoermateriaal en het dit veral in Kaapstad goed verkoop.<sup>38</sup>

Boerekrygsgevangenekuns is na die Kaapkolonie gestuur en op plaaslike basars verkoop om fondse vir die krygsgevangenes en die weduwees en wese in die konsentrasiekampe in te samel.<sup>39</sup> Volgens *The Cape Times* van 18 Februarie 1901 sou nuttige krygsgevangenekunsvoorwerpe by ’n bazaar op die pastorieterrein van die N.G. Kerk in Wynberg verkoop word. Weens ongure weer is die bazaar uitgestel maar het dit wel ’n paar dae later plaasgevind. Die handwerk is by ’n stalletjie van lady de Villiers verkoop en het *The Cape Times* van 22 Februarie 1901 soos volg berig: “It was simply remarkable to see many articles that had been made by the Boer POW during their long hours of enforced leisure.”<sup>40</sup>

Deur die verkope van krygsgevangenehandwerk vanaf St. Helena en Ceylon in Suid-Afrika is daar ook fondse vir binnelandse en buitelandse sendingaksies ingesamel. Volgens dominee P. Boshoff was die voorwerpe afkomstig van Ceylon, in aanvraag en het dit besonder goed by ’n kerkbazaar op Stellenbosch verkoop.<sup>41</sup> Die Hanover-gemeente se wins op die verkope van krygsgevangenehandwerk is deur dominee Hofmeyr vir die periode 12-18 Desember 1901 as £1 15s vir binnelandse sending en £1 15s vir buitelandse sending aangedui. Vir die periode 23-29 Julie 1902 was die bedrag vir binnelandse sending £1 5s.<sup>42</sup> Volgens dominee Malherbe van die Philadelphia-gemeente was hul bydrae vir die periode 22-29 April 1902 op 11s 5d vir binnelandse sending en ’n totaal van 22s 5d vir buitelandse sending gereken.<sup>43</sup>

---

<sup>37</sup> *De Krygsgevangene* (St. Helena) 1, 8 Junie 1901, p. 1.

<sup>38</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap* (St. Helena), p. 54.

<sup>39</sup> *De Kerkbode* 39, 27 September 1900, p. 597.

<sup>40</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 278.

<sup>41</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 277.

<sup>42</sup> *De Kerkbode* 50, 19 Desember 1901, p. 688; *De Kerkbode* 30, 31 Julie 1902, p. 513.

<sup>43</sup> *De Kerkbode* 17, 1 Mei 1902, p. 204.

## **2. Ladysmith, Natal**

Vir die vakmanne van Tin Town in Ladysmith is daar 'n daadwerklike poging deur die Britse militêre owerhede aangewend om 'n afsetgebied vir hul handwerk te vind. Op Woensdag 17 April 1901 het 'n Tin Town-tentoonstelling vanaf 14:00 tot 17:00 in die ontspanningsaal vir die krygsgevangenes plaasgevind. Die uitstalling is die volgende dag op 18 April 1901 in die Tin Town-skoollokaal voortgesit en dit is vanaf 14:00 tot 17:30 aan die publiek oopgestel. Die veiling van krygsgevangenekuns het om 16:30 plaasgevind. Die voorsitter van die tentoonstellingskomitee was kommandant G.P. Pretorius, die sekretaris was F. Kluckow, en die res van die komitee het bestaan uit P. Marais, W.M. Edwards, G. Donovan, C.F.W. Schultz, L.F. Drake, H.J. Gray, H.F. Meyer, P. Bester, J. van Rensburg en J. van Reenen.<sup>44</sup>

Die afdelings vir deelname is soos volg in die program uiteengesit: Klas A – houtwerk, Klas B – klipwerk, Klas C – metaalwerk, Klas D – leerwerk, Klas E – handwerk, Klas F – portrette en prente, Klas G – beeldhouwerk en Klas H – vrye afdeling. Elke afdeling is deur 'n paneel beoordeel en pryse asook sertifikate is aan die weners toegeken. In die houtwerkafdeling is pryse vir die beste model van 'n wa, model van 'n skotskar, slang, padda, 'baviaan' (bobbejaan), breiplankie, portretraam en speelding toegeken. In die afdeling vir klipwerk is daar pryse vir die beste borsspeld, versameling van borsspelde, steensierade, steentafel en gedenkteken uitgeloof. Vir die metaalwerk het die beste goue of silwerring en die beste medalje of hangertjie vir 'n prys in aanmerking gekom. In die handwerkafdeling het die beste damesdas, mansdas, serp en sjaal pryse verower.<sup>45</sup> In Museum Africa se versameling word daar 'n voorbeeld van 'n eersteprys-sertifikaat aangetref wat op 17 April 1901 aan W.M. Edwards uitgereik is en deur die kampkommandant en beoordelaar majoor J.H.B. Forster onderteken is.<sup>46</sup>

## **Afsetgebied op St. Helena**

### **1. Die hoofstad Jamestown**

In 1900 het goewerneur R.A. Sterndale op St. Helena 'n komitee saamgestel om 'n industriële tentoonstelling in Jamestown aan te bied. Die voorstel deur E.L. Warren dat die

---

<sup>44</sup> Museum Africa, Johannesburg: MA1972/269, pp. 15, 53; Plakboek van T.W. Pratt, Ladysmith, 1901; Museum Africa, Johannesburg: MA1951/344, plakkaat, 1901; Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Krygsgeeskiedenis, Johannesburg: 12261, program, 1901.

<sup>45</sup> Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Krygsgeeskiedenis, Johannesburg: 12261, program, 1901.

<sup>46</sup> Museum Africa, Johannesburg: MA1955/107, sertifikaat, 1901.

krygsgevangenes ook aan die uitstalling deelneem, is deur die komitee goedgekeur.<sup>47</sup> Die krygsgevangenes het onder hul eie geleedere 'n organiseringskomitee saamgestel wat bestaan het uit kaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer as voorsitter, meneer Aling as sekretaris asook Linder, Church, De Graaff en Uckermann as komiteede.<sup>48</sup> Die versoek deur die komitee dat alle verkope wat deur die krygsgevangenekunsuitstalling gegeneer sou word, van enige aftrekkings kwytgeskeld moes word, is deur die goewerneur goedgekeur. 'n Tweede versoek dat die beoordelaars, naamlik biskop W.J. Williams, eerwaarde John Aitken en Tom Broadway, die Deadwood-kamp besoek om die uitstalstukke te inspekteer en pryse toe te ken voordat dit vir die industriële tentoonstelling na die Kasteel oorgeplaas word, is ook toegestaan.<sup>49</sup>

Op 5 November 1900 is die krygsgevangenes se handwerk in die hospitaal in Deadwood uitgestal en beoordeel.<sup>50</sup> Daar kon vir 'n verskeidenheid handwerkafdelings ingeskryf word. Daar was onder andere hout-, been- en horingsnywerk, *kerbschnitt* (tweedimensionele oppervlak-kerfwerk), slangdosies en 'skelmdosies' of 'boerebedrieërs', mandjies, visgraatwerk, penhouers, graveerwerk, modelle in klei en metaal, modelle van voertuie, musiekinstrumente asook toekennings vir die beste gesnyde, gepoleerde, verniste, gebrande of snaaksste kerie van inheemse hout. Alhoewel 'n paar persone pryse verower het, was 'n groot aantal krygsgevangenes ongelukkig omdat daar nie beoordelaars uit hul eie geleedere verkies is nie.<sup>51</sup> Op 10 November 1900 is die krygsgevangenehandwerk in die raadskamer van die Kasteel in Jamestown uitgestal.<sup>52</sup> Die gewese bevelvoerder van die Duitse Korps wat saam met die Boere geveg het, kolonel Adolf Schiel, meld in sy herinneringe dat mooi gekerfde keries, handskoenkissies en juweliersware wat deur 'n Duitse juwelier gemaak is, besigtig kon word. Daar was boonop ook sketse, waterverfskilderye, foto's, medaljes, kunsblomme, gebak, ingemaakte vrugte, bier, suikerware asook modelle van Boerewaens en rytuie, 'n kanon en 'n goudmyn op uitstalling.<sup>53</sup> Die industriële tentoonstelling is baie goed bygewoon en £65 se curiositeite is aan die besoekers verkoop.<sup>54</sup>

---

<sup>47</sup> P. Gosse, *St. Helena 1502-1938*, p. 339.

<sup>48</sup> *St. Helena Guardian*, 8 November 1900, p. 3.

<sup>49</sup> *St. Helena Guardian*, 25 October 1900, p. 3.

<sup>50</sup> *St. Helena Guardian*, 8 November 1900, p. 3.

<sup>51</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01366/00002, brosjure, 1900; H. de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber), p. 45.

<sup>52</sup> Cd. 431 Colonial Reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 9.

<sup>53</sup> A. Schiel, *23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika*, pp. 553-554.

<sup>54</sup> H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)*, p. 64.



Goewerneur Sterndale het die krygsgevangenes se vindingrykheid en handwerk tydens die uitstalling gekomplimenteer met dié opmerking:

But the unique feature of the exhibition was the large room devoted to the work of the prisoners of war. As an object lesson to the St. Helenians it was most valuable, showing how perseverance and energy could triumph over almost insurmountable difficulties, with the rudest implements, nails, pocket knives, self-made little planes and saws (which were also exhibited), the tables and walls were covered with most artistic work in wood and bone and metal.<sup>55</sup>



**Figuur VIII-4:** Die komitee verantwoordelik vir die organisering van die industriële tentoonstelling in die raadskamer van die Kasteel in Jamestown op 10 November 1900.

Uit: E.L. Jackson, *A pictorial and descriptive souvenir of Saint Helena* (St. Helena, s.a.), s.p.

## 2. Deadwood krygsgevangenekamp

Na afloop van die tentoonstelling in 1900 het 'bezigheden en facturen' in die Deadwood-kamp toegeneem. Deur herhaalde oefening en die geleidelike aanskaf van beter gereedskap is nuwe tipes voorwerpe van veel beter fatsoen, afronding en kwaliteit vervaardig. Die St. Helena-krygsgevangene, C.R. Kotzé, het die opmerking gemaak dat 'n tentoonstelling kopers bring.<sup>56</sup> In die 15 Junie 1901-uitgawe van *De Krygsgevangene* van St. Helena is daar 'n tweede tentoonstelling in die vooruitsig gestel en het die aanvraag na krygsgevangenehandwerk toegeneem.<sup>57</sup>

<sup>55</sup> Cd. 431 Colonial Reports, No. 323 *St. Helena, Report for 1900*, p. 10.

<sup>56</sup> C.R. Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)*, p. 55.

<sup>57</sup> *De Krygsgevangene* (St. Helena) 2, 15 Junie 1901, p. 1

In Deadwood (Blikkiesdorp) het daar spoedig 'n besigheidsentrum verrys, met talle winkeltjies wat krygsgevangenehandwerk verkoop.<sup>58</sup> Die winkeleienaars het selfs 'n komitee gevorm wat die prysstruktuur vir handwerkverkope vasgestel het en ook besluit dat geen winkel op 'n Sondag besigheid sou doen nie.<sup>59</sup> Volgens die kampkoerant, *Kamp Kruimels*, kon die krygsgevangenes in twintig woorde of minder hulle verkoopsware of veld van spesialiteit adverteer.<sup>60</sup> In die daaropvolgende uitgawe van *De Krygsgevangene* is die verkoop van Boerekrygsgevangenekuns ook geadverteer en kon 'n pryslys by die kantore van *De Krygsgevangene* in Deadwood-kamp verkry word, of die lys kon teen 3d gepos word.<sup>61</sup> Daar was ook verkoopsagente wat klaargemaakte krygsgevangenekuns opgekoop en dan weer verkoop het, natuurlik teen 'n wins. So het A.P.J. Fourie opgetree as agent namens E.C. Pienaar. Blykbaar het hy met E.C. Pienaar 'n kontrak gesluit om ZAR- en OVS-wapens op pype uit te sny.<sup>62</sup> H. Scholtemeijer skryf dat die onderwysers buite skoolverband ook verskeie ander pligte verrig het, onder andere as tekenaars maar ook as kommissieagente vir die verkoop van krygsgevangenehandwerk soos penhouers, borsspelde en kieries.<sup>63</sup>

Volgens I.J. Minnaar was daar 'n afslaer in die kamp teenwoordig wat 'n veiling van krygsgevangenehandwerk gehou het. Die veiling is hoofsaaklik deur Britse offisiere en soldate bygewoon. Onder die handwerk wat opgeveil is, was daar handskoenkissies wat gepoleer en met fluweel uitgevoer is. Die kissies was gemaak van die hout van 'n ou klavier wat een van die krygsgevangenes iewers gekry het. Toe die kissies aan die beurt kom, het die afslaer die pryse opgejaag deur te noem dat die kissies blykbaar vervaardig is deur die hout van 'n klavier waarop Napoleon Bonaparte gedurende sy verbanning op die eiland, self gespeel het.<sup>64</sup>

### 3. Broadbottom krygsgevangenekamp

H.H. van Niekerk verwys in sy dagboek na 'n museumkomitee wat in Broadbottom gestig is. Die komitee het op 21 Junie 1902 'n tentoonstelling in die *Oranje Zaal* gehou. Om 09:30 het die beoordelaars die voorwerpe besigtig en om 11:00 het die uitstalling vir die res van kamp

---

<sup>58</sup> I.J. Minnaar, Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (II), *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936, p. 37.

<sup>59</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 120.

<sup>60</sup> P.E. Streicher, *Kamp Kruimels*, *Die Huisgenoot*, 16 November 1934, p. 33.

<sup>61</sup> *De Krygsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, p. 1.

<sup>62</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: A.P.J. Fourie – K. Roodt-Coetzee, 26 November 1940.

<sup>63</sup> Vereniging van Onderwysers en Onderwyzeressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A.), *Gedenkboek*, p. 185.

<sup>64</sup> I.J. Minnaar, Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (III), *Die Huisgenoot*, 18 Desember 1936, p. 37.

geopen. Volgens Van Niekerk was daar baie Britte by die uitstalling teenwoordig en het hulle ongeveer £19 se krygsgevangenekuns opgekoop. Kolonel Brinckman het vir £4 10s 'n mandolien gekoop. Selfs kolonel Wright het sy tevredenheid met die uitstalling uitgespreek. Van Niekerk meld ook dat die tentoonstellers tevrede was met die toekenning van hul onderskeie sertifikate.<sup>65</sup> Krygsgevangene L.H. Steenkamp het byvoorbeeld twee prestasiesertifikate vir eerste plekke in klipwerk sowel as metaalwerk behaal.<sup>66</sup> 'n Medekrygsgevangene, W.H. van Heerden, was ook in sy noppies met die prestasiesertifikaat wat hy tydens die tentoonstelling verower het.<sup>67</sup>



**Figuur VIII-5: Tentoonstelling van Boerekrygsgevangenekuns in die Broadbottom-kamp op 21 Junie 1902; die krygsgevangene W.H. van Heerden staan heel voor links.**

Uit: R. Ferreira, *Ou briewe vertel van oupa se wedervaringe op St. Helena*, *Knapsak* 21, Desember 2009, p. 18.

## Afsetgebied op Ceylon

### 1. Die hoofstad Colombo

Voorbeelde van die Boere se kreatiewe handwerk is ten toon gestel en verkoop in die hoofstad, Colombo, by 'H.W. Cave and Co.' wat spesifiek vir dié doel as agente aangestel is. Volgens 'n artikel in *The Sphere* van 17 November 1900 sou toekomstige besigtiging 'n verbetering toon op die rofgemaakte voorbeelde wat aanvanklik aangebied is.<sup>68</sup>

<sup>65</sup> H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, in M.C.E. van Schoor (red.), *Christiaan de Wet Annale* 1, Oktober 1972, pp. 177-178.


<sup>66</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01285/00002, prestasiesertifikaat, 1902 en 01285/00003, prestasiesertifikaat, 1902.

<sup>67</sup> R. Ferreira, *Ou briewe vertel van oupa se wedervaringe op St. Helena*, *Knapsak* 21, Desember 2009, pp. 18, 20.

<sup>68</sup> Anonymous, *The guerilla fighting of the Boers*, *The Sphere* (III), 17 November 1900, p. 186.

P.J. Kotzé van hut 81 het in 1901 'n aantal krygsgevangenekunsvoorwerpe aan 'H. Don Carolis & Sons, Furniture manufacturers of Colombo' gestuur om as kersgeskenke te verkoop. Carolis was beïndruk met Kotzé se kwaliteit van werk en het hom by sy kliënte aanbeveel. Hy was ook bereid om van die handgemaakte voorwerpe teen 'n klein kommissie te verkoop. Op 27 Mei 1902 erken Carolis die ontvangs van 48 penhouers, elf sweepstokke, 28 papiermesse en twee houtkissies. Op 20 Augustus 1902 stel Carolis vir Kotzé in kennis dat al die voorwerpe verkoop is, behalwe drie wat teen 'n verlaagde prys te koop aangebied word. Terselfdertyd het Carolis nog 'n bestelling geplaas vir 'n penhouer, twee hangertjies en 'n kerie.<sup>69</sup>

Teen die einde van 1901 is daar ook 'n tentoonstelling van Boerekrygsgevangenekuns deur dr. Gandevia by die landbouskool in Colombo, georganiseer. Tydens die uitstalling is 'n totaal van 747,75 roepees ingesamel deur die verkope van kaartjies asook die mildelike bydraes van dr. Gandevia. Nadat die uitgawes afgetrek is, is die wins van 457 roepees ten bate van die vrouens en kinders in die konsentrasiekampe aan C.F. Schultz in Kaapstad gestuur.<sup>70</sup> Drie krygsgevangenes, P.H. de Villiers, Robertson en Botha is op spesiale parool uitgelaat om die voorbereidings vir die tentoonstelling te tref. Een van die uitstaande kenmerke van die tentoonstelling was die olieverfkunswerk wat as agtergrond gedien het, asook 'n skildery van die aanval op Spioenkop. 'n Groot gedeelte van die uitstalling is met die hulp en organisering van C. Driberg daarna na Engeland gestuur om daar uitgestal te word.<sup>71</sup>



**Figuur VIII-6: 'n Voorbeeld van die toegangkaartjie vir die tentoonstelling van Boerekrygsgevangenekuns by die landbouskool in Colombo.**

Uit: Waldmeister-privaatversameling, Engeland: Geen nommer, toegangkaartjie, s.a.

<sup>69</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06224/00001, s.p.: Aantekeningboek van P.J. Kotze; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 277.

<sup>70</sup> *De Strever* 1(1), 19 Desember 1901, p. 4; *De Strever* 1(3), 4 Januarie 1902, p. 11.

<sup>71</sup> R.L. Brohier, The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902), *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(2), October 1946, pp. 40-41.

Selfs vanuit die Welikada-tronk in Colombo, het L. Sauer homself as ‘P.O.W. Auctioneer and commission agent’ bemark en het hy ook krygsgevangenehandwerk, Transvaalse en Oranje-Vrystaatse seëls en Kruger-muntstukke opgekoop en geruil.<sup>72</sup> Na afloop van die oorlog het vyf van die onversoenlike krygsgevangenes wat tot Julie 1903 in Diyatalawa agtergebly het, nog steeds krygsgevangenehandwerk vervaardig wat vanaf Colombo bestel is en waarvoor hulle goeie betaling ontvang het.<sup>73</sup>

## 2. Diyatalawa krygsgevangenekamp

In die Diyatalwa-kamp het die straat tussen Krugersdorp en Steynsburg bekend gestaan as Commissionerstraat, met ongeveer 31 winkeltjies wat aan die krygsgevangenes verhuur is om daar handel te dryf. Daar is onder andere klere asook skryfbehoeftes verkwansel; werkplase vir die maak van krygsgevangenehandwerk en afnemersateljees is ingerig en veral koffie- en koekwinkels het groot aftrek gekry. Van die besighede het as algemene handelaars gedien waar enigiets van ’n spyker tot ’n ebbehoutolifant gekoop kon word.<sup>74</sup>

Van die krygsgevangenes het hulself ook as agente vir die verkoop van Boerekrygsgevangenekuns bemark. A. du Toit het op 12 Desember 1901 in *De Krijgsgevangene* van Ceylon geadverteer dat hy verskillende tipes krygsgevangenekuns maak en ook daarmee handel dryf. Hy het altyd ’n groot verskeidenheid voorraad byderhand gehad en bestellings van buite was sy area van spesialiteit. Hy het homself voorgedoen as ’n ‘kurio-handelaar’ van formaat en dat sy pryse dieselfde was as dié van die makers.<sup>75</sup> In *De Strever* van 18 Januarie 1902 het hy aangevoer dat voordat iemand ’n kis met krygsgevangenehandwerk na Suid-Afrika stuur, hulle eers sy groot hoeveelheid voorraad in hut 60 moes kom besigtig. Teen April 1902 het hy egter bekend gemaak dat hy die uitstalling van sy voorraad krygsgevangenekuns na die Gras-saal verskuif het.<sup>76</sup>

Volgens die krygsgevangene, O. van Oostrum, was daar opkopers van krygsgevangenehandwerk wat daarin handel gedryf het en sodoende ’n kompeterende mark probeer skep het. Hy het spesifiek verwys na sy tafelenoot J.T. Bain, wat met sy internasionale kontakte

---

<sup>72</sup> *The Welikada Justice*, 13 March 1901, s.p.

<sup>73</sup> R.L. Brohier, *The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902)*, *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 37(4), April 1947, p. 117.

<sup>74</sup> *De Krijgsgevangene* (Ceylon) 1(21), 25 April 1902, p. 3; J.N. Brink, *Recollections of a Boer prisoner-of-war at Ceylon*, p. 127; O. van Oostrum, *Herinneringe van Ceylon*, *Die Huisgenoot*, 26 April 1935, p. 69.

<sup>75</sup> *De Krijgsgevangene* (Ceylon) 1(2), 12 Desember 1901, p. 1; *De Krijgsgevangene* (Ceylon) 1(22), 1 Mei 1902, p. 1.

<sup>76</sup> *De Strever* 1(5), 18 Januarie 1902, p. 24; *De Strever* 1(17), 12 April 1902, p. 96.

krygsgevangenehandwerk oral heen kon stuur en dit teen 'n goeie wins aan die simpatiseerders kon verkoop.<sup>77</sup> Hy het dan ook in beide *De Krygsgevangene van Ceylon* en *De Strever* geadverteer dat enige krygsgevangenes of besoekers in die kamp, of van buite die kamp wat in krygsgevangenekuns belang stel, hom in hut 28 moes kom besoek of aan hom skryf. Nadat die nuus van vrede die krygsgevangenes bereik het, het Bain op 5 Junie 1902 in *De Krygsgevangene van Ceylon* 'n versoek gerig dat alle gelde wat aan hom verskuldig is, so spoedig as moontlik betaal moes word.<sup>78</sup>

Die Ceylonse krygsgevangene W.J. Coertzen van 'The Old Curio Shop no. 2' het ook op 28 Januarie 1902 in *De Krygsgevangene van Ceylon* geadverteer en sy besigheid beskryf as "Handelaar in curios soos violen, olifanten, vuurhoutjie doosjies, portret raampjies, wandel en zweepstokke enz."<sup>79</sup> 'E. Suwalski & Co.' van hut 15 was bereid om krygsgevangenehandwerk, Transvaalse en Oranje-Vrystaatse seëls asook Kruger-muntstukke te koop of te verkoop.<sup>80</sup>

## Afsetgebied in Indië

Krygsgevangenes in Indië het probeer om hul krygsgevangenehandwerk hoofsaaklik op die plaaslike markte van naburige dorpe of stede te verkwansel. In Amritsar is P. Joubert byvoorbeeld aangestel om as agent op te tree vir die verkope van krygsgevangenehandwerk op 'n kommissiebasis. Sodra genoeg voorraad bymekaar gemaak is, het die makers aan Joubert 'n pryslys voorsien. Hy het dan met die nodige permit na Lahore gereis waar hy die voorwerpe op die plaaslike mark verkoop het. Nadat hy sy kommissie afgetrek het, het hy die res van die inkomste onder die vakmanne verdeel.<sup>81</sup>

Die Debatsvereniging het dit goed gedink om *De Gifte en Goedere Commissie* in Augustus 1901 in die Ahmednagar-kamp byeen te bring. Die vereniging het bestaan uit D. Bressler, A. Coleman, V.A. Veen, D.S. van Warmelo (sekretaris) en dominee D.J. Viljoen. Die kampkommandant, majoor J.H. Goodwyn, was entoesiasies oor die vereniging wat vir vakmanne

---

<sup>77</sup> O. van Oostrum, Herinneringe van Ceylon: Bedrywighede van die krygsgevangenes, *Die Huisgenoot*, 3 Mei 1935, p. 57.

<sup>78</sup> *De Strever* 1(1), 19 Desember 1901, p. 3; *De Krygsgevangene (Ceylon)* 1(4), 26 Desember 1901, p. 1; *De Krygsgevangene (Ceylon)* 2(1), 5 Junie 1902, p. 1.

<sup>79</sup> *De Krygsgevangene (Ceylon)* 1(8), 23 Januarie 1902, p. 1.

<sup>80</sup> *Diyatalawa Camp Lyre* 3, 6 Oktober 1900, p. 1.

<sup>81</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 367-368.

gestig is. Hy het belowe om vir hulle 'n groter tent te gee en ook addisionele bystand en ondersteuning. Volgens Van Warmelo het die beloftes nie gerealiseer nie en het die gerugte van vrede blykbaar die krygsgevangenes se hande lui gemaak. Van Warmelo het dit moeilik gevind om genoeg krygsgevangenekunsvoorwerpe onder die krygsgevangenes bymekaar te maak om ten bate van die Weduwee- en Wesefonds te verkoop. Hy maak selfs melding daarvan dat voorwerpe vanaf Ceylon ingevoer moes word om in die kamp te verkoop.<sup>82</sup>

G.S. Preller meld dat krygsgevangenes van Kaity Nilghiris hul handgemaakte ware voor hul tente uitgestal en te koop aangebied het. Op dié manier kon hulle ekstra geld verdien waarmee hulle gereedskap bestel het om hul werksaamhede te vergemaklik.<sup>83</sup> Die mans in die kamp het veral nadat die einde van die oorlog aangebreek het, probeer om voorwerpe aan die plaaslike inwoners te smous terwyl hulle met parool was.<sup>84</sup> Volgens A.M. Joubert is die krygsgevangenes in die Dagshai-distrik hartlik deur die inwoners van die dorp, Simla, ontvang. Die poging deur die krygsgevangenes om hul handwerk op die plaaslike mark te verkoop, was nie juis suksesvol nie omdat hulle blykbaar te min daarvoor aangebied is. In Upper Topa is P. Smit as 'n verkoopsagent aangewys en het hy weer probeer om van die krygsgevangenehandwerk plaaslik van die hand te sit.<sup>85</sup>

## Afsetgebied op Bermuda

### 1. Die hoofstad Hamilton

Op 3 Julie 1901 het die goewerneur van Bermuda, sir G.D. Barker, 'n vergadering belê om 'n rekreasievereniging te stig. Die doel van die vereniging was om aktiwiteite en toerusting te verskaf waarmee die krygsgevangenes hul eentonige daaglikse bestaan kon verbeter. Die komitee van die *Association for Boer Recreation* is verteenwoordig deur die goewerneur as president, R.D. Darrell, J.H. Trimmingham, aartsdeken Tucker, luitenant-kolonels Ganssen, Leslie en Parkinson, en majoor G.D. Armstrong. Die groot dryfveer agter die vereniging was

---

<sup>82</sup> D.J. Viljoen, Die kampbeskrywings van Ahmednagarfort deur ds. D.J. Viljoen, in A.W.G. Raath (red.), *Christiaan de Wet Annale* 9, 1997, p. 108; Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB, W90, D.S. van Warmelo Aanwys: D.S. van Warmelo – H. Cloete, 13 Januarie 1901, 20 Augustus 1901, 23 September 1901, 15 Desember 1901.

<sup>83</sup> G.S. Preller, *Ons parool: Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, p. 144.

<sup>84</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 370.

<sup>85</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06682/00001, s.p.: Dagboek van A.M. Joubert, Dagshai, 1902; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06468/00001, s.p.: Dagboek van J.H. Scholtz, 1901-1902; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 370.

egter die sekretaris en tesourier K.W. Elwes. Tydens die vergadering is daar besluit om onder andere houtblokke en planke, asook houtwerkgereedskap aan die krygsgevangenes te voorsien om die beoefening van houtsnikuns aan te moedig. Die vereniging het dit ook belangrik geag om in die toekoms 'n afsetgebied te probeer skep vir die verkope van krygsgevangenekuns wat deur die mans vervaardig is.<sup>86</sup>

Krygsgevangenehandwerk, veral speelgoed, ter waarde van £43 is aanvanklik deur die *Women's Work Exchange* by hul kantoor in Reidstraat, Hamilton, verkoop.<sup>87</sup> Tog was daar 'n behoefte om 'n sentrale agentskap te stig wat die verkope van krygsgevangenehandwerk in totaliteit kon hanteer. Die agentskap moes ook 'n permanente uitstalling van krygsgevangenekuns beskikbaar stel met genoeg voorraad sodat plaaslike sowel as oorsese bestellings geredelik geplaas kon word. Die gevolg was dat die *Boer Toy Agency*, geborg deur die *Association for Boer Recreation*, op 28 Augustus 1901 sy deure oopgemaak het by die Fernery in Queenstraat, Hamilton, met mejuffrou Lough van die *Women's Work Exchange* as bestuurder.<sup>88</sup>

Nog 'n plaaslike hulporganisasie het ontstaan wat hom beywer het om die krygsgevangenes te ondersteun. Die pro-Boer-gesinde *Boer Relief Committee* het bestaan uit kaptein W.E. Meyer en sy vrou, E. Meyer, J.A. van Blerk, J.R. Albertyn en sy vrou, H. Recht en sy vrou, asook A.M. Outerbridge.<sup>89</sup> *The Royal Gazette* van 3 Augustus 1901 berig dat mevrou Recht 'n houer vol speelgoed by die *Women's Work Exchange* gekoop het, maar dat dit nie 'n goeie tyd van die jaar was om groot hoeveelhede speelgoed in Bermuda te verkoop nie omdat dit buite die toeristeseisoen geval het. Volgens A.A. Smit het die agent vir die *Boer Toy Agency* te kenne gegee dat dit moeilik was om die krygsgevangenehandwerk van die hand te sit, want speelgoed in die winkels was goedkoper en duursamer.<sup>90</sup>

Plaaslike winkels waar toeriste aangedoen het, is aangemoedig om Boerekrygsgevangenekuns teen 'n verlaagde kosprys by die *Boer Toy Agency* aan te koop wanneer 'n groot hoeveelheid bestel word.<sup>91</sup> Die *Association for Boer Recreation* het aan die begin van Februarie 1902 ontbind. Teen daardie tyd het die *Boer Toy Agency* £130 se krygsgevangenekuns in Hamilton

---

<sup>86</sup> *The Royal Gazette*, 6 July 1901, p. 2.

<sup>87</sup> *The Royal Gazette*, 20 July 1901, p. 3; *The Royal Gazette*, 1 February 1902, p. 3.

<sup>88</sup> *The Royal Gazette*, 24 August 1901, p. 2.

<sup>89</sup> C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 27.

<sup>90</sup> A.A. Smit, *Getrou... tot verby die einde: Dagboeke van A.A. Smit te Bermuda* (red. J. Oosthuizen), p. 23.

<sup>91</sup> *The Royal Gazette*, 24 August 1901, p. 2.



verkoop. 'n Persentasie van die verkoopprijs is aan die vervaardigers oorbetaal terwyl die restant gebruik is om onkoste te dek.<sup>92</sup>

Die verkoop van krygsgevangenehandwerk het egter nie onmiddellik afgeneem nadat die oorlog op 31 Mei 1902 beëindig is nie. A.A. Smit skryf in sy dagboek dat die krygsgevangenes teen 28 Julie 1902 nog druk besig was om servetringe, portrettrame, dosies, borsspelde en ander kleiner snuisterye te vervaardig en dat sommiges selfs nog bestellings teen redelike pryse vanaf die Britse troepe gekry het.<sup>93</sup> Die aantal onversoenlikes wat nie die eed van getrouheid wou onderteken nie en op Bermuda agtergebly het, het voortgegaan met die vervaardiging van krygsgevangenekuns en dit aan Amerikaanse toeriste verskaf wat die eilande besoek het. Die *New York Times* van 25 Januarie 1903 berig:

Visitors to these islands this year are finding new and interesting varieties of souvenirs in the shape of curios made by the Boer prisoners of war. The prisoners numbered several thousand at one time, and judging by the number of souvenirs which they turned out with their jack-knives as ingenious as so many Connecticut Yankees. The ending of the war and the freedom of the prisoners to go about the islands on their good behavior have put these trinkets on the market. They command a ready sale, for many visitors sympathized with the South Africans, and are eager for their handiwork, not alone as reminders of their visit but from sentimental interest in the men who were imprisoned here ... Every souvenir store, every jewellery establishment, the drug stores, the department stores, and even the laundries and photograph galleries – in short, every place which a tourist from the United States or Canada is likely to visit – has Boer Souvenirs.<sup>94</sup>

## 2. Burt-eiland en Darrel-eiland

Volgens Elwes van die *Association for Boer Recreation* is daar in die meeste van die krygsgevangenekampe 'n industriële vereniging met 'n sekretaris gestig, wat verantwoordelik was vir die uitdeling en gebruik van die gereedskap en hout wat deur die *Association for Boer Recreation* verskaf is. Die industriële verenigings wat op die onderskeie eilande gestig is, het ook die effektiewe bestuur van die vervaardiging en distribusie van krygsgevangenehandwerk gehanteer.<sup>95</sup> A.C. Schulenburg, sekretaris van die *Industrial Association* op Burt-eiland, skryf in sy herinnering dat 'n groot houtkis met 'n sterk slot aan hom verskaf is waarvan hy, sowel

---


<sup>92</sup> *The Royal Gazette*, 1 February 1902, p. 3; E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 209.

<sup>93</sup> A.A. Smit, *Getrou... tot verby die einde: Dagboeke van A.A. Smit te Bermuda* (red. J. Oosthuizen), p. 59.

<sup>94</sup> Anonymous, Work of prisoners of war. *The New York Times*, 25 January 1903, s.p.

<sup>95</sup> K.W. Elwes, The Boer prisoners in Bermuda, *Fortnightly Review* 426, June 1902, p. 995.

as Elwes, 'n sleutel gehad het. Schulenburg het die voorwerpe vanaf die krygsgevangenes ontvang en vir elke item is 'n etiket met 'n nommer en prys aangebring voordat dit in die kis geplaas is. Sodra die kis vol was, is dit deur die offisier in bevel goedgekeur en aan Elwes besorg. In die kis was ook 'n genommerde pryslys saamgestuur, waarvan Schulenburg 'n kopie gehou het. Wanneer al die voorwerpe verkoop is, is die kis met die geld daarin aan hom terugbesorg en kon hy dit regmatig onder die vervaardigers van die voorwerpe verdeel. Op dié manier het geld die kamp ingekom en kon die krygsgevangenes 'n ekstra inkomste verdien. In 'n brief van Elwes aan Schulenburg op 28 Augustus 1901, skryf sy dat al die speelgoed en modelle wat hy vir haar gestuur het, verkoop is, behalwe een sederhoutkoppie van P.J. Senekal met 'n klein leiklippotret van president Kruger daaraan vasgemaak, wat nie op die lys verskyn het nie. Sy skryf ook dat die somtotaal van £5.6.0. (wat korreleer met sy lys) aan hom gestuur sou word.<sup>96</sup>



**Figuur VIII-7: Lede van die Burt-eiland *Industrial Association* poseer by hul handwerk; A.C. Schulenburg wat die sekretaris van die vereniging was, verskyn in die middel van die foto (met kruisbande en horlosie).**  
Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00958.

Benewens die verkope in Hamilton, het daar ook plaaslike tentoonstellings en verkope in die onderskeie kampe van aanhouding plaasgevind. Tydens die atletiekbyeenkoms wat op 28 Mei 1901 op Burt-eiland gehou is, is krygsgevangenehandwerk ook ten toon gestel.<sup>97</sup> 'n Veiling van Boerekrygsgevangenehandwerk is selfs gehou waartydens daar onder meer 'n sederhoutviool opgeveel is.<sup>98</sup>

<sup>96</sup> C.A.R. Schulenburg, *August Carl Schulenburg: Krygsgevangene, medikus, boer*, pp. 62-63, 158.

<sup>97</sup> F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, D.Phil.-proefskrif, U.S., 1992, p. 118.

<sup>98</sup> C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 121.



**Figuur VIII-8:** 'n Veiling van Boerekrygsgevangenehandwerk op Burt-eiland; die afslaer lig 'n kitaar omhoog en op die tafeltjie langs hom verskyn daar 'n modelwaentjie.  
 Uit: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01212.

Die krygsgevangenes op Darrel-eiland het ook 'n afsetgebied vir hulle handgemaakte items gesoek. 'n Advertensie in een van die plaaslike koerante het soos volg gelui: “Agents wanted: To sell toys made by Boer Prisoners of War. Apply to J.G. van der Plas, POW Darrell’s Island.” Met die herdenking van koningin Wilhelmina se verjaarsdag op 31 Augustus 1901, het daar 'n tentoonstelling van Boerekrygsgevangenekuns tussen 12:00 en 15:00 op Darrell-eiland plaasgevind.<sup>99</sup> 'n Tentoonstelling is ook op 10 Oktober 1901 ter ere van president Kruger se verjaarsdag op Darrell-eiland gehou. I.M.S van Rooyen het tydens dié tentoonstelling 'n eerste prys behaal vir die beste voorbeeld in die afdeling vir papiermesse of enige ander soort mes.<sup>100</sup> 'n Prestasiesertifikaat is tydens dieselfde geleentheid ook uitgereik aan M.C. Schimper vir sy deelname aan die tentoonstelling.<sup>101</sup>

## **Afsetgebied in Europa en die Verenigde State van Amerika**

Die oorlog in Suid-Afrika het groot opspraak in Europa en die VSA gewek. Die politieke opset in Europa op daardie stadium het egter buitelandse toetrede verhoed, sodat Brittanje sy stryd teen die Boererepublieke sonder te veel inmenging kon voer.<sup>102</sup> Daar was tog heelwat belangstelling van die algemene publiek in Europa en die VSA wat simpatie gehad het met die Boerekrygsgevangenes wat weggevoer is.

<sup>99</sup> Brenthurst Biblioteek, Johannesburg: MS404, pp. 15, 47: Plakboek van S. Hepburn.

<sup>100</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01620/00001, s.p.: Plakboek van I.M.S. van Rooyen.

<sup>101</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00573/00004, prestasiesertifikaat, 1901.

<sup>102</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 83.

## 1. Engeland

In Julie 1901 is daar 'n 'Naval and Military Exhibition' by die Crystal Palace in Londen gehou. Die versameling Boerekrygsgevangenekunsmodelle en speelgoed afkomstig van die Bellevue-kamp in Simonstad het veral die besoekers se aandag getrek.<sup>103</sup> Die 'Raphaels Collection of Boer Toys and Models' wat uitgestal is, het die volgende ingesluit: 'Pom-pom' masjiengewere en Long Tom-kanonne, viole wat deur kommandant Van der Merwe gemaak is, modelle van onder andere Leyds se kapkarretjie, De Wet se waterkarretjie, Cronje se veldgrofsmedery en plaaswoning, asook die hidrouliese pomp by Ladysmith en historiese tablo's van die geveg by Stormberg, en Baden Powell se agtervolging van De Wet.<sup>104</sup>

Alhoewel die filantroop, A.S. Green, geen krygsgevangenekuns tydens haar besoek in September 1900 aan St. Helena self gekoop het nie, het sy wel haarself beskikbaar gestel as 'n agent vir die verkoop daarvan in Engeland en Ierland nadat sy teruggekeer het. Een van die krygsgevangenes met die van Barry, het aan haar voorwerpe verskaf. In November 1901 het hy 122 kieries, 660 penhouers, 24 sigaarhouers, agt eierkelkies, twee kissies en 'n inktotstaander aan haar gestuur om te verkoop. Teen Februarie 1902 het hy haar bedank omdat sy die voorwerpe so vinnig van die hand kon sit. Van die kieries het sy aan 'n sambreelmaker in Dublin, Francis Smyth, verkoop. In April 1902 het hy weer 'n bestelling geplaas omdat Boerekrygsgevangenekuns toe baie versamelbaar geword het. Saam met die brief wat dominee A.F. Louw op 24 Julie 1902 aan Green gestuur het om die versending van toekomstige voorraad te kanselleer, was daar 'n viool van Barry af as 'n erkentlike gebaar vir haar vriendelikheid. Green het gedurende die oorlog ook aan die Britse oorlogsdepartement en Britse koloniale sekretaris, Joseph Chamberlain, briewe geskryf waarin sy gevra het dat daar aandag gegee moes word aan die opvoeding van die jong krygsgevangenes, die ontwikkeling van industriële ondernemings en opleiding in verskillende handwerkbedrywighede.<sup>105</sup>

In 'n brief van dr. Plowright aan kaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer van die Hollanderkorps, wat op daardie tydstip 'n krygsgevangene op St. Helena was, het die weldoener, Emily Hobhouse, en mevrou Brunton die krygsgevangenes bedank vir geskenke wat deur hulle

---

<sup>103</sup> Anonymous, A naval and military exhibition, *New Zealand Herald* 38(11698), 6 July 1901, p. 5.

<sup>104</sup> Anonymous, The army and navy exhibition at the Crystal Palace: Toys made by Boer prisoners, *The Illustrated London News*, 25 May 1901, s.p. In die bron word kommandant Van der Merwe verkeerdelik as generaal Van der Merwe aangedui.

<sup>105</sup> A.S. Green, A visit to the Boer prisoners at St. Helena, *The Nineteenth Century and After* 48(286), December 1900, p. 980; S.A. Royle, St. Helena as a Boer prisoner of war camp, 1900-2: Information from the Alice Stopford Green papers, *Journal of Historical Geography* 24(1), 1998, pp. 56, 63-64.

ontvang is. Hobhouse het voorgestel dat afsetgebiede in Londen en ander dorpe gevestig moes word waar krygsgevangenehandwerk verkoop kon word.<sup>106</sup> Volgens 'n brief van Versélewel de Witt Hamer wat op 16 November 1901 in *De Krijgsgevangene* van St. Helena gepubliseer is, het daar wel verkope van voorwerpe in Engeland plaasgevind. Die beraamde opbrengs wat dié voorwerpe ingebring het, was op daardie stadium £5 15s. 0d.<sup>107</sup>

## 2. Nederland

Alhoewel die harte van die Nederlandse regeringslede asook die jeugdige koningin Wilhelmina warm geklop het vir hul stamgenote in die Boererepublieke, het die Nederlandse regering besluit om neutraal te staan in die oorlog. In Nederland was simpatie vir die Boeresak egter die sterkste. Die Nederlanders was deur die bank pro-Boer<sup>108</sup> en het veral Boerekrygsgevangenekuns aangekoop om sodoende hul ondersteuning te betoon.

Vanaf 7 November 1900 het Versélewel de Witt Hamer en sy broer, F.C. Versélewel de Witt Hamer van Haarlem, briefwisseling in verband met die versending en verkope van Boerekrygsgevangenekuns in Nederland begin. F.C. het aan sy broer geskryf dat 'n paar kiste met voorwerpe aan hom gestuur moes word, waarna hy tentoonstellings sou organiseer en die verkope met behulp van die pers onder die publiek se aandag sou bring.<sup>109</sup> Die De Witt Hamerbroers was die groot dryfveer agter die projek om krygsgevangenekunsvoorwerpe in Europa te verkoop sodat 'n Europese mark geopen kon word.<sup>110</sup> Vanaf Maart 1901 was F.C. verantwoordelik vir die verspreiding en verkoop van krygsgevangenehandwerk in Nederland<sup>111</sup> vanaf St. Helena sowel as Ceylon, veral ten bate van die Weduwee- en Wesefonds.

Verskeie tentoonstellings is gedurende 1901 en 1902 deur F.C. georganiseer om die verkope van Boerekrygsgevangenekuns aan te moedig. Vanaf 1 tot 2 Junie 1901 het 'n tentoonstelling in die boonste saal van die 'Olde Munte' plaasgevind.<sup>112</sup> Op 25 en 26 Augustus 1901 vanaf 10:00 tot 16:00 is 'n uitstalling in die Bewaarskool in Haarlem gehou.<sup>113</sup> Op Vrydag 14 en Saterdag 15 September 1901 was daar nog 'n tentoonstelling in die saal van die 'Societeit

---

<sup>106</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 135.

<sup>107</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, pp. 2-3.

<sup>108</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 84, 86.

<sup>109</sup> Universiteit van die Witwatersrand Biblioteek, Johannesburg: A2400, De Witt Hamer Argief: F.C. Versélewel de Witt Hamer – B.G. Versélewel de Witt Hamer, 7 November 1900.


<sup>110</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 1, 8 Junie 1901, p. 2; *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 2, 15 Junie 1901, p. 1.

<sup>111</sup> *Haarlem's Dagblad*, 22 April 1902, p. 2.

<sup>112</sup> *Haarlem's Dagblad*, 5 Junie 1901, p. 3.

<sup>113</sup> *Haarlem's Dagblad*, 23 Augustus 1901, p. 3.

Vereeniging' in Haarlem. Op aanvraag, is die uitstalling na die Dinsdag en Woensdag verleng om in die middag vanaf 13:00-17:00 asook saans vanaf 19:00-22:00 vir die publiek toeganklik te wees.<sup>114</sup> In Oktober 1901 is tentoonstellings in Zandvoort en Arnhem gehou waartydens 'n opbrengs van ongeveer 3 000 gulde ingesamel is. Nog tentoonstellings het dieselfde maand in die kunssaal van mevrou Odenzeel en die 'Glasha' in Rotterdam plaasgevind. Deur verkope van krygsgevangenehandwerk te Sliedrecht is 100 gulde verkry.<sup>115</sup> In Rotterdam is die model van 'n boerewoning van J. Hidde Nijland, saam met die kanon wat in die Deadwood-kamp gemaak is, ten toon gestel.<sup>116</sup> Vanaf 13-17 November 1901 is krygsgevangenekuns in die kunssaal van mejuffrou G.H. Matthijssen by Leeuwarden uitgestal en die som van 1 244 gulde is bymekaar gemaak.<sup>117</sup> By Utrecht is daar op 25 November 1901 'n tentoonstelling gehou.<sup>118</sup> Die *Zuid-Afrikaansche* tentoonstelling by Scheveningen in Desember 1901 het ook groot aftrek gekry.<sup>119</sup> Tydens dié geleentheid is voorwerpe wat aan J. Hidde Nijland behoort het, uitgestal en voorwerpe wat deur die krygsgevangenes op St. Helena en Ceylon vervaardig is, is te koop aangebied.<sup>120</sup>



**Figuur VIII-9: Die Zuid-Afrikaansche tentoonstelling te Scheveningen in 1901.**  
Uit: Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB5985.

<sup>114</sup> *Haarlem's Dagblad*, 12 September 1901, p. 1; *Haarlem's Dagblad*, 17 September 1901, p. 3.

<sup>115</sup> *Haarlem's Dagblad*, 9 Oktober 1901, p. 2; *Haarlem's Dagblad*, 23 Oktober 1901, p. 2.

<sup>116</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 14, 14 Desember 1901, p. 2.

<sup>117</sup> *Haarlem's Dagblad*, 19 November 1901, p. 2.

<sup>118</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB1343, foto: Zuid-Afrikaansche tentoonstelling te Utrecht, 25 November 1901.

<sup>119</sup> J. de Beer en R. de Beer, *St. Helena: Eiland van verlatenheid, fotobeeld 1899-1902*, p. 43; Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB5985, foto: Zuid-Afrikaansche tentoonstelling te Scheveningen, 1901.

<sup>120</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 14, 14 Desember 1901, p. 2.

By die ‘Groote Societeit’ te Enschedé is daar vanaf 10-12 Januarie 1902 ’n tentoonstelling aangebied waartydens die hoofattraksie die goudstampbattery was, wat deur vier Finne op St. Helena vervaardig is. Een-vyfde van die toegangsgeld is spesifiek uitgesonder om aan die vervaardigers van die goudstampbattery te besorg.<sup>121</sup> Vanaf 6-9 Februarie 1902 is ’n tentoonstelling by Middelburg gehou wat deur 1 600 mense besoek is, met ’n opbrengs van ongeveer 1 030 gulde.<sup>122</sup> A. van Foreest van Heiloo het ’n tentoonstelling gehou en 102,65 gulde se voorwerpe en posstukke verkoop. H.W. Mulock Houwer van Zierikzee het ook ’n tentoonstelling aangebied en 320,10 gulde bygedra. Teen April 1902 is 3 426 gulde aan mevrou Wascklewicz, die penningmeesteres van die Broekhuizen-fonds, oorhandig, asook 2 131,46 gulde aan mevrou Ghisjne-Proot, die penningmeesteres van die *Middelburg Dames Comité*.<sup>123</sup> Van die mooiste voorwerpe is in die *Zuid-Afrikaansch Museum* in Dordrecht uitgestal. Die museum is op 1 Julie 1902 deur J. Hidde Nijland geopen. In die tweede saal was daar ongeveer 2 000 Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe afkomstig van St. Helena, Ceylon en Bermuda op uitstalling.<sup>124</sup> Op 7 Augustus 1902 het president Kruger die tentoonstelling te Scheveningen, wat deur die *Den Haagsche Pro-Boer Vereeniging* georganiseer is, bygewoon. Die uitstalling het ’n spesifieke afdeling gehad vir voorwerpe wat deur Boerekrygsgevangenes vervaardig is.<sup>125</sup>



**Figuur VIII-10: President Kruger en die bestuur van die *Den Haagsche Pro-Boer Vereeniging* by die afdeling vir Boerekrygsgevangenekuns te Scheveningen op 7 Augustus 1902.**  
Uit: Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB3591.

<sup>121</sup> *Haarlem's Dagblad*, 15 Januarie 1902, p. 2.

<sup>122</sup> *Haarlem's Dagblad*, 14 Februarie 1902, p. 2.

<sup>123</sup> *Haarlem's Dagblad*, 22 April 1902, p. 2.

<sup>124</sup> F. Oudschans Dentz, Van Dordrecht naar Pretoria; De geschiedenis van het Zuid-Afrikaansch Museum en een schilderij, *Historia*, 4(4), Desember 1959, pp. 248-249.

<sup>125</sup> Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB3591, foto: President Kruger en die bestuur van die Den Haagsche Pro-Boer Vereeniging, s.a.

### 3. Frankryk

Frankryk se diplomatieke nederlaag met die Fasjoda-krisis van 1898 het bygedra tot die anti-Britse sentimente wat in dié land geheers het.<sup>126</sup> Tentoonstellings en verkope van Boerekrygsgevangenekuns is ook in Frankryk georganiseer,<sup>127</sup> maar op 'n veel kleiner skaal. In 'n brief gepubliseer deur kaptein B.G. Versélewel de Witt Hamer in *De Krijgsgevangene* van St. Helena op 16 November 1901, het daar wel verkope van voorwerpe in Frankryk plaasgevind. Die beraamde opbrengs wat dié voorwerpe ingebring het, was op daardie stadium £22 0s. 0d.<sup>128</sup>

### 4. Duitsland

Die Duitsers se negatiewe gevoel teenoor die Britse Ryk het hul geesdrif vir die Boeresaaik aangevuur en hul pro-Boer-houding versterk.<sup>129</sup> Alhoewel dit voorkom of krygsgevangenes in Indië nie eintlik 'n internasionale afsetgebied vir die verkoop van krygsgevangenekuns gehad het nie, het die krygsgevangene, R. Wheeler, wel probeer om een in Duitsland te skeep. Tydens sy besoek aan die dorp Trichinopoly het hy het bevriend geraak met 'n Duitse sendeling, eerwaarde Dachsalt. Die eerwaarde het belanggestel in die voorwerpe wat deur die krygsgevangenes gemaak is en die moontlikheid geopper dat daar wel 'n mark onder belangstellende Duitsers sou wees. Hulle het 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens Wheeler alle voorwerpe wat hy in die kamp kon opkoop, maandeliks na die Duitse Konsul in Bombaai sou stuur. Dachsalt het in ruil daarvoor betaal en die voorraad aan belangstellendes in Duitsland versprei en verkoop. Die werkswyse het so voortgeduur totdat Wheeler na Bellary gestuur is. Op daardie stadium het hy reeds die ekwivalent van ongeveer £500 in roepees verdien.<sup>130</sup>

### 5. Verenigde State van Amerika

Benewens die feit dat die VSA geografies naby aan Bermuda geleë is, is daar in die VSA ook 'n omvangryke propagandaveldtog ten gunste van die Boererepublieke van stapel gestuur. Veral die Midde-Weste waar heelwat Duitse, Nederlandse en Ierse immigrante hulself gevestig

---

<sup>126</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 86.

<sup>127</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 135.

<sup>128</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901, pp. 2-3.

<sup>129</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 86.

<sup>130</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 06348/00001, pp. 16-17: Herinneringe van R.T. Wheeler.



het, was simpatie vir die Boeresaak oorweldigend. Amerikaners kon hulself vereenselwig met die Boere se vryheidstryd vanweë hul eie vryheidstryd teen Brittanje in die jare 1776-1783.<sup>131</sup>

Die *Lend a Hand Society* in Boston, waarby eerwaardes E.E. Hale en W.S. Key betrokke was, het van die krygsgevangenekunsvoorwerpe wat op Bermuda vervaardig is, in die VSA verkoop.<sup>132</sup> In die argief van die *Lend a Hand Society* is daar 'n ingebinde grootboekrekening met datums, name en bedrae in dollars van donasies sowel as verkope van Boere-krygsgevangenekuns. In een van die koerantartikels wat in dié volume verskyn, skryf Hale: “Will you say to your readers that we shall have a little deposit of these curios, which we will be glad to send to anybody who cares to help these poor fellows along. I should think they would be acceptable at fairs ... we will use this money in buying Dutch books and newspapers for the reading room which their friend proposes in Bermuda.”<sup>133</sup>

Twee of drie kiste vol krygsgevangenehandwerk is deur dominee J.A. van Blerk na C.D. Pierce, konsul-generaal van die OVS in New York, gestuur om aan die *Lend a Hand Society* in Boston te oorhandig. W.S. Key het egter vir Van Blerk laat weet dat hulle nie oor die nodige fondse (\$46.00) beskik het om vooraf te betaal nie. Die vereniging moes eers die inhoud van die kratte in ontvangs neem, waarna 'n uitstalling of basaar in Boston gehou kon waartydens die voorwerpe verkoop kon word. Key het egter voorgestel dat versendings in die toekoms soos volg hanteer moes word: “The plan we follow with Miss Outerbridge in this matter is, that the lady secures the toys etc., then forward them to us. We sell them and remit the proceeds to her. You see what money is entrusted to this Society has to be remitted to Miss Outerbridge or expended here in purchasing what we deem is necessary for the P.O.W..”<sup>134</sup>

K.W. Elwes van die *Association for Boer Recreation* in Hamilton het ook probeer om 'n mark in die VSA te vestig. Sy het voorbeelde van die Boerekrygsgevangenekuns wat op Bermuda vervaardig is, saam met 'n advertensie na 'n koerantagentskap in New York gestuur, met die hoop om bestellings te kry. Omdat van die voorwerpe baie klein was en dit baie administrasie

---

<sup>131</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 86.

<sup>132</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 194, 209.

<sup>133</sup> Massachusetts Historical Society, Boston: *Lend a Hand Society records*, Carton 4: Boer prisoners in Bermuda 1901-1902, Ledger.

<sup>134</sup> J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 139.

geverg het, het Elwes dit goed gedink om houers met 200 kleinerige speelgoedjies saam te stel wat dan teen \$100 per boks verkoop kon word.<sup>135</sup>

Volgens W.S. Key van die *Lend a Hand Society* het die *Association for Boer Recreation* slegs die verkope van die Boerekrygsgevangenekuns hanteer om die kommissie daarop te verkry en het hulle geen liefde vir die saak gehad nie. Hy skryf:

Allusion has already been made to the many curious [*sic*] articles that are made by the prisoners and sold for their benefit. For some time they were allowed to hand these goods to one or two sympathising people in Hamilton, who shipped them in fairly large quantities to Boston, New York, St. Louis, Chicago and elsewhere. They met with a ready sale at good prices. At the present time, however, what is known as the Prisoners of War Recreation Society enjoys the exclusive right to handle every article made in the camps. A small store has been opened in Hamilton where these curios are offered for sale. Of course there is a very limited demand and a commission of 12½ per cent, is charged by the Recreation Society for selling the goods, whereas, were they shipped straight to the United States they would very promptly be sold at high prices, with no deduction of commission and would be handled by friends of the men who make them as a labour of love.<sup>136</sup>

Krygsgevangenekunsvoorwerpe soos papiermesse is ook vanaf Ceylon aan W. Shaw, boekhouer van die *Christian Endeavor Society*, in die VSA gestuur om by die vereniging se vergaderings te verkoop. 'n Gedeelte van die opbrengs is vir sendingwerk aangewend, terwyl 'n bankwissel van £6 8s 1d vir hulle eie gebruik aan die krygsgevangenes gestuur is.<sup>137</sup> In 'n brief van J.B. Hulst van die VSA in *De Strever* van 5 April 1902 skryf hy dat hulle druk besig was om die Boerekrygsgevangenekuns wat hulle van Ceylon af ontvang het, te verkoop. Veral pype en borsspelde, slangdosies, sigaarhouers, tabakhouers en mosterdlepeltjies was in aanvraag.<sup>138</sup>

Dit is duidelik dat die krygsgevangenes nie net die maak van krygsgevangenehandwerk bloot as 'n gerieflike tydverdryf beskou het, waarmee hul toevallig 'n paar sente kon verdien nie. Boerekrygsgevangenekuns is op groot skaal vervaardig en doelbewuste pogings is aangewend om daarmee handel te dryf. In die geval van St. Helena, Ceylon en Bermuda is daar gepoog om afsetgebiede in die onderskeie krygsgevangenekampe sowel as die naburige hoofstede te

---

<sup>135</sup> *The Royal Gazette*, 3 August 1901, p. 2.

<sup>136</sup> W.S. Key, The Boer prisoners at Bermuda, *The Boston Evening Transcript*, 18 January 1902, s.p.

<sup>137</sup> E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 278.

<sup>138</sup> *De Strever* 1(16), 5 April 1902, p. 86.

vestig. Selfs op internasionale gebied het krygsgevangenes van St. Helena en Ceylon dit reggekry om verkope in Europese lande te bewerkstellig, terwyl krygsgevangenes van Bermuda op die Amerikaanse toerismemark en verkope in die VSA gefokus het. Veral die talle tentoonstellings wat georganiseer is, het bygedra om die aanvraag en verkope van krygsgevangenehandwerk aan te moedig. Dit was slegs die krygsgevangenes in Indië wat waarlik gesukkel het om plaaslike sowel as buitelandse kopers vir hul krygsgevangenehandwerk te kry.

## HOOFSTUK IX

# DIE KULTURHISTORIESE BELANG VAN BOERE- KRYGSGEVANGENEKUNS

---

Vier redes kan aangevoer word vir die kultuurhistoriese belang van Boerekrygsgevangenekuns. In die eerste plek is krygsgevangenehandwerk deur families en afstammeling van Boerekrygsgevangenes (en selfs Britse soldate) as kosbare kleinode van geslag tot geslag oorgedra. Tweedens word duisende voorbeelde van krygsgevangenehandwerk in museums in Suid-Afrika sowel as die buiteland bewaar en uitgestal. Derdens word krygsgevangenekunsvoorwerpe as versamelstukke met 'n hoë monetêre waarde deur privaatversamelaars opgeraap. Laastens word die bydrae wat Boerekrygsgevangenekuns tot die vorming van 'n nasionale Afrikaner-identiteit gehad het, kortliks bespreek.

### **Boerekrygsgevangenekuns as familie-erfstukke**

Krygsgevangenes se eensaamheid en hunkering na hul familie en geliefdes terwyl hulle in krygsgevangenekampe in Suid-Afrika en verafgeleë plekke soos St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda afgesonder was, het gelei tot die maak van liefdesgeskenke. Baie van die krygsgevangenekunsvoorwerpe is heel waarskynlik gemaak met die doel om dit vir gesinslede te neem wanneer die krygsgevangenes eendag na Suid-Afrika sou terugkeer.<sup>1</sup> So onthou J.J. Gordon byvoorbeeld dat hy na sy krygsgevangenskap in Diyatalawa op Ceylon vir elkeen van sy ses kinders 'n kurio met sy terugkoms in Suid-Afrika gegee het.<sup>2</sup> J.J.D. van Niekerk het ook vir sy vader penstele en 'n kerie wat op Ceylon gemaak is gegee, wat hy na sy dood in 1925, weer van hom geërf het.<sup>3</sup>

Sommige persone het met hulle terugkeer aansienlike versamelings van krygsgevangenekunsvoorwerpe soos borsspelde, penstele, portretrame en keries, saamgebring.<sup>4</sup> A.A. Smit skryf in

---

<sup>1</sup> S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, pp. 276-277; J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 137;

<sup>2</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.J. Gordon – K. Roodt-Coetzee, s.a.

<sup>3</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: J.J.D. van Niekerk – K. Roodt-Coetzee, 1 Februarie 1941.

<sup>4</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 70: K. Roodt-Coetzee, "Die Boerekrygsgevangenes as 'n kultuurgroep", konsep M.A.-verhandeling, s.a., s.p.

sy herinneringe aan Bermuda in Desember 1901 dat die meeste van die krygsgevangenes soveel aardighede versamel het dat dit vir sommige onmoontlik sou wees om alles te vervoer in geval hulle verplaas moes word. Hy het self drie swaar bondels gehad wat onder andere vier sederhouttafelpote, die raamwerk van 'n groot leunstoel en 45 kieries ingesluit het; derhalwe het hy besluit om 'n kis of portmanto van hout te maak waarin hy sy besittings kon plaas.<sup>5</sup> W.A.C. Emmet, wat ook op Bermuda 'n krygsgevangene was, onthou dat hulle beveel is om so min as moontlik bagasie saam te neem toe hulle aan boord die *S.S. Roslin Castle* wou gaan. Sommige krygsgevangenes moes blykbaar bokse vol aandenkings en persoonlike besittings wat hulle tydens hulle verblyf op die eiland bymekaar gemaak het, agterlaat. Asof dit nie erg genoeg was nie, is die res van Emmet se besittings, asook 'n kampstoel wat hy op Bermuda gemaak het, terug in Suid-Afrika op die trein gesteel.<sup>6</sup> G.J. Mentz vertel in sy herinneringe dat al die kurios wat hy saamgebring het, in 'n groot kas gepak was wat by Durban van die hyskraan losgekom en in die see geval het.<sup>7</sup>

Tog bestaan daar talle krygsgevangenekunsvoorwerpe wat deur Suid-Afrikaanse families as waardevolle erfstukke gekoester word, met diep sentiment daaraan gekoppel. M. Webb skryf in die *Lantern* van Februarie 1986 dat een van haar kosbaarste erfstukke 'n klein riempiesmatstoeltjie was wat haar pa op St. Helena vir sy twee jonger sussies as geskenk gemaak het. Agter op die rugleuning van die stoel verskyn die inskripsie: 'Helena en Myrtle van Boetie Harry' en voorop: 'St. Helena 1901'. Volgens haar was die stoeltjie die geliefkoosde sitplek van menige kindertjies wat daar kom kuier het.<sup>8</sup>

Boerekrygsgevangenekuns is egter nie net deur die afstammeling van Boerekrygsgevangenes bewaar nie maar ook deur die families van Britse soldate. Die museumkundige by die Nasionale Museum van Bermuda, D.A. Atwood, skryf spesifiek oor die voorbeeld van 'n sederhouttabakhouer wat deur een van die krygsgevangenes aan 'n Britse soldaat, Cleveland Gerald Franklin, gegee is. Die tabakhouer is vir dekades deur sy familie bewaar en het selfs

---

<sup>5</sup> A.A. Smit, *Getrou... tot verby die einde: Dagboeke van A.A. Smit te Bermuda* (red. J. Oosthuizen), p. 28.

<sup>6</sup> W.A.C. Emmett, Reminiscences of a Boer prisoner of war at Bermuda, *Africana Notes and News* 28(1), March 1988, p. 26.

<sup>7</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: K. Roodt-Coetzee Argief, Boks 66: G.J. Mentz – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940.

<sup>8</sup> M. Webb, Bedevaart na St. Helena, *Lantern* 35(1), Februarie 1986, p. 17.

saam met hulle na Nieu-Seeland gegaan, waarna dit later deur Franklin se kleinseun aan die Nasionale Museum van Bermuda geskenk is.<sup>9</sup>

Gedurende die oorlog was daar onder die krygsgevangenes persone wat die intrinsieke en kultuurhistoriese waarde van dié voorwerpe besef het, meer as bloot net hul nuttige en estetiese waarde as kuriositeite of snuisterye. In *De Strever* van 8 Februarie 1902 word die versugting in 'n berig uitgespreek dat die nuttige gebruiksartikels wat deur die krygsgevangenes tydens hul ballingskap vervaardig is, vir eeue in die huise van Afrikaners sal pryk as gedenktekens en ter nagedagtenis aan hul verblyf op Ceylon bewaar moet bly.<sup>10</sup> Tog het die edele idee nie by almal inslag gevind nie en het die opkomende generasie nie noodwendig altyd dieselfde waarde aan die krygsgevangenekunsvoorwerpe geheg as die generasie wat direk by die oorlog betrokke was nie. P.E. Streicher skryf in 'n artikel in *Die Huisgenoot* van 1934 dat baie van dié voorwerpe deur nalatigheid verwaarloos geraak het.<sup>11</sup> D. Mostert het in 1922 ook die saak aangeroer deur te skryf dat dié belangrike erfstukke bewaar moet word en dat 'n museum wat spesiaal vir dié doel bestem is, tot stand gebring moes word.<sup>12</sup>

## **Boerekrygsgevangenekuns in museumversamelings**

### **1. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein**

Die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein beskik waarskynlik oor die grootste versameling Boerekrygsgevangenekuns in Suid-Afrika – indien nie in die wêreld nie – met meer as 2 000 voorwerpe in die museum se besit.<sup>13</sup> Tydens die hoeksteenlegging van die Oorlogsmuseum op 26 April 1930 het die destydse senator, W.J.C. Brebner, in sy toespraak gemeld dat die komitee, sodra die gebou afgelewer was, 'n beroep op vriende sou maak “vir die insending van voorwerpe soos foto's, kledingstukke en ander artikels wat in die veld, konsentrasiekampe en krygsgevangenekampe vervaardig is”.<sup>14</sup>

---

<sup>9</sup> D.A. Atwood, Bermuda confinement art: Artifacts spread around the world carrying tales of prisoners and their captors, *Maritimes* 26(1), 2013, pp. 19-20.

<sup>10</sup> *De Strever* 1(8), 8 Februarie 1902, p. 41.

<sup>11</sup> P.E. Streicher, Kamp Kruidmels, *Die Huisgenoot*, 16 November 1934, p. 33.

<sup>12</sup> D. Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p. 348.

<sup>13</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: Voorwerpdatabasis met 513 inskrywings vir St. Helena, 1 199 inskrywings vir Ceylon, 91 inskrywings vir Indië en 499 inskrywings vir Bermuda, 18 April 2019.

<sup>14</sup> D.L. Olivier, “Die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (1930-1966)”, B.A. Honneurs-navorsingsverslag, U.O.V.S., Desember 1976, p. 5.

'n Sentrale komitee is saamgestel uit kommandant Froneman, doktor N.J. van der Merwe en J. Reitz, om die insameling van sodanige voorwerpe asook historiese mededelings van oudstryders te behartig.<sup>15</sup> Met die opening van die Oorlogsmuseum op 30 September 1931, het die museum reeds talle skenkings van onder meer Boerekrygsgevangenekuns ontvang. Een van die vroegste inskrywings in die aanwinsregister van die Oorlogsmuseum in 1931 is dié van 'n miniatuurwaentjie kompleet met jukke en skeie wat deur Boerekrygsgevangenes van Darrell-eiland op Bermuda gemaak is en deur J. Kieser na Suid-Afrika teruggebring is.<sup>16</sup>

Op 9 Julie 1930 het Fred Oudschans-Dentz in 'n brief aan die sekretaris van die Nasionale Vrouemonument sy hulp aangebied om voorwerpe, dokumente en boeke in Nederland bymekaar te maak om sodoende die Oorlogsmuseum se versameling uit te brei. 'n Museum-komitee wat bestaan het uit P.J. de Kanter (Algemene Nederlandsche Verbond), doktor J.W. Pont (Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging), D.J. de Villiers (gesant van die Unie in Den Haag), doktor W.J. Leyds en K.F. van den Berg (kommissie vir Nederlands-Suid-Afrikaanse handel), is saamgestel wat vir Oudschans-Dentz met die projek bygestaan het. Op 10 Oktober 1931 is 'n tentoonstelling van die ingesamelde items in die 'Stammuseum van die Algemene Nederlandsche Verbond' geopen. Die tentoonstelling het ongeveer 2 000 besoekers getrek. Teen die sluiting van die tentoonstelling is reeds 134 skenkings ontvang. Insamelingspogings in Nederland het egter voortgegaan en nog tentoonstellings is georganiseer. Uiteindelik is ongeveer 1 300 stukke deur die Oorlogsmuseum ontvang, vanaf die eerste besending in Desember 1931 tot die laaste besending Bloemfontein op 17 November 1947 bereik het.<sup>17</sup> Talle Boerekrygsgevangenehandwerk het deel gevorm van die onderskeie besendings. Volgens die vyfde lys van voorwerpe wat in April 1939 aan die Oorlogsmuseum gestuur is, het mevrou J. Kreunen-Mees van Windewaal in Hoenderloo elf krygsgevangenekunsvoorwerpe, waaronder 'n borsspeld met die bewoording 'Bettie' daarop, geskenk.<sup>18</sup>

In die 88-jarige bestaan van die Oorlogsmuseum het die museum se Boerekrygsgevangenekunsversameling aansienlik gegroei. Volgens die Museumgeesteswetenskaplike bestuurder,

---

<sup>15</sup> D.L. Olivier, "Die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (1930-1966)", pp. 7-8.

<sup>16</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00006/00001, inskrywing in aanwinsregister.

<sup>17</sup> D.L. Olivier, "Die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (1930-1966)", pp. 8-12; Anoniem, Herinneringe aan die Boereoorlog, *Die Huisgenoot*, 11 Desember 1931, p. 25.

<sup>18</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: Geen nommer, Skenkingsleër wat verband hou met die "Inventaris van voorwerpen, dokumente, boeke en geskrifte in Nederland byeen verzameld ten behoeve van het Oorlogsmuseum te Bloemfontein - Vijfde Lijst van Voorwerpe gezonden aan het Oorlogsmuseum te Bloemfontein, April 1939"; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 03818/00002, borsspeld, 1901.

J. van Zyl, was daar selfs 'n tydperk in die museum se geskiedenis waar krygsgevangene-handwerk van die hand gewys is, omdat die museum nie genoeg stoorplek gehad het om dié betrokke versameling te huisves nie.<sup>19</sup> Tog ontvang en aanvaar die Oorlogsmuseum vandag steeds skenkings van krygsgevangenehandwerk soos die Robinson-versameling wat in April 2017 deur professor J. Robinson van Durbanville in Kaapstad geskenk is.<sup>20</sup> 'n Verteenwoordigende deel van die Oorlogsmuseum se Boerekrygsgevangenekunsversameling afkomstig van krygsgevangenekampe in Suid-Afrika, St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda word in agt uitstalkaste in die Kruger-saal uitgestal en is daar ook 'n diorama van hoe 'n houtwerkswinkel sou gelyk het – kompleet met draaibanke en houtwerkgereedskap.



**Figuur IX-1:** 'n Diorama van hoe 'n tipiese houtwerkswinkel in een van die krygsgevangenekampe sou gelyk het, word in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein uitgebeeld.

Foto: V.R. Heunis, 23 April 2019.

## 2. Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria

Die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria besit, naas die Oorlogsmuseum in Bloemfontein, sekerlik die tweede grootste museumversameling van Boerekrygsgevangenehandwerk wat ongeveer 1 000 voorwerpe behels. Alreeds in 1904 het die kurator van die voormalige Zuid-Afrikaanse Republiek Staatsmuseum (voorloper van die Transvaalmuseum, daarna die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum en tans die

<sup>19</sup> Persoonlike inligting: J. van Zyl, Museumgeesteswetenskaplikebestuurder, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Monumentweg, Bloemfontein, 23 April 2019.

<sup>20</sup> Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 07740/00001-07740/00078, inskrywings in aanwinstregister.



Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum) ’n beroep op die publiek gedoen om Anglo-Boereoorlog-verwante voorwerpe aan die museum te skenk.<sup>21</sup>

’n Gedeelte van dié museum se krygsgevangenekunsversameling se oorsprong is egter te danke aan die sogenaamde Dordrecht-versameling wat in 1920 na Suid-Afrika gestuur is om deur die Transvaal Museum bewaar te word. Die Dordrecht-versameling se herkoms kan teruggespoor word na die Zuid-Afrikaansch Museum in Dordrecht, Nederland, wat van 1901 tot 1921 bestaan het. Die versameling is deur J. Hidde Nijland byeengebring van voorwerpe wat deur die ZAR by die internasionale tentoonstelling in 1900 in Parys in Frankryk uitgestal is, asook voorwerpe wat deur Hidde Nijland se persoonlike insamelingspogings bygevoeg is.<sup>22</sup>

Hidde Nijland het hom na die krygsgevangenes in die onderskeie kampe gewend en hulle oor sy plan om ’n museum te stig, ingelig.<sup>23</sup> Hy het byvoorbeeld in artikels in die St. Helena kampkoerant, *De Krijgsgevangene*, ’n beroep op die krygsgevangenes gedoen om voorbeelde van hul krygsgevangenehandwerk vir die Zuid-Afrikaansch Museum in Dordrecht te skenk.<sup>24</sup> Spoedig het daar groot belangstelling onder die krygsgevangenes ontstaan en het hulle van hul beste inskrywings wat vir handwerkuitstallings vervaardig is, aan hom gestuur.<sup>25</sup> Selfs tydens die koninklike besoek in 1901 deur die prins en prinses van Wallis aan die Diyatalawa-kamp in Ceylon, het beide die persverteenvoerders, E.F. Knight en W. Maxwell, opgemerk dat kiste vol krygsgevangenehandwerk sorgvuldig verpak en een kant gehou is vir die museum in Nederland.<sup>26</sup> Hidde Nijland se versameling krygsgevangenekuns het gaandeweg tot meer as 2 000 voorwerpe uitgebrei.<sup>27</sup>

Op 1 Julie 1902 is die Zuid-Afrikaansch Museum in Dordrecht amptelik geopen. Die museumgebou het uit nege sale in twee verdiepings bestaan met ’n ou Boerewoning en tradisionele hut in die binneplaas. In die tweede saal op die grondvloer is die ongeveer 2 000

---

<sup>21</sup> Geskrewe inligting: J. van den Bos, Kurator van die Militêre-versameling, Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria, [janv@mitsong.org.za](mailto:janv@mitsong.org.za), 23 April 2019.

<sup>22</sup> E. Grobler, An exercise in collections management: The documentation vicissitudes of the Dordrecht Collection at the Transvaal Museum, *NHCM Research Journal* 1, 2006, p. 25.

<sup>23</sup> P.J. de Beer, Die “Zuid-Afrikaansch Museum” te Dordrecht, 1902-1921, *Historia* 14(1), Maart 1969, p. 17.

<sup>24</sup> *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 11, 19 Oktober 1901, p. 2; *De Krijgsgevangene* (St. Helena) 14, 14 Desember 1901, p. 3.

<sup>25</sup> P.J. de Beer, Die “Zuid-Afrikaansch Museum” te Dordrecht, 1902-1921, *Historia* 14(1), Maart 1969, p. 17.

<sup>26</sup> E.F. Knight, *With the royal tour*, pp. 66-67; W. Maxwell, *With the “Ophir” round the empire. An account of the tour of the Prince and Princess of Wales, 1901*, p. 49.

<sup>27</sup> P.J. de Beer, Die “Zuid-Afrikaansch Museum” te Dordrecht, 1902-1921, *Historia* 14(1), Maart 1969, p. 17.

krygsgevangenekunsvoorwerpe afkomstig van St. Helena, Ceylon en Bermuda uitgestal.<sup>28</sup> In die amptelike katalogus van die Zuid-Afrikaansch Museum word daar egter 1 850 krygsgevangenekunsvoorwerpe (van nommer 4001 tot 5850) gelys wat in dié betrokke saal uitgestal is. In die beskrywings wat in die katalogus verskyn, is daar gepoog om sover moontlik agter elke nommer die voorletters of naam en van wat op voorwerpe voorgekom het, aan te dui. So byvoorbeeld was die inskrywing vir nommer 4001 ‘Sporting-Mauser, hout, M. Geijser. Ladybrand’.<sup>29</sup>

Die uitstalling in ‘de Zaal der Krijgsgevangenen’ het soos volg daar uitgesien:

Meer dan 40 kaarten, gevuld met een groot aantal kleine voorwerpen, sieren de drie wanden der zaal, terwijl de vierde wand helder licht van de binnenplaats werpt op tafels en kasten, rondom en in het midden geplaatst, en geheel gevuld met snuisterijen ... Nu hebben wij de voorwerpen op de tafels bekeken en doen eens de rondte langs de muren, gevuld as ’t ware met voorwerpen waarvan de meeste op cartons geregen zijn, en waarboven de nummers van den catalogus duidelijk zijn aangegeven.<sup>30</sup>

Die verskeidenheid en verskillende tipes voorwerpe wat uitgestal is, word breedvoerig in die amptelike brosjure ‘Beknopte beschrijving van het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht’ deur A. Meyroos beskryf.<sup>31</sup>

Die verhouding tussen Hidde Nijland en die bestuur van die museum het mettertyd verbrokkel nadat sekere ongerymdhede aan die lig gebring is, wat daartoe gelei het dat Leyds die versameling in 1906 teruggeëis het sodat dit na Suid-Afrika teruggestuur kon word. In 1909 het Leyds besluit om Hidde Nijland te dagvaar om sy bewerings rakende die skynkontrak en bruikleen van voorwerpe teen te staan. Die hofsak is op 21 Junie 1911 ten gunste van Leyds beslis, asook die daaropvolgende appèl-sake in 1913 en 1914. Die Zuid-Afrikaansch Museum-versameling het uiteindelik in 1920 na Suid-Afrika teruggekeer.<sup>32</sup> Die inhoud van die derde en finale besending van vyftien kiste en een krat wat met die *S.S. Nieuwe Maas* na Kaapstad gestuur is, het hoofsaaklik bestaan uit museumstukke wat direk met president Kruger verband

---

<sup>28</sup> F. Oudschans Dentz, Van Dordrecht naar Pretoria; De geschiedenis van het Zuid-Afrikaansch Museum en een schilderij, *Historia*, 4(4), Desember 1959, pp. 248-249; P.J. de Beer, Die “Zuid-Afrikaansch Museum” te Dordrecht, 1902-1921, *Historia* 14(1), Maart 1969, p. 17.

<sup>29</sup> J.L. Kouwenaar, *Het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht*, p. 346; Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: Geen nommer, “Catalogus van het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht” IV No 3687 – (5900).

<sup>30</sup> J.L. Kouwenaar, *Het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht*, p. 346.

<sup>31</sup> A. Meyroos, *Beknopte beschrijving van het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht*, pp. 13-16.

<sup>32</sup> P.J. de Beer, Die “Zuid-Afrikaansch Museum” te Dordrecht, 1902-1921, *Historia* 14(1), Maart 1969, pp. 18-19.

gehou het. Tog is daar volgens die inventaris van die besending in kis XI ook voorwerpe wat deur die krygsgevangenes vervaardig is met die amptelike katalogusnommers van 4955 tot 5007, ingesluit.<sup>33</sup>

Die bestuur verantwoordelik vir die terugbesorging van die Dordrecht-versameling aan Suid-Afrika het besluit om 'n aantal voorwerpe, onder meer Boerekrygsgevangenehandwerk, te verkoop. Die opsigter van die museum, J.H. van Bijleveldt, was gemagtig om voorwerpe uit die hand aan die publiek te verkoop. Van die voorwerpe is ook op 'n veiling deur die firma A. Mak op 29 en 30 September 1920 te Dordrecht opgeveil. Die veilingskatalogus het spesifiek melding gemaak van 'n afdeling voorwerpe wat deur Boerekrygsgevangenes op Ceylon en St. Helena vervaardig is. Nadat die grootste deel van die versameling opgepak en na Suid-Afrika versend is, het daar slegs een kis met krygsgevangenehandwerk in die ou museumgebou oorgebly. Leyds het voorgestel dat die kis na Stellenbosch gestuur en daar op 'n kermis verkoop moes word om fondse vir die plaaslike universiteit in te samel.<sup>34</sup>

Die res van die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum se Boerekrygsgevangene-kunsversameling is deur die jare aangevul met donasies soos die J. Friis-skenking wat in 1954 aan die museum oorgedra is.<sup>35</sup> Die uitbreiding van die betrokke versameling is ook grootliks te danke aan die kultuurhistorikus en latere direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Kotie Roodt-Coetzee, se toewyding en entoesiasme. Roodt het reeds as 'n jong eerstejaarstudent aan die Universiteit van Pretoria in 'n kursus oor Afrikaanse Kuns en Kultuur 'n studie oor die Boerekrygsgevangenes aangepak. Vir dié studie het sy eerstehandse kennis oor die handwerk van die krygsgevangenes opgedoen toe sy 'n kis vol krygsgevangene-kunsvoorwerpe by die Ou Museum in Boomstraat ondersoek het. Dié studie het waarskynlik die grondslag gelê vir haar artikel 'Die krygsgevangenes as 'n kultuurgroep' wat in die eerste uitgawe van die tydskrif *Castalia* in 1934 verskyn het.<sup>36</sup> Daaropvolgende artikels soos die 'Gevangene-kuns van die Boer' in *Die Huisgenoot* van 7 Junie 1940, asook die 'Handwerk van

---

<sup>33</sup> Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: Transvaal Museum Argief, Algemene Leër 5/11-4, Hidde Nijland Museum, Boks 515, W.J. Leyds – H.S.J. Bodenstein, 22 Oktober 1920.

<sup>34</sup> P.J. de Beer, "Die Zuid-Afrikaansche Museum te Dordrecht 1902-1921", M.A.-verhandeling, U.P., 1967. pp. 128-130.

<sup>35</sup> Geskrewe inligting: J. van den Bos, Kurator Militêre-versameling, Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria, [janv@mitsong.org.za](mailto:janv@mitsong.org.za), 23 April 2019.

<sup>36</sup> E. Grobler en F. Pretorius, Kotie Roodt-Coetzee se bydrae tot die kultuurhistoriese museumwese in Suid-Afrika – Die Transvaalmuseumfase, 1933-1964, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 22(1), Junie 2018, p. 115.

krygsgevangenes ‘Hoe die Boer sy kerie versier het’ wat in *Die Huisgenoot* van 30 Augustus 1940 verskyn het, het haar voorliefde vir die handwerk van die Boerekrygsgevangenes uitgelig.

Tans word daar weinig van dié 52 Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe afkomstig van die Dordrecht-versameling in die Kruger-museum in Pretoria uitgestal en word daar geen voorbeelde van die res van die uitsonderlike krygsgevangenekunsversameling by die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum op uitstalling geplaas word nie.



**Figuur IX-2:** Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe, waaronder die inkstel spesiaal opgedra aan president Kruger, is tans op uitstalling in die Kruger-museum in Pretoria.  
Foto: V.R. Heunis, 28 Oktober 2017.

### 3. Ander museums in Suid-Afrika sowel as die buiteland

Alhoewel daar tydens die navorsingsfase van hierdie studie hoofsaaklik op die omvangryke versamelings van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein en die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria as primêre bronverwysings gekonsentreer, is dit opmerklik hoeveel ander museums in Suid-Afrika ook oor Boerekrygsgevangenekuns beskik. Die Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Krygsgeskiedenis en Museum Africa in Johannesburg, die Nasionale Museum in Bloemfontein, die McGregor Museum in Kimberley, die Potchefstroom Museum, die Ladysmith Belegmuseum, asook die Simonstad Museum, bewaar talle krygsgevangenekunsvoorwerpe in hulle onderskeie versamelings en word van die voorwerpe permanent of per geleentheid uitgestal. Die stelling deur die kultuurhistorikus, J.C. Pretorius, dat die meeste kultuurhistoriese museums in Suid-Afrika voorbeelde van Boerekrygsgevangenekuns in hul versamelings het,<sup>37</sup> is dus nie heeltemal ongegrond nie. Dit kom egter voor asof minder krygsgevangenehandwerk aan museums in die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal geskenk is, aangesien slegs vier voorwerpe by die Iziko Museums van Suid-

<sup>37</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 136.

Afrika in Kaapstad, twaalf voorwerpe by die Msunduzi Museum en geen voorwerpe by die KwaZulu-Natal Museum in Pietermaritzburg aangetref is nie.<sup>38</sup>

Selfs in buitelandse museums soos die Nasionale Museum van Bermuda word Boerekrygsgevangenekuns op 'n internasionale grondslag van belang geag. Op 16 Mei 2008 is die 'Prisoners in Paradise'-uitstalling in die kruitmagasyn van die High Cave as deel van die nasionale museum-kompleks in Bermuda geopen. Die uitstalling bevat talle voorwerpe wat deur die jare aan die museum geskenk is, asook die James Siddle-versameling. Die museumkundige, D.A. Atwood, beskryf die betekenis en belangrikheid van die uitstalling soos volg:

The presence of these artifacts [*sic*] within international museum exhibitions is testament to the importance of these objects not only within local Bermudian history but also global history. The confinement experience in Bermuda and the importance of such art not only to the inmates themselves but also to visitors and locals alike is something unique to Bermuda, which may shed light on the role prisons and prisoners play within society.<sup>39</sup>



**Figuur IX-3:** Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe word internasionaal ten toon gestel as deel van die 'Prisoners in Paradise'-uitstalling in die kruitmagasyn van die High Cave op Bermuda. Foto: V.R. Heunis, 21 November 2018.

<sup>38</sup> Geskrewe inligting: L. Hisham, Versamelingsbestuurder: Sosiale geskiedenis versamelings, Iziko Museums van Suid-Afrika, Kaapstad, [lhisham@iziko.org.za](mailto:lhisham@iziko.org.za), 30 Augustus 2016; Geskrewe inligting: E. Olivier, Hoof van navorsing, informasie en versamelings, Msunduzi Museum, Pietermaritzburg, [eolivier@msunduzimuseum.org.za](mailto:eolivier@msunduzimuseum.org.za), 20 Oktober 2016; Geskrewe inligting: M.F. Munzhedzi, Versamelingstegnikus: Geesteswetenskappe, KwaZulu-Natal Museum, Pietermaritzburg, [fmunzhedzi@nmsa.org.za](mailto:fmunzhedzi@nmsa.org.za), 21 Augustus 2016.

<sup>39</sup> E. Harris, Prisoners of war at the High Cave, *Heritage Matters* 4, 2013, p. 51; D.A. Atwood, Bermuda confinement art: Artifacts spread around the world carrying tales of prisoners and their captors, *Maritimes* 26(1), 2013, p. 20.

## Boerekrygsgevangenekuns as versamelstukke

Verskeie redes kan aangevoer word vir die toenemende belangstelling in Boerekrygsgevangenekuns as 'n versamelbare kommoditeit. Eerstens verhoog belangstelling en eskaleer pryse hoe verder voorwerpe van die oorlogsperiode verwyder raak, aangesien minder voorwerpe op die mark beskikbaar gestel word. As gevolg van die groeiende mark kan voorwerpe by internasionale veilings teen hoë bedrae verkoop word.<sup>40</sup> So het die Spink-veilingshuis byvoorbeeld munt geslaan uit die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog deur op 20 en 21 Oktober 1999 'n groot veiling van 'Orders, decorations and campaign medals, militaria and memorabilia' in Londen te hou, waartydens 21 inskrywings wat verband hou met krygsgevangenekuns, opgeveil is.<sup>41</sup> Die veiling van die bekende versamelaar, Kenneth Griffith, se versameling deur Argyll Etkin Limited op 5 Desember 2006 in Londen, asook Ray Leppan se versameling deur Old Johannesburg Warehouse Auctioneers in Oktober en November 2017, het groot belangstelling gelok.<sup>42</sup>

Tweedens kan Boerekrygsgevangenekuns as 'n goeie belegging beskou word indien die pryse wat tydens veilings behaal word, enigsins 'n indikasie is.<sup>43</sup> Volgens 'n artikel 'Aandenkings uit die ABO opgeveil' deur M. van Bart in *Die Burger* van 30 Augustus 2014 bly gedenkwaardighede van die Anglo-Boereoorlog immergewild onder versamelaars en word die items van tyd tot tyd op veilings te koop aangebied. Veilings word byvoorbeeld deur bekende plaaslike veilingshuise soos Stephan Welz & Co. georganiseer. Tydens die veiling wat op 9 en 10 September 2014 in Sandton plaasgevind het, is die verwagtinge van die veilingshuis verreweg oortref en het die krygsgevangenekuns wat opgeveil is, rekordpryse behaal.<sup>44</sup> Ook J. Rabie van Pier Rabe Antiques het 'n opmerking in die *Tuis*-tydskrif van September 2015 onder die afdeling 'Ougod of hougod' gemaak dat Anglo-Boereoorlog-kissies uiters versamelbaar is en soms enorme pryse op veilings behaal, soos 'n kissie met 'n besondere

---

<sup>40</sup> P. Naidoo, War Memorabilia, *Financial Mail*, <http://www.financialmail.co.za/life/2012/11/01/war-memorabilia>, 1 September 2015.

<sup>41</sup> Spink, *The Anglo-Boer War anniversary 1899-1902: Orders, decorations and campaign medals, militaria and memorabilia*, 20-21 October 1999, pp. 284 -289.

<sup>42</sup> Argyll Etkin Limited, *The Kenneth Griffith Anglo-Boer War collection and library*, 5 December 2006, pp. 20-24; K. Reed, Bie op items uit Vryheidsoorlog: Eerste veiling behaal puik pryse, *Rapport*, 5 November 2017, p. 5.

<sup>43</sup> P. Naidoo, War Memorabilia, *Financial Mail*, <http://www.financialmail.co.za/life/2012/11/01/war-memorabilia>, 1 September 2015.

<sup>44</sup> M. van Bart, Aandenkings uit die ABO opgeveil, *Die Burger*, 30 Augustus 2014, s.p.; M. van Bart, Krygsgevangenes se werk haal hoë pryse, *Beeld*, 12 September 2014, p. 2.

inskripsie wat in 2013 vir R110 000 verkoop is. Sy maak egter die stelling dat omdat elke kisse uniek is, is daar geen pryspresident nie en is dit dus moeilik om die waarde presies te bepaal.<sup>45</sup>

’n Derde rede vir die kultuurhistoriese belang van Boerekrygsgevangenekuns is dat die toename in Suid-Afrikaanse kopers die aanvraag en waarde van gesogte krygsgevangenehandwerkstukke ook verhoog. Die handel in oorlogsmemorabilia is nie meer slegs van belang vir spesialis versamelaars nie, maar dit het ook die algemene Suid-Afrikaanse publieke mark betree. Vir Suid-Afrikaanse versamelaars is die onderliggende rede hoofsaaklik sentimenteel van aard en word die beweegrede daarvoor aangevoer dat Suid-Afrikaanse erfenis bewaar word deurdat dit nie die land verlaat nie. Volgens C. Scholtz van *Die Ossewa Antiques* in Melville is Anglo-Boereoorlog-voorwerpe hoogs versamelbaar en nie maklik bekombaar nie. Omdat die oorlog so ’n integrale deel van Suid-Afrika se geskiedenis gevorm het, is van die versamelaars familie of afstammeling van die krygsgevangenes wat voorwerpe geërf het en dan graag hul eie versamelings wil uitbou.<sup>46</sup> Die verskyning van internetveilingshuise soos ‘Bidorbuy’ het ook bygedra om die mark vir Suid-Afrikaanse kopers oop te stel, waarvolgens die aankoop van Boerekrygsgevangenekuns makliker kan geskied. Dit is opvallend om daarop te let dat Boerekrygsgevangenekuns op die ‘Bidorbuy’-webwerf onder die hedendaagse populêre term van *trench art* geadverteer word soos byvoorbeeld die ‘Very rare Boer War Trench Art brooch’ van Ceylon wat in September 2016 vir R2 000 te koop aangebied is.<sup>47</sup>

Een van die grootste privaatversamelings van Boerekrygsgevangenekuns op die huidige stadium in die wêreld is die Waldmeister-versameling in Engeland. Die versameling bestaan uit ongeveer 212 kieres en 1 050 ander krygsgevangenehandwerkvoorwerpe. Die eienaar van die versameling, Robin A. Woodruff, het in 1998 ernstig begin om kieres te versamel. Een van sy eerste aankope was ’n kerie met ’n gekerfde eendkop en die inskripsie ‘St. Helena 1900’. Vandaar het sy versameling aansienlik uitgebrei. Woodruff het die volgende opmerking oor sy versameling gemaak:

Each of the pieces is treasured and admired for the skill and craftsmanship that has gone into the making of the piece, whether it be large or small, exceptionally well or naïvely carved. What makes them even more special is that they were produced when the makers were under conditions of duress. They will remain in my tender care for as long as possible, but at the end of the day should, one

---

<sup>45</sup> J. Rabie, Ougood of hougood, *Tuis*, September 2015, p. 86.

<sup>46</sup> P. Naidoo, War Memorabilia, *Financial Mail*, <http://www.financialmail.co.za/life/2012/11/01/war-memorabilia>, 1 September 2015.

<sup>47</sup> Bidorbuy, Very rare Boer War Trench Art brooch, [http://www.bidorbuy.co.za/item/241040585/Very\\_Rare\\_Boer\\_War\\_Trench\\_Art\\_Brooch](http://www.bidorbuy.co.za/item/241040585/Very_Rare_Boer_War_Trench_Art_Brooch), 30 August 2016.

considers, be on display in South Africa or in a Museum in a relevant overseas location.<sup>48</sup>

Boerekrygsgevangenekuns van Bermuda is uiters skaars en versamelbaar, waarskynlik omdat baie voorwerpe van die uitgewiste Bermuda sederhoutboom gemaak is.<sup>49</sup> ’n Noemenswaardige versameling van ongeveer 300 krygsgevangenekunsvoorwerpe hoofsaaklik afkomstig van Bermuda, is dié van Andrew P. Bermingham in Bermuda. Bermingham het in 1979 begin om krygsgevangenehandwerk te versamel. Van die voorwerpe in sy versameling wat vir hom die meeste uitstaan, is ’n sederhoutbeuel, ’n miniatuursederhoutploeg asook ’n sederhoutkierie waarvan die handvatsel in die vorm van ’n leeu se kop gemaak is. Hy het ook die volgende opmerking oor die vaardigheid van die Boerekrygsgevangenes gemaak: “The quality of craftsmanship is probably the finest ever produced by prisoners of war and ranks with items made by French prisoners in the Napoleonic Wars.”<sup>50</sup>

## **Die invloed van Boerekrygsgevangenekuns op Afrikaner-identiteitsvorming**

Die museumkundige van Bermuda, D.A. Atwood, skryf: “The Boer War produced a multitude of objects and images that would later be used to unify a people into one nation, creating an image of Afrikaner national identity.”<sup>51</sup> As dié stelling in ag geneem word, kan die vraag dan gestel word in watter mate Boerekrygsgevangenekuns tot die vorming van ’n nasionale Afrikaner-identiteit bygedra het. Die antwoord kan waarskynlik gevind word in die pogings deur kultuurhistorici van die twintigste eeu om dié tasbare erfenis in te sluit as ’n uitvloeisel van tradisionele volkskuns wat deur wit pioniers en boere gedurende die negentiende eeu in Suid-Afrika beoefen is.

Die beeldende kunstenaar en oud-krygsgevangene, Erich Mayer, was aangegryp deur die patriargale lewe van die Afrikaanse Boer, asook die gebruiksartikels wat hy in sy self-versorgende bestaan eiehandig vervaardig het. In die jare na die Anglo-Boereoorlog het hy op talle reise deur die land gegaan waartydens hy honderde sketse van die gewone mens en sy bedrywighede gemaak het. Veral die versieringsmotiewe wat op die sogenaamde ‘Boerekuns’

---

<sup>48</sup> Geskrewe inligting: R.A. Woodruff, Privaatversamelaar, Quainton, Bucks, Engeland, [waldmeister1@aol.com](mailto:waldmeister1@aol.com), 21 September 2016 aan V. Heunis; C. Smith, Die ABO soos vertel deur kieres, *Die Volksblad*, 29 Augustus 2009, p. 14.

<sup>49</sup> D. de Villiers, Now, a guide to SA war memorabilia, *Weekender*, 9 May 1987, s.p.

<sup>50</sup> Geskrewe inligting: A.P. Bermingham, Privaatversamelaar, Bermuda, [apbermingham@logic.bm](mailto:apbermingham@logic.bm), 9 November 2017 aan V. Heunis.

<sup>51</sup> D.A. Atwood, ‘Lone and captive far from home’: Gendered objects in Boer POW Camps, Bermuda, 1901-2, in N.J. Saunders (ed.), *Beyond the dead horizon: Studies in modern conflict archaeology*, p. 101.



voorgekom het, het hom as kunstenaar in besonder geïnteresseer.<sup>52</sup> Mayer het reeds op 10 Desember 1914 in 'n artikel 'Oor die toekoms van 'n nasionale kuns in Suid-Afrika' in *Die Brandwag*, dié idee van 'n unieke Suid-Afrikaanse kunsstyl, oftewel 'Boerekuns', as 'n nasionale kunsvorm onder die publiek asook die Unieregering se aandag gebring. Mayer het spesifiek in die artikel melding gemaak van die waardevolle Dordrecht-versameling van krygsgevangenehandwerk wat deur krygsgevangenes op St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda vervaardig is, wat van Nederland na Suid-Afrika gestuur sou word.<sup>53</sup> In 'n verbandhoudende artikel oor die 'Boerekuns-in-Suidafrika' [*sic*] in die *Die Huisgenoot* van 3 Desember 1926 het Mayer ook na 'n portretraam wat deur S.J. Nel op St. Helena gemaak is, as "een van die pragtigste houtbeeldwerke van uitgesproke Suid-Afrikaanse styl" verwys.<sup>54</sup>

Alhoewel J.C. Pretorius die kultuurhistoriese voorwerpe wat gedurende die Anglo-Boereoorlog deur die Boerekrygsgevangenes vervaardig is, as die laaste opflikkering van 'n ou pionierskunsvorm beskryf het,<sup>55</sup> is die kultuurhistorikus, K. Roodt (die latere Roodt-Coetzee), van mening dat dit egter nie daar geëindig het nie. Volgens Roodt was die oorblyfsels van Boerekrygsgevangenekuns ook te bespeur in die handwerk wat tydens die Rebelle van 1914-1915 deur die rebelle in opstand teen Suid-Afrika se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog, gemaak is. Sy verwys onder andere na die handwerk deur S.P.E. Boshoff en ander oud-krygsgevangenes wat tydens die Rebelle in leiklip reliëfwerk – veral die perd en sy ruiter asook die Vrouemonument – uitgebeeld het.<sup>56</sup> Die handwerk van die rebelle in die onderskeie interneringskampe en tronke het dus onderlinge ooreenkomste met die handwerk van die Boerekrygsgevangenes in krygsgevangenekampe getoon, wat heel moontlik indirek bygedra het tot die opwelling van Afrikanernasionalisme gedurende dié tydperk.

Die totstandkoming van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein in 1931, asook die daaropvolgende insamelingspogings en permanente uitstalling van Boerekrygsgevangenekuns, het ook daartoe bygedra om die kulturele identiteitsvorming van die Afrikaner te versterk. Die identiteitsvaslegging is voortgesit in die 1940's, 1950's en 1960's deur die uitbouing van die

---

<sup>52</sup> J.C. Pretorius, Die tuisnywerheid van die Afrikaner, in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, p. 95.

<sup>53</sup> E. Mayer, Oor die toekoms van 'n nasionale kuns in Suid-Afrika, *Die Brandwag*, 10 Desember 1914, p. 415.

<sup>54</sup> E. Mayer, Boerekuns-in-Suid-Afrika, *Die Huisgenoot*, 3 Desember 1926, pp. 53, 55.

<sup>55</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 133.

<sup>56</sup> K. Roodt, Gevangene-kuns van die Boer, *Die Huisgenoot*, 7 Junie 1940, pp. 45; F. Pretorius, Boer Prisoner of war art, *History Today* 56(3), March 2006, p. 37.

Transvaal Museum en later die Nasionale Kultuurhistoriese Museum se krygsgevangenekuns-versamelings deur die museumkundige K. Roodt-Coetzee (sien voorafgaande teks wat handel oor Boerekrygsgevangenekuns in museumversamelings), asook die artikels wat sy oor die krygsgevangenes en hul handwerk in *Die Huisgenoot* en ‘Die lief en leed van die banneling’ in die *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1949) geskryf het. Roodt-Coetzee het egter geskryf in die hoogbloei van Afrikanernasionalisme waartydens sy haar met die sentimente van die krygsgevangenekuns vereenselwig het.

Die kultuurhistorikus, J.C. Pretorius, het in die artikel oor ‘Die tuisnywerheid van die Afrikaner’ in *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner* (Pretoria, 1979) verwys na die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns as deel van die tuisnywerheidsbedrywighede van die Afrikaner. Sy het tot die volgende gevolgtrekking gekom: “Hoewel navorsing oor die tuisnywerheid van die Afrikaner nog maar in sy beginstadium is, getuig dit reeds van ’n toenemende belangstelling in die stoflike kultuur van die Afrikaner, wat daarop dui dat daar onder die moderne Afrikaner nie soseer meer ’n soeke na sy identiteit is nie, as wel die begeerte na ’n bestendiging daarvan.”<sup>57</sup>

In die publikasie *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika* (Vlaeberg, 1992) in die hoofstuk getiteld ‘Volkskuns van Boerekrygsgevangenes’ het Pretorius die stelling gemaak dat die handwerk wat tydens die Anglo-Boereoorlog deur Boerekrygsgevangenes vervaardig is, ’n unieke en interessante bydrae tot die volkskuns in Suid-Afrika gevorm het.<sup>58</sup> Die titel dui daarop dat die publikasie handel oor volkskuns in Suid-Afrika maar is egter misleidend. Dit bevat eerder ’n subjektiewe inslag aangesien die inhoud van die boek hoofsaaklik fokus op die Afrikaner of wit pioniers se volkskuns en nie die volkskuns van die inheemse swart bevolkingsgroepe ook insluit nie. Met ’n Boerekrygsgevangenekunsuitstalling van 23 Julie tot 19 September 1993 by Melrose-huis in Pretoria het die historikus, F. Pretorius, die stelling beaam deur te skryf: “Die krygsgevangenekuns van die Boere tydens die Anglo-Boereoorlog verdien meer as terloopse belangstelling. Dit was inderdaad ’n tydperk van volgehoue en spontane skepping van volkskuns en sekerlik een van die mees produktiewe en kreatiewe tye in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner.”<sup>59</sup>

---

<sup>57</sup> J.C. Pretorius, Die tuisnywerheid van die Afrikaner, in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp. 122, 127.

<sup>58</sup> J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 133.

<sup>59</sup> F. Pretorius, *’n Uitstalling van voorwerpe handgemaak deur Boerekrygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)*, p. 1.

Tydens die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog het die klem egter verskuif om 'n meer inklusiewe benadering te volg deurdat Boerekrygsgevangenekuns dra by tot die kulturele erfenis van alle Suid-Afrikaners. Die kurator, E. Itzken, het by 'n uitstalling van Boerekrygsgevangenekuns by Museum Africa in Johannesburg op 5 Mei 2001 gesê: “Elke Suid-Afrikaner behoort hom met die uitstalling te identifiseer omdat dit die algemeenheid van menslike lyding uitbeeld.”<sup>60</sup>

Boerekrygsgevangenekuns se kultuurhistoriese belang strek verder as bloot net sentimentele familie-erfstukke wat deur die afstammeling van die Boerekrygsgevangenes van geslag tot geslag oorgedra is. Die voorkoms van aansienlike hoeveelhede krygsgevangenehandwerk in die versamelings van nasionale museums soos die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria en die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein dui op die nasionale belangrikheid van die voorwerpe. Daarbenewens is Boerekrygsgevangenekuns ook van internasionale belang as 'n gesogte versamelbare kommoditeit wat in oorsese museum- en privaatversamelings opgeneem en ten toon gestel word. Dié krygsgevangenekunsvoorwerpe is dus nie net beperk tot die uitsluitlike erfenis van die Afrikaner nie, maar dra by tot die erfenis van alle Suid-Afrikaners, asook die internasionale gemeenskap wat direk of indirek deur die oorlog beïnvloed is.

---

<sup>60</sup> A. Olivier, Boerekrygers se werk uitgestal, *Rapport*, 13 Mei 2001, p. 8.

## SLOT

---

Driedimensionele, handgemaakte kultuurhistoriese voorwerpe uit rou grondstowwe en oorblywende oorlogsmateriaal is gedurende die Anglo-Boereoorlog in krygsgevangenekampe in Suid-Afrika (Kaapkolonie en Natal), aan boord van skepe, asook in die buiteland op St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda vervaardig. Dié periode strek vanaf 1900 toe die deurgangskampe in Suid-Afrika begin is en die krygsgevangenekampe oorsee formeel tot stand gekom het, tot en met 1904 toe die meeste krygsgevangenes gerepatrieer is en na Suid-Afrika terugkeer het.

In die verlede is daar deur kultuurhistorici na dié tipe handgemaakte driedimensionele kultuurhistoriese voorwerpe as memorabilia of volkskuns verwys. Alhoewel die kultuurhistoriese voorwerpe wat deur die krygsgevangenes vervaardig is, sekere tradisionele volkskunsmotiewe en simboliek bevat, is daar tog teenstrydige faktore wat daarop dui dat dit nie as eg Suid-Afrikaanse volkskuns beskou kan word nie. Eerstens is die krygsgevangenekuns grotendeels nie deur pioniers gemaak wat hulle permanent in 'n nuwe gebied probeer vestig het nie (dus 'n volk). Tweedens is die krygsgevangenekuns nie net deur Suid-Afrikaanse Boere beoefen nie en moet die bydrae van die buitelandse vrywilligers nie agterweë gelaat word nie. Dertens kom daar inheemse volkskunsmotiewe van die lande waar die krygsgevangenes aangehou is op die voorwerpe voor, wat nie tradisioneel verbind word met Suid-Afrika of selfs Europa waarvan baie van die tradisionele volkskunsmotiewe stam nie. Die kultuurhistoriese voorwerpe wat deur die krygsgevangenes vervaardig is, kan dus nie uitsluitlik vereenselwig word met die tradisionele term van Afrikanervolkskuns wat deur die wit pioniers gedurende die vestigingsjare in veral die binneland van Suid-Afrika beoefen is nie.

Die internasionale akademiese diskoers en term wat gedurende die een-en-twintigste eeu op die voorgrond getree het, naamlik loopgraafkuns, ook ondersoek. Wanneer die definisie van loopgraafkuns in ag geneem en vergelyk word met die konfliktsituasie van die Anglo-Boereoorlog, kan die afleiding wel gemaak word dat Boerekrygsgevangenekuns 'n definitiewe kategorie vorm en as 'n onder-afdeling van die breë term van Anglo-Boereoorlog loopgraafkuns ingesluit behoort te word.

Gebruiksartikels wat deur die pioniere gedurende die vestigingsjare in die binneland van Suid-Afrika gemaak is, toon kenmerkende ooreenkomste met die Boerekrygsgevangenehandwerk wat in die onderskeie krygsgevangenekampe vervaardig is. Reeds voor die uitbreek van die

oorlog het die meeste Boere praktiese ervaring met hul tradisionele boerdery- en pioniers-agtergrond opgedoen. Die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns was dus 'n natuurlike gevolg hiervan. Die argument kan selfs so ver gevoer word dat die vervaardiging van krygsgevangenekunsvoorwerpe 'n uitvloeisel is van loopgraafkuns wat deur die burgers op kommando as 'n sinvolle tydverdryf gereken is en dat dit nie uitsluitlik gedurende krygsgevangenskap gemaak is nie.

Handwerkbedrywighede is alreeds op Suid-Afrikaanse bodem in krygsgevangenekampe by Groenpunt, Bellevue, Tin Town en Umbilo, asook aan boord van skepe beoefen, nog voordat krygsgevangenes hulself in ander wêrelddele bevind het. Die bedrywighede waarmee in Suid-Afrikaanse kampe begin is, is daarna in die oorsese krygsgevangenekampe by St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda voortgesit en verder uitgebrei.

Aanvanklik is funksionele huishoudelike gebruiksvoorwerpe vervaardig om die krygsgevangenes se lewens gemakliker en geriefliker in te rig. Een van die grootste probleme waarmee die krygsgevangenes in hul gevangenskap gekonfronteer is, was verveeldheid en ledigheid. Die vervaardiging van krygsgevangenekuns het as 'n konstruktiewe uitlaatklep gedien om die eentonigheid van die kampele hok te slaan. Namate die krygsgevangenes se handwerkbedrywighede al hoe meer bekend geword het, kon hulle die gesogte krygsgevangenekunsvoorwerpe ruil of verkoop om op dié manier 'n ekstra inkomste te verdien. Die handelsmotief het nuwe impetus verleen om 'n industrie te vestig aangesien daar 'n groter aanvraag na dié handgemaakte krygsgevangenekuns was. Met die ekstra inkomste tot hul beskikking, kon krygsgevangenes hul daaglikse dieet aanvul of luuksheide soos tabak en seëls koop. Addisionele dryfvere het ook na vore getree. Duisende voorwerpe is deur die krygsgevangenes vervaardig om in die buiteland ten bate van die Weduwee- en Wesefonds verkoop te word om sodoende verligting in die konsentrasiekampe te verskaf. Krygsgevangenekuns is ook verkoop om fondse vir sendingaksies binne Suid-Afrika sowel as die buiteland in te samel. Daarbenewens is 'n beroep onder die krygsgevangenes gedoen om kunstige voorwerpe te vervaardig met die spesifieke doel om in museumversamelings opgeneem te word. Die motiverings vir die vervaardiging van krygsgevangenekunsvoorwerpe het dus mettertyd verander en selfs van persoon tot persoon gewissel.

Verskeie faktore het die kwantiteit en kwaliteit van Boerekrygsgevangenekuns wat in die onderskeie landstreke en krygsgevangenekampe vervaardig is, beïnvloed. Die tydsduur en aantal krygsgevangenes in die oudste en grootste kampe by Deadwood en Broadbottom op

St. Helena, asook Diyatalawa in Ceylon, het tot gevolg gehad dat die meeste krygsgevangenehandwerk hier gelewer is. Daarna volg Bermuda met die derde meeste krygsgevangenekuns wat op die onderskeie eilandjies vervaardig is. Alhoewel Bermuda se kampe laaste tot stand gekom het en die minste krygsgevangenes daarheen gestuur is, het die aanvraag deur die Amerikaanse toerismemark 'n gunstige afsetgebied verskaf en produksie aangemoedig. Indië, wat tweede laaste ontstaan het en waarheen die meeste krygsgevangenes gestuur is, het egter die minste krygsgevangenekuns opgelewer. Die tydsduur en geografiese verspreiding van die kampe wat regoor die Indiese vasteland voorgekom het, asook ongure klimaatstoestande soos uiterste droë hittegolwe, stofstorms en oorstromings in die reënseisoen, het vir seker 'n negatiewe impak op die vervaardiging van krygsgevangenekuns gehad.

Die beskikbaarheid van gereedskap het ook 'n invloed op die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns gehad. Aanvanklik het krygsgevangenes hoofsaaklik op knipmesse staatgemaak. Die tekort aan geskikte gereedskap het die krygsgevangenes se handwerkbedrywighede in 'n groot mate aan bande gelê. Nogtans is innoverende plaasvervangers uit enige materiaal denkbaar gepraakseer. So is sambreelspeke, tafelmesse en hoepels in sae en beitels omskep. Namate krygsgevangenekunsvoorwerpe winsgewend geraak het, kon beter gereedskap soos figuursae, vyle, bore en sae aangekoop word. Die behoefte om voorwerpe beter, vinniger en makliker te vervaardig, het daartoe aanleiding gegee dat rudimentêre hand- en windaangedrewe draaibanke in krygsgevangenekampe op St. Helena, Ceylon, Indië sowel as Bermuda opgerig is.

Die tipe materiaal en grondstowwe waarvan voorwerpe gemaak is, het uiteraard ook verskil. Krygsgevangenekunsvoorwerpe afkomstig van 'n spesifieke landstreek, kan dikwels uitgeken word aan die roumateriaal waarvan hulle vervaardig is. Die grootste hoeveelheid krygsgevangenekuns wat op St. Helena, Ceylon en Bermuda, asook in sekere kampe in Indië vervaardig is, is van hout gemaak. Voorwerpe is veral van inheemse houtsoorte soos die kenmerkende Ceylon ebbehout en die Bermuda sederhout vervaardig. Inheemse sowel as ingevoerde uitheemse houtsoorte is op St. Helena benut. Benewens hout, is been die tweede meeste in omtrent al die krygsgevangenekampe gebruik. Weens die tekort aan hout in die Suid-Afrikaanse en Indiese krygsgevangenekampe is veral klip as medium aangewend as gevolg van die geredelike beskikbaarheid daarvan in die onmiddellike omgewing. Ander materiale wat deur die krygsgevangenes vir vervaardigingsdoeleindes gebruik is, sluit in ivoor, metaal en

muntstukke, tekstiele soos hekelgare en breiwool, horings, kokosneutdoppe, pitte en sade, skulpe, perlemoen, perdesterthaar asook halfedelgesteentes.

Die aanvanklike amateuragtige handwerkbedrywighede het mettertyd in 'n volskaalse professionele industrie ontwikkel. Nie al die mans het oor dieselfde talente beskik nie. In die onderskeie krygsgevangenekampe was daar spesialisvakmanne asook kunstenaars wat hulle op 'n sekere area van spesialiteit toegespits het, soos lettersnyers, letterverwers, skilders en poleerders. Ander het hulle op die vervaardiging van slegs een soort of tipe voorwerp toegespits, soos kieries of pype. Dié sodanige spesialisasie het ook tot gevolg gehad dat die algemene gehalte van die werk aansienlik verbeter het. Op hierdie wyse was verskeie krygsgevangenes betrokke by die vervaardigingsproses en as 't ware deel van die ratte van die wiel van industrie. Die algemene wanopvatting onder die breë publiek en navorsers dat 'n enkele krygsgevangene alleenlik verantwoordelik was vir die totale vervaardiging van 'n krygsgevangenekunsvoorwerp, bloot omdat die persoon se naam daarop verskyn, is in baie gevalle dus ongegrond.

Van die opgeleide vakmanne en kunstenaars in die onderskeie krygsgevangenekampe was buitelandse vrywilligers of genaturaliseerde Boere wat van verskillende nasionaliteite afgestam het. Die buitelanders se invloed op die vervaardiging van krygsgevangenekuns is duidelik sigbaar. Dit was nogal opvallend hoe die kerfwerk wat deur buitelanders op die voorwerpe aangebring is, baie meer oordadig en dekoratief was, in vergelyking met die eenvoudige styl van die Boere se kerfwerk. Bewys is ook gelewer dat selfs van die swart krygsgevangenes deelgeneem het aan die proses om krygsgevangenekuns te vervaardig.

Die intrinsieke doel waarvoor krygsgevangenekunsvoorwerpe vervaardig is, is van kardinale belang. Deur die beoefening van kreatiewe aktiwiteite soos die vervaardiging van krygsgevangenekuns, kon krygsgevangenes hul gemoedstoestand verbeter en selfvertroue herwin. Dit het as 't ware as 'n voordelige terapeutiese uitlaatklep gedien. Krygsgevangenes het kreatiwiteit gebruik om visueel en materieel dit wat hulle denke oorheers het, tot uiting te bring. Die emosies, psige asook die identiteit van die krygsgevangene mans en jong seuns word dikwels versinnebeeld deur die simboliese betekenis en keuse van simbole en motiewe wat op die Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe aangebring is.

Behalwe vir verskeie variasies van die sirkelblom, kom ander tradisionele volkskunssimbole soos die *sonnerad* en *wirbel*, wat redelik algemeen gedurende die pionierstydperk van die

agtiende en negentiende eeu op gebruiksartikels in Suid-Afrika aangebring is, heelwat minder voor. Die heersende dekoratiewe modestyl wat gedurende die laat-Victoriaanse periode in Europa teenwoordig was, is egter duidelik te bespeur in die krygsgevangenes se keuse van versieringsmotiewe soos die perdeskoen of groetende hande. Die onderliggende en onsigbare rede van verlange na geliefdes het grootliks bygedra tot die maak van sogenaamde liefdesgeskenke met die hart as sentrale simbool. Boerekrygsgevangenekuns vertoon ook belangrike identiteitsbakens wat die krygsgevangene as persoon gedefinieer het, soos sy godsdienssin, sy strewe na politieke onafhanklikheid, sy status as krygsgevangene en behoefte aan persoonlike vryheid. Die gebruik van simbole soos die perd en Bybel, asook patriotiese motiewe soos die republikeinse wapens van die Transvaal en OVS, het veral die inherente identiteit van die krygsgevangenes weerspieël. Dit is ook vanselfsprekend dat die kulturele invloed van die lande waarin die krygsgevangenes hulself bevind het, sou oorspoel na die Boerekrygsgevangenekuns en daar veral dieremotiewe soos waterbuffels, Indiese olifante en kamele op voorwerpe vanaf Ceylon en Indië sou voorkom.

Die tipes Boerekrygsgevangenekuns wat geproduseer is, het wel van land tot land en selfs van kamp tot kamp verskil. Portretrame van Bermuda se estetiese karaktereenskappe soos die vorm en ontwerp asook die materiaal waarvan dit gemaak is, het verskil van portretrame wat argumentsonthalwe in Indië op die ‘boemelaarsvolkskunstegniek’ geskoei is. Soms is sekere tipes voorwerpe ook uniek aan die land van herkoms, soos die seldsame veldflesse wat slegs op St. Helena vervaardig is.

As gevolg van die groot verskeidenheid van voorwerpe wat vervaardig is, was dit onmoontlik om elke tipe voorwerp te identifiseer en te bespreek. Daar is gepoog om ’n breë oorsig te gee van die tipes voorwerpe wat deur Boerekrygsgevangenes vervaardig is, soos onder andere pype en rooktoebehore, papiermesse, penhouers en ander skryfgereedskap, dassie, breiblokkies en naaldwerktoebehore, ’n variëteit van kissies, portretrame, juweliersware, speletjies, speelgoed en miniatuurmodelle, musiekinstrumente, sporttrofees en sporttoerusting, medaljes en meublement. Krygsgevangenehandwerk was veral nuttige en funksionele gebruiksartikels, in plaas van bloot nuttelose snuisterye. ’n Groot aantal krygsgevangenehandwerk suggereer ’n vroulike ondertoon en het veral verband gehou met items wat vir vroulike tydverdrywe gemaak is, soos hekelnaalde, servetringe, juwelekissies en borsspelde. Die aantal krygsgevangenehandwerk wat vir kinders gemaak is, soos bewegende speelgoedbobbejaantjies en miniatuurmodelle van ossewaens en kapkarre sowel as popspeelgoed, was opmerklik.



Die aard van die krygsgevangenekuns het dan ook noodgedwonge verander om aan te pas by die aanvraag. Massageproduseerde voorwerpe het van hul sentimentele versieringsmotiewe, asook persoonlike bewoording en intrinsieke betekenis, ingeboet om meer aanvaarbaar te wees vir markaangedrewe kopers. Daar was veral 'n aktiewe mark vir die verkoop van Boerekrygsgevangenehandwerk aan Britse soldate en offisiere, plaaslike inwoners en die inheemse bevolking, asook besoekers en toeriste. Die krygsgevangenes het ook onder mekaar handel gedryf en handwerk is oor en weer verkoop of geruil.

Boerekrygsgevangenekuns is op groot skaal vervaardig en doelbewuste pogings is aangewend om daarmee handel te dryf. In die geval van St. Helena, Ceylon en Bermuda is daar gepoog om afsetgebiede in die onderskeie krygsgevangenekampe sowel as die naburige hoofstede te vestig. Selfs op internasionale gebied het krygsgevangenes van St. Helena en Ceylon dit reggekry om 'n afsetgebied in Nederland met behulp van F.C. Versélewel de Witt Hamer, asook die *Middelburg Dames Comité*, te bewerkstellig. Krygsgevangenes van Bermuda het weer op die Amerikaanse toerismemark en verkope in die VSA gefokus. Die talle industriële tentoonstellings en uitstallings wat georganiseer is, het bygedra om die aanvraag en verkope van krygsgevangenehandwerk aan te moedig. Dis slegs die krygsgevangenes in Indië wat waarlik gesukkel het om 'n aktiewe plaaslike sowel as buitelandse mark vir hul krygsgevangenekuns te vestig.

Daar kan verskillende betekenis en waardes aan Boerekrygsgevangenekuns gekoppel word deur die krygsgevangenes, wagte, plaaslike inwoners sowel as internasionale kopers wat krygsgevangenekuns as 'n kommoditeit aangeskaf het. Krygsgevangenes het hoofsaaklik krygsgevangenekuns aangekoop omdat dit 'n kollektiewe en gemeenskaplike identiteit gekweek het deurdat hulle met die dieperliggende simboliek wat die motiewe op die krygsgevangenekuns gesuggereer het, kon vereenselwig. Daarteenoor het die Britse soldate en wagte krygsgevangenekunsvoorwerpe aangeskaf bloot as soeweniers of aandenkings van die oorlog. Plaaslike inwoners sowel as internasionale kopers het waarskynlik krygsgevangenekunsvoorwerpe gekoop in ondersteuning van die Boere en hul strewe na onafhanklikheid van Britse Imperialisme asook uit simpatie vir die noodlot van die vrouens en kinders in die konsentrasiekampe.

Gedurende die twintigste eeu het kultuurhistorici gepoog om die klem daarop te plaas dat Boerekrygsgevangenekuns deel gevorm het van 'n nasionale volkskunsstyl wat bygedra het tot die kulturele identiteitsvorming van die Afrikaner. Boerekrygsgevangenekuns toon ook

kenmerkende ooreenkomste met die handwerk wat tydens die Rebelle van 1914-1915 deur die rebelle in die onderskeie interneringskampe en tronke vervaardig is en dit het waarskynlik indirek bygedra tot die opwelling van Afrikanernasionalisme gedurende dié tydperk.

Die kultuurhistoriese invloed van Boerekrygsgevangenkuns is vandag nog steeds sigbaar en van belang, nie net vir die kultuurhistorikus nie maar ook vir die algemene publiek. Eerstens word krygsgevangenehandwerk deur families en afstammeling van Boerekrygsgevangenes as kosbare familie-erfstukke van geslag tot geslag oorgedra. Tweedens word duisende voorbeelde van krygsgevangenehandwerk in nasionale sowel as buitelandse museums bewaar en uitgestal. Derdens word krygsgevangenkunsvoorwerpe as waardevolle versamelstukke deur privaat-versamelaars opgeraap. Die klem het egter verskuif om 'n meer inklusiewe benadering te volg deurdat Boerekrygsgevangenkuns bydrae tot die kulturele erfenis van alle Suid-Afrikaners asook die internasionale gemeenskap wat deur die oorlog beïnvloed is.

# BRONNE

---

## I ARGIVALE BRONNE

### 1. ONGEPUBLISEER

#### **Brenthurst Biblioteek, Johannesburg**

MS404: Plakboek van S. Hepburn.

#### **Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria**

##### *K. Roodt-Coetzee Argief*

Boks 65: Dagboek van A.A. Smit, s.a.

Boks 65: Korrespondensie, J.N. Botha – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 65: Korrespondensie, C.H. du Plessis – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 65: Korrespondensie, W.F. Potgieter – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 65: Korrespondensie, M. Ribbens – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 65: Korrespondensie, H.T. Siglé – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 65: Korrespondensie, J. McDonald – K. Roodt-Coetzee, 21 Junie 1939.

Boks 65: Korrespondensie, E.C. Pienaar – K. Roodt-Coetzee, 27 Augustus 1939.

Boks 65: Korrespondensie, P.H. Botha – K. Roodt-Coetzee, 5 April 1940.

Boks 65: Korrespondensie, A.C. du Plessis – K. Roodt-Coetzee, 8 April 1940.

Boks 65: Korrespondensie, J. Spoelstra – K. Roodt-Coetzee, 8 April 1940.

Boks 65: Korrespondensie, G.J. Loots – K. Roodt-Coetzee, 16 April 1940.

Boks 65: Korrespondensie, D.J. Joubert – K. Roodt-Coetzee, 30 April 1940.

Boks 65: Korrespondensie, J.T. Martins – K. Roodt-Coetzee, 2 Julie 1940.

Boks 65: Korrespondensie, J.P. Lessing – K. Roodt-Coetzee, 23 Julie 1940.

Boks 65: Korrespondensie, H. Sausenthaler – K. Roodt-Coetzee, 30 Julie 1940.

Boks 65: Korrespondensie, F.J. Roetz – K. Roodt-Coetzee, 4 Augustus 1940.

Boks 65: Korrespondensie, G.H. Jooste – K. Roodt-Coetzee, 9 Augustus 1940.

Boks 65: Korrespondensie, A.P.J. Fourie – K. Roodt-Coetzee, 26 November 1940.

Boks 65: Korrespondensie, C.F. Naudé – K. Roodt-Coetzee, 15 Februarie 1941.

Boks 65: Korrespondensie, J.B. de Villiers – K. Roodt-Coetzee, 17 Februarie 1941.

Boks 65: Korrespondensie, J.A. van Blerk – K. Roodt-Coetzee, 17 Maart 1941.

Boks 65: Korrespondensie, W. Bachofner – K. Roodt-Coetzee, 18 Januarie 1942.

Boks 66: Dagboek van C.F.L. Hutten, s.a.

Boks 66: Korrespondensie, M.C. Barnard – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 66: Korrespondensie, J.D. Claassen – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 66: Korrespondensie, J.J. Gordon – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 66: Korrespondensie, Kommandant Muller – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 66: Korrespondensie, J.D. Pieterse – K. Roodt-Coetzee, s.a.

Boks 66: Korrespondensie, M.M.C. Howell – K. Roodt-Coetzee, 10 Maart 1940.

Boks 66: Korrespondensie, G.J. Mentz – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940.

Boks 66: Korrespondensie, F.J. Venter – K. Roodt-Coetzee, 30 Maart 1940.

Boks 66: Korrespondensie, S.C. de Bruin – K. Roodt-Coetzee, 1 April 1940.

Boks 66: Korrespondensie, C.J. Prinsloo – K. Roodt-Coetzee, 5 April 1940.

Boks 66: Korrespondensie, J. Ahlers – K. Roodt-Coetzee, 3 Mei 1940.

Boks 66: Korrespondensie, C.J. Liebenberg – K. Roodt-Coetzee, 14 Augustus 1940.

Boks 66: Korrespondensie, C.T. van Schalkwyk – K. Roodt-Coetzee, 24 Augustus 1940.

Boks 66: Korrespondensie, J.N. Brink – K. Roodt-Coetzee, 24 Oktober 1940.

Boks 66: Korrespondensie, C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 6 November 1940.

Boks 66: Korrespondensie, C.F.L. Hutten – K. Roodt-Coetzee, 28 Januarie 1941.

Boks 66: Korrespondensie, J.J.D. van Niekerk – K. Roodt-Coetzee, 1 Februarie 1941.

Boks 66: Korrespondensie, G.R. Theron – K. Roodt-Coetzee, 11 Februarie 1941.

Boks 66: Korrespondensie, J.H. Kruger – K. Roodt-Coetzee, 27 Februarie 1941.

Boks 70: Konsep M.A.-verhandeling, K. Roodt-Coetzee, “Die Boerekrygsgevangenes as ’n kultuurgroep”, s.a.

*Dokument-versameling*

HC6754/1: Plakboek van H.T. Siglé, s.a.

HC6754/4: Prestasiesertifikaat, 1900.

HC6754/5: Prestasiesertifikaat, 1900.

*Transvaal Museum Argief*

Algemene Leêr 5/11-4, Hidde Nijland Museum, Boks 515: Korrespondensie, W.J. Leyds – H.S.J. Bodenstein, 22 Oktober 1920.

**Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Krygsgeskiedenis, Johannesburg**

12261: Program, 1901.

### **Massachusetts Historical Society, Boston**

#### *Lend a Hand Society Records*

Carton 1: Boer prisoners in Bermuda 1901, 1902, 1904: Correspondence, Dr. E.E. Hale – A.R. Wells, 25 March 1902.

Carton 4: Boer prisoners in Bermuda 1901-1902, Ledger.

### **Museum Africa, Johannesburg**

MA1951/344: Plakkaat, 1901.

MA1955/107: Sertifikaat, 1901.

MA1972/269: Plakboek van T.W. Pratt, Ladysmith, 1901.

### **Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria**

#### *J. Bernardus Schoeman Aanwins*

TAB, A1641: Plakboek van J.B. Schoeman.

#### *D.S. van Warmelo Aanwins*

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – H. Cloete, 13 Januarie 1901.

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – H. Cloete, 21 Januarie 1901

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – H. Cloete, 24 Julie 1901.

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – H. Cloete, 20 Augustus 1901.

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – H. Cloete, 1 September 1901.

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – H. Cloete, 23 September 1901.

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – H. Cloete, 6 Oktober 1901.

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – H. Cloete, 15 Desember 1901.

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – F.C. Versélewel de Witt Hamer, 28 April 1902.

TAB, W90: Korrespondensie, D.S. van Warmelo – J.G. Bendie, 4 Augustus 1902.

### **Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad**

MSB 168: Herinneringe van J. Dekker.

### **National Archives of Bermuda, Bermuda**

#### *C. Benbow Archive*

P.A. 4: Correspondence, A.J. Verquiel – C. Benbow, 18 April 1959.

### **Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein**

- 00573/00004: Prestasiesertifikaat, 1901.  
01285/00002: Prestasiesertifikaat, 1902  
01285/00003: Prestasiesertifikaat, 1902.  
01366/00002: Brosjure, 1900.  
01493/00001: Herinneringe van S.M. de Villiers.  
01620/00001: Plakboek van I.M.S. van Rooyen.  
01699/00001: Notuleboek van CSV, Deadwood te St. Helena, 1901-1902.  
06024/00001: Dagboek van C.P. Pretorius, Diyatalawa.  
06224/00001: Aantekeningboek van P.J. Kotze.  
06334/00002: Korrespondensie, J.M. Mante – K. Zwaardemaker 5 Januarie 1902.  
06348/00001: Herinneringe van R.T. Wheeler.  
06468/00001: Dagboek van J.H. Scholtz, 1901-1902.  
06675/00003: Dagboek van Cornelis Schabort, St. Helena, 1900.  
06682/00001: Dagboek van A.M. Joubert, Dagshai, 1902.

### **St. Helena Government Archives, Jamestown**

- File 37 A-B: Article by F.L. Mikko Uola, *Finnish warriors in the South African War*.  
Official St. Helena Blue Book, 1900.

### **Universiteit van die Witwatersrand Biblioteek, Johannesburg**

#### *De Witt Hamer Argief*

- A2400: Korrespondensie, F.C. Versélewel de Witt Hamer - B.G. Versélewel de Witt Hamer, 7  
November 1900.

## **II REGERINGSPUBLIKASIES**

- Cd. 431 COLONIAL REPORTS, *No. 323 St. Helena, Report for 1900*. London, 1901.

## **III PERIODIEKE PUBLIKASIES**

#### *Dagbreek en Sondagnuus*

- Dagbreek en Sondagnuus*, 29 November 1964.

### ***De Kerkbode***

- De Kerkbode* 19, 10 Mei 1900.  
*De Kerkbode* 39, 27 September 1900.  
*De Kerkbode* 47, 22 November 1900.  
*De Kerkbode* 23, 13 Junie 1901.  
*De Kerkbode* 34, 29 Augustus 1901.  
*De Kerkbode* 36, 12 September 1901.  
*De Kerkbode* 40, 10 Oktober 1901.  
*De Kerkbode* 50, 19 Desember 1901.  
*De Kerkbode* 6, 13 Februarie 1902.  
*De Kerkbode* 10, 13 Maart 1902.  
*De Kerkbode* 17, 1 Mei 1902.  
*De Kerkbode* 23, 12 Junie 1902.  
*De Kerkbode* 30, 31 Julie 1902.

### ***De Krijgsgevangene (Ceylon)***

- De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(2), 12 Desember 1901.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(4), 26 Desember 1901.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(6), 9 Januarie 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(8), 23 Januarie 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(9), 30 Januarie 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(12), 20 Februarie 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(13), 27 Februarie 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(14), 6 Maart 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(18), 3 April 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(19), 10 April 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(21), 25 April 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(22), 1 Mei 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 1(23), 8 Mei 1902.  
*De Krijgsgevangene (Ceylon)* 2(1), 5 Junie 1902.

### ***De Krijgsgevangene (St. Helena)***

- De Krijgsgevangene (St. Helena)* 1, 8 Junie 1901.  
*De Krijgsgevangene (St. Helena)* 2, 15 Junie 1901.

*De Krijgsgevangene* (St. Helena) 4, 29 Junie 1901.  
*De Krijgsgevangene* (St. Helena) 6, 20 Julie 1901.  
*De Krijgsgevangene* (St. Helena) 10, 21 September 1901.  
*De Krijgsgevangene* (St. Helena) 11, 19 Oktober 1901.  
*De Krijgsgevangene* (St. Helena) 12, 16 November 1901.  
*De Krijgsgevangene* (St. Helena) 13, 30 November 1901.  
*De Krijgsgevangene* (St. Helena) 14, 14 Desember 1901.  
*De Krijgsgevangene* (St. Helena) 15, 28 Desember 1901.

### ***De Prikkeldraad***

*De Prikkeldraad* 1(1), 10 September 1900.

### ***De Strever***

*De Strever* 1(1), 19 Desember 1901.  
*De Strever* 1(3), 4 Januarie 1902.  
*De Strever* 1(4), 11 Januarie 1902.  
*De Strever* 1(5), 18 Januarie 1902.  
*De Strever* 1(6), 25 Januarie 1902.  
*De Strever* 1(8), 8 Februarie 1902.  
*De Strever* 1(11), 1 Maart 1902.  
*De Strever* 1(15), 29 Maart 1902.  
*De Strever* 1(16), 5 April 1902.  
*De Strever* 1(17), 12 April 1902.  
*De Strever* 1(23), 24 Mei 1902.

### ***Die Volksblad***

*Die Volksblad*, 26 Januarie 1935.

### ***Diyatalawa Camp Lyre***

*Diyatalawa Camp Lyre* 3, 6 October 1900.  
*Diyatalawa Camp Lyre* 4, 15 October 1900.  
*Diyatalawa Camp Lyre* 5, 6 November 1900.



### ***Diyatalawa Dum-Dum***

*Diyatalawa Dum-Dum* 1, 10 September 1900.

### ***Haarlem's Dagblad***

*Haarlem's Dagblad*, 6 Junie 1901.

*Haarlem's Dagblad*, 23 Augustus 1901.

*Haarlem's Dagblad*, 12 September 1901.

*Haarlem's Dagblad*, 17 September 1901.

*Haarlem's Dagblad*, 28 September 1901.

*Haarlem's Dagblad*, 9 Oktober 1901.

*Haarlem's Dagblad*, 23 Oktober 1901.

*Haarlem's Dagblad*, 19 November 1901.

*Haarlem's Dagblad*, 15 Januarie 1902.

*Haarlem's Dagblad*, 22 April 1902.

### ***Kamp Kruimels***

*Kamp Kruimels* 1, 20 Desember 1900.

*Kamp Kruimels* 2, 27 Desember 1900.

*Kamp Kruimels* 4, 10 Januarie 1901.

*Kamp Kruimels* 6, 24 Januarie 1901.

### ***St. Helena Guardian***

*St. Helena Guardian*, 25 October 1900.

*St. Helena Guardian*, 8 November 1900.

### ***The Cape Times***

*The Cape Times*, 18 Februarie 1901.

*The Cape Times*, 22 Februarie 1901

### ***The Royal Gazette***

*The Royal Gazette*, 6 July 1901.

*The Royal Gazette*, 13 July 1901.

*The Royal Gazette*, 20 July 1901.

*The Royal Gazette*, 3 August 1901.

*The Royal Gazette*, 10 August 1901.

*The Royal Gazette*, 24 August 1901.

*The Royal Gazette*, 1 February 1902.

### ***The Skyview Parrot***

*The Skyview Parrot* 1(1), 18 September 1901.

*The Skyview Parrot* 1(4), 9 Oktober 1901.

### ***The South African News***

*The South African News*, 30 May 1901.

### ***The Tick***

*The Tick* 1, 5 June 1902.

### ***The Welikada Justice***

*The Welikada Justice*, 13 March 1901.

## **IV TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS**

AN OFFICER, Life with the Boers in Ceylon. *The Leisure Hour* (51), August 1901.

ANONIEM, Ceylon-beker geskenk. *Museum Memo* 12(2), Oktober 1984.

ANONIEM, Herinneringe aan die Boereoorlog. *Die Huisgenoot*, 11 Desember 1931.

ANONYMOUS, A naval and military exhibition. *New Zealand Herald* 38(11698), 6 July 1901.

ANONYMOUS, Bermuda's Boer War prisoner spurns liberty. *Pittsburgh Post Gazette*, 15 June 1922.

ANONYMOUS, Boer prisoners in Bermuda. *Oamaru Mail*, 29(12327), 29 August 1914.

ANONYMOUS, How the Boer prisoners kill time: Making toys on board ship. *The Sphere*, 6 April 1901.

ANONYMOUS, The army and navy exhibition at the Crystal Palace: Toys made by Boer prisoners. *The Illustrated London News*, 25 May 1901.

ANONYMOUS, The Boers at Bermuda. *Oamaru Mail* 26(8248), 9 October 1901.

ANONYMOUS, The Boer prisoners in Ceylon. *Evening Post* LXII(78), 28 September 1901.

ANONYMOUS, The guerilla fighting of the Boers. *The Sphere* (III), 17 November 1900.

ANONYMOUS, Work of prisoners of war. *The New York Times*, 25 January 1903.

- A RESIDENT, The Boer prisoners at Bermuda: Their life in a West Indian Paradise, and what they think of the war. *Pall Mall Magazine: Review of Reviews* Vol XXVI, November 1901.
- ATWOOD, D.A., Bermuda confinement art: Artifacts spread around the world carrying tales of prisoners and their captors. *Maritimes* 26(1), 2013.
- BENBOW, C.H., Boer prisoners of war in Bermuda. *Bermuda Historical Society Occasional Publications* 3, 1962.
- BOERBOK, Ceylon toe. *De Boerenvriend*, s.a.
- BOOYENS, B., Vermaak en tydverdryf van die Boerekommandolewe. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 36(1), Januarie 1980.
- BRADLOW, F.R., Some artefacts and curios made by Boer prisoners-of-war (Part one). *Quarterly Bulletin of the South African Library* 36(3), March 1982.
- BRADLOW, F.R., Some artefacts and curios made by Boer prisoners-of-war (Part two). *Quarterly Bulletin of the South African Library* 36(4), June 1982.
- BRINK, J.N., Mot Smit: Harlekyn in die kamp. *Die Huisgenoot*, 21 Januarie 1949.
- BROHIER, R.L., The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902). *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(2), October 1946.
- BROHIER, R.L., The Boer prisoners-of-war in Ceylon (1900-1902). *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 37(4), April 1947.
- CHANGUION, L.A., Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangenekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(2), November 1996.
- CILLIERS, J.D., Boere-krygsgevangenes op Ceylon. *Die Huisgenoot*, 9 Oktober 1931.
- DE BEER, P.J., Die "Zuid-Afrikaans Museum" te Dordrecht, 1902-1921. *Historia* 14(1), Maart 1969.
- DE VILLIERS, D., Now, a guide to SA war memorabilia. *Weekender*, 9 May 1987.
- DOMINY G. and D. REUSCH, Handicrafts, philanthropy and self-help: The Fort Napier Kamp-Industrie during World War I. *Natal Museum Journal Humanities* 5, October 1993.
- DU GROCQ, H.G., Twee merkwaardige Boeren-penninge. *Tijdschrift van het Koninklijk Nederlansch Genootschap voor Munt- en Penningkunde* 11, 1903.
- DU TOIT, D.J., Mededelings van 'n gewese Boerekrygsgevangene: Sport en sportmanne op St. Helena (II). *Die Huisgenoot*, 5 April 1946.
- ELWES, K.W., The Boer prisoners in Bermuda. *Fortnightly Review* 426, June 1902.

- EMMETT, W.A.C., Reminiscences of a Boer prisoner of war at Bermuda. *Africana Notes and News* 28(1), March 1988.
- ERSKINE, P., Boer prisoner of war carvings from St. Helena, Bermuda, Ceylon and India. *Antiques in South Africa*, 1981.
- FERREIRA, R., Ou briewe vertel van oupa se wedervaringe op St. Helena. *Knapsak* 21, Desember 2009.
- GALLOWAY, M.A.A., Boer prisoners in Ceylon. *The Nineteenth Century and After* 512(300), February 1902.
- GREEN, A.S., A visit to the Boer prisoners at St. Helena. *The Nineteenth Century and After* 48(286), December 1900.
- GREEN, A.S., Our Boer prisoners – A suggested object lesson. *The Nineteenth Century and After* (291), May 1901.
- GROBLER, E., An exercise in collections management: The documentation vicissitudes of the Dordrecht Collection at the Transvaal Museum. *NHCM Research Journal* 1, 2006.
- GROBLER, E. en F. Pretorius, Kotie Roodt-Coetzee se bydrae tot die kultuurhistoriese museumwese in Suid-Afrika – Die Transvaalmuseumfase, 1933-1964. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 22(1), Junie 2018.
- HALE, F., Norwegian prisoners in the Second Anglo-Boer War. *South African Journal of Cultural History* 14(2), November 2000.
- HARRIS, E., Prisoners of war at the High Cave. *Heritage Matters* 4, 2013.
- HAVENGA, S., 'n Borsspeld met 'n boodskap... *CULNA*. September 1997.
- KEY, W.S., The Boer prisoners at Bermuda, *The Boston Evening Transcript*, 18 January 1902.
- MAYER, E., Boerekuns-in-Suid-Afrika. *Die Huisgenoot*, 3 Desember, 1926.
- MAYER, E., Oor die toekoms van 'n nasionale kuns in Suid-Afrika. *Die Brandwag*, 10 Desember 1914.
- MINNAAR, I.J., Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (I). *Die Huisgenoot*, 27 November 1936.
- MINNAAR, I.J., Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (II). *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936.
- MINNAAR, I.J., Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (III). *Die Huisgenoot*, 18 Desember 1936.
- MINNAAR, I.J., Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene (IV). *Die Huisgenoot*, 25 Desember 1936.
- MOSTERT, D., Waardevolle gedenkstukke. *Die Huisgenoot*, Desember 1922.

- OBERHOLSTER, J.J., Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf. *Die Huisgenoot*, 24 Februarie 1967.
- OLIVIER, A., Boerekrygers se werk uitgestal. *Rapport*, 13 Mei 2001.
- OUD-KRYGSGEVANGENE, Die krygsgevangenes op Bermuda: Staaltjies uit die kampelewe. *Die Huisgenoot*, 11 Maart 1932.
- OUD-KRYGSGEVANGENE, Op Bermuda: Lewenswyse van die krygsgevangenes. *Die Huisgenoot*, 13 Desember 1935.
- OUDSCHANS DENTZ, F., Van Dordrecht naar Pretoria; De geschiedenis van het Zuid-Afrikaansche Museum en een schilderij. *Historia*, 4(4), Desember 1959.
- PAGET, A.L., Some experiences of a commandant prisoner of war, at Deadwood Camp St. Helena, 1900-1901 (Part I). *Longman's Magazine* 38(228), October 1901.
- PAGET, A.L., Some experiences of a commandant prisoner of war, at Deadwood Camp St. Helena, 1900-1901 (Part II). *Longman's Magazine* 39(229), November 1901.
- POHL, P.H.C., Lewe van Boere-krygsgevangenes in Indië: Ons grawe 'n tonnel. *Die Huisgenoot*, 30 Desember 1949.
- POHL, P.H.C., Lewe van Boere-krygsgevangenes in Indië: Ons protesteer - en word weggestuur. *Die Huisgenoot*, 6 Januarie 1950.
- P.o.W., Krygsgevangenes op St. Helena. *Die Brandwag*, 27 Mei 1932.
- PRETORIUS, F., Boer Prisoner of war art. *History Today* 56(3), March 2006.
- PRETORIUS, J.C. en O.J.O. FERREIRA, 'n Dag in die lewe van 'n Boerekrygsgevangene op die Bermuda Eilande tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beskryf deur H.G. Thiel. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(1), Mei 1996.
- RABIE, J., Ougood of hougood. *Tuis*, September 2015.
- REED, K., Bie op items uit Vryheidsoorlog: Eerste veiling behaal puik pryse. *Rapport*, 5 November 2017.
- R.F.K., The Boer box: The story of a remarkable escape. *Africana Notes and News* 7(4), September 1950.
- ROODT, K., Boere-krygsgevangenekampe (in die Ooste en in Portugal). *Die Huisgenoot*, 16 Augustus 1940.
- ROODT, K., Gevangene-kuns van die Boer. *Die Huisgenoot*, 7 Junie 1940.
- ROODT, K., Handwerk van krygsgevangenes: Hoe die Boer sy kerie versier het. *Die Huisgenoot*, 30 Augustus 1940.
- ROODT, K. en P.C. COETZEE, Die krygsgevangenes as 'n kultuurgroep. *Castalia Tydskrif vir Kuns en Kultuur* 1, Oktober 1934.

- ROYLE, S.A., St. Helena as a Boer prisoner of war camp, 1900-2: Information from the Alice Stopford Green papers. *Journal of Historical Geography* 24(1), 1998.
- SCHULENBURG, C.A.R., Boerekrygsgevangenes van Bermuda I. *Historia* 23(2), September 1978.
- SCHULENBURG, C.A.R., Boerekrygsgevangenes van Bermuda II. *Historia* 24(1), Mei 1979.
- SCHULENBURG, C.A.R., “Rooi Faan” van der Merwe – die graveerder van Bermuda. *Historia* 24(2), September 1979.
- SCOTT, H., Some notes on Boer prisoners of war in Simon’s Town. *Simon’s Town Historical Society Bulletin* 1(3), January 1962.
- SCOTT, H., Further notes on Boer prisoners of war in Simon’s Town. *Simon’s Town Historical Society Bulletin* 1(4), July 1962.
- SINCLAIR, A., Boer prisoner of war handcraft at the South African Museum of Military History. *Military History Journal* 11(3/4), October 1999.
- SMITH, C., Die ABO soos vertel deur kieries. *Die Volksblad*, 29 Augustus 2009.
- STEENKAMP, W. Memorabilia bring Boer War to life. *Unknown Newspaper*, 9 May 1987.
- STREICHER, P.E., Kamp Kruimels. *Die Huisgenoot*, 16 November 1934.
- TYACKE, John N., The Boshoff correspondence. *The Anglo-Boer War Philatelist* 37(1), March 1994.
- VAN BART, M., Aandenkings uit die ABO opgeveil. *Die Burger*, 30 Augustus 2014.
- VAN BART, M., Krygsgevangenes se werk haal hoë pryse. *Beeld*, 12 September 2014.
- VAN DER WAAL-BRAAKSMA, G., Volkskuns: Versieringsmotiewe en simboliek. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1(2), Julie 1984.
- VAN OOSTRUM, O., Herinneringe van Ceylon: Bedrywigheede van die krygsgevangenes. *Die Huisgenoot*, 3 Mei 1935.
- VAN OOSTRUM, O., Herinneringe van Ceylon. *Die Huisgenoot*, 26 April 1935.
- VAN OOSTRUM, O., Herinneringe van Ceylon. *Die Huisgenoot*, 10 Mei 1935.
- VAN ZYL, J., Houtsoorte: Krygsgevangene items. *Knapsak* 19(3), November 2007.
- VAN ZYL, J.R., Die Ceylon-ster. *Knapsak* 22(1), Maart 2010.
- WASSERMANN J. and W. WHOLBERG, The prisoner of war camp at Umbilo during the Anglo-Boer War, *Journal of Natal and Zulu History* 24 & 25, 2006-2007.
- WEBB, M., Bedevaart na Ceylon. *Lantern* 36(3), Augustus 1987.
- WEBB, M., Bedevaart na St. Helena. *Lantern* 35(1), Februarie 1986.
- WESSELS, E., Tog speelden wij jolly!. *Knapsak* 3(2), Julie 1991.

## V LITERATUUR

- ARGYLL ETKIN LIMITED, *The Kenneth Griffith Anglo-Boer War collection and library*. London, 5 December 2006.
- BENBOW, C.H., *Boer prisoners of war in Bermuda*. Bermuda, 2006.
- BLAKE, A., *Ontsnap! Boerekrygsgevangenes se strewe na vryheid*. Kaapstad, 2015.
- BREYTENBACH, J.H. (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*. Kaapstad, 1949.
- CARR G. and H. MYTUM (eds.), *Cultural heritage and prisoners of war: Creativity behind barbed wire*. New York, 2012.
- CHANGUION, L.A., “Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2000.
- COOPER, D. and N. BATTERSHILL, *Victorian sentimental jewellery*. Newton Abbot, 1972.
- CRONK, Q.C.B., *The endemic flora of St. Helena*. Shropshire, 2000.
- DE BEER, J. en R. DE BEER, *St. Helena: Eiland van verlatenheid, fotobeeld 1899-1902*. Monumentpark, 2013.
- DE BEER, P.J., “Die Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht 1902-1921”. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1967.
- DE JONG, C., *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 (Deel drie)*. Amsterdam, 1987.
- ESTERHUYSEN, M., *Gedenkpenning ter ere van president S.J.P. Kruger*. Pretoria, 1973.
- GEORGE, D.C., *Carvings from the veldt: Rifle carvings from the Anglo-Boer War (Part two)*. Bogangar, 2008.
- GEORGE, D.C., *Carvings from the veldt: Rifle carvings from the Anglo-Boer War (Part three)*. Tweed Heads, 2016.
- GOSSE, P., *St. Helena 1502-1938*. London, 1938.
- GREENWALL, R., *Artists and illustrators of the Anglo-Boer War*. Cape Town, 1992.
- HERN, B. *Hern's handbook on the medallions of the Zuid-Afrikaansche Republiek and the Anglo-Boer War*. Ferndale, 2008.
- JACKSON, E.L., *A pictorial and descriptive souvenir of Saint Helena*. St. Helena, s.a.
- JACKSON, E.L., *St. Helena: The historic island from its discovery to the present date*. London, 1903.
- KIMBALL, J.A., *Trench Art: An illustrated history*. California, 2004.
- KOUWENAAR, J.L., *Het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht*. Amsterdam, 1902.

- LINDER, A., *The Swiss and the Anglo-Boer War 1899-1902*. Cape Town, 2012.
- LOUW, J., *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse*. Pretoria, 1963.
- MEYROOS, A., *Beknopte beskrywing van het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht*. Dordrecht, s.a.
- NEL, P.G. (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*. Pretoria, 1979.
- ODENDAL, F.F., P.C. SCHOONEES, C.J. SWANEPOEL, S.J, DU TOIT, C.M. BOOYSEN (reds.), *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand, 1994.
- OLD JOHANNESBURG WAREHOUSE ANTIQUES ART AND COLLECTABLES AUCTIONEERS, *Anglo-Boer War auction: The Ray Leppan collection*. Johannesburg, 14-15 October 2017 and 11-12 November 2017.
- OLIVIER, D.L., “Die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (1930-1966)”, B.A. Honneurs navorsingsverslag, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Desember 1976.
- OOSTHUIZEN, P., *Boer War memorabilia: The collectors' guide*. Edmonton, 1987.
- OOSTHUIZEN, S.P.R., “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”. D.Phil-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975.
- POTGIETER, D.J. (ed.), Handwork of Boer prisoners of war, *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* 2. Cape Town, 1970.
- PRETORIUS, F., *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Pretoria, 1998.
- PRETORIUS, F., *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad, 1991.
- PRETORIUS, F., *'n Uitstalling van voorwerpe handgemaak deur Boerekrygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)*. Pretoria, 1993.
- PRETORIUS, C., *Op St. Helena – vol van hartepyn: Die oorlogskuns van Erich Mayer (1899-1902)*. Pretoria, 2000.
- PRETORIUS, J.C., *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*. Vlaeberg, 1992.
- REID, R., “Boer Prisoners of War at Green Point March 1900 - December 1901”. History Honours Paper 3, University of South Africa, December 1989.
- ROODT, K., “Die krygsgevangenes as kultuurgroep”. Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur, Universiteit van Pretoria, Oktober 1933.
- SAKS, D., *Boerejode: Jews in the Boer armed forces 1899-1902*. Johannesburg, 2010.
- SAUNDERS, N.J. (ed.), *Beyond the dead horizon: Studies in modern conflict archaeology*. Oxford, 2012.
- SAUNDERS, N.J., *Trench Art*. South Yorkshire, 2011.



- SAUNDERS, N.J., *Trench Art: Materialities and memories of war*. New York, 2003.
- SCHULENBURG, C.A.R., *August Carl Schulenburg: Krygsgevangene, medikus, boer*. Pretoria, 1985.
- SMITH, A.H., *Commemorative medals of the Z.A.R.* Johannesburg, 1958.
- SPINK, *The Anglo-Boer War anniversary 1899-1999: Orders, decorations and campaign medals, militaria and memorabilia*. London, 20-21 October 1999.
- STEPHAN WELZ AND CO. FINE ART AND DESIGN AUCTIONEERS, *Fine art and collectables*. Midrand, 19-21 November 2012.
- STEPHAN WELZ AND CO. FINE ART AND DESIGN AUCTIONEERS, *Fine art and collectables*. Johannesburg, 4-5 August 2015.
- THOMPSON, D. (ed.), *The Concise Oxford Dictionary*. New York, 1995.
- VAN DER MERWE, F.J.G., *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1992.
- VAN DYK, C.E., "Boer prisoner of war at Simon's Town 1899-1902". B.A. (Honours) Research Essay, University of Cape Town, 1987.
- VAN SCHOOR, M.C.E., P.J. DELPORT, E. WESSELS, H. FERREIRA, B.K. SCHOEMAN (reds.), *Die bannelinge: A.B.O.-Boerekrygsgevangenes 1899-1902: 'n Gedenkbrosjyre*. Bloemfontein, 1983.
- VERHOEF, G. (ed.), *The Anglo-Boer War: Commemorative lectures at the Rand Afrikaans University, 1999*. Johannesburg: Rand Afrikaans University, 1999.
- WEBB, T.V., *St. Helena, the island, its Masons and other matters 1502-1945*. s.l., s.a.
- WESSELS, E., *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Centurion, 2010.

## VI LETTERKUNDIGE BRONNE

- ANDRÉE, A.W., *Illustrations of life in the Boer camp*. Ceylon, s.a.
- ACKERMANN, W.H., *Opsaal: Herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog*. Johannesburg, 1969.
- BESTER, J.A., *Bester dagboekie: Herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog en die ballingskap op Darrel's Eiland* (red. M.E. Wessels). Bloemfontein, 1999.
- BRINK, J.N., *Ceylon en de bannelingen*. Kaapstad 1904.
- BRINK, J.N., *Recollections of a Boer prisoner-of-war at Ceylon*. Cape Town, 1904.

- BURGER, S.J., *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* (red. T. van Rensburg). Pretoria, 1977.
- BUURMAN, *Oorlogswolke oor die republieke: Die herinneringe van 'n Boere-offisier*. Pretoria, 1944.
- BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA, *Die Bybel: Nuwe vertaling*. Kaapstad, 1992.
- CELLIERS, Jan F.E., *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902* (red. A.G. Oberholster). Pretoria, 1978.
- CLEAVER, F.R.M., *A young South African: A memoir of Farrar Reginald Mostyn Cleaver, advocate and veldcornet*. Johannesburg, 1913.
- DE GRAAF, H., *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaf* (red. P.J. Nienaber). Kaapstad, 1950.
- HASSEL, J.A., *The Boer concentration camps of Bermuda*. New York, s.a.
- HOBHOUSE, E., *Tant' Alie of Transvaal: Her diary 1880-1902*. London, 1923.
- KNIGHT, E.F., *With the royal tour*. Toronto, 1902.
- KOTZÉ, C.R., *My ballingskap (St. Helena)*. Kaapstad, 1942.
- KUPFERMAN, J.C.G., The life of a Boer commandant, Andries Smorenburg. *Christiaan de Wet Annale* 6, October 1984.
- MAXWELL, W., *With the "Ophir" round the empire. An account of the tour of the Prince and Princess of Wales, 1901*. London, 1902.
- MEYER, I.A., *Die ervarings van 'n veldkornet in die Engelse Oorlog, 1899-1902*. Ladybrand, 1952.
- PRELLER, G.S., *Ons parool: Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*. Kaapstad, 1943.
- RAATH, A.W.G. (red.), Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en dagboeke. *Christiaan de Wet Annale* 9. Bloemfontein, 1997.
- RUDNER, I. and B. NASSON (eds.), *I. Schrøder-Nielsen: Among the Boers in peace and war*. Cape Town, 2012.
- RUIJSSENAERS, L.C., *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijsenaers 1899-1902* (red O.J.O. Ferreira). Pretoria, 1977.
- SCHIEL, A., *23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika*. Leipzig, 1902.
- SCHOLTEMEIJER, H., *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)*. Kaapstad, 1949.
- SCHUMANN, J.H.L., *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen*. St. Helena, 1902.

- SMIT, A.A., *Getrou... tot verby die einde: Dagboeke van A.A. Smit te Bermuda* (red. J. Oosthuizen). Vanderbijlpark, 1999.
- VAN BLERK, J.A., *Op die Bermudas beland*. Kaapstad, 1949.
- VAN DER WATT, J.S., *Het leven der Boeren-Krijgsgevangenen op Ceylon [Indië]*. Pretoria, s.a.
- VAN JAARVELD, P.A., *My ballingskap na Indië Anglo-Boereoorlog*. s.l., s.a.
- VAN SCHOOR, M.C.E. (red.), Dagboek van Hugo H. van Niekerk. *Christiaan de Wet Annale* 1. Pretoria, Oktober 1972.
- VAN SCHOOR, M.C.E. (red.), Dagboek van Rocco de Villiers. *Christiaan de Wet Annale* 3. Bloemfontein, 1975.
- VAN WYK, J.F., *Die Mauser knal*. Pretoria, 1971.
- VERENIGING VAN ONDERWIJZERS EN ONDERWIJZERESSEN IN ZUID-AFRIKA (V.V.O.O.Z.A.), *Gedenkboek*. Pretoria, 1918.

## VII ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE

- AGRICULTURE AND FORESTRY DEPARTMENT, Introduction to St Helena endemics, <http://www.sthelenase/endemic/flora.html>, 22 May 2017.
- BIDORBUY, Very rare Boer War Trench Art brooch, [http://www.bidorbuy.co.za/item/241040585/Very\\_Rare\\_Boer\\_War\\_Trench\\_Art\\_Brooch](http://www.bidorbuy.co.za/item/241040585/Very_Rare_Boer_War_Trench_Art_Brooch), 30 August 2016.
- BURGER, S., History of scrimshaw, <http://www.sharonburger-scrimshaw.co.za/history-of-scrimshaw.html>, 26 October 2015.
- CANADIAN WAR MUSEUM, Artefact backgrounder: Trench Art, [http://ww1.canada.com/wpcontent/uploads/2014/10/CWM\\_Supplyline\\_TrenchArt\\_EN\\_FINAL\\_20140922.pdf](http://ww1.canada.com/wpcontent/uploads/2014/10/CWM_Supplyline_TrenchArt_EN_FINAL_20140922.pdf), 1 July 2015.
- DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AND NATURAL RESOURCES, Bermuda Palmetto, <http://environment.bm/bermuda-palmetto/>, 09 December 2016.
- DIGITAL LIBRARY FOR INTERNATIONAL RESEARCH, Woods used in Sri Lanka furniture, <http://www.dlir.org/fdasl-home/107-woods-used-in-sri-lanka-furniture.html>, 8 August 2018.
- ENCYCLOPAEDIA BRITANNICA, Folk art, <https://global.brittanica.com/art/folk-art>, 1 December 2016.

- HOBBIT HOUSE WOOD ID SITE, Juniper, <http://hobbitthouseinc.com/personal/woodpics/juniper.htm>, 8 August 2018.
- IMPERIAL WAR MUSEUM, Beauty from the Battlefield: 10 pieces of Trench Art by Paul Cornish, <http://www.iwm.uk/history/beauty-from-the-battlefield-10-pieces-of-trench-art>, 1 July 2015.
- LATLONG, The Islands of Bermuda UK Geographical Information, <http://www.latlong.net/place/the-islands-of-bermuda-uk-1348.html>, 23 March 2017.
- NAIDOO, P., War Memorabilia, *Financial Mail*, <http://www.financialmail.co.za/life/2012/11/01/war-memorabilia>, 1 September 2015.
- OXFORD DICTIONARIES, Memorabilia, <https://en.oxforddictionaries.com/definition/memorabilia>, 1 December 2016.
- RIJKSDIENST VOOR HET CULTUREEL ERFGOED, Collectie Nederland: Musea, Monumenten en Archeologie, <http://data.collectienederland.nl/page/aggregation/musea-deventer/3644>, 17 Januarie 2017.
- SAINT HELENA ISLAND VISITOR INFORMATION, Endemic species, <http://sainthelenaisland.info/endemics.htm>, 7 August 2018.
- SAKS, D.Y., Jews on Commando, <http://www.jewishgen.org/SAfrica/commando.htm>, 20 October 2015.
- STEPHAN WELZ AND CO. FINE ART AND DESIGN AUCTIONEERS, Lot 17 - Scrimshaw souvenir of St. Helena, Johannesburg auction 9-10 September 2014, <https://www.stephanwelzandco.co.za/lot/scrimshaw-souvenir-of-st-helena/>, 28 June 2018.
- ST. HELENA NATIONAL TRUST, Educational Packs: 4.3 Island Prisoners – Boers 1900-1902, <http://sainthelenaisland.info/boerprisonersnationaltrust.pdf>, 7 June 2017.
- THE WOOD DATABASE, Ceylon Ebony, <http://www.wood-database.com/lumber-identification/hardwoods/ceylon-ebony/>, 29 April 2016.
- THE WOOD DATABASE, East Indian Satinwood, <http://www.wood-database.com/lumber-identification/hardwoods/east-indian-satinwood/>, 29 April 2016.
- THE WOOD DATABASE, Leopardwood, <https://www.wood-database.com/leopardwood/>, 13 June 2018.
- WALLACH, C.A., Tramp Art, Folk Art and Americans, <http://www.trampart.com/history-of-tramp-art/>, 30 May 2016.

- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=sigle&opt=ditem&rdID=3935>, 26 October 2017.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=bender&opt=ditem&rdID=4197>, 29 October 2017.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=pienaar&opt=ditem&rdID=1460>, 27 October 2017.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=minnaar&opt=ditem&rdID=3742>, 29 October 2017.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vermeulen&opt=ditem&rdID=2099>, 29 October 2017.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vermeulen&opt=ditem&rdID=2100>, 29 October 2017.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=le franc&opt=ditem&rdID=3697>, 3 January 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=LINDBERG&opt=ditem&rdID=3679>, 3 January 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=mayer&opt=ditem&rdID=3166>, 3 January 2018.

- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=meyer&opt=ditem&rdID=7403](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=meyer&opt=ditem&rdID=7403), 10 May 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=meyer&opt=ditem&rdID=8141](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=meyer&opt=ditem&rdID=8141), 10 May 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=korhonen&opt=ditem&rdID=3615](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=korhonen&opt=ditem&rdID=3615), 16 October 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=roedolf&opt=ditem&rdID=3656](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=roedolf&opt=ditem&rdID=3656), 23 October 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=nicolet&opt=ditem&rdID=3757](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=nicolet&opt=ditem&rdID=3757), 26 October 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=luckhoff&opt=ditem&rdID=4991](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=luckhoff&opt=ditem&rdID=4991), 29 October 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=claasen&opt=ditem&rdID=8611](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=claasen&opt=ditem&rdID=8611), 31 October 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=hutten&opt=ditem&rdID=13578](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=hutten&opt=ditem&rdID=13578), 31 October 2018.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, "Prisoner of War Database",  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=keyzer&opt=ditem&rdID=2499](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=keyzer&opt=ditem&rdID=2499), 31 October 2018.

WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vries&opt=ditem&rdID=2699](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=vries&opt=ditem&rdID=2699), 31 October 2018.

WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=le roux&opt=ditem&rdID=9197](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=le%20roux&opt=ditem&rdID=9197), 1 November 2018.

WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=rill&opt=ditem&rdID=2893](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=rill&opt=ditem&rdID=2893), 29 December 2018.

WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=brall&opt=ditem&rdID=2751](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=brall&opt=ditem&rdID=2751), 29 December 2018.

WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=Du Toit&opt=ditem&rdID=10142](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=Du%20Toit&opt=ditem&rdID=10142), 3 January 2019.

WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=Ebersohn&opt=ditem&rdID=18735](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=Ebersohn&opt=ditem&rdID=18735), 3 January 2019.

WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=loubser&opt=ditem&rdID=20255](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=loubser&opt=ditem&rdID=20255), 3 January 2019.

WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=luckhoff&opt=ditem&rdID=19049](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=luckhoff&opt=ditem&rdID=19049), 3 January 2019.

WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=naude&opt=ditem&rdID=9897](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=naude&opt=ditem&rdID=9897), 3 January 2019.

- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=petersen&opt=ditem&rdID=3795>, 3 January 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=preller&opt=ditem&rdID=27418>, 3 January 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=rabie&opt=ditem&rdID=21304>, 3 January 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=reil&opt=dset>, 3 January 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=robinson&opt=ditem&rdID=9172>, 3 January 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=sack&opt=ditem&rdID=10932>, 3 January 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=schoeman&opt=ditem&rdID=1756>, 3 January 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=schroder&opt=ditem&rdID=24060>, 3 January 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=smit&opt=ditem&rdID=5548>, 3 January 2019.



- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=strauss&opt=ditem&rdID=7608](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=strauss&opt=ditem&rdID=7608), 3 January 2019
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=van der merwe&opt=ditem&rdID=18090](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=van%20der%20merwe&opt=ditem&rdID=18090),  
 3 January 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vercuil&opt=ditem&rdID=19640](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=vercuil&opt=ditem&rdID=19640), 3 January  
 2019.
- WAR MUSEUM OF THE BOER REPUBLICS, “Prisoner of War Database”,  
[http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners of War&strGlobalTerms=vermaak&opt=ditem&rdID=14665](http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=databases&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War&strGlobalTerms=vermaak&opt=ditem&rdID=14665), 3 January  
 2019.
- WELLS, N., 19th Century Ceylonese porcupine quill boxes,  
<https://antiquedealer.wordpress.com/2009/03/31/anglo-indian-ceylonese-porcupine-quill-boxes/>, 4 July 2018.
- WIKIPEDIA, Geography of India, [https://en.wikipedia.org/wiki/Geography\\_of\\_India](https://en.wikipedia.org/wiki/Geography_of_India),  
 23 March 2017.

## VII PERSOONLIKE MEDEDELINGS

### 1. MONDELING

VAN ZYL, J., Museumgeesteswetenskaplikebestuurder, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, 23 April 2019.

### 2. SKRIFTELIK

BERMINGHAM, A.P., Privaatversamelaar, Bermuda, [apbermingham@logic.bm](mailto:apbermingham@logic.bm), 9 November 2017.

HISHAM, L., Versamelingsbestuurder: Sosiale geskiedenis versamelings, Iziko Museums van Suid-Afrika, Kaapstad, [lhisham@iziko.org.za](mailto:lhisham@iziko.org.za), 30 Augustus 2016.

MUNZHEDZI, M.F., Versamelingstegnikus: Geesteswetenskappe, KwaZulu-Natal Museum, Pietermaritzburg, [fmunzhedzi@nmsa.org.za](mailto:fmunzhedzi@nmsa.org.za), 21 Augustus 2016.

NICOLET, V.B., [valetch1974@gmail.com](mailto:valetch1974@gmail.com), 25 November 2016.

OLIVIER, E., Hoof van navorsing, informasie en versamelings, Msunduzi Museum, Pietermaritzburg, [eolivier@msunduzimuseum.org.za](mailto:eolivier@msunduzimuseum.org.za), 20 Oktober 2016.

VAN DEN BOS, J., Kurator van die Militêre-versameling, Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria, [janv@mitsong.org.za](mailto:janv@mitsong.org.za), 23 April 2019.

WOODRUFF, R.A., Privaatversamelaar, Quainton, Bucks, Engeland, [waldmeister1@aol.com](mailto:waldmeister1@aol.com), 21 September 2016.

### 3. FOTOGRAFIE

HEUNIS, V.R., 28 Oktober 2017.

HEUNIS, V.R., 21 November 2018.

HEUNIS, V.R., 23 April 2019.

## IX DIVERSE

### **Bermingham-privaatversameling, Bermuda**

Geen nommer, houtalbum, 1902.

### **Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria**

#### *Aanwinsregister*

HG5708, inskrywing in aanwinsregister.

Kr 997, inskrywing in aanwinsregister.

Geen nommer, "Catalogus van het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht" IV No 3687 – (5900).

#### *Foto-versameling*

HKF14314, foto.

#### *Voorwerp-versameling*

HG3537, veldfles, s.a.

HG4800, speletjie, s.a.

HG5154, kissie, 1901.

HG7014/645, skets deur E. Mayer, 1901.

HG10403, borsspeld, 1902

HG10704, tabakpot, 1902.

HG10751, tabakpot, 1902.

HG14335, stoel, 1901.

HG21075, beuel, 1901.

HG21672, beker, 1901.

Kr 997, medalje, 1900.

Kr 1148, kerie, 1900.

### **Museum Africa, Johannesburg**

#### *Foto-versameling*

PH2007-21501, foto.

PH2007-21520, foto.

PH2018-25, foto.

#### *Voorwerp-versameling*

MA1939/201, wamodel, s.a.

MA1940/109, model in glasbottel, s.a.

MA1954/321, juwelekissie, 1901.

MA1960/824, portretraam, 1901-1902.

MA1960/822-824, portretrame, 1901-1902.

MA1965/5234, speelkaarte, s.a.

MA6498, beker, 1901

### **Museum van Saint Helena, St. Helena**

Geen aanwinstnommer, kissie, 1902.

Geen aanwinstnommer, pypkopstuk, s.a.

Geen aanwinstnommer, tafeltjie, s.a.

### **Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria**

TAB1343, foto.

TAB3591, foto.

TAB5985, foto.

TAB11970, foto.

TAB21868, foto.

TAB34358, foto.

## **Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein**

### *Aanwinsregister*

00006/00001, inskrywing in aanwinsregister.

07740/00001-07740/00078, inskrywings in aanwinsregister.

Geen nommer, Skenkingsleër wat verband hou met die “Inventaris van voorwerpen, dokumente, boeke en geskrifte in Nederland byeen versamel ten behoeve van het Oorlogsmuseum te Bloemfontein - Vijfde Lijst van Voorwerpe gezonden aan het Oorlogsmuseum te Bloemfontein, April 1939”.

### *Databasisse*

Krygsgevangenedatabasis, 4 April 2017.

Voorwerp-databasis, 18 April 2019.

### *Foto-versameling*

00958, foto.

01212, foto.

01247, foto.

01351, foto.

01521, foto.

01660, foto.

01801, foto.

02303, foto.

02577, foto.

02581, foto.

02645, foto.

02664, foto.

02786, foto.

02809, foto.

02816, foto.

02912, foto.

03014, foto.

03223, foto.

03526, foto.

03586, foto.

03986, foto.

04028, foto.

04155, foto.  
04312, foto.  
04837, foto.  
06027, foto.  
06303, foto.

*Voorwerp-versameling*

00243/00001, naaldwerkkissie, s.a.  
00425/00001, borsspeld, 1902.  
00479/00001, das, s.a.  
00499/00001, stoel, 1904.  
00516/00001, viool, s.a.  
00538/00002, portretraam, 1902.  
00812/00001, borsspeld, s.a.  
00818/00001, kerie, 1901.  
00823/00001, lyfband, s.a.  
00854/00002, borsspeld, s.a.  
00857/00001, portretraam, s.a.  
00863/00001, kerie, 1902.  
00869/00001, kollektebus, 1902.  
01141/00001, modelkanon, s.a.  
01843/00001, plaket, 1901.  
03185/00002, naaldwerkkissie, s.a.  
03354/00001, grafmodel, 1901.  
03588/00009, eierkelkstaander, 1901-1902.  
03620/00021, kerie, 1902.  
03644/00001, kruishout, 1901.  
03644/00004, winkelhaak, 1901.  
03644/00008, passer, 1901.  
03644/00009, swaaihaak, 1901.  
03723/00001, miniatuur knipmes, s.a.  
03724/00001, beuel, 1902.  
03724/00002, miniatuur koets, 1902.  
03724/00004, knipmes, 1901.

03818/00002, borsspeld, 1901.  
04815/00010, foto in raam, s.a.  
04815/00039, patroonboek, s.a.  
04815/00041, portretraam, 1901.  
04815/00046, portretraam, 1902.  
04815/00040-04815/00050, portretrame, 1901-1902.  
04865/00001, skelmdosie, 1902.  
06334/00001, skaakbord, 1901.  
06925/00001, skulp, 1901.  
06925/00002, skulp, 1902.  
06999/00003, tafel, s.a.  
07740/00039, borsspeld, s.a.  
07740/00040, borsspeld, s.a.  
07787/00001, kerie, s.a.

### **St. Helena Lodge, St. Helena**

Geen nommer, donasiekissie, 1902.

### **Van Dyk ABO Trust-privaatversameling, Bloemfontein**

Geen nommer, skaakbord, 1900-1902.

### **Waldmeister-privaatversameling, Quainton, Bucks, Engeland**

Geen aanwinsnommer, horingbeker, s.a.

Geen nommer, juwelekissie, s.a.

Geen nommer, kabinet, 1901.

Geen nommer, kerie, s.a.

Geen nommer, keries, s.a.

Geen aanwinsnommer, kerie, 1902.

Geen nommer, kissie, 1902.

Geen nommer, kissie, 1902.

Geen aanwinsnommer, mandjie, 1901.

Geen nommer, papiermes, 1904.

Geen nommers, penstele, s.a.

Geen nommer, portretraam, s.a.

Geen nommer, pyp, 1902.

Geen aanwinnommers, servetringe, 1901-1902.

Geen nommer, sketse deur E. Mayer, s.a.

Geen nommer, slangskoentjies, s.a.

Geen nommer, springtoue, s.a.

Geen nommer, toegangskartjie, s.a.